

Die plek van gebed in die Gereformeerde kerkregering.

Pieter Kruger Lourens

*Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Kerkreg aan
die Potchefstroom kampus van die Noordwes Universiteit.*

Promotor: Prof. A. le R. du Plooy

November 2010

*Is daar gebede nog?
Wat in die hemel nuut sal klink?
Wat in vuur-woorde, ongesog,
Dié weeklaag in God's oor sal skink?
Is daar gebede nog?
- Wat alle vreugde daar sal stoor?
- Met onweerstaanbare gewrog
Dwing tot verhoor?*

Is daar gebede nog?

Eugéne N. Marais

VOORWOORD.

Dis verseker vir my die heel moeilikste deel van my dienswerk as predikant om elke maal vars en nuut te bid.

My belangstelling in die teologie van gebed spruit uit my aanvanklike gebrek aan vrymoedigheid om voor mense te bid en dat dit in my teologiese opleiding myns insiens net gebrekkig aan die orde gestel is.

In 'n vorige studie het ek in die liturgie navorsing gedoen oor die "*Gebed as kommunikatiewe handeling in die erediens*". Hierdie studie is dus eintlik gerig op 'n ander nis in die teologie nl. die kerkreg.

Ek eer my leermeesters in die kerkreg:

Prof. G.P.L. van der Linde tydens my Th. B. Studies.

Proff. A. Le R. du Plooy en J.M. Vorster tydens my Th. M. studie waar kerkreg my byvak was.

Prof. A. Le R. du Plooy my promotor vir hierdie studie.

Dankie aan Gerda van Rooyen van die Ferdinand Postma biblioteek vir al jou moeite met my.

Dankie aan Antionette Moerdyk vir jou hulp.

Dankie aan die kerkraad en gemeente van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein vir ondersteuning en gebede en studieverlof.

Dankie aan my kinders: Orlé, Tarina, Martinette en Luzanne vir al jul liefde.

Dankie aan Martie vir al jou liefde en ondersteuning en transkribering ... en skrobbing.

... Laat ons bid ...

SAMEVATTING.

Navorsing in hierdie studierigting het aan die lig gebring dat daar nie soveel literatuur op die gebed in die kerkreg fokus nie en dat daar nie baie aandag hieraan in die opleiding van ampsdraers gegee word nie sodat die inhoud en styl van gebede mens somtyds onaangeraak laat.

Hierdie studie gee op 'n teoretiese wyse aandag aan die plek en inhoud van gebede in die kerkregering en op 'n praktiese wyse soos dit bedien is in drie agtereenvolgende sinodes van die GKSA.

In hoofstuk een word daar geredeneer dat daar in die Skrif en theologiese literatuur gegewens is wat versamel moet word om tot 'n sintese te kom van wat die ius constituendum is waaraan die praktyk as ius constitutum gemeet gaan word met die oog op meer gefokusde gebed in die kerkregering.

Hoofstuk twee brei uit op die verskillende gebedsaspekte wat die kerkregeringsgebede raak waarin die saambid van kerkregeerders sekere vereistes aan die bidder stel ten opsigte van taal, inhoud en agenda wat berus op die belydenis dat Christus die Hoof van sy kerk is en sy kerk regeer.

Hoofstuk drie fokus pertinent op die vier wesenskenmerke van die kerk nl. eenheid, heiligeheid, katolisiteit en apostolisiteit met die implikasies daarvan vir die gebed in die gereformeerde kerkregering ten opsigte van 'n meer gerigte spreke met God.

Daarna is in hoofstuk vier 'n empiriese ontleding onder twintig opskrifte gedoen van 121 gebede wat tydens Sinodes 2003, 2006 en 2009 van die GKSA gebid is aan die hand van die ius constituendum wat in hoofstukke twee en drie beskryf is.

In hoofstuk 5 is daar as't ware in 'n hermeneutiese wisselwerking tussen die ius constituendum en ius constitutum regstellings aanbeveel met die oog op beter geformuleerde gebede met toegespitstheid op die sake op die agenda.

Gebede in die kerkregeringshandelinge behoort ten opsigte van alle gebedselemente veral te fokus op die agenda uitkringend vanuit die kerk met die oog op die koms van die koninkryk in die kosmos.

ABSTRACT.

According to this study, research indicates that there is not a lot of information surrounding the focus on prayer in church polity and therefore attention is lacking in this field during the training of office bearers and thus the content and composition of prayers leaves one untouched.

The focus of this study is a theoretical approach to the place and content of prayer in church polity according to the practical ministry of prayer during three consecutive synods of the Reformed Churches in South Africa.

The content of chapter one focuses on the idea that both Scripture and theological literature offer material to be integrated into a synthesis of what the *ius constituendum* imply and where to the practise as *ius constitutum* is measured with the purpose on an increased focus on prayer in church polity.

Chapter two elaborates on the different aspects of prayer in conjunction with church polity in which the communal prayer of church leaders imposes certain requirements to the prayer leader in connection with the use of language, content and agenda that is embedded on the confession that Christ is the Head of and reigns over his Church.

In the third chapter the focus is fixed on the four core elements of the church: unity, holiness, catholicity, apostolicity and the implication it has on prayer in the reformed church polity regarding more explicit intercession in prayer.

The fourth chapter is an empirical examination of 121 prayers that was recorded during the 2003, 2006 and 2009 synods of the GKSA in accordance to the *ius constituendum* as discussed in chapters two and three summarised under twenty headings.

The final chapter suggests corrections based on hermeneutical interaction between the *ius constituendum* and *ius constitutum* and resulting in improved formulated prayers that focus on the affairs of the agenda. Prayer ministry should not be left to the improvisation of the moment, but detail preparation should be done. Errors which were pointed out in this study, should thus be prevented.

In church government, prayers should reflect the agenda in all prayer elements focusing on the kingdom of God from within the church with an outward spiral to the whole cosmos.

SLEUTELWOORDE.

- * Kerkregering.
- * Ius constituendum.
- * Ius constitutum.
- * Gebed.
- * Opbou.
- * Kerk.
- * Kerkreg.

KEY WORDS.

- * Churchgovernment.
- * Ius constituendum.
- * Ius constitutum.
- * Prayer.
- * Edification.
- * Church.
- * Church polity.

English title:

Prayer's position in the Reformed church polity.

*“Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk,
magtig is om oneindig meer te doen as wat ons
bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die
kerk, deur ons verbondenheid met Christus
Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle
ewigheid. Amen.”*

Ef 3:20,21

SAMEVATTING.

ABSTRACT.

HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING, DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK

- 1 PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING.
 - 1.1 PROBLEEMSTELLING.
 - 1.2 MOTIVERING.
- 2 NAVORSINGSDOELSTELLING EN DOELWITTE.
 - 2.1 DOELSTELLING.
 - 2.2 DOELWITTE.
- 3 SENTRALE TEORETISE ARGUMENT.
- 4 METODE VAN ONDERSOEK.
 - 4.1 PARADIGMA.
 - 4.2 METODE.
- 5 UITGANGSPUNT.
 - 5.1 TRADISIE.
 - 5.2 SKRIFBESKOUING.
 - 5.3 SKRIFHANTERING.
- 6 SLEUTELTERME.

HOOFSTUK 2: WETENSKAPSTEORETISE PERSPEKTIEWE OP DIE GEBED IN DIE KERKREGERING - BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

- 1 INLEIDING.
- 2 AKTUALITEIT VAN DIE SPESIFIKE ONDERSOEK.
- 3 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM TEN OPSIGTE VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING.
 - 3.1 INLEIDING.
 - 3.1.1 GEVOLGTREKKING.
 - 3.2 GEBED EN 'N VERKLARING VAN KO ART. 32.
 - 3.3 KERK.
 - 3.3.1 GEVOLGTREKKING.
 - 3.4 KERKREGGEERDER.
 - 3.4.1 GEVOLGTREKKING.
- 4 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM OP GEBED WAT DIE CHRISTUSREGERING (EN KONINKRYK VAN GOD) DIEN.
 - 4.1 INLEIDING.
 - 4.1.10 GEVOLGTREKKINGS.
 - 4.2 DIE VERBAND: KONINKRYK VAN GOD EN GEBED IN DIE

KERKREGERING.

- 4.2.1 INLEIDING. 'N FOKUS OP MATTEUS 6:10: "*Laat u koninkryk kom*".
- 4.2.1.1 GEVOLGTREKKING.
- 4.2.2 DIE BEGRIP: "KONINKRYK VAN GOD" NADER ONTLEED IN VERHOUDING MET GOD SE WIL ("LAAT U WIL GESKIED").
- 4.2.2.1 GEVOLGTREKKING.
- 4.2.3 DIE KONINKRYK VAN GOD EN DIE KERK.
- 4.2.3.1 GEVOLGTREKKING.
- 4.2.4 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES.
- 4.2.4.1 INLEIDING.
- 4.2.4.1.1 GEVOLGTREKKINGS.
- 4.2.4.2 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP JOHANNES 14:26.
- 4.3.4.2.1 GEVOLGTREKKINGS.
- 4.2.5 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP KOLOSSENSE 1:17
- 4.2.5.1 GEVOLGTREKKINGS.
- 4.2.6 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP EFESIËRS 4:11 SAAMGELEES MET 1 TIMOTEUS 3:1.
- 4.2.6.1 GEVOLGTREKKING.
- 4.2.7 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP MATTEUS 16:17-19:
- 4.2.7.1 GEVOLGTREKKINGS.
- 4.2.8 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP MATTEUS 18:20:
- 4.2.8.1 GEVOLGTREKKING.
- 4.2.9 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS OOR GEBED WAT DIE CHRISTUSREGERING (EN KONINKRYK VAN GOD) DIEN, AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.
- 5 GEBEDE IN KERKLIKE VERGADERINGS WAT AS INSTRUMENT FUNKSIONEER VIR DIE BEDIENING VAN DIE CHRISTUSREGERING – BASISTORETISE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.
 - 5.1 INLEIDING.
 - 5.2 OORSIGTELIKE SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING UIT HANDELINGE 15 OP GEBEDE IN KERKLIKE VERGADERINGS WAT AS INSTRUMENT FUNKSIONEER VIR DIE BEDIENING VAN DIE CHRISTUSREGERING.
 - 5.2.1 INLEIDING.
 - 5.2.1.1 GEVOLGTREKKINGS.
 - 5.2.2 FOKUS OP HANDELINGE 20:28 OP GEBEDE IN KERKLIKE VERGADERINGS WAT AS INSTRUMENT FUNKSIONEER VIR DIE BEDIENING VAN DIE CHRISTUSREGERING.
 - 5.2.2.1 GEVOLGTREKKINGS.
 - 6 DIE AMPTE/DIENAARS AS GAWES AAN DIE KERK EN GEBED – BASISTORETISE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

- 6.1 INLEIDING.
- 6.1.1 GEVOLGTREKKINGS.
- 6.2 SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING.
- 6.2.1 EFESIËRS 4:11,12
- 6.2.2 1 TIMOTEUS EN TITUS.
- 6.2.3 GEVOLGTREKKINGS.
- 6.3 IMPERATIEWE AAN AMPSDRAERS OM TE BID.
- 6.3.1 ALGEMENE IMPERATIEWE AAN ALLE GELOWIGES WAT UITERAARD OOK OP AMPSDRAERS BETREKKING HET.
- 6.3.2 SPESIFIEKE IMPERATIEWE.
- 6.3.3 GEVOLGTREKKINGS.
- 7 DIE KERKORDE EN GEBED - BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.
 - 7.1 INLEIDING.
 - 7.1.1 GEVOLGTREKKINGS.
 - 7.2 VERWYSINGS NA EN VOORKOMS VAN GEBEDE IN DIE KERKORDE EN KERKREGERING.
 - 7.2.1 INLEIDING.
 - 7.2.1.1 GEVOLGTREKKINGS.
 - 7.2.2 VERWYSINGS NA DIE KERKORDE MET GEBEDE EN GEÏMPLISEERDE GEBEDE VIR DIE KERKREGERING.
 - 7.2.2.1 OOR DIE DIENSTE (KO 2-28).
 - 7.2.2.2 OOR DIE KERKLIKE VERGADERINGS (KO 29-52):
 - 7.2.2.3 OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN SEREMONIES (KO 53-70):
 - 7.2.2.4 OOR DIE KERKLIKE TUG (KO 71-81).
 - 7.2.3 GEVOLGTREKKINGS.
 - 8 GEBED IN DIE KERKREGERING MET AS DOEL DIE REALISERING VAN DIE "GEESTELIKE BESTUURSWYSE" (NGB art. 30).
 - 8.1 INLEIDING.
 - 8.1.1 GEVOLGTREKKING.
 - 8.2 SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING, ENKELE SNITTE.
 - 8.2.1 LUKAS 3:21-22: JESUS BID BY SY DOOP.
 - 8.2.1 GEVOLGTREKKING.
 - 8.2.2 LUKAS 6:12: JESUS BID HEEL NAG VOOR DIE ROEPING VAN DIE TWAALF.
 - 8.2.2 GEVOLGTREKKING.
 - 8.2.3 LUKAS 9:18-27 JESUS BID BY PETRUS SE BELYDENIS (vgl. Matt 16:13vv).
 - 8.2.3 GEVOLGTREKKING.
 - 8.2.4 LUKAS 22:32 JESUS DOEN VOORBIDDING VIR PETRUS:
 - 8.2.4 GEVOLGTREKKING.
 - 8.2.5 MATTEUS 26:39,42: JESUS SE GEBED IN GETSEMANÉ.
 - 8.2.5 GEVOLGTREKKINGS.
 - 8.2.6 LUKAS 23:34: JESUS SE GEBED AAN DIE KRIJS.
 - 8.2.6.1 GEVOLGTREKKING.
 - 9 DIE AARD, DOEL, INHOUD EN PLEK VAN DIE GEBED IN DIE

KERKREGERING - BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP
DIE IUS CONSTITUENDUM.

- 9.1 INLEIDING.
- 9.2 AARD VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING AS DEELNEMENDE
GEBED.
 - 9.2.1 INLEIDING.
 - 9.2.1.1 GEVOLGTREKKING.
 - 9.2.2 SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING OOR DIE AARD VAN DIE
GEBED VANUIT 1 KOR 14 MET TOESPITSING OP VERS 16.
 - 9.2.2.1 VERKLARING VAN 1 KOR 14:16.
 - 9.2.2.2 GEVOLGTREKKINGS.
- 9.3 DOEL VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING AS DEELNEMENDE
GEBED.
 - 9.3.1 INLEIDING.
 - 9.3.1.1 GEVOLGTREKKINGS.
- 9.4 INHOUD VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING AS DEELNEMENDE
GEBED.
 - 9.4.1 INLEIDING.
 - 9.4.2 OORSIGTELIKE VERWYSINGS NA DIE VOLGENDE
GEBEDSELEMENTE IN DIE KERKREGERENDE GEBEDSKONTEKS:
AANROEPING, LOFPRYSING, DANKSEGGING, SONDEBELYDENIS,
VOORBIDDING, VERTROUUE OP VERHORING.
 - 9.4.2.1 AANROEPING VAN GOD IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 9.4.2.1.1 GEVOLGTREKKINGS.
 - 9.4.2.2 LOFPRYSING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 9.4.2.2.1 GEVOLGTREKKINGS.
 - 9.4.2.3 DANKSEGGING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 9.4.2.3.1 GEVOLGTREKKINGS.
 - 9.4.2.4 SONDEBELYDENIS IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 9.4.2.4.1 GEVOLGTREKKINGS.
 - 9.4.2.5 VOORBIDDING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 9.4.2.5.1 GEVOLGTREKKINGS.
 - 9.4.2.6 VERTROUUE OP VERHORING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 9.4.2.6.1 GEVOLGTREKKINGS.
- 10 VERHOUDING WOORD EN GEES VIR DIE VERSTAAN VAN DIE PLEK
EN INRIGTING VAN DIE GEBED IN DIE CHRISTUSREGERING –
BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS
CONSTITUENDUM.
 - 10.1 INLEIDING.
 - 10.1.1 GEVOLGTREKKINGS.
- 11 SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING OP SPESifieKE SAKE EN
GEBEURE (PETISIES) IN GEBEDE IN DIE KERKREGERING –
BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS
CONSTITUENDUM.
 - 11.1 INLEIDING.
 - 11.1.1 GEVOLGTREKKING.

- 12 SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING (EPIKLESE) IN DIE GEBEDE WAAR DIE HULP, WYSHEID EN LEIDING VAN DIE HEILIGE GEES IN SPESIEK MOEILIKE SAKE GESOEK WORD - BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.
 - 12.1 INLEIDING.
 - 12.2 ONDERSOEK UIT ROMEINE 8 TEN OPSIGTE VAN DIE VERSTAAN VAN DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBED.
 - 12.2.1 GEVOLGTREKKINGS.
- 13 SLOT.

HOOFSTUK 3. GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE OPBOU VAN DIE KERK – BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

- 1 INLEIDING.
- 2 GEBED EN DIE OPBOU VAN DIE KERK.
 - 2.1 OORSIGTELIKE SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING MET BETREKKING TOT GEBED EN DIE OPBOU VAN DIE KERK.
 - 2.2 HISTORIESE OORSIG UIT DIE KERKREG MET BETREKKING TOT GEBED EN DIE OPBOU VAN DIE KERK.
 - 2.2.1 GEVOLGTREKKING.
 - 2.3 ONDERSOEK UIT ANDER LITERATUUR MET BETREKKING TOT GEBED EN DIE OPBOU VAN DIE KERK.
 - 2.3.1 GEVOLGTREKKING.
 - 2.4 GEBED IN DIE KERKREGERING IS DAAROP GERIG OM DIENSBAAR TE WEES AAN DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID, HEILIGHEID, ALGEMEENHEID EN APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.
- 3 GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK.
 - 3.1 INLEIDING.
 - 3.2 SKRIFTUURLIKE VERWYSINGS NA DIE EENHEID VAN DIE KERK.
 - 3.2.1 JOHANNES 17 EN GEBED OM DIE EENHEID VAN DIE KERK.
 - 3.2.1.1 STRUKTUURANALISE VAN JOHANNES 17:11-23:
 - 3.2.1.1.1 GEVOLGTREKKINGS UIT DIE STRUKTUURANALISE VAN JOHANNES 17:11-23.
 - 3.2.1.1.2 OORSIGTELIKE VERKLARING VAN JOHANNES 17:11-23.
 - 3.2.3 GEVOLGTREKKING.
 - 3.3 GEGEWENS UIT DIE LITERATUUR T.O.V. GEBED EN DIE EENHEID VAN DIE KERK.
 - 3.3.1 EKUMENE EN DIE EENHEID VAN DIE KERK.
 - 3.3.2 GEVOLGTREKKINGS.
 - 3.4 UITWERKING VAN DIE BELYDENIS VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK IN DIE KERKORDE EN DESNOODSE GEBEDSNOODSAAKLIKHEID.
 - 3.5.1 GEVOLGTREKKING.

- 4 GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.
 - 4.1 INLEIDING.
 - 4.2 SKRIFTUURLIKE GEGEWENS MET BETREKKING TOT DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.
 - 4.2.1 GEVOLGTREKKING.
 - 4.3 GEGEWENS UIT DIE LITERATUUR T.O.V. GEBED EN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.
 - 4.4 GEVOLGTREKKINGS M.B.T. DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK EN GEBED.
 - 4.5 KERKREGTELIKE FOKUS OP DIE KERK SE HEILIGHEID EN DESNOODSE GEBEDSNOODSAAKLIKHEID.
- 5 GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT (ALGEMEENHEID) VAN DIE KERK.
 - 5.1 INLEIDING.
 - 5.2 SKRIFTUURLIKE VERWYSINGS NA DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK.
 - 5.3 GEGEWENS UIT DIE LITERATUUR T.O.V. GEBED EN DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK.
 - 5.4 GEVOLGTREKKINGS.
 - 5.5 UITWERKING VAN DIE BELYDENIS VAN DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE KERKORDE EN DESNOODSE GEBEDSNOODSAAKLIKHEID.
- 6 GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.
 - 6.1 INLEIDING.
 - 6.2 SKRIFTUURLIKE VERWYSINGS NA DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.
 - 6.3 GEGEWENS UIT DIE LITERATUUR T.O.V. GEBED EN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.
 - 6.4 GEVOLGTREKKINGS.
 - 6.5 UITWERKING VAN DIE BELYDENIS VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE KERKORDE EN DESNOODSE GEBEDSNOODSAAKLIKHEID.
7. SLOT.

HOOFTUK 4. PRAKYKTEORETIESE ONDERSOEK NA DIE GEBED IN DIE KERKREGERING AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUTUM.

- 1 INLEIDING.
- 2 DOELSTELLING EN DOELWIT.
 - 2.1 DOELSTELLING.
 - 2.2 DOELWIT.
 - 2.3 METODE VAN ONDERSOEK.
- 3 EMPIRIESE ONDERSOEK VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING IN

DIE GKSA.

- 3.1 ONDERSOEK NA DIE PLEK VAN IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.1.1 ALGEMENE BASISTORETIESE PERSPEKTIEF OOR DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.1.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE PLEK VAN GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUTUM.
- 3.2 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA CHRISTUS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.2.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE NA DIE VERWYSING NA CHRISTUS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.2.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA CHRISTUS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
- 3.3 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE WOORD IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.3.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE WOORD IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.3.2 EMPIRIESE ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE WOORD IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
- 3.4 ONDERSOEK NA DIE VERHOUDING WOORD EN GEES VIR DIE VERSTAAN VAN DIE PLEK EN INRIGTING VAN DIE GEBED IN DIE IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.4.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE VERHOUDING WOORD EN GEES AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.
 - 3.4.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERHOUDING WOORD EN GEES IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
- 3.5 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.5.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE ROL VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
- 3.6 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA SONDE EN VERGIFNIS IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.6.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE DIE VERWYSING NA SONDE EN VERGIFNIS IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 3.6.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA SONDE EN VERGIFNIS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
- 3.7 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE BEGRIP: "KONINKRYK VAN GOD" IN VERHOUDING MET GOD SE WIL ("LAAT U WIL GESKIED") IN

DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

- 3.7.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE BEGRIP: "KONINKRYK VAN GOD" IN VERHOUDING MET GOD SE WIL IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEerde KERKREGERING.
- 3.7.2 EMPIRIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT GOD SE WIL IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEerde KERKREGERING.
- 3.8 ONDERSOEK NA DIE WAARHEIDSELEMENT IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.8.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE WAARHEIDSELEMENT IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEerde KERKREGERING.
 - 3.8.2 EMPIRIESE ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN DIE WAARHEIDSELEMENT IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEerde KERKREGERING.
- 3.9 ONDERSOEK NA DIE AANROEPING VAN GOD IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.9.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP DIE AANROEPING VAN GOD IN KONTEKS VAN DIE GEREFORMEerde KERKREGERING.
 - 3.9.2 EMPIRIESE ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN DIE AANROEPING VAN GOD IN KONTEKS VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEerde KERKREGERING.
- 3.10 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA LOFPRYSING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.10.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP DIE LOFPRYSING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 3.10.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT FOKUS OP DIE LOFPRYSING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
- 3.11 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DANKSEGGING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.11.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP DANKSEGGING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 3.11.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT FOKUS OP DANKSEGGING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
- 3.12 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA VOORBIDDING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.12.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP VOORBIDDING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 3.12.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT FOKUS OP VOORBIDDING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
- 3.13 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE VERTROUUE OP VERHORING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.13.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP DIE VERTROUUE OP VERHORING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.
 - 3.13.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT FOKUS OP DIE VERTROUUE OP VERHORING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

- 3.14 ONDERSOEK NA SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING OP SPESIFIKE SAKE EN GEBEURE IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.14.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING OP SPESIFIKE SAKE EN GEBEURE (PETISIES) IN GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.14.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING OP SPESIFIKE SAKE EN GEBEURE (PETISIES) IN GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
- 3.15 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE OPBOU VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.15.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE OPBOU VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.15.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE OPBOU VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
- 3.16 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.16.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK.
 - 3.16.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK.
- 3.17 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.17.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.
 - 3.17.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.
- 3.18 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.18.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT (ALGEMEENHEID) VAN DIE KERK.
 - 3.18.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT (ALGEMEENHEID) VAN DIE KERK.
- 3.19 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 3.19.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.
 - 3.19.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.
- 3.20 SLOT.

HOOFSTUK 5. Praktykteoretiese perspektiewe op die plek van die gebed in die gereformeerde kerkregering afgestem op die ius constitutum.

1. DOELSTELLING EN DOELWITTE.
 - 1.1 DOELSTELLING.
 - 1.2 DOELWIT.
 - 1.3 METODE VAN ONDERSOEK.
2. DIE ONTWIKKELING VAN PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING IN DIE GKSA AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUTUM.
 - 2.1 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OOR DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 2.2 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE DIE VERWYSING NA CHRISTUS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 2.3 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE WOORD IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 2.4 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERHOUDING WOORD EN GEES VIR DIE VERSTAAN VAN DIE PLEK EN INRIGTING VAN DIE GEBED IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 2.5 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.
 - 2.6 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA SONDE EN VERGIFNIS IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 2.7 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE BEGRIP: "KONINKRYK VAN GOD" IN VERHOUDING MET GOD SE WIL ("LAAT U WIL GESKIED") IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 2.8 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE WAARHEIDSELEMENT IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 2.9 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE AANROEPING VAN GOD IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 2.10 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA LOFPRYSING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 2.11 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DANKSEGGING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 2.12 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA VOORBIDDING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING
 - 2.13 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE VERTROUUE OP VERHORING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
 - 2.14 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP SPESIFISERING

EN/OF TOESPITSING OP SPESIFIEKE SAKE EN GEBEURE IN DIE
GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

- 2.15 PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING
NA DIE OPBOU VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING
 - 2.16 PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING
NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK IN
DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING
 - 2.17 PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING
NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK
IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING
 - 2.18 PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING
NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK
IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING
 - 2.19 PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING
NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE
KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.
3. FINALE SAMEVATTENDE PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE OP
DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE
KERKREGERING AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUTUM.

VELDE VIR VERDERE ONDERSOEK.

HOOFSTUK 1.

1. PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING.

1.1 PROBLEEMSTELLING.

Die vraag is: Hoe behoort die gebed, in die lig van die Skrif en die gereformeerde belydenisskrifte (nl. die Drie Formuliere van Eenheid) in die kerkregering te funksioneer en ingerig te word om diensbaar te wees aan die Christusregering?

Hoe behoort die gebed in die kerkregering, as ‘*geestelike bestuurswyse*’ (NGB art. 30) te funksioneer en ingerig te word met die oog op die opbou van die kerk (vgl. Du Plooy, 1998:65; Coertzen, 1981:19) en om diensbaar te wees aan die sigbare realisering van die eenheid, heiligeid, algemeenheid en apostolisiteit van die kerk? (vgl. Heyns, J.A. 1977:114v).

Die volgende aspekte is in hierdie verband ook van belang:

- * Die lig wat Skrifgegewens werp op die plek van die gebed in die kerkregering.
- * Die getuienis en inligting van bestaande literatuur oor gebed in die kerkregering? (vgl. De Wet, F.W. 1988; Calvyn, J. 1988; Barnard A.C. 1981. Coertzen, P. 1981).
- * Die praktiese inrigting van die gebed in die kerkregering (vgl. Barnard, A.C. 1981; Lourens, P.K. 2000).

1.2 MOTIVERING.

Navorsing het getoon dat daar in die gereformeerde teologie opvallend weinig studie gedoen is oor die plek van gebede in die kerkregering.

Talle artikels in die vier dele van die Kerkorde van die GKSA verwys pertinent na die gebed:

1. Oor die dienste: artikels 4,5 (met implikasies vir artikels 6-14) en 16.
2. Oor die kerklike vergaderings: artikel 32 (met implikasies vir die daarop volgende artikels).
3. Oor die leer, sakramente en ceremonies: artikels 62 en 66 met die diens van die gebede in die handhawing van die leer en in die bediening van die sakramente en ander ceremonies soos dit verwerklik is in die betrokke liturgiese formuliere.
4. Oor die kerklike tug: artikels 71-80 en soos dit na vore kom in die liturgiese formuliere vir die ban en wederopname.

Navorsing toon ook aan dat ten opsigte van die inhoud van sulke gebede daar klaarblyklik geen studie bestaan oor hoe gestalte en uitvoering gegee moet word aan die gebed in die kerkregering nie. Sinode Dordrecht 1578 formuleer in artikel 21 ofte 6 in hierdie verband soos volg: "*In den Kerkenraad zullen de Dienaren by gebeurte presideeren, ende de handelingen met aanroepinge des naams des Heeren aanvangen, ende met een Gebed ende Dankzegginge, bequaam tot de zaken, besluiten.*" (Hooijer, 1809:148). Wat is die reikwydte van die bedoeling "bequaam tot de zaken"?

Hoewel daar reeds etlike publikasies oor gebed as sodanig verskyn het, is studie oor die plek van gebed in die kerkregering waarskynlik 'n afgeskeepte of ondergewaardeerde saak.

Die vraag kom ook na vore of daar in die kerkregering meestal volstaan word met algemene gebede sonder spesifisering en/of toespitsing op spesifieke sake en gebeure; en verder word die indruk geskep dat die Here nie spesifiek aangeroep word vir hulp en wysheid en leiding van die Heilige Gees in spesifiek moeilike besluite nie.

Die aktualiteit van die onderwerp van hierdie studie blyk dat daar tydens Sinode 2009 GKSA (2009:33) 'n beskrywingspunt van die Streeksinode Randvaal was wat gevra het: "*Moderamen gee geleentheid vir Bybelstudie en gebed in groepe voordat kontensieuse sake aan die orde kom*" waarop die Sinode (tereg) besluit het om in die lig van KO art 32 nie aan die beskrywingspunt gevolg te gee nie.

2. DOELSTELLING EN DOELWITTE:

2.1 DOELSTELLING:

Dit is 'n teologiese studie in die vakgebied van die ekklesiologie op die terrein van die kerkreg.

Die doel van hierdie studie is om die *ius constituendum* ten opsigte van die gebed in die kerkregering te probeer vasstel en te ontgin met die doel om riglyne vir die *ius constitutum* in die kerkregering voor te stel.

2.2 DOELWITTE:

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

2.2.1 Om die Skrifgetuienis oor die plek van gebed in die kerkregering te

ondersoek ten einde sodoende die Christusregering, soos dit behoort te funksioneer (*ius constituendum*) te dien met die oog op die opbou van die kerk as een, heilige, algemene en apostoliese gemeenskap van gelowiges.

2.2.2 Om die getuienis en inligting van bestaande literatuur oor gebed in die kerkregering krities na te vors met die oog op duidelikheid oor die gebed as handeling in die kerkregering.

2.2.3 Om 'n praktykstudie te doen van hoe die gebed as handeling in die kerkregering op Sinodes van die GKSA van 2003, 2006 en 2009 gefunksioneer het.

2.2.4 Om praktiese riglyne vir die gebed as handeling in die kerkregering te ontwerp.

3. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT:

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die plek van die gebed in die gereformeerde kerkregering teologies nie deeglik genoeg nagevors is nie en in die praktyk nie die regmatige plek het wat dit verdien nie. Gevolglik sal vanuit die Skrif en relevante literatuur aangetoon word hoe die gebedspraktyk meer toegespits en meer omvangryk in die kerkregering behoort te funksioneer.

4. METODE VAN ONDERSOEK.

Aangesien die metodologie en paradigmas in die beoefening van die wetenskap, *in casu* ook in die teologie en ekklesiologie, 'n bepalende rol speel ten opsigte van die vertrekpunte en resultate van studie en navorsing, is dit noodwendig dat 'n navorser hom daaroor behoort te verantwoord.

4.1 PARADIGMA:

Hierdie studie word gedoen vanuit die gereformeerde tradisie. Dit impliseer dat die studie binne die parameters van die Drie Formuliere van Eenheid asook die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika gedoen word.

4.2 METODE:

Dit is 'n literatuurstudie. 'n Analise en interpretasies word gedoen van relevante teologiese en kerkregtelike bronse.

Die navorser poog om vanuit 'n gereformeerde hermeneutiese raamwerk die

gebed as handeling in die kerkregering, soos blyk uit die Skrif en kerkreglike, dogmatiese en liturgiese literatuur daaroor, wetenskaplik te analyseer en krities te evalueer. Die hermeneutiese reëls waarvolgens te werk gegaan word, is dié soos uitgewerk deur Coetzee en ander (1980:12-26; 1997) en Sinode GKSA 2009 (2009:604-610).

Tersaaklike Skrifgedeeltes sal geëksegetiseer word volgens erkende eksegetiese metodes soos dit binne die gereformeerde tradisie beoefen word (Le Roux, 1991:13).

'n Evaluasie van gebede, soos gebid tydens die Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika 2003, 2006 en 2009, sal gedoen word.

Laastens sal al die versamelde stof deur analyse, interpretasie en sintese gekeur en geordend word om tot 'n finale samevatting en gevolgtrekking te kom.

5. UITGANGSPUNT:

5.1 TRADISIE:

Ek doen hierdie studie vanuit die gereformeerde tradisie wat sowel as uitgangspunt en as toetssteen dien vir uitsprake wat gemaak word.

5.2 SKRIFBESKOUING:

Die GKSA vereis in KO art's. 53 en 54 van ampsdraers om die gereformeerde belydenis op grond van die *quia* standpunt te onderteken wat noodwendig impliseer dat die gereformeerde belydenis onderskryf word. Ek aanvaar die hele Bybel as gesagvolle geïnspireerde Woord van God.

5.3 SKRIFHANTERING:

Die kerkreg maak uiteraard van die eksegese van ander teologiese dissiplines gebruik, maar doen ook self eksegese. In die gereformeerde kerkreg kan daar nie na die Skrif as net na bewysplase verwys word nie. Die konteks van die Skrif moet met aanwending van gereformeerde hermeneuse verreken word om tot gereformeerde kerkregtelike bevindings te kan kom sonder om die Skrif op 'n biblietiese of fundamentalistiese wyse te hanteer.

6. SLEUTELTERME:

* Kerkregering/ Christusregering.

- * *Ius constitutum.*
- * *Ius constituendum.*
- * Gebed.
- * Opbou.
- * Kerk.
- * Kerkreg.

HOOFSTUK 2.

WETENSKAPSTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING - BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

1. INLEIDING:

Die onderwerp wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom, handel oor die perspektiewe wat die Skrif en relevante literatuur bied oor die gebed in die kerkregering

Besondere aandag sal gegee word aan die volgende aspekte:

- * Hoe die gebed, volgens die lig van die Skrif en gereformeerde belydenis in die kerkregering behoort te funksioneer en ingerig te word om die Christusregering te dien. Voortspruitend hieruit sal die doel van die gebed as handeling in die kerkregering as *ius constituendum* nagevors word.
- * In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word hoe die gebed in die kerkregering, as 'geestelike bestuurswyse' (NGB art. 30) behoort te funksioneer en ingerig te word met die oog op die opbou van die kerk om die eienskappe van die kerk naamlik die eenheid, heiligkeit, algemeenheid en apostolisiteit te dien. Hierdie vier eienskappe van die kerk word as parameters gebruik ter wille van nadere begrensing.

Uiteraard sal daar ook gepoog word om vanuit die Skrif perspektiewe oor die aard, doel, inhoud en plek van die gebed as handeling van kerkregering te ontwikkel.

Die uitgangspunt is dus nie die persoonlike gebed nie, maar die individuele én korporatiewe gebede van ampsdraers waaronder die gebede van die onderskeie kerklike vergaderings, kollektief in hul dienswerk in Christus se kerk, wat gerig is op die regering en opbou van die kerk (Barnard, 1981:387; Vos & Pieterse, 1997:21).

Om hierdie doelwitte te bereik, gaan ek dieptesnitte maak by wyse van gedagtestruktuurontleding, eksegese, woordontleding, die oorsigtelike toetsing aan die res van die Skrif en uit relevante bronne ondersoek doen om perspektiewe op die *ius constituendum* te ontgin.

Die *ius constituendum* is die reg soos dit na die eis van die Skrif behoort te wees

en die *ius constitutum* is die vigerende reg (*status quo*) soos dit in die werklikheid geld en opgemerk word (Kleynhans, 1984:79; Jooste, 1955:1). Deels is die taak van die kerkreg om te probeer om die *ius constitutum* altyd nader aan die *ius constituendum* te bring. Regte Bybelse begrippe is dus van fundamentele betekenis. Juis daarom speel die bronne vir die kerkreg ook so 'n belangrike rol in die vasstelling van die *ius constituendum*. Die *ius constituendum* “*is de ideële opvatting van de regelen in de kerk gemaakt, gelijk ze der kerk voor oogen zweven, en die door de studie van het kerkrecht, het onderzoek van de Heilige Schrift en de deductie uit de gevondene beginselen, steeds helderder in het licht treden. Het ius constitutum is de praktische regelen van het recht, dat een proces doorloopt, en poogt het ideële recht te realiseren ... naar de behoeften van bijzondere omstandigheden in bepaalde tijen*” (Bouwman, 1928:2).

Ten opsigte van beide is die kerkregeerde van gebed afhanklik hetsy om in die bepaling van die *ius constituendum* die Bybel reg weer te gee as in die *ius constitutum* om met die gawe van onderskeiding verskille raak te sien en regstellings te maak.

2. AKTUALITEIT VAN DIE SPESIFIEKE ONDERSOEK.

Tydens GKSA Sinode 2009 is 'n beskrywingspunt uit Streeksinode Randvaal ingedien (Acta, 2009:33) wat gevra het: “*Die Moderamen gee geleentheid vir Bybelstudie en gebed in groepe voordat kontensieuse sake aan die orde kom.*” Die Sinode het “*In die lig van KO art. 32, wat hiervoor voorsiening maak ... nie gevolg gegee ...*” aan die beskrywingspunt nie. Ten opsigte van die versoek vir Bybelstudie, is die beginsel dat 'n kerklike vergadering nie saamkom om gestig (opgebou) te word of om eksegese te kom doen nie, maar om sake te doen; om die kerk te regeer; om 'n agenda af te handel omdat die indiener van 'n saak (KO art's 30,31,46; beskrywingspunt/appèl) reeds die Skriftuurlike (en ander) argumente moes ondersoek om deur die vergadering beoordeel te word. Boonop behoort aanvaar te word dat die agenda vooraf beskikbaar was en die afgevaardigdes vooraf sake aan die hand van die Skrif kon beoordeel. Voortvloeiend uit hierdie beskrywingspunt is die vraag of sekere sake meer gewig (moet) dra as ander, meer kontensieus is as ander en dus as't ware ernstiger voor gebid moet word as vir ander asof die Heilige Gees met twee maatstawwe werk. Met die opvolgvraag wie die waardeoordeel daarvoor dra om oor die kontensieuse karakter al dan nie te besluit. Voorts is dit ook 'n vraag of die gebed met die opening van so 'n vergadering onderseskik is aan so 'n gespesifieerde gebed terwyl KO art. 32 die beginsel stel dat daar aan die begin van die vergadering in afhanklikheid van God gebid moet word vir leiding, verligting, vir die wil van God, ens. vir die duur van die hele vergadering. Dit blyk in die ouere Kerkordes en uit Sinodale Handelinge nooit 'n probleem te gewees het nie en vir sover ek met hierdie studie kon nagaan, dit slegs onlangs in die

Christelik Gereformeerde Kerk in Nederland se 2007 Sinode plaasgevind het (Acta, 2009:33).

Die aktualiteit van hierdie ondersoek word ook na vore gebring deur die optrede van die voorsitter van die GKSA se Algemene Sinode 2009 met 'n saak wat baie emosie binne en buite die Sinode opgewek het (vrou in die amp van ouderling en predikant) toe hy die reëeling getref het dat daar pas voor die stemming oor die aangeleentheid eers deur die hele vergadering in stilgebed voorgegaan moes word waarna hy afsluitend spesifiek gebid het (Bylaag 2009 nr. 42). Hierdie aksie is tereg volgens KO art. 34 nie in punt 4.3 van die Acta (2009:667) genotuleer nie aangesien die skriba alleen noukeurig moet notuleer "*wat noodsaklik opgeteken moet word*". (Dit was waarskynlik buitengewoon in die sin dat dit nog nooit voorheen tydens 'n Sinode van die GKSA gebeur het nie, maar ook buitengewoon omdat stilgebed nie 'n baie algemeen voorkomende praktyk in die GKSA is nie.)

Die vraag wat uit hierdie optrede na vore kom, is of die leiding van die Heilige Gees in so 'n geval meer intens is as by al die ander sake op die agenda waaroor besluite normaalweg geneem word slegs na die gebed by die Sinode-aanvang en dagopening? Dit mag die indruk wek dat so 'n besluit waarvoor 'n spesifieke gebedsgeleentheid direk voor besluitneming geskep word meer gewig dra as die ander besluite. Dit sou ook die indruk kon wek dat so 'n saak belangriker is as ander kerkregeersake. Dit bring die analogie in die kerkregering ter sprake dat 'n beroep op 'n ampsdraer wat met die lot aangewys is na die voorgaande gebed, meer intens sou wees as die gebruiklike verkiesing na voorgaande gebed. Sulke optredes laat vrae ontstaan oor die belydenis van "*geestelike bestuurswyse*" (NGB 30) en die gevaar wat kan ontstaan dat sulke uitsonderings die indruk kan skep dat ander besluite op ander oorwegings geneem is as so 'n saak of dat daar ander bronne as die Woord is waarop die besluit berus en of daar ander oortuigmeganismes is as dat die Heilige Gees harte in alle sake moet verlig?

3. BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM TEN OPSIGTE VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING.

3.1 INLEIDING.

Dis uit Lukas 11:13 duidelik dat die Heilige Gees God se primêre gawe aan die kerk (en gelowige en kerkregeerde) is as antwoord op 'n mens se gebed "*Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra ...*"

In KO art. 16 wat handel oor die “*amp van bedienaars van die Woord*” gaan die bediening van die gebed voorop “*omdat God deur sy Woord en Gees moet handel*” (Spoelstra, 1989:112). Vanweë hul roeping is die kerkregeerders as dienaars “*instrumente ... deur wie God se Woord, onder leiding van die Heilige Gees bedien word*” (Spoelstra, 1989:112).

Gebed is essensieel deel van die nuwe lewe van die kerk in al haar bedieninge. Die Heilige Gees kan as die Oorsaak van gebed aangedui word (Lourens, 2000:11) waar Hy gelowiges (ook kerkregeerders) so beïnvloed dat ‘n aanbevole koers gegaan word waarin Hy die konstante, effektiewe en beherende invloed word met betrekking “*tot gedagtes, spraak, emosies, gedrag*” (Lourens, 2000:12) en gevolglik ook van besluite en regeersituasies. “*Die volheid van die Gees in die lewe van die gelowige beteken dat hy geheel deur die Gees beheers word, geheel deur die Gees in beslag geneem word, volledig deur die Gees geleid word*” (Floor, 1979:65).

In ‘n studie verwys De Klerk (2009:630) na die mistasting dat openbare gebede nie op God nie, maar op die medemens gerig is, om hulle te motiveer of selfs te manipuleer (De Klerk, 2009:635). Sulke situasies sou rondom kontensieuse sake maklik op kerklike vergaderings kon gebeur vanweë verskillende sondige redes soos in punt 3.1.8 hieronder aangedui word. Dan sou medekerkregeerders nie deelnemend kon saambid en “*amen*” sê (1 Kor 14:16) waardeur hulle instemming verklaar dat hulle met die gebed van ‘n voorganger vereenselwig nie (Lourens, 2000:32; Kramer, 1905:114).

Calvynoordeel dat onverskilligheid nie by gebed pas nie, “... *ons (moet) slegs soveel vra as wat God ons toelaat*” (Institusie, 3,20,5:34) en daarom behoort kerkregeerders die woorde van 1 Johannes 5:14 in ag te neem “*En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.*”

Ten opsigte van die vermoë om (die regte) besluite te neem om die kerk te regeer gee die Bybel ons verskeie riglyne van toetsing en onderskeiding: byvoorbeeld in 1 Joh 4:1: “*toets die geeste of hulle uit God is*” (vgl. Rom 2:18, 12:2, Ef 5:10) en Fil 1:9,10 “*En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvoeldig mag word in kennis en alle ervaring om die dinge waar dit op aankom, te onderskei ...*” Hierdie vermoëns moet kennelik afgebid word.

3.1.1 GEVOLGTREKKING:

3.1.1.1 Dis oorsigtelik duidelik dat die gebed vir die kerkregering onontbeerlik is en inherent deel daarvan is en behoort te wees.

3.2 GEBED EN 'N VERKLARING VAN KO ART. 32.

As die “*vernaamste deel van ons dankbaarheid*” (HK So 45:116) is gebed ‘n bewustelike regstreekse gesprek met God (De Klerk, 1987:248; Calvyn, Institusie III,XX.2,16; Van der Walt, 1982:50), die beoefening van gemeenskap met God (vgl. Heb 11:6; Ps 50:15).

Louw & Nida deel *προσευχομαι* in die semantiese domein “*kommunikasie*” (1988:388,409) om te beteken: “*om met God te praat; om versoek aan God te rig; om Hom te vra*” (1988:388,409).

Gebed vind plaas op grond van geloof (Barnard, 1987:62; Berkof, 1973:513; Versteeg, 1976:22,26) in God soos Hy Hom in sy Woord openbaar het, met name as die vertikale kommunikatiewe aspek van die geloof (Du Randt, 1990:40). Gebed is ‘n gelowige menslike antwoord (Vos & Pieterse, 1997:60) op God se beloftes binne die konteks van die verbondsgemeenskap tussen God en sy kerk (Heyns, 1978:128). Gebed is ‘n uitvloeisel van die verlossing (Lourens, 2000:36), deel van die “*werkinge*” wat uit die genade voortvloeи (Calvyn, Institusie, iii,20.19) en daad van aanbidding (Treurnicht, 1966:118).

Aanroeping (*επικαλεσηται*, Joël 2:32; Rom 10:13) geskied op grond van ‘n vertrouensverhouding (Du Randt, 1990:41). *Επικαλεσηται* dra ‘n kohortatiewe betekenis (aoristus konjunktief medium) en is ‘n tegniese term vir die gebedsaanroep (Versteeg, 1976:67; Cranfield, 1975:292).

Wanneer die “*Naam van die Here*” (*το ονομα κυριου*; as stylfiguur: metonimia) aangereroep word, dui dit op die Christologiese gerigtheid van die gebed (Hand 2:21).

Δεησις (afgelei van *δεομαι*) beteken om iets dringend te vra, te pleit, smeek, bid (Louw & Nida, 1978:404).

KO art. 32 impliseer dat God sy kerk regeer en dat Hy van geroepe dienaars gebruik maak om sy koningskap te bedien ten opsigte van die handelinge (agenda) van die regeerbyeenkoms. “*Dit lê klem op die voortdurende en dinamiese verband tussen gebed en handeling in kerkregering*” (Spoelstra, 1989:204).

3.3 KERK.

Die kerk is volgens die Nuwe Testament ‘n vergadering van gelowiges wat hulle saligheid in Christus soek, wat verseël is deur die Heilige Gees en wat hulle kragtens die drang wat deur die Heilige Gees in hulle gewerk word verenig tot

die bediening van die Woord, sakramente en die gebede en hulle organiseer onder leiding van die ampte (Bouwman, 1928:53).

Hierdie kerk was daar van die begin tot die einde en as sodanig “*is het wezen der kerk onzichtbaar, een voorwerp van geloof ... Maar de kerk heeft ook eene Zichtbare zijde ...*” (Bouwman, 1928:1) waar die Here die wat aan Hom behoort deur sy Woord en Gees vergader, beskerm en onderhou (HK So 21 v/a 54). Hierdie kerk is in haar geestelike bestuurswyse afhanklik van haar Koning wat haar uit die hemel uit regeer (NGB art. 30).

In sy verklaring van die kanoniek van die boek Efesiërs is Coetzee (1980:83) baie uitgesproke oor wat die kerk is en moet wees: “*Die kerk is nie die gebou waarin saamgekom word nie; is nie die predikant en kerkraad nie; maar die gelowiges is die kerk. Die Kerk is nie ‘n menslike vereniging, ‘n genootskap van vrome mense wat hulle bymekaar voeg omdat hulle God wil dien nie; maar is die skeppingswerk van Jesus Christus, sy liggaam wat Hysself saamstel deur uitverkiesing; deur roeping tot bekering; deur die gawe van die geloof wat sy Gees skenk.*”

“*Binne die perspektief van die koninkryk kan ‘n juiste visie op die kerk verkry word*” (Heyns, 1978:352) met twee lyne wat loop: God se handelinge in uitverkiesing en roeping en die mens s’n wat “*uit gehoorsaamheid instemming met God se bedoeling betuig*” (Heyns, 1978:353) sodat die kerk as openbaring van die koninkryk in sy duidelikste vorm getypeer kan word, as “*teken van die koninkryk*” (Heyns, 1978:353).

Vanuit Heyns (1978:359v) se onderskeiding van enkele beeldelike beelde vir die kerk in die Nuwe Testament, is daar verskillende sake waarin die kerkregering implisiet en/of eksplisiet veronderstel word en/of afgelei kan word en waarin die kerkregeerde nie anders as deur gebed daaraan kan voldoen nie. In die behandeling van die beeld van die kerk as uitgeroepenes staan funksionering ten opsigte van ons onderwerp uit (Heyns, 1978:35359), so staan gehoorsaamheid uit in die beeld van die kerk as volk (Heyns, 1978:359), organisasie by die kerk as volk (Heyns, 1978:359), interafhanklikheid van die lede en afhanklikheid van die Hoof by die kerk as liggaam (Heyns, 1978:360), samevoeging en eenheid by die kerk as liggaam (Heyns, 1978:360), verhoudings en heiligingsdoel by die kerk as bruid en tempel van die Heilige Gees (Heyns, 1978:3661,2), asook ten opsigte van die kerk se aktiwiteite by die kerk as getuie (Heyns, 1978:362).

Die wese van die kerk eis gebed in verskillende gestaltes: in kultus, in persoonlike geloofsomgang met God, in die maatskappy asook in die regering wat die gebede toespits as ‘n vra na die leiding van die Heilige Gees om die Koninkryk te laat kom, om gehoorsaam te wees aan wat God beveel, om die

Skrif te verstaan, ens.

3.3.1 GEVOLGTREKKING:

3.3.1.1 Kerkregeerders is afhanglik van die leiding van die Heilige Gees om die kerk te organiseer/regeer volgens die reëls van die Skrif, wat alleen biddend kan geskied.

3.4 KERKREGEERDER.

‘n Kerkregeerde is ‘n persoon wat deur God as bedienaar van die Woord, ouderling of diaken geroep is (KO art's 4,5,22,24). Die terrein van regering vir die onderskeie ampte word ook duidelik deur die kerkorde gereël (art. 16,23,25). Elkeen van die ampte van ouderling en diaken regeer dus oor dit wat eie is aan hul amp, terwyl die bedienaar van die Woord deel van die kerkraad geag word (NGB 30-32 en KO 29,37,38,39) terwyl hy by diakonale vergaderings “... *indien nodig, daarby teenwoordig (moet) wees.*” Diakens het ‘n eie regeertaak (Spoelstra, 1989:226) terwyl die ouderlinge en bedienaar verantwoordelik is vir die bediening van die sleutelmag. Daar bestaan dus pariteit (gelykheid, KO 84) tussen die ampte terwyl daar egter ‘n pluriformiteit is ten opsigte van hul terrein van bediening.

Dis duidelik dat die ampsbediening van die individuele ampsdraer nie as ‘n kerkregeringshandeling gedefinieer kan word nie (soos by die Roomsers waar die gesag in die persoon setel nie), maar eers as dit in oorleg en in kohesie met ander ampsdraers is en op gesamentlike besluit berus (KO 30). In die gereformeerde kerkregering is daar dus nie iets soos ‘n individuele en dus ouoritêre beslissing nie, aangesien dit die oortuiging is dat die “*geestelike bestuurswyse ... nie aan een of twee toevertrou is nie, maar aan ‘n raad ...*” In hierdie verband kan na die reël in Matt 18 (vgl. KO art's 71-78) verwys word waar daar ‘n onderskeidende oorgang is vanaf individuele broederlike vermanings na ‘n kerkregeringsituasie van die kerkraad. Daarom is daar selfs kontrolemaatreëls in die kerkorde ingebou soos appèl (KO 31) en visitasie (KO 44) (vgl. KO art. 77) om enige vorm van subjektivisme en/of magsmisbruik te voorkom en teen te gaan. ‘n Ampsdraer is dus eers ook kerkregeerde in samehang met ander. “*Beraad, gemeenskaplike oorleg vir ernstige besluit en samewerking om die wil van die Here vas te stel, is eie aan die wese van die kerk*” (Spoelstra, 1989:227).

In Handelinge is dit duidelik dat daar in kerkregersituasies na die meervoud “*ouderlinge*” verwys word (Hand 20:28v) wat kennelik daarop dui dat die regeertaak die hele raad van ouderlinge betrek en nie een alleen nie (vgl. Du Plooy, 1982:177v).

3.4.1 GEVOLGTREKKING:

3.4.1.1 'n Kerkregeerde is 'n geroepe ampsdraer wat in 'n corpus van ampsdraers in oorleg en in kohesie met hulle 'n kerkregeringshandeling onderneem wat op gesamentlike besluit berus.

4. BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM OP GEBED WAT DIE CHRISTUSREGERING (EN KONINKRYK VAN GOD) DIEN.

4.1 INLEIDING:

Die doelstelling hier is om vanuit die Skrif en literatuur enkele verwantskappe aan te dui tussen die gebed en die Christusregering in die kerk. Dit wil voorkom dat gebede soms bloot formeel as openings- en afslutingsrituele by kerkregeringsgeleenhede dien en nie spesifiek gerig is op die Christusregering van die kerk volgens die sake op die agenda nie terwyl 'n mens huis dit sou verwag.

Dit is nodig om die gebed wat die Christusregering dien uit die Skrif toe te lig sodat kerkregeerde kan weet dat die gebed nie 'n blote formalistiese handeling is nie (Lourens, 2000:6).

Om "reg" te kan bid, moet die kerkregeerde enkele beginsels in ag neem soos verderaan sal blyk.

4.1.1 In die gebed moet die kerkregeerde rekening hou met die betekenis van en geïmpliseerde verhouding van die metafoor dat Christus die "*Hoof*" van die kerk (*sy liggaam*) is.

In sy boek "*Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering*" toon Van der Walt (1976:38) aan dat daar 'n "saaklike werklikheidsgrondslag vir die benaming 'Hoof van die Kerk'" is wanneer Paulus in sy beeld oor die verhouding tussen Christus en die kerk handel. "*Christus het Hom nie maar net met sy kerk vereenselwig nie, maar reëel tot 'n eenheid verbind*" (Van der Walt, 1976:44). Daarom maak Van der Walt die afleiding dat dit nie alleen geld van die onsigbare sy van die kerk nie, maar ook "*vir die sigbare sy van die kerk en moet daarin belewe word*" (Van der Walt, 1976:45). Die onsigbare word sigbaar deur die werking van die Heilige Gees. "*Die ware kerk is dus dié wat deur die Heilige Gees met die Woord saamgeroep en georganiseer is.*" (Van der Walt, 1976:45).

Ten opsigte van die *belewing* van Christus se Hoofskap en *organisasie* van die kerk as *liggaam* is die kerkregeerders aangewese op die leiding van die Heilige Gees vanuit die Woord. Hierdie leiding moet afgebied word soos in die Onse Vader-gebed “*Laat u koninkryk kom*” (Matt 6:10) en die Here Jesus se verwysing na een van die werkinge van die Heilige Gees: “*Hy ... sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het*” (Joh 14:26). So word die “*lewende eenheid*” (Van der Walt, 1976:47) tussen Hoof en liggaam deur die Heilige Gees ‘n werklikheid ook in die kerkregering. “*Christus alleen het die posisie van heerskappy en seggenskap in die kerk*” (Van der Walt, 1976:49). Sy teenwoordigheid in die kerk is gegronde in sy belofte in Matteus 18:20 “*waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle*” waar die “*in my Naam saam is*” kennelik ook op die gebed in kerkregering kan dui. Die beeld vir die kerk as “*liggaam*” in verhouding met Christus as “*Hoop*” omskryf die kerk se Christologiese bestaanswyse (Du Plooy, 1979:17) wat vir sy regering (funksionering) van Christus afhanklik is anders as ‘n menslike vereniging wat self besluite kan neem. “*Die kerk word regeer, nie primêr deur homself nie, maar deur die Hoop*” (vgl. Du Plooy, 1979:20).

4.1.2 Die gebede rondom die kerkregering moet dit verdiskontere dat die kerk sonder Christus nie in staat is om op sigself te funksioneer nie, die kerk is in al haar aktiwiteite, waaronder ook haar regering, van haar “*Hoop*” afhanklik en daarop gerig om na Christus toe te groei (Ef 4; 1 Kor 12).

4.1.3 Verder moet kerkregeerders dit in hul gebede verdiskontere dat hulle nie die alleenheerskappy dra of alleenwysheid of alleengesag besit nie.

Kleynhans (1985:138) wys daarop dat die Skrif in die reël oor die ouerlinge in die meervoud skryf soos die bevestigingsformulier vir ouerlinge dit uitwys dat “*die regering nie net aan een of twee toevertrou is nie, maar aan die kerkrAAD ...*” In hierdie verband wys Du Plooy (1979:54) ook daarop dat die woord *κυβερνεῖς* (stuurmanne, 1 Kor 12:28) m.b.t. die ouerlinge in die meervoud geskryf is wat ‘n gesamentlike optrede impliseer.

Vanuit die meervoudsgebruik van die woord *ouerlinge* (in Hand 14:23; 20:17; 15:2v; 21:18; Fil 1:1; Tit 1:5; 1 Tim 5:17; 1 Pet 5:1,2) wys Van der Walt (1976:78) dat dit “*onteenseglik*” dui op ‘n ouerlingekorps, ‘n presbiterium of kerkrAAD. Dit word dan ook in 1 Tim 4:14 uitdruklik so genoem. Die regering geskied in “*gemeenskap met die ander ouerlinge in dieselfde gemeente*” (Van der Walt, 1976:78; Hand 20:28; NGB art. 30; Bevestigingsformulier ouerlinge) of in meerdere vergaderings.

In hierdie verband is dit insiggewend dat KO art. 38 wat die orde reël ten opsigte van die instituering van ‘n kerk, dat in klein kerkies die diakens by die ouerlinge bygereken word, “*dit moet egter altyd gedoen word waar die aantal ouerlinge minder as drie is*” om huis hiérargie te probeer voorkom asook om die poel gawes te vergroot.

Die gesag van die kerkregering rus nie in die persoon van die kerkregeerde nie (soos Roomsbes beweer), maar in die Woord wat deur hulle bedien word (Smit, 1985:281-284) op grond van hul ampsroeping (vgl. die verskil in pluriformiteit en pariteit van die ampte).

4.1.4 Kerkregeerde moet dit in ag neem dat die gebed van die voorganger in korporatiewe verband in terme van “ons”, soos in die “Onse Vader” verwoord behoort te word. So ‘n intermediére gebed is nie ‘n individuele gebed van “ek vra *dit vir hulle*” nie (Lourens, 2000:29). Die voorbidder is kollektief één met die kerkregeerliggaam sodat daar ‘n na-bid by die hoorders plaasvind omdat daar vereenselwiging met die voorganger se gebed is en almal daarop kan “Amen”-sê (1 Kor 14:16; Lourens, 2000:29). Kerkregering vind in corpusverband plaas wanneer daar “*in die Naam van Christus*” vergader en besluit word (Calvyn, Institusie 2:IV,9,2).

4.1.5 Kerkregeerde behoort te bid om die leiding van en vervulling met die Heilige Gees “*omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank*” (HK v/a 116).

Dis immers die uitgesproke belydenis van die gereformeerde kerkreg dat Christus Self sy kerk in en deur sy Heilige Gees regeer wat aan die kerk sy taak en bevoegdheid (*potestas*) gegee het om sy heerskappy instrumenteel aan die kerke te bedien (Du Plooy, 2003:13).

Van der Linde (1983:134) skryf in sy verklaring van die Kerkorde oor artikel 32 dat dit in kerklike vergaderings nie ‘n samekoms van ampsdraers as sulks is wat in persoon besluite moet neem nie, maar as dienaars wat hul roeping uitvoer, daarvoor “smeek” Christus se dienaars “*die bekwaamheid van Hom af om hulle opdragte te kan uitvoer*”. God neem as’t ware mense in sy diens (roeping) om met sy Gees mee te werk in die regering van sy kerk. Boonop rus sy Gees die dienaars toe met gawes (*charismata*) (1 Kor 12) om dit te kan doen.

Tereg kan ons die standpunte van diegene wat die ampte en kerklike vergaderings misken, awys as sou Christus onmiddellik (sonder middele = ook sonder dienaars en buite sy Woord om) die kerk regeer (soos by spiritistiese groepe wat independentisties bestaan), maar ons moet ook diegene awys as sou Christus middelik, soos die Roomsbes glo, langs die lyn van apostoliese suksessie regeer (Kleynhans, 1982:26).

Die reformatore het die presbiteriale stelsel vanuit die Woord begrond en

“geskied die Christusregering middelik deur die Woord en onmiddelik deur die Heilige Gees” (Kleynhans, 1982:27). Alle vorme van menslike heerskappy moet uit die kerk geweer word: *“de amp is geen sacerdotium nie, maar ministerium”* (Jonker, 1965:8). Daarom moet daar gewaak word teen ‘n demokratiseringsproses in die kerk dat stemme getel en nie standpunte geweeg word nie.

Standvastige gebed verwoord ampsdraers se afhanklikheid van God en die leiding van die Heilige Gees sowel vir die verstaan van God se Woord as vir die doel van die kerkregering om sonder hiërargie dienaars te bly.

4.1.6 Kerkregeerders moet ook altyd in hul gebede rekening hou met *“die moontlikheid van ongehoorsaamheid”* (Kleynhans, 1982:28) aan God en sy Woord. ‘n Belangrike en realistiese voorkennis van die gebrokenheid en swakheid (HK v/a 8) waartoe selfs die *“allerheiligste”* (HK v/a 114,115) kerkregeerders steeds geneig is, verdiep die noodsaak aan gebed.

Dit gaan nie om inherente mag (*potestas*) wat kerkregeerders sou besit nie, maar om die bediening (*ministerium*) van Christus se mag (Calvyn, Institusie IV, xi,1). In hierdie verband spreek Calvyn hom skerp uit teen die Roomse beskouing wat menslike wette, reglemente en voorskrifte, wat onafhanklik van die Woord, kerklike gehoorsaamheid wil afdwing (Calvyn, Institusie IV, X, 6,8,17,30). In dieselfde strekking kla Calvyn dat menings soms *“bloot getel en nie oorweeg word nie”* (Calvyn Institusie IV,IX,8,44).

4.1.7 Kerkregeerders moet dit in hul gebede in ag neem dat die regering nie geskied op grond van hulle persoonlike- of ampsgesag nie, maar op gesag van die Woord.

Smit (1985:94) stel dit duidelik dat die gesag nie setel *“in die diens of in die persoon nie, maar dit setel onoordraagbaar in die Woord van God waaruit dit aan alle mense bedien moet word.”* In hierdie verband kan ook na die beginsel en praktyk van KO art. 27 verwys word waarin gereël word dat ampsdraers periodiek moet aftree om o.a. kliekvorming (Spoelstra, 1989:164) en hiërargie uit die kerk te weer.

Alle besluite van vergaderings is onderworpe aan die *“rigsnoer”* van die Skrif (Calvyn Institusie 4,9,8,28) en nie op gesag van ‘n persoon nie. Calvyn verwys na die sinodes van Nicea, Konstantinopel e.a. waar dwalings weerlê is omdat die weerlegging nikanders anders is as *“n suiwer en egte vertolking van die Skrif”* nie (Calvyn Institusie 4.9.8,32) en dat wanneer daar teenstrydighede (en meningsverskil) sou voorkom dit aan die maatstaf (gesag) van die Woord getoets moet word (Calvyn Institusie 4,9,9).

4.1.8 Kerkregeerders moet dit in hul gebede in ag neem dat daar redes is (kan

wees) wat hulle in hul suiwere kerkregering kan verhinder sodat hulle nie meer dat elke besluit onherroepbaar op die Skrif gegrond is as God se wil, dus as Christus se regering, omdat hulle daarvoor gebid het nie.

Wanneer Calvyn (Institusie 4,9,10) vier redes aanvoer waarom daar gebreke in sinodes voorkom, gee hy belangrike insigte ten opsigte van die inhoud en oogmerk van die gebede by sulke vergaderings:

- (1) afgevaardigdes se aandag kan weens “drukkende besigheid afgetrek” wees en hulle baie ander dinge nie raaksien nie,
- (2) of omdat “sommige besluite van geringer belang hulle aandag ontgaan het terwyl hulle deur gewigtiger en ernstiger sake in beslag geneem is,
- (3) of doodeenvoudig net omdat hulle as mense deur onervarendheid om die bos gelei kon word,
- (4) of omdat hulle vanweë uitermatige emosie halsoorkop meegevoer is”.

Die blote feit dat die Gereformeerde Kerkorde voorsiening maak vir hersiening van besluite (appèl en gravamen, KO art's 31, 46, toetsing aan die Woord) veronderstel dat daar met die menslike swakheid (HK So 2-4 & 44, vgl. nagmaalsformulier) en ongehoorsaamheid rekening gehou moet word. “*Christus regeer sy kerk deur sy Gees en Woord vir sover dit die bewuste gehoorsaamheid van die kerk betref*” (Van der Walt, 1976:51). Ten opsigte van onskriftuurlike besluite waardeur die Christusregering gemanipuleer is/word, verwys Van der Walt (1976:53) ook na “*sluheid en listigheid wanneer in die kerkregering oor ‘n teenparty ‘n oorwinning behaal word met onheilige sette of geknoei.*”

4.1.9 Kerkregeerders behoort pertinent in ootmoed te bid vir selfontlediging en bewaring teen hul eie geknoei en vyandskap en vervolging (Matt 5:11: bv:”Vergewe ons ons sonde en verlos ons van die Bose”).

Van der Linde (1978:8) is daarvan oortuig dat terwyl die kerk haar aan Christus onderwerp, sy andersyds ook nog moet “*stry teen die Satan en sy magte en die eie verdorwe aard*” van die mens sowel as die invloed van die wêreld. Kuyper (ongedateerd:32) stel dit baie sterker as hy beweer dat daar selfs “*kwaadwilligen en goddeloozen*” afgevaardig kan wees op meerder vergaderings.

4.1.10 GEVOLGTREKKINGS:

4.1.10.1 Die metafoor dat Christus Hoof en die kerk liggaam is, impliseer dat die kerk in haar regering van Christus afhanklik is.

4.1.10.2 Gebede in kerkregering moet in ag neem dat die kerk haar nie sonder Christus kan regeer nie.

4.1.10.3 In hul gebede in die kerkregering moet bidders ag gee daarop dat hulle nie alleen nie, maar as raad regeer.

4.1.10.4 Gebede in die kerkregering behels ‘n korporatiewe ingeslotenheid.

- 4.1.10.5 Gebede in die kerkregering spesialiseer in die bid om die verligting, leiding en vervulling met en deur die Heilige Gees.
- 4.1.10.6 Kerkregeerde moet ook sondegebrokenheid in hul kerkregering in hul gebede verdiskonter.
- 4.1.10.7 Gebede in die kerkregering behoort nie op die persone van die kerkregeerde te fokus nie, maar op die gesamentlike verstaan van die Woord en gesag van die Woord.
- 4.1.10.8 Gebede in die kerkregering moet rekening hou met die swakheid van die kerkregeerde wat revisie op grond van die Woord impliseer.
- 4.1.10.9 Gebede van kerkregeerde behoort ook selfontlediging en 'n bede om vergifnis te bevat.

4.2 DIE VERBAND: KONINKRYK VAN GOD EN GEBED IN DIE KERKREGERING.

4.2.1 INLEDING: 'N FOKUS OP MATTEUS 6:10: "*Laat u koninkryk kom*".

As tweede bede in die Onse Vader, leer Christus sy kerk op versoek van sy dissipels bid: "*Laat u koninkryk kom*". Alhoewel selfs die dissipels nog tot ná sy opstanding nie die woorde begryp het nie deurdat hulle Hom vra: "*Here, is dit nou die tyd dat U weer die koninkryk vir Israel gaan oprig?*" (Hand 1:6), is dit duidelik wat Christus se bedoeling is as Hy in aansluiting by Johannes die Doper preek: "*Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom*" (Matt 3:2).

Hierdie is 'n gebed wat in die meervoud (verwysing na "Onse") gegee is wat op die gelowiges as korporatiewe groep dui. Dit geld vir die kerk as geheel en vir elke onderdeel daarvan: persoonlik, in die kultus (liturgies) en in die kerkregering. Trouens, ten opsigte van ons onderwerp, open die koninkryk van God perspektiewe op gebede en inhoud wat die Christusregering dien.

Die Heidelbergse Kategismus (So 48 v/a 123) verklaar die tweede bede van die "Onse Vader" soos volg: "*Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp ...*" Uiteraard is daar 'n noue verwantskap tussen die eerste drie bedes waar die tweede ons lei na God se regering. Die woord *βασιλεία* (koninkryk) verwys primêr na 'n koning se reg om te regeer terwyl die ryksgebied sekondêr is (Van Gelder, 2000:74).

Wanneer dit saamgelees word met Matteus 6:31-33 neem 'n fokus op God die eerste plek in die gebedslewé in terwyl menslike nood, belang en ideale tweede

kom. Dis immers die kern van God se openbaring. God heers soewerein. Hierdie bede bid dat God in die openbaar die erkenning van sy koninklike reg sal herstel (Grosheide, 1953:25-25). Vir die kerk geld “alleen het woord van God als grondwet en de belijdenis als accoord, terwijl Christus door Zijn Woord en Geest zijn kerk als Koning regeert” (Kuyper, ongedateerd:2).

Wanneer Jesus sy dissipels leer om tot “Onse Vader in die hemel” te bid, is dit duidelik dat Hy die messiaanse karakter van die koninkryk bekendmaak, want dis slegs deur Hom dat enigiemand God “Vader” kan noem (Rom 8:14,15). Opsigself gee dit aan die kerk vrymoedigheid om te bid (Joh 14 en 15; “vra in My Naam”).

Dis vir ons onderwerp belangrik om te let op wat Calvijn oor hierdie bede oor die komste van die koninkryk skryf: “God regeer waar mense hulle sowel deur selfverloëning as deur die veragting van die wêreld en hulle lewe op aarde aan sy geregtigheid toegesê het om na die hemelse lewe te streef”. Hy skryf verder: “Omdat God se Woord soos ‘n koning se septer is, word ons hier gebied om te bid dat Hy almal se verstand en harte in gewillige gehoorsaamheid daaraan moet onderwerp” (Institusie 3.20.42:21v).

4.2.1.1 GEVOLGTREKKING:

4.2.1.1.1 Die betekenis van die begrip “koninkryk van God” is van kernbetekenis vir die gebede in die kerkregering bv. omdat dit openbaar dat God sy kerk regeer.

4.2.2 DIE BEGRIP: “KONINKRYK VAN GOD” NADER ONTLEED IN VERHOUDING MET GOD SE WIL (“LAAT U WIL GESKIED”).

Onder “koninkryk van God” (*βασιλεία*) verstaan Coetzee (1981:11) die “koningskap van God, sy koninklike heerskappy, sy koninklike mag as die gebied van sy koninklike mag ... Die koninkryk van God wat Christus verkondig het, sluit dus beide die heerskappy van God en die gebied wat onder sy heerskappy staan, in” (vgl. Floor, 1974:1).

Vir Van Gelder (2000:74) dien die verlossende heerskappy van God as basis vir die omskrywing van die wese, bediening en organisasie (regering) van die kerk soos Jesus aangekondig het “die koninkryk van God het naby gekom” (Mk 1:14-15). “Waar die Woord en Gees gehoorsaam word, het die koninkryk gekom en staan hierdie gemeenskap van gelowiges as die kerk bekend” (Du Plooy, 1995:152).

Van der Walt (1962:33) gee 'n meer uitgebreide betekenis aan die begrip *koninkryk van God*: "Grondliggend is egter deurgaans die gedagte van die heilryke soewereiniteit van God, in die eerste plek as daad (koningskap, koningswees), tweedens as terrein (koninkryk, gebied waaroer en waarin die heerskappy uitgeoefen word) en derdens nog inhoudeliker: wat in hierdie almagsuitoefening in hierdie magsfeer gebeur en ontvang word", dus die wyse van heerskappy. Dis veral ten opsigte van laasgenoemde waarop hierdie studie fokus ten opsigte van die plek en inhoud van die gebede in *die wyse van heerskappy*.

Die verkondiging van die koninkryk geskied teen die agtergrond van die sondeval en in weerwil van alle teenkanting sedertdien waar "Satan die owerste van hierdie wêreld geword het, hom as koning in die ryksgebied van God ingedring" het (Van der Linde, 1978:4). Sonde bring 'n stoornis van die harmonie teweeg. Daarby moet ons in ag neem dat "*koninkryk en reg onafskeidelik aan mekaar verbonde*" is (Van der Linde, 1978:4) omdat daar in 'n gehoorsaamheidsdaad na "sy wil gevra en dit sonder teëspraak gedoen word" (Van der Linde, 1978:4).

In die kerkregering is kerkregeerders gebonde aan God se raadsplan ("Laat u wil geskied" vgl. Ps 33) waar hulle na sy wil in hul gebede soek.

(In 7.2.5 word meer uitvoerig gehandel oor die betekenis van wat God se wil is.)

4.2.2.1 GEVOLGTREKKING:

4.2.2.1.1 Kerkregeerders is in diens van God ten opsigte van die wyse waarop God sy heerskappy oor die kerk uitvoer waarna biddend gevra word.

4.2.3 DIE KONINKRYK VAN GOD EN DIE KERK.

Die plek van die kerk kan "*slegs binne die raamwerk van die koninkryk*" verstaan word (Coertzen, 1981:11). Die verkondiging van die Koninkryk het van die begin af "*kerkvormend gewerk*" (Du Plooy, 1984:28). Daarom is dit nodig om die begrip "*koninkryk van God*" te omskryf.

Die begrip koninkryk omvat veel meer as die kerk daarom dat die kerk vir haarself duidelikheid moet hê oor haar plek in die koninkryk. "*Daar moet verantwoording wees oor presies wat die kerk is, wat sy regering behels en waarmee hy besig is wanneer die gelowiges toegerus word vir hulle dienswerk, opgebou word tot 'n woning van God in die Gees*" (Coertzen, 1981:13). Hiervoor het die kerk die taak ontvang van die bediening van die Woord, sakramente en tug wat alles deel vorm van die kerkregering en Kerkorde, maar wat biddend in roepingsafhanklikheid bedien word.

Die Rooms-Katolieke Kerk wil die kerk en koninkryk volledig met mekaar vereenselwig “daarin dat die kerk die magsgebied van Christus is en dat Christus deur die Rooms-Katolieke hiërargie sy gesag in die wêreld uitoefen” (Coertzen: 1981:14). Eweneens mag die kerk nie as blote spiritualistiese sy van die koninkryk gesien word nie (Coertzen: 1981:114). Daarby is dit ook nie ons koninkryk asof die koms daarvan van ons ywer, etiek of politiek afhang nie (Schultze, 2001:164).

Die koms van die koninkryk is “soos ‘n ellips: dit het twee brandpunte, die koms en die wederkoms van Christus; die eerste is die beslissende deurbraak, die laaste die finale voltooiing” (Van der Walt, 1962:98). Tussen hierdie brandpunte gaan die kerk in haar regering voort om te bid “Laat u Koninkryk kom”. ‘n Bede wat enersyds gegrond is op die koms van Christus en sy Gees, maar andersyds in afwagting op die voltooiing verkeer. Die kerk is effektiel die gevolg van die koninkryk asook meteen die instrument daarvan.

Die kerk en die koninkryk van die hemele moet dus nie vereenselwig word nie, die kerk is net openbaringsteken van die koninkryk, van wat reeds gerealiseer het en van wat nog voltooi moet word. “Die kerk is die georganiseerde burgers van die Koninkryk in hierdie wêreld, die domein waar Christus domineer ... mag uitoefen” (Van der Linde, 1978:9). Die kerk is die “... heilryke soewereiniteit van God” (Floor, 1974:1), “... die vergadering van die burgers van die Koninkryk van God” (Floor, 1974:3) uit alle volkere op aarde (Open 5:9;7:9).

Tog het Christus die sleutels van die koninkryk van die hemel aan die kerk gegee (Matt 16:19; 18:15v) om die burgers te vergader, te roep en te versorg.

Dis binne die bekende begrippe van die “reeds” en “nog nie” (Ridderbos, 1972:68) van die koms van die koninkryk dat die kerk bestaan en geregeer word en moet word. En wanneer die voltooiing kom, verdwyn die kerk. Sodoende is die kerk effektiel in diens van die koninkryk, hoewel aan die ander kant die vrug van die koninkryk (Ridderbos, 1972:307). Floor (1974:4) verwoord dit soos volg: “... aan die een kant produseer die Koninkryk die kerk, maar andersyds introduuseer die kerk ook die Koninkryk van God.”

Die kerk kan met vrymoedigheid bid wanneer sy die beloftes van God vir haarself toe-eien en sy haar gewillig aan God se regering onderwerp (Schultze, 2001:170).

4.2.3.1 GEVOLGTREKKING:

4.2.3.1.1 Deur te bid bly die kerk teken van die koninkryk van die hemele wat naby gekom het.

4.2.4 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES.

4.2.4.1 INLEIDING:

Vir hierdie studie is dit belangrik om daarop te let dat sedert Pinkster die koningskap van Christus gerealiseer word deur die Heilige Gees (Floor, 1974:1) omdat dit perspektiewe op die gebed in die kerkregering open.

Die verkondiging van die koninkryk (Matt 28) geskied binne die konteks van die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 1&2) met die herhaalde opdrag vir Geesvervuldes “*Julle sal My getuies wees ...*” (Hand 1:8). Waar die koninkryk verkondig word, werk die Heilige Gees sodat God se heerskappy in die hede (asook eskatologies sal) realiseer.

Daar bestaan 'n baie noue verhouding tussen die Heilige Gees en die koninkryk van God: “*Toe op Pinkster die Heilige Gees in die Kerk gaan woon het, het daarmee die Koninkryk van God op aarde gekom*” (Floor, 1974:1). Floor (1974:1) toon uit 1 Petrus 4:14 aan dat daar na die Heilige Gees met 'n “koninklike prerogatief” verwys word as “*die Gees van heerlikheid*” wat omskryf kan word as “*koninklike Gees*” (Floor, 1974:1) omdat deur Pinkster “*die heerlikheid, die heerskappy, die koningskap, die feit dat Jesus nou Kurios, Here, is, tot openbaring gekom het*” (Floor, 1974:1). Daarom kwalifieer Floor (1974:1) die komst van die Koninkryk van God “*as 'n inwoning van God die Heilige Gees.*”

Uiteraard het die Koninkryk van God 'n Christologiese karakter aangesien daar geproklameer word dat Christus alle mag in die hemel en op aarde ontvang het (Matt 28:18) en word die Koninkryk deur die verkondiging daarvan op aarde gevestig en mense tot geloofsgemoedsaamheid aan Koning Jesus gebring (Floor, 1974:4). Die fundering van die Koninkryk van God wat op aarde gekom het, vind sy fundering in die kruis en opstanding van Christus (Floor, 1974:2).

Tog is dit ook 'n geestelike Koninkryk wat deur die Heilige Gees gerealiseer word en nie die politieke een wat die dissipels selfs nog na die opstanding verwag het nie (Hand 1:6). Hierdie pneumatologiese karakter is op te merk wanneer die Heilige Gees mense oorbring in die Koninkryk van God (Kol 1:13) onder die heilsame heerskappy van Jesus Christus en hulle hul daaraan onderwerp “*want dit is die Heilige Gees wat mense bring tot die vreugdevolle erkenning dat Jesus Kurios, Koning, is* (vgl. 1 Kor 12:3)” (Floor, 1974:3).

Christus woon en werk deur sy Gees in die kerk (HK So 20) en daarom is dit in die 12 Artikels opmerklik dat die belydenis oor die kerk volg vanuit die belydenis oor die Heilige Gees: “*Ek glo in die Heilige Gees, ek glo aan 'n heilige ... kerk ...*”

Interafhanglik van die pneumatologiese karakter van die Koninkryk van God is ook die Woord-karakter wat nie met mekaar vereenselwig of van mekaar geskei mag word nie (Floor, 1974:5). Die verkondiging van die Woord is die verkondiging van die Koninkryk van God waardeur Jesus sy ryk op aarde vestig terwyl die Woord weer Woord van die Gees is, deur Hom geïnspireer. Deur “*middel van die Woord rig die Heilige Gees die heerskappy van Christus in hierdie wêreld*” (Floor, 1974:5). So kom die Koninkryk met die krag van die Woord. In hierdie verband moet die kerk as instituut en die kerk as organisme onderskei word; as organisme het die gelowiges ‘n apostolaatsroeping in die samelewing, maar as instituut word in die kerkregering gefokus op kerklike sake (KO art. 30).

Die Koninkryk kom met die krag van die Woord wat uiteraard naas talle ander dinge ook gehoorsaam moet word. In die gehoorsaamheid aan die Woord blyk die onderdanigheid aan Christus as Hoof van die kerk. Hierdie gehoorsaamheid is oopsigself ‘n pneumatologiese gebeure. Die Woord beveel die kerk om te bid terwyl die Heilige Gees die kerk tot gehoorsaamheid lei om te bid (Rom 8:23,26).

4.2.4.1.1 GEVOLGTREKKINGS:

4.2.4.1.1.1 Die kerkregeerde moet bewus wees van sowel die pneumatologiese as die Woord-karakter van die koninkryk.

4.2.4.1.1.2 Waar die koninkryk verkondig word, werk die Heilige Gees sodat God se heerskappy in die kerk realiseer waar daar in gehoorsaamheid aan die Woord in gebed na God se wil gevra word.

4.2.4.2 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP JOHANNES 14:26.

In hierdie verband fokus die studie op die implikasie en reikwydte van Jesus se belofte ten opsigte van die Heilige Gees: “*Hy sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het*”.

Johannes 14:26 vorm deel van Jesus se laaste onderwys aan sy dissipels (13:31 – 17:26) voor sy kruisiging en die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees. As “*Gees van die waarheid*” (vs 17) sal Hy die kerk aan Christus se woorde herinner nadat Christus “weg” gegaan het (vs 28). “*Hy verklaar aan die kerk Wie die Hoof van die kerk is, en wat sy werk is. So leer Hy die kerk om aan sy Hoof vas te hou*” (Van der Walt, 1976:51). Die woorde: “*wat die Vader in my Naam sal stuur*” wys kennelik op die verteenwoordiging van Christus en die bevordering van sy belang (Nicoll, vol. 1, 1979:826). Die herinnering deur die Heilige Gees

sal homself op so 'n manier met die lering van Christus verbind dat die dissipels se geheue verfris sal word om vergete woorde van Christus te onthou en daarvan nuwe betekenis te gee (Nicoll, vol. 1, 1979:826) soos dit in Hand 16:12-14 by herhaling beklemtoon word.

Hierdie herinnering het plaasgevind met die op skrifstelling van die Bybel (vgl. 2 Pet 1:20,21) en vind steeds plaas met eksegese waarop die kerkregering steun. Daarom is gebed om *herinnering* deur die Heilige Gees van uiterste belang vir die kerkregeerde. Louw & Nida (1978:347) verklaar *πιστεύει* as “*to cause to recall (remember) and to think about again*” waar aangeneem kan word dat die Heilige Gees as die “Oorsaak” van die herinnering aan Jesus se woorde, God se bedoeling met 'n teks, aangedui kan word.

Hier blyk die besondere eenheid tussen Christus en die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die “*Inouegrator*” (Floor, 1974:5) van Christus se heerskappy vir die kerkregeerde.

4.3.4.2.1 GEVOLGTREKKINGS:

4.3.4.2.1.1 Die “*herinnering*” deur die Heilige Gees het tweerlei implikasies waaraan die kerkregeerde aandag behoort te skenk nl. die op skrifstelling van die Bybel sowel as die eksegese daarvan.

4.3.4.2.1.2 Aangesien die Heilige Gees as “Oorsaak” van die herinnering aangedui kan word, behoort kerkregeerde dus huis te bid om die “*herinnering*” deur die Heilige Gees.

4.2.5 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP KOLOSSENSE 1:17,18 “*En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente ...*

Waar Paulus se brief aan die Efesiërs die klem laat val op die kerk as liggaam van Christus, val die klem in Kolossense op Christus as Hoof van die kerk (Coetzee,1980:78). Die agtergrond waarom Paulus die brief skryf, is omdat daar dwaalleraars was wat 'n Christus-plus idee voorgestaan het (Christus plus engele-aanbidding in 2:18; Christus plus onderhouding van Joodse feeste in 2:16 en Christus plus 'n asketiese lewenswyse in 2:16a en 2:20-23) (Coetzee,1980:78). Vanuit die inhoud van die brief is dit duidelik dat Paulus Christus as Hoof van die kerk en Koning van die ganse skepping voorhou (1:3-14: In Christus alleen skenk God verlossing; 1:15-23: Christus, die Hoof van die kerk is Koning oor die skepping; 1:24-29: die apostoliese prediking in diens van die eer van ons Hoof, Christus; 2:1-23: Christus, ons Hoof, se volkommenheid

gehandhaaf teen die dwaalleraars; 3:1-4:6: Die Hoofskap van Christus oor die hele lewe van die Christene waaronder die noodsaaklikheid van die gebed in die kerk (4:2-6)).

Met verwysing na Christus as “*Hoof*” van die kerk word bedoel dat Hy die “*regeerde van die kerk is wat leiding en rigting gee, en wat bestuur deur sy Woord en Gees ...*” (Coertzen, 1981:26). Christus se regering in die kerk geskied nie deur allerlei “*insprake, bonatuurlike openbaringe of sg. vroomheidsbelewenisse nie. Hy regeer sy kerk deur sy Woord en Gees ...*” (Coertzen, 1981:26). Daarom moet die kerkregeerde vanuit die Woord, as Woord van die Gees, biddend afleidings maak ten opsigte van God se wil oor sake omdat Hy as Hoof die gelowige, kerk en kerkregeerde, deur die Heilige Gees herskep om as beelddraer van God te kan en te wil lewe (vgl. 3:1-17; Coetzee, 1980:80).

Kolossense 1 begin deur by herhaling van gebed melding te maak (vss 3,9,10,12) waardeur Paulus en Timoteus (vs 1) die gemeente van hul danksegging en voorbidding verseker en wys in die slot (4:2-6) op die noodsaak van gebed vir die kerk. Ons kan dus aanneem dat gebed vir Paulus ‘n onderliggende motief in hierdie brief is.

Ten opsigte van die besondere inhoud van die gebede is dit vir ons studie nodig om op twee inhoudelike sake te let: vs 9b “*Ons vra God dat julle deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, tot volle kennis kan kom wat sy wil is*” met ‘n verklarende motivering in vers 13b “*en ons onder heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet.*” Hieruit is dit duidelik dat gebed om die werkinge van die Heilige Gees en die deurwerking van die heerskappy van Christus in die kerklike (en ander) praktyk onlosmaaklik verbonde is. Juis in die kerkregering gaan dit oor die sigbaarmaking van Christus se regering.

Tog moet die beginsels van sowel soewereiniteit as universaliteit in eie kring gehandhaaf word (Duvenage, 1975:16). Hierteenoor het die Rooms-Katolieke ‘n vereenselwiging laat plaasvind tussen die kerk en die staat om alle lewensterreine deur die kerk te laat bepaal terwyl die Lutherse weer met die twee terreineleer die kerk aan die staat (vors) onderwerp het en die Erastiane met hul staatskerkgedagte bepaal dat daar een kerk onder een volk moet wees, die beginsel van soewereiniteit en universaliteit in eie kring ontbreek dus.

Die KO van die GKSA het ‘n ingeboude erkenning van die soewereiniteit en universaliteit in elke samelewingsfeer op eie terrein soos blyk uit die volgende kerkorde-artikels:

KO art. 6 – bedienaars mag nie onder “*beskermhere of in gestigte*” buite ‘n kerkraad om *betrekkings* aanvaar nie.

KO art. 21 – rakende die opsig van ouers t.o.v. kinders se skoolonderrig.

KO art. 26 – Oorlegpleging en hulpverlening van diakonieë met instansies in die samelewning.

KO art. 30 – “*Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel*”.

KO art. 70 – oor die huwelik en die staat wat elk op eie terrein ‘n taak en funksie het in hierdie verband.

KO art. 80 se sondelys wat erkenning gee aan die soewereiniteit van die kerk en samelewingsverbanne in hul onderskeie terreine: Die kerk handel oor haar lidmate ooreenkomsdig KO art. 79 oor die sondes soos in KO art. 80 gelys met die erkenning dat die “*wêreld*” op hul eie terrein ook handel.

KO art. 85 gaan implisiet daarvan uit dat die soewereiniteit van lande/regerings erken word.

Volgens KO art. 49 word daar op meerdere vergaderings ‘n deputategroep vir skakeling met die owerheid (bv. Acta 2009:845) aangewys.

4.2.5.1 GEVOLGTREKKINGS:

4.2.5.1.1 Deel van die kerkregeerde se roeping is om oor waarheid vs dwaling in die kerk te waak.

4.2.5.1.2 Kerkregeerde bely dat Christus as Hoof van die kerk, Koning oor die skepping is en dat daar dus terreine is wat die kerk met ander deel (huisgesin, huwelik, samelewning, staat) terwyl kerkregeerde die beginsel van soewereiniteit en universaliteit in eie kring erken en respekteer.

4.2.5.1.3 Kerkregeerde is onteenseglik van gebed om die werkinge van die Heilige Gees afhanglik om die Christusregering te dien hoewel dit nie buite om die Woord plaasvind nie.

4.2.5.1.4 Die kerkregeerde moet vanuit die Woord, as Woord van die Gees, biddend afleidings maak ten opsigte van God se wil oor sake omdat Hy as Hoof die gelowige, kerk en kerkregeerde, deur die Heilige Gees herskep om as beelddraer van God te kan en te wil lewe.

4.2.6 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP EFESIËRS 4:11 SAAMGELEES MET 1 TIMOTEUS 3:1.

“*En Hy het sommiges gegee as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars ...*” saamgelees met 1 Timoteus 3:1 “*Dit is ‘n betroubare woord: as iemand na ‘n opsienersamp verlang, begeer hy ‘n voortreflike werk.*”

Vanuit die oorhoofse tema van die brief dat die kerk die liggaam van Christus, die Hoof, is, fokus hoofstuk 4:1-6:9 op die kerk se roeping as liggaam van Christus (Coetzee, 1980:83). Hoofstuk 4 leer dat Christus die kerk regeer, maar

aangesien Hy nie sigbaar onder ons woon nie, maak Hy van die diens van mense (opsieners/ouderlinge) gebruik (vgl. NGB art. 30; Maré, 1991:130). Hierdie regering geskied in die lewende teenwoordigheid van Christus (*in praesentia realis Christi ipsius*) (Van der Walt, 1976:50, Van't Spijker, 1974:31) wat saamhang met die Woord en Gees. Die roeping van die dissipels (Matt 10, Luk 5:12-16), die uitsending (Matt 10 en 28) asook al die Pauliniese gedeeltes (1 Tim 3 en Tit 1) ten opsigte van die onderskeie ampte met hul diensomskrywings (vgl. KO art's 16, 23, 25), maak dit duidelik dat Christus van dienaars gebruik maak in die bediening van sy Koningskap. Die beskrywings van gawes (vgl. 1 Kor 12 - 14, 1 Kor 7:7 en Rom 12:4-6) in die Skrif dui duidelik daarop dat dit gegee is vir die bediening tot opbou en regering van die kerk.

4.2.6.1 GEVOLGTREKKING:

4.2.4.1.1 Christus gebruik mense vir wie Hy roep en deur sy Heilige Gees gawes gee om in die gemeente as regeerders (opsieners) te ageer. Hierdie diens geskied in biddende afhanklikheid van hul Sender.

4.2.7 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP MATTEUS 16:17-19: *"Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdierots sal Ek my gemeente bou ... En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees."*

Matteus 16:17-19 verhelder ondermeer die bevoegdheid en verantwoordelikheid van die kerk. Hierdie bevoegdheid (*potestas*) lê op 'n ander vlak as gesag (*authoritas*). KO art. 36 orden hierdie beginsel as daar bepaal word dat daar dwarsdeur die kerke geen hiërargiese gesag bestaan nie, maar alleen maar die gesag van Christus wat deur sy Woord oral dieselfde "seggenskap" openbaar. In hierdie verband korreleer Matt 16:18-20 met Matt 18:17 wat ook oor die sleutelmag handel. Hieroor verklaar Calvyn (*Inst. 4,8,1; 11,1; 4,10*) dat Christus hiermee aan die kerk 'n drieërlei bevoegdheid (*potestas*) gegee het:

- o *potestas doctrinae* (bevoegdheid om te leer);
- o *potestas iurisdictionis* (bevoegdheid om te regeer);
- o *potestas in legibus ferendis* (bevoegdheid om wette te maak).

Matteus 16:17-19 handel kronologies opvolgend op mekaar eers oor die belydenisfondament van die kerk en dan oor die sleutels van die koninkryk van die hemele wat aan die kerk toevertrou is om in die Naam van Christus (die eintlike Sleuteldraer volgens Openbaring 3:7) die kerk te regeer. Die belydenis

(vs 16) berus op die “*openbaring*” deur die Vader. In die bediening van hul toevertroude (verleende) bevoegdhede (*potestates*), is kerkregeerders steeds onderworpe aan “*openbaring*” wat verwys na die verligtende werk van die Heilige Gees t.o.v. die wil van God soos Hy dit in sy Woord bekend gemaak het. Hierdie “*verligting*” deur die Heilige Gees behoort afgebid te word “*omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank*” (HK v/a 116).

4.2.7.1 GEVOLGTREKKINGS:

- 4.2.7.1.1 Christus Self het bevoegdhede aan geroepe dienaars in sy kerk gegee.
- 4.2.7.1.2 In die regeringshandeling van die kerk is kerkregeerders biddend afhanklik van “*openbaring*” aangesien dit verwys na die verligtende werk van die Heilige Gees.

4.2.8 DIE KONINKRYK EN DIE HEILIGE GEES: FOKUS OP MATTEUS 18:20:

“Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde”

Matteus 18:15-20 handel net soos Matteus 16:17-19 oor die sleutels van die koninkryk van die hemele wat aan die kerk toevertrou is om in Naam van Christus (die eintlike Sleuteldraer volgens Openbaring 3:7) die kerk te regeer. Hier word die tug verduidelik hoe dit in die gemeente vanaf ‘n sogenaamde “heimlike” (KO art. 72) sonde tot “*openbare*” (KO art. 74) sonde behoort te handel. Die konteks dui duidelik daarop dat dit ‘n regeersituasie in ‘n plaaslike gemeente (en in die kerk in sy uitgebreide verband) is soos die gereformeerde kerke dan ook verstaan het (vgl. Dordtse Kerkorde artikels 71-78 en die formuliere vir ban en heropname) en as sodanig geïnterpreteer is as sou die “*sê dit aan die gemeente*” allereers op die kerkraad dui (bevestigingsformulier vir ouderlinge).

Wanneer die Here Jesus dan belowe “*Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde*”, dui die “want” (γάπ) daarop dat dit op die voorafgaande volg. Dit dui op die gemeenskaplike gebed in die regering van die kerk (hoewel dit ook uitkringend geïnterpreteer kan word in ‘n liturgiese konteks en andersins). Vir ons studie is dit belangrik om op die kerklike konteks te let dat die gebed geïnkorporeer is as noodwendige geloofshandeling van die kerkregeerde en nie as iets opsioneel waarsonder daar goedskiks klaargekom sou kon word nie. Die afleiding dat dit in ‘n kerkregerende konteks verstaan word, word bevestig deurdat die hoofstuk begin met ‘n vraag van die dissipels oor wie die grootste in die koninkryk van die hemele is.

Die uitdrukking “*in my Naam vergader*” dui kennelik op ‘n byeenkoms waarvan gebed ‘n noodsaaklike element is. Die teenwoordiges handel dus nie in eie naam of naam van die kerk nie, maar in Naam van die Hoof van die kerk.

4.2.8.1 GEVOLGTREKKING:

4.2.8.1.1 Die gebed is as noodwendige geloofshandeling geïnkorporeer in die bediening van die kerkregeerde se bevoegdheid.

4.2.9 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS OOR GEBED WAT DIE CHRISTUSREGERING (EN KONINKRYK VAN GOD) DIEN, AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

In sy voorbidding moet die gereformeerde kerkregeerde ag gee daarop dat:

4.2.9.1. Christus sy kerk regeer. Hy is onmiddelik en middelik teenwoordig.

4.2.9.2. Hy van mense gebruik maak vir wie Hy as dienaars roep en met bevoegdheid en gawes beklee.

4.2.9.3. Hy deur sy Woord en Gees regeer.

4.2.9.4. Om die Christusregering vanuit die Woord te bedien, die dienaars die verligtende werk van die Heilige Gees nodig het.

4.2.9.5. Die dienaars in besef van hul roeping die bekwaamheid om hul roeping as kerkregeerde te volvoer in gebed van God afsmeek.

4.2.9.6. Kerkregeerde behoort in die besef van eie sondigheid, te bid vir selfontlediging.

5. GEBEDE IN KERKLIKE VERGADERINGS WAT AS INSTRUMENT FUNKSIONEER VIR DIE BEDIENING VAN DIE CHRISTUSREGERING - BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM

5.1 INLEIDING:

Daar is ‘n dinamiese verband (Spoelstra, 1989:204) tussen die gebed en kerkregeringshandelinge. Dienaars “heers” nie ter wille van hulself of “hul” kerk nie, maar bedien die bevoegdhede (*potestates*) vanuit die Woord waartoe die Heilige Gees hulle geroep en gawes geskenk het.

In die gereformeerde kerkregering is daar enkele standaard voorbeelde waar daar tydens ‘n vergadering “afgewyk” word van slegs openings- en sluitingsgebede (KO art. 32) soos byvoorbeeld om die lot tewerp by ‘n verkiesing

met 'n staking van stemme en om 'n proponent tot die bediening toe te laat, maar daar kan ook uitsonderlike omstandighede bestaan wanneer daar tydens 'n vergadering gebid sou kon word vanweë menslike onmag of om spanning in 'n vergadering te besweer (Spoelstra, 1989:204).

As ons in ag neem dat "Kerk" in die Nuwe Testament óf op die universele kerk óf op die plaaslike kerk dui (Van der Walt, 1976:78; Du Plooy, 1979:21,65) sodat daar 'n verband is tussen die plaaslike kerke sodat wat volgens God se Woord in een gemeente geld, ook waar is in 'n volgende. Ouderlinge regeer plaaslik. Handelinge 14:23 skryf dat daar ouderlinge is wat "*in elke gemeente*" gekies is en Paulus skryf aan Titus om "*van stad tot stad*" (Tit 1:5) ouderlinge aan te wys. Tog kom die eenheid van die kerke in die voorbeeld van Handelinge 15 na vore as daar in gesamentlike gehoorsaamheid aan die Woord "*in vergaderinge van kerke deur middel van afgevaardigdes (εταξαν, Hand 15:2) wat in die regeeramp (ouderlinge en apostels) dien*" (Van der Walt, 1976:79) vergader is.

Vir Calvyn besit kerklike vergaderings nie eie gesag nie, maar bedien Christus se gesag (Calvyn IV, xi,1). Hy stel dit baie sterk dat Christus as't ware die voorsitter van 'n kerklike vergadering moet wees (Calvyn IV, xi,1). Die taak van kerkvergaderings is "*dus om die Heilige Skrif uit te lê sodat die eenheid in die ganse kerk bewaar kan word*" (Van der Walt, 1976:132). Daarom mag ampsdraers nie "*vasstel wat deur God vrygestel is nie*" (Inst. iv,10,5).

5.2 OORSIGTELIKE SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING UIT HANDELINGE 15 OP GEBEDE IN KERKLIKE VERGADERINGS WAT AS INSTRUMENT FUNKSIONEER VIR DIE BEDIENING VAN DIE CHRISTUSREGERING.

5.2.1 INLEIDING:

Handelinge 15 word allerweé beskou as 'n eerste of prototipe van 'n sinode en wat deur God as "*instrument*" (Kuyper, ongedateerd:30; Du Plooy, 1979:94) vir die kerkregering gegee is hoewel Maré (1991:181) hiervan verskil. Die samestelling van die vergadering het bestaan uit afgevaardigdes (*εταξαν*, Hand 15:2) uit Antiochië: "*Paulus en Barnabas en nog 'n paar ander van hulle*" buiten die apostels en dan ouderlinge uit Jerusalem (vs 2,6) en die gemeente (vs 4,22,23).

Terwyl die apostels geleef het, was die behoefte aan 'n konvent nie nodig nie (Kuyper, ongedateerd:14) aangesien dit veral uit die tweede brief aan die Korintiërs blyk dat die gemeente(s) hulle in moeilike sake direk tot die apostels gerig het.

Die apostelkonvent het onfeilbare gesag omdat “*Christus aan de apostelen de onfeilbare leiding van den Heilige Gees had beloofd*” (Kuyper, ongedateerd:14). Die apostelkonvent was om bogenoemde rede in so ‘n vorm van onfeilbaarheid dus onherhaalbaar.

Kuyper (ongedateerd:15) maak ‘n saak daarvoor uit dat Calvyn gemeen het dat die Heilige Gees op so ‘n wyse in die vergadering gewerk het dat almal vanself met die waarheid ingestem het. Kuyper (ongedateerd:15) gaan voort as hy ene Meijer aanhaal dat die woorde “*ons en die Heilige Gees het besluit*” nie dui op onfeilbare inspirasie nie, maar aan die *operatio illuminans* (verhelderende handeling). In hierdie verband moet ook opgemerk word dat die “*potestas autoritativa*” (Kuyper, ongedateerd:30) van sinodes altyd beperk is (*limitata*) soos KO art. 31 dan ook die moontlikheid tot revisie van besluite impliseer wat op die moontlikheid van feilbaarheid dui. Daarom behoort daar met beskeidenheid gesê word “*Ons en die Heilige Gees het besluit*”. Die belangrike verhouding tussen die leiding van die Heilige Gees en die menslike verantwoordelikheid kom ook hierin na vore (De Wet & Kruger, 2010:15) waar die werking van die Heilige Gees gelowiges “*bemagtig tot woorde, dade en derhalwe ook tot besluitneming*” (De Wet & Kruger, 2010:17).

Die uitdrukking “*Ons en die Heilige Gees het besluit*” wys daarop dat die apostels hulself deel van die vergadering geag het waarin “*die leiding van die Heilige Gees daarin bestaan het dat die vergadering die openbaring van Gods Woord reg kon verstaan*” (Du Plooy, 1979:94). Die Heilige Gees het nie die kerk op ‘n meganiese en willose wyse geleei nie. Petrus en Jakobus se uitleg van die Skrifte het onder leiding van die Heilige Gees plaasgevind, of te wel, die Gees het die Woord op die vergadering verklaar (vgl. De Wet & Kruger, 2010:17) en die besluit is geneem: “*Ons en die Heilige Gees het besluit*”. So het die besluit volledig gerus op die Woord van God in die sekerheid dat Christus sy seggenskap in sy koninkryk deur sy Gees uitgeoefen het. Onder leiding van die Heilige Gees het die vergadering oor die saak geoordeel deur standpunte aan die hand van die Skrif te weeg en te sif totdat hulle oortuig was wat God se wil oor die besondere saak is (vgl. Du Plooy, 1979:94).

In Hand 16:4 word vertel dat Paulus en Timoteus die besluite van Jerusalem (*τα κεκρινα*) aan die kerke in Derbe en Listra gaan oordra het. Die begrip *τα κεκρινα* dra die betekenis van “*om ‘n oordeel te vel of om te evalueer na gelang van die korrektheid of waarde van iets*” en tot ‘n gevolgtrekking te kom (Louw & Nida, 1988:363). Hierdie besluite het toe tot versterking van gelowiges se geloof en van die uitbreiding van die kerk geleei (Hand 16:5).

By meerdere vergaderings is daar tans geensins van die onfeilbare inspirasie van die Heilige Gees sprake nie. Die Heilige Gees gee deur die Woord in die vergaderings leiding (Kuyper, ongedateerd:32) waar die kerkregeerders, self vol

van die Heilige Gees, die voertuig van die Gees is wat die Woord deur sy verligtende werk gesagvol bedien.

Die HK So 45 bely dat “*God sy Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank*”. Ten opsigte van Hand 15 maak Maré (1991:181) die volgende opmerking: “*Tydens die konvent is daar ook geen sprake van ernstige gebed om lig nie – want hulle het reeds die waarheid geken*” wat mens met die vraag laat waarom die byeenkoms dan immers ooit plaasgevind het indien almal die waarheid sou ken? Weliswaar staan dit nie uitdruklik in die hoofstuk dat hulle gebid het nie, maar volgens hoofstuk 1:1 vervat Lukas sy verhaal (sy Evangelie) aan Teofilus en word die boek Handelinge nie in ‘n hansardtipe optekening van elke woord of incident geskryf nie, maar in verhaaltrant waarbinne nie elke besonderheid as’t ware “genotuleer” is nie, maar net dit wat betrekking het op die saak (vraag oor die besnydenis). Maré het nie die genre van Handelinge in ag geneem nie. So ‘n stellige opmerking van Maré (1991:181) kom eerder op ‘n oorvra van die Skrif neer terwyl daar talle voorbeelde is dat gelowiges as ‘n reël biddend “*In die Naam van Jesus*” bymekaar gekom het (Hand 1:14; 6:6; 13:3; 8:15) eerder as dat dit ‘n uitsondering was.

5.2.1.1 GEVOLGTREKKINGS:

5.2.1.1.1 Die beskrywing van Hand 15 dien as prototipe van ‘n meerder vergadering wat Christus as instrument gebruik het om vanuit die Woord uitsluisel oor ‘n saak te verleen.

5.2.1.1.2 Gebed om verligting van die Heilige Gees om die Skrif te verstaan om kerkregerende afleidings te maak, dien die Christusregering.

5.2.2 FOKUS OP HANDELINGE 20:28 OP GEBEDE IN KERKLIKE VERGADERINGS WAT AS INSTRUMENT FUNKSIONEER VIR DIE BEDIENING VAN DIE CHRISTUSREGERING: “*Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroer die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.*”

Die perikoop in Hand 20:17-38 beskryf Paulus se afskeidsgeleentheid van die ouerlinge van Efese. Vers 28 kan allerweë beskou word as ‘n tydlose reëling vir alle ouerlinge in alle gemeentes.

Vir hierdie studie is dit belangrik om te let op die roeping van die ouerlinge deur die Heilige Gees, dat hulle deur Hom “aangestel is” (1933/53 vertaling van *εθετο*) en dat die gemeente (kudde) “onder julle sorg gestel” is (1983 vertaling). *Εθετο*

(3 mv. aor. 2 med. van *τιθημι*) beteken “aangestel vir ‘n spesifieke taak” (Louw & Nida 1988:483). Dit korrespondeer met 1 Kor 12:28, en 2 Tim 1:11 waar ampsdraers telkens van Godsweë aangewys/aangestel (1 Tim 2:7) of verkies is, of in die bediening gestel is (1 Tim 1:12).

Daar moet veral ook op die meervoudsvorm van ouderlinge/opsieners in die hele perikoop gelet word wat nie op die enkeling nie, maar op die ouderlinge as kerkregteerders in korporatiewe verband betrekking het.

Die erns van die roeping word deurentyd beklemtoon wanneer Paulus eers oor sy eie lewenstaak uitwei en die wens uitspreek om sy dienswerk te kan “voltooï” en “klaar te maak” (vs 24) waarna hy in vers 26 verklaar “... dat dit nie my skuld is as enigeen van julle verlore gaan nie ...” en net hierna beklemtoon Paulus in vers 28 die erns van die ouderlingekorps se roeping om op hulself en die kudde ag te gee (regering) en te versorg (pastoraal) (Nicoll, vol. 2, 1979:435).

Die ouderlinge (meervoud) is deur die Heilige Gees geroep en aangestel om naas pastorale werk ook die Christusregering te bedien. Hiervoor is die ouderlingekorps van die Heilige Gees afhanglik vir die uitvoering van hul funksie kragtens hul “aanstelling” deur Hom, ‘n afhanglikheid wat alleen biddend (vgl. vs 36) uitgeleef kan word.

5.2.2.1 GEVOLGTREKKINGS:

5.2.2.1.1 Ouderlinge is kragtens hul “aanstelling” deur die Heilige Gees geroep om as opsieners op hulself en die gemeente ag te gee.

5.2.2.1.2 Die regeertaak in die gemeente is toevertrou aan die ouderlinge as liggaam om as instrument te funksioneer vir die bediening van die Christusregering.

5.2.2.1.3 Die ouderlingekorps is van die Heilige Gees afhanglik vir die uitvoering van hul dienswerk.

6. DIE AMPTE/DIENAARS AS GAWES AAN DIE KERK EN GEBED - BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

6.1 INLEIDING:

Christus as Hoof rus die kerk as sy liggaam toe deur gawes (*charismata*) en dienste (*diakonia*). Hierdie “dienste” berus op roeping of aanstelling deur die Heilige Gees (Hand 20:28; Van der Walt, 1976:146,154). Die Heilige Gees bevestig hierdie roeping tot die amp met die verkiesing daartoe deur die gemeente (Hand 14:23; vgl. bevestigingsformuliere vir predikante, ouderlinge en diakens) so anders as wat die Roomse Kerk ampsdraers hiërargies aanwys.

“Die gesag van die dienste in die kerk vloeи uit die roeping voort en nie uit die gawes (of persoon) van die ampsdraer nie” (Van der Walt, 1976:61). Ampsdraers is “*organe in sy liggaam waardeur Christus as Hoof die gemeente bedien*” (Van der Walt, 1976:61) en regeer en opbou (Ef 4:12). Daarom is alle ampsbediening bediening van die Woord en toetsbaar aan die Woord en word die mag en gesag van die kerkregeerders afgegrens deur “*die opdrag aan die ouderlinge: wees ‘n herder*” (Van der Walt, 1976:84) in gehoorsaamheid aan die Woord.

Roeping gaan die diens eweneens vooraf sodat die dienaar se afhanklikheid van die innerlike roeping deur die Heilige Gees die dienaar tot voortdurende gebed bring soos blyk uit die eendersklinkende eerste vrae van die bevestigingsformuliere vir die verskillende ampte: “*Is u in u hart daarvan oortuig dat u ... deur God self ... geroep is*”.

In artikel 4 van die Kerkorde van die GKSA word die verband tussen roeping en die gepaardgaande bediening direk gekoppel aan die gebed waar dit handel oor die “*wettige beroeping en toelating*” van bedienaars van die Woord: “*ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede ...*” Hierdie verband word ook in die onderskeie bevestigingsformuliere gelê as daar agtereenvolgens oor roeping, die inhoud van die dienswerk en die toewyding daaraan gehandel word en dit laat uitloop in gebed: “*Maar omdat niemand uit homself tot hierdie dinge in staat is nie, laat ons met danksegging tot God bid*” (bevestigingsformulier predikante) soos ook in die bevestigingsformulier vir ouderlinge en diakens: “*Maar omdat ons dit uit onsself nie kan doen nie, laat ons die almagtige God aanroep.*”

Daar is ‘n kongruensie wat vanaf die Ou Testament deurloop na die Nuwe Testamentiese ampsbegrip en eventuele kerkregering as bediening (*ministerium*) waarby die gebede onlosmaaklik deel is van die diens as *λειτουργία*. In die Septuaginta word die “*dien*” van die dienaars aangedui met die woord *λειτουργία*. Aanvanklik het *λειτουργία* die betekenis gedra van vrywillige staatsdiens deur die ryker mense in die samelewing as ‘n erefunksie wat hulle vervul het, maar later het dit uitgebrei na staatsamptenare en selfs om die diens van ‘n slaaf aan sy heer te beskryf (Bronkhorst, 1947:47,48). Dit het in die kultus in ‘n tegniese term ontwikkel wat deur die Septuaginta opgeneem is as vertaling van die Hebreeuse *schéréth* (dien/bedien) om die priesterdiens te definieer waarbinne die gebede en die studie van die Tora ressorteer (Bronkhorst, 1947:47,48). Van belang vir ons studie is die besondere band wat daar bestaan tussen Skrifstudie, die diens van die gebede en die dienswerk van die ampsdraers. Dit is ook opmerklik dat die kerkregering nou verweef is met die liturgie. Dié besondere verhouding tussen kerkregering en liturgie word duidelik in die talle kerkordelike verwysings dat sekere liturgiese handelinge en seremonies moet geskied volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is met die gebede as inherente deel daarvan.

In hul gebede behoort kerkregeerders volgens die gereformeerde verstaan van die Skrif dit in gedagte te hou dat gesag nie in die ampsdraers en ook nie in die kerklike vergaderinge as deel van die ampsbediening rus nie, maar alleen as dit bediening van Christus se gesag is (Smit, 1985:95).

In alle gebede wat gerig is op die kerkregering behoort Calvyn se uitspraak dat dit “*Christus se reg (is) om die Voorsitter van alle kerklike vergaderings te wees ...*” in ag geneem word veral as hy verder verklaar dat Christus eers Voorsitter is wanneer “*die hele vergadering deur sy Woord en Gees regeer word*” (Calvyn iv, 9, 1).

Tenoor die Roomse *ubi papi, ubi ecclesia* (waar die pous (priester) is, is die kerk) glo gereformeerdes dat Christus gawes en kragte in sy kerk tot groei en opbou diensbaar stel (Van der Walt, 1976:59; Ef 4) en dat die ampsdraers se bevoegdheid in hulle roeping rus om die Woord te bedien, maar ook weer deur hul roeping in hulle mag (bevoegdheid) beperk word. Hierdie gawes behoort biddend aangewend te word in die regering en opbou van die kerk. Ampte is dus nie gesagsposisies in die kerk wat op oorheersing berus nie, maar op diens. “*Die Here openbaar die krag van sy Gees deur hulle diens*” (Van der Linde, 1984:4, vgl. Inst. IV,3,2,3).

Spoelstra (1989:28) is oortuig dat die kerk ‘n bepaalde resultaat is van die komste van die koninkryk waarvan die dienaar net “*n instrument in die hand van Koning Christus (is) waardeur Hy met sy Woord en Gees die gelowiges roep, vergader en bou*”. Daarvoor gebruik Hy “*verskillende mense in verskillende bedieninge van lering, vertroosting, vermaning, versorging, liefdesbetoon, regering en tug (Rom 12:4-8; 1 Kor 12:27-31; Ef 4:11-16)*” (Spoelstra, 1989:28).

Die dienste (*diakonia*) gaan die kerk vooraf en in hierdie opsig wys Spoelstra (1989:28) dat die Kerkorde eers oor die dienste en daarna oor die vergaderings van die dienaars handel. Christus is die “*absolute Opsiener*” (Spoelstra, 1989:31) van die kerk aan Wie die dienaars diens verrig met ‘n “*verteenvoordigende*” karakter deur wie Christus self by die gemeente teenwoordig is met gevolglike verantwoordelikheidsbetoon van die dienaar aan Christus (vgl. Spoelstra, 1989:31; Inst IV,3,1). Diens wat alleen in biddende afhanklikheid verrig kan word.

Eweneens is die inhoudelike samestelling van die gebede in die bevestigingsformuliere in ‘n duidelike volgorde waar die roeping voorop staan en direk met die werk van die Heilige Gees in verband gebring word sowel wat die skenk van gawes (*charismata*) betref as die uitvoering van die diens (*diakonia*) met die oog op die komste van “*die ryk van u Seun Christus*” (vgl. bevestigingsformuliere).

Ten opsigte van meerder vergaderings behoort “amps werk ... biddende begin, voortgaan en sluit” (Spoelstra, 1989:203). Die ganse vergadering vind dus as’t ware biddend plaas. Die bedoeling dat die ampsdraer “in die Naam van” Christus handel, beteken nie dat die ampsdraer Christus vervang of Hom “verteenwoordig” (Kleynhans, 1984:10) nie, maar deur Hom gebruik word.

6.1.1 GEVOLGTREKKINGS:

- 6.1.1.1 Die Heilige Gees stel die ampsdraers aan om as organe van die Hoof in die kerk as liggaam te dien.
- 6.1.1.2 Ampsbediening is bediening van die Woord in sy verskillende gestaltes waaronder kerkregering.
- 6.1.1.3 Ampsbediening is onlosmaaklik verweef met en afhanklik van gebede.
- 6.1.1.4 Gebede self is deel van die dienswerk van ampsdraers.
- 6.1.1.5 Gebede het dusdoende ook naas andere ‘n kerkregerende rol met die oog op die komste van die koninkryk

6.2 SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING:

- 6.2.1 Efesiërs 4:11,12 “En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, ...”

Hierdie is een van die klassieke gedeeltes waar die verhoogde Christus ampsdraers as ‘n gawe aan die kerk gegee (*εδωκεν*) het wat Hy uit die kring van die gelowiges “gerecruteerd” het (Floor, 1995:151) om aan hulle take te gee vir die stigting, opbou en versterking van die gemeente. Letterlik skryf Paulus dat Christus ampte gegee het tot (*προς*) die toerusting van die gelowiges, tot (*εις*) diensbetoon en tot (*εις*) die opbou van die kerk met die verklaring “*de ambten zijn gegeven om de heiligen toe te rusten, deze toerusting is gericht op het ontwikkelen en stimuleren van het dienstbetoon door die heiligen en dit algemeen dienstbetoon is op zijn beurt tenslotte weer gericht op de opbouw van het lichaam van Christus*” (Floor, 1995:153).

Hierdie gedagte dat Christus gawes aan sy kerk gee, stem ooreen met 1 Kor 12:28 met die verskil dat Ef 4:11 na hulle verwys as gawes (*εδωκε*) daar in 1 Kor 12:28 verwys word as aanstellings (*εθέτο*) van Christus (Nicoll, vol. 2, 1979:329). Beide verwysings dui op Goddelike roeping, verkiesing en toerusting tot hul taak (Nicoll, vol. 2, 1979:329). Tog bly die persone en nie die amp nie die fokus wat ‘n spesifieke taak in die kerk moet vervul.

Terwyl “apostels, profete en evangeliste” ‘n meer universele roeping gehad het, was dit anders met die “herders en leraars” wat aan bepaalde kerke verbonde

was en nie rondreisend of evangeliserend nie. Die afwesigheid van die *τους δε* voor *διδασκαλους* dui aan dat *ποιμένες* en die *διδασκαλοι* nie twee onderskeie voorskrifte was nie, maar die benoeming van dieselfde mense in verskillende funksies (net soos *πρυεσβυτεροι* en *επισκοποι* in Hand 20:28 en 1 Pet 2:25 & 5:2) (Nicoll, vol. 3, 1979:330). Eersgenoemde omskryf hulle ten opsigte van hul amp van toesig en laasgenoemde volgens hul diens van lering en leiding.

6.2.2 1 Timoteus en Titus.

Wanneer Paulus aan Timoteus en Titus die vereistes vir ampsdraers noem, moet ons die struktuur van die briewe in ag neem omdat die struktuur insig bring t.o.v. die dienaars as gawes aan die kerk en die gebed.

Coetzee (1980:104) meen dat die tema van 1 Timoteus iets sou wees soos: “*Hoe om 'n goeie dienaar van Jesus Christus te wees*”. Dit skyn asof Paulus geweet het dat hy nie weer in Efese sou kom nie daarom dat hy in hoofstuk 1:8 die taak aan Timoteus oordra om voortaan alleen daar te arbei. In hoofstukke 2-6 volg pastorale opdragte aan Timoteus:

- Hoofstuk 2:1-8: oor die gebed in die gemeente.
 - 2:9-15: oor die plek van die vrou in die gemeente.
 - 3: oor die vereistes vir ouderlinge en diakens.
 - 4: oor toegewyde prediking en weerlegging van dwalinge.
 - 5:1-16: oor die pastorale versorging van bejaardes en weduwees.
 - 5:17-6:10: oor die onderlinge tug (kerkregering) in die gemeente.
- (Coetzee, 1980:105).

Dieselde tendens kom in die struktuur van Titus voor ten opsigte van pastorale opdragte.

- Hoofstuk 1:5-9: oor die verkiesing van en vereistes vir ouderlinge.
- 1:10-16: oor die weerlegging van dwalinge.
- 2:1-10: oor pastorale versorging van bejaardes, jongmense, slawe.
- 2:11-3:7: oor die Christelike lewenswandel van die gemeente.
- 3:8-11: Oor die tug (kerkregering) in die gemeente. (Coetzee, 1980:105).

6.2.3 GEVOLGTREKKINGS:

6.2.3.1 Daar bestaan 'n eenheidslyn in die briefstrukture wat eventueel die vereistes/gawes en verkiesing van ampsdraers(1 Tim 3; Tit 1:5-9) aan gebed (1 Tim 2:1-8) sowel as aan kerkregering (1 Tim 5:17-6:10; Tit 3:8-11) bind.

6.2.3.2 In al drie briewe is die uitgangspunt die gawes wat lei tot verskillende funksies. Soos die onderskeie funksies van *διδασκαλους* en *ποιμένες* onderskeidelik op toesig en op lering en leiding dui, so dra die geroepenes naas ander ook die verskillende funksies van gebed en kerkregering.

6.2.3.3 Die een roeping (vgl. die eenheidgedagte in Ef 4) lei tot verskeie funksies wat interafhanglik van mekaar bedien word, sodat gebed en kerkregering nie

losstaande van mekaar is nie.

6.3. IMPERATIEWE AAN AMPSDRAERS OM TE BID.

6.3.1 ALGEMENE IMPERATIEWE AAN ALLE GELOWIGES WAT UITERAARD OOK OP AMPSDRAERS BETREKKING HET.

Luk 11:9 “*Bid en vir julle sal gegee word.*”

Luk 11:13 “... die hemelse Vader (sal) die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid.”

Luk 18:1 Jesus vertel ‘n gelykenis “... dat mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie.”

Ef 6:18 Paulus skryf: “... terwyl julle met alle gebed en smeeking by elke geleentheid bid in die Gees ... smeeking vir al die heiliges en vir my, sodat ‘n woord my gegee mag word ...”

1 Tess 3:10 “... nag en dag baie ernstig bid om ... te voltooi wat aan julle geloof ontbreek.”

1 Tess 5:17 “*Bid sonder ophou.*”

1 Tess 5:25 “*Broeders, bid vir ons.*”

6.3.2 SPESIFIKE IMPERATIEWE:

1 Tim 2:1-8 Paulus dring daarop aan “... dat smekinge, gebede, voorbedes gebid moet word vir alle mense ...” as deel van sy pastorale brief aan Timoteus.

Jak 1:5 “*En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid ...*”

6.3.3 GEVOLGTREKKINGS:

6.3.3.1 Naas die algemene gebede wat vir alle gelowiges geld, is daar vir die ampsdraer as’t ware ‘n intensifisering daarvan as hy as voorganger gebede bedien.

6.3.3.2 Hierdie imperatieve geld uiteraard vir die kerkregeerde dat gebed geen opsionele saak is nie, maar deel van die kernbesigheid van die ampsbediening en kerkregering.

7. DIE KERKORDE EN GEBED - BASISTEORETIESE PERSPEKTIWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

7.1 INLEIDING:

Die orde in die kerk (1 Kor 14:40) moet die klimaat skep vir en deurgang verleen aan die Christusregering. Hierdie orde is nie dwang nie, maar liefde wat deur die oortuiging dat dit is wat Christus verwag, werk. Daarom is kerkregering ‘n “*noodsaaklike middel tot die doel dat daar ‘n noue band tussen die Hoof*

(Christus) en die liggaam (die kerk) as in die kerk onderling moet wees” (Du Plooy, 1984:28). Deur die orde te hou, begin KO art. 1 “Om goeie orde in die gemeente van Christus te onderhou, is daarin nodig ...” wat dan noodwendig ordeloosheid en willekeur awys. Hierdie orde behoort ook na die gebede in die kerkregering deur te werk as die kerk hul Koning in liefde gehoorsaam volg siende dat dit huis deels die gebede en taalgebede (glossolalie; vgl. 1 Kor 14:2,13,16) was wat in Korinthe wanorde veroorsaak het en Paulus huis in 1 Kor 12:14 hieraan aandag gee voordat hy sy gevolgtrekking oor die orde maak (1 Kor 14:40).

Die kerkregering se doel is om ons geloof en belydenis te konkretiseer en om die kerk van Christus op te bou (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 31 oor die sleutels van die koninkryk van die hemel). In hierdie verband is Spoelstra (1984:54) se opmerking ter sake: “*n Kerkorde bepaal huis die saamlewing en saamregering van kerke in kerkverband*”.

As Kuyper (1929:7) na 1 Korintiërs 14 verwys, skryf hy dat daar “*geen independentia*” in die kerk was nie, “*maar dependentia*”. KO art. 32 verwoord hierdie “*dependentia*” op ‘n besondere wyse as die afhanklikheid van die dienaars (kerkregeerders) van God wat so kosbaar en noodsaklik is dat dit in ‘n aparte KO artikel verwoord is. Gebed is die heilige handeling wat direk tot God gerig word waarin die kerkregeerders hul afhanklikheid van God verreken.

Artikel 32 is in die 2de deel van die KO wat handel oor die kerklike vergaderings (art's. 29-52) en wys op die noodsaklikheid van die gebede in die kerkregering in al sy geledinge vanaf mindere tot meerder vergaderings. Omdat gebed ‘n gesprek met God is, stel die kerkregeerders hulself hiermee voor God se aangesig “*om Hem te prijzen als den volzaligen en algenoegzamen God, die al ons hulde en aanbidding waardig is, om Hem te erkennen als de bron van alle goed, van Wien wij in alles afhankelijk is, zonder Wiens hulp en gunst ons werk nie kan gezegend zijn*

” (Bouwman, 1934:93).

In sy verklaring van KO art. 32 merk Jooste (1955:56) op dat gebed vir die kerkregeerders nodig is want “*hulle is geroep om as swak en sondige mense die groot en verantwoordelike werk op aarde te doen*”.

Treffend verwys Jooste (1955:56) na die verband tussen die gebed en die kerkorde: “*Alleen as God krag en bekwaamheid skenk dat die werk gedoen word, maar slegs as Gods seën rus op wat gedoen is, kan dit waarlik ‘n seën wees vir Gods volk op aarde*”.

Vir Du Plooy (1987:2) is dit die kerkreg se taak “*om die gedragsreëls wat Christus as die enigste Hoof van die kerk in sy Woord gegee het, na te vors, belydend te formuleer, te sistematiseer en duidelik en omlyn toeganklik vir die konkrete lewe van die kerk aan te bied*.”

Omdat Christus egter die enigste Hoof van die kerk is, moet dit só verstaan word dat die onderskeie dienaars nie uit hulleself gesag het nie, maar in hulle besondere dienste bedien hulle bloot die gesag van Christus. Hulle tree dus op met bedienende gesag en is hieroor verantwoording aan die Koning van die kerk verskuldig. In dié verband praat Tit 1:7 van 'n opsiener as "rentmeester" (vgl. Heb 13:17). Belangrike Skrifdele in hierdie verband is Matt 16:18-20 en 18:17 wat oor die sleutelmag handel. Christus gee hiermee aan die kerk 'n drieërlei bevoegdheid (*potestas*) (Calvyn *Inst* 4,8,1; 11,1; 4,10):

- o *potestas doctrinae* (bevoegdheid om te leer);
- o *potestas iurisdictionis* (bevoegdheid om te regeer);
- o *potestas in legibus ferendis* (bevoegdheid om wette te maak).

Hierdie bevoegdhede behoort biddend nagevors en geïmplementeer te word.

Die kerk en derhalwe die dienste wat daarin werksaam is, het 'n groot verantwoordelikheid om die koninkryk te ontsluit of te sluit in die Naam van Christus wat die eintlike sleutelmag het. Die Here het slegs die bevoegdheid om die sleutelmag te gebruik aan die kerk opgedra. Hier is dus sprake van bevoegdheid (*potestas*), maar nie van *auctoritas* (eie gesag) nie (Sinode, 2009:18). Tog blyk dit dat die kerkregeerders nie hierdie bevoegdheid as iets wat in hulself gesetel is, het nie, maar as iets wat biddend bedien moet word (KO 32).

Vanuit die Skrif, belydenis en toe reeds bestaande kerkordes en kerklike bepalinge, is daar in die 17de eeu gepoog om vorm te gee aan die wyse waarop die kerk geregeer moet word. Hierdie proses het met die Dordtse Sinode 1618,19 tot afronding gekom met die opstel en aanvaarding van die Dordtse Kerkorde wat die beginsel wat in KO 32 verwoord is en wat van so vroeg as Sinode Dordrecht 1578 (artikel 21 ofte 6) af deel daarvan was, in te sluit (Hooijer 1809:148) as "gedragsreëls wat Christus in sy Woord gegee het" (Du Plooy, 1987:2).

Vir nadenke oor die plek en funksie en doel van gebed in die kerkregering is dit 'n gesagsvolle vertrekpunt dat die bronre van die kerkreg (vgl. Du Plooy, 1995:146) ook die doelpunt van en vir die gebede bepaal. Die Bybel as bron vir die kerkreg is meteen ook die norm van die kerkreg (Du Plooy, 1995:146) en gepaardgaande gebede. Die Skrif openbaar die wil van die kerk se Koning (Bouwman, 1928:15) soos dit in die belydenis verwoord en deur die geskiedenis van die Kerkorde asook deur ander kerkgemeenskappe se kerkordes getoets is. Die Drie Formuliere van Eenheid is naas die Woord 'n verdere begrensing van die volmagte van die kerkregeerders en dusdoende 'n rigtingwyser vir die gebede in die kerkregering soos Van der Walt (1976:162) dit stel: "...die belydenis (is) die diensmaagd van die Woord waardeur die Hoof sy kerk regeer".

Die binding aan die belydenis wat weerklank vind in die gebede in kerkregering, is vasgelê in die ondertekeningsformuliere wat die kerk verskans teen dwalinge,

leervryheid en willekeur vir sover dit menslik haalbaar en voorkombaar is en word 'n beroep op meerdere vergaderinge (KO art. 31) die adres waar die bewys van onskriftuurlikheid gelewer moet word (Van der Walt, 1976:164) en biddend (KO 32) geweeg moet word.

In die gebede moet kerkregeerders ag gee op die verhouding Skrif, belydenis en kerkorde. In hierdie verband kan na Smit (1983:85) se stelling verwys word dat die Skrif die *norma normans* (normerende norm), die belydenis die *norma normata* (genormeerde norm) en die kerkorde die *norma ministrans* (bedienende norm) vir die bediening van die Christusregering is. Kuyper (ongedateerd:2) verwys na die Skrif as bron van die kerkreg as die *norma credentorum et agendorum* (die voorskrif/reël van diegene wat glo en die uitvoering van dinge wat gedoen moet word) dat die belydenis die "*accoord van kerkelijke gemeenskap*" is en hy wys op die leiding van die Heilige Gees deur die geskiedenis in die totstandkoming van die kerkorde. Van't Spijker (1974:35) se opmerking is hier gepas: "*Gods kerk is niet eerst vandaag uit de hemel komen vallen*".

Die bykans eenstemmige belydenisse vanuit die Reformasie het hand-aan-hand geloop met die ontwikkeling van die kerkreg (en liturgie), trouens; die kerkregering maak deel uit van die belydenis soos blyk uit etlike belydenisskrifte.

Die funksie van die Kerkorde is vir Van der Walt (1976:145) in wese niks anders as om die Christokrasie te verwerklik en te bewaar nie vir sover die kerk dit kan doen met die Woord as die absolute grens van kerklike mags- en gesagsbediening. Om hierdie verhewe doel as roeping van die kerkregeerde(s) te verwesenlik, verwys KO art. 32 na die noodsaaklikheid van die gebed om hulle "*voor den Heere te stellen en Hom te smeeken om zijn licht, leiding en gunst, om Hem lof en eere te brengen voor al wat Hij schonk, en om Hem te vragen dat Hij onze arbeid doe strekken tot heil van Gods gemeente, de verheerlijking van Zijn Naam, en de komst van Zijn Koninkrijk*" (Bouwman, 1934:93).

7.1.1 GEVOLGTREKKINGS:

7.1.1.1 Orde en kerkregering is Bybels onafskeidbaar verbonde aan gebed, trouens gebedswanorde kan in 1 Kor 14 as impliserende aanduiding uitgewys word vir kerkordening.

7.1.1.2 Kerkregeerders is vanuit hul swakheid en sondigheid bewus van die eise van hul roeping sodat hulle hul afhanklikheid van God in hul gebede verreken.

7.1.1.3 Gebed kan as een van die Bybelse gedragsreëls vir die kerkregeerde aangedui word.

7.1.1.4 Kerkregeerders bedien hul bevoegdhede (potestates) op alle terreine biddend en gekontroleerd vanuit die bronne van die kerkreg.

7.1.1.5 Die noodsaaklikheid van kerkregeerders om hulle biddend voor die Here

te stel, is histories lank erken en in die Kerkorde vasgelê.

7.2 VERWYSINGS NA EN VOORKOMS VAN GEBEDE IN DIE KERKORDE EN KERKREGERING:

7.2.1 INLEIDING:

Kerkregeerders mág hulle huis beroep op die leiding van die Heilige Gees. *“Christus heeft immers beloofd dat de Heilige Geest de zijnen zou leiden, en dit spreekt natuurlijk het sterkest bij de samenkomsten in de synode van de gehele kerk”* (Kuyper, 1929:11v). Dan verwys Kuyper (1929:11v) spesifiek na die gebed vir kerklike vergaderings in hul kerklike liturgieboek. Hierdie standpunt verskil van die Roomse standpunt van *opvolging van persone* wat as sulks impliseer dat hul konsilies die onfeilbare leiding van die Heilige Gees het en dat hul besluite intrinsiek goddelike gesag dra.

Dis deel van die belydenis van die gereformeerde kerke dat die Heilige Gees die kerk *“inleidt op de ordinantien in de Heilige Schrift”* (Kuyper, 1929:12; NGB 2,3,5,7). Kerkregeerders moet die ware sin van die Bybel probeer verstaan om dit in hul besluite weer te gee en hoe anders as om om die verligting van die Heilige Gees te bid wat meteen ook die Skrif geïnspireer het (2 Pet 1:20,21).

Kerkregeerders se taak is by implikasie om die bevindings van eksegese en hermeneuse te weeg, te beoordeel en tot kerkregerende besluite te kom. Indien die eksegeet reeds biddend met die Skrif omgegaan het en gebid het om herinnering (Joh 14:26) en leiding (Joh 16:13; Rom 8:15; Gal 5:18) deur die Heilige Gees, beteken dit immers nog nie dat die eksegetiese bevindinge opsigself kanoniek en korrek is nie vanweë menslike swakhede (De Klerk en Van Rensburg, 2005:12) en sondes (HK v/a 62 en 114) en daar sou dus hipoteties en werklik tot verskillende bevindings gekom kon word soos in die geval rondom die saak van die vrou en die amp by Sinode GKSA 2009:585-664. *“Besluitneming is vir gelowiges altyd ‘n biddende proses”* (De Wet & Kruger, 2010:9).

In die evaluering van eksegese kan daar onderskeid getref word tussen wat *“geoorloof of ongeoorloof”* is, vervolgens of dit *“eksegeties houbaar of onhoudbaar”* is en of dit *“eksegeties oortuigend”* is (Sinode, 2009:604). *“Van die eksegeet (en kerkregeerder) word onderskeidingsvermoë gevorg wat slegs die Heilige Gees aan hom kan verleen en dit is bekend as die donum interpretationis (die gawe van interpretasie). Die gawe wat die Gees tot interpretasie gee, is egter nie iets soos ‘n “inwendige lig” wat buite die Skrif om gegee word nie”* (Sinode 2009:609v). Eweneens is by hermeneuse die *“gawe van profesie wat God deur sy Gees gee, onontbeerlik”* (Sinode 2009:610) sodat die *“proses van*

sintese en hermeneuse in werklikheid nie sonder die interpretasiegawe van die Heilige Gees kan geskied nie” (Sinode 2009:610). Daarom moet kerkregeerders as Skrifverklaarders “*biddend werk dat die Heilige Gees hulle insig sal gee om te interpreteer en met die gawe van onderskeiding besig te wees*” (Sinode 2009:610) om die kerk te regeer. Tog kan daar steeds ‘n moontlikheid van versteurings op die teonome bepaaldheid (regeer deur Woord en Gees) in die besluitnemingsproses bestaan (De Wet & Kruger, 2010:9).

Kerkregeerders moet in hul geval gesamentlik bid om die herinnering en leiding deur die Heilige Gees om tot kerkregerende besluite te kom.

In KO art. 16, wat die onderskeie fasette van die dienswerk van die bedienaars van die Woord as instrumente van Christus in sy kerk beskryf, staan die diens van die gebede voorop omdat God deur sy Gees en Woord moet handel (Spoelstra, 1989:112). Dis dan ook die rede waarom ‘n bedienaar van die Woord as voorsitter by meerdere vergaderings presideer (KO art. 35).

7.2.1.1 GEVOLGTREKKINGS:

7.2.1.1.1 Om die ware sin van die Bybel te probeer verstaan om dit in hul besluite weer te gee, behoort kerkregeerders om die verligting van die Heilige Gees te bid wat meteen ook die Skrif geïnspireer het.

7.2.1.1.2 Kerkregeerders moet die bevindings van eksegese en hermeneuse biddend weeg en beoordeel om tot kerkregerende besluite te kom.

7.2.1.1.3 Kerkregeerders moet gesamentlik bid om die herinnering en leiding deur die Heilige Gees om tot kerkregerende besluite te kom.

7.2.1.1.4 In die dienswerk van die bedienaars van die Woord staan gebede voorop omdat God deur sy Gees en Woord moet handel.

7.2.2 VERWYSINGS NA DIE KERKORDE MET GEBEDE EN GEÏMPLISEERDE GEBEDE VIR DIE KERKREGERING:

Soos reeds in hoofstuk 1 van hierdie studie daarna verwys is, het talle artikels in die vier dele van die Kerkorde van die GKSA pertinente en/of geïmpliseerde verwysings na gebed as deel van die bediening (*ministerium*) van Christus se mag (Calvyn IV, xi,1):

7.2.2.1 OOR DIE DIENSTE (KO 2-28):

7.2.2.1.1 Artikels 4,5 verwys spesifiek na ‘n regeringshandeling wat plaasvind “na voorafgaande gebede”(met direkte implikasies vir artikels 6-14)

7.2.2.1.2 Artikel 16 noem by die ampswerk van die bedienaar van die Woord die gebed eerste voor die ander bedieninge.

7.2.2.1.3 Artikels 22 en 24 reël die verkiesing en bevestiging van ouderlinge en diakens wat volgens “*die formulier wat daarvoor vasgestel is*” moet gebeur, waardeur die gebede van die formuliere geïmpliseer word as deel van die kerkregering.

7.2.2.2 OOR DIE KERKLIKE VERGADERINGS (KO 29-52):

7.2.2.2.1 Artikel 32 reël pertinent die kerkregeerde se handelinge wat onderworpe is aan die gebede. Hierdie artikel het implikasies vir die daarop volgende artikels: 33 dat afgevaardigdes biddend aangewys sou word; 34,35 dat voorsitters en skribas biddend verkies word. Die verwysing na “*alle vergaderings*” in KO 32 verwys na kerkraadsvergaderings (37-39), diakonale vergaderings (40), klassis (41 – 44), partikuliere/streeksinodes (47), nasionale (50) en algemene sinodes (51).

7.2.2.3 OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN SEREMONIES (KO 53-70):

7.2.2.3.1 Artikels 56 en 58 verwys na die doopshandelinge as kerkregeersituasies wat geskied “*volgens die formulier*” wat eweneens die gebed (in die formulier) as deel van die kerkregering impliseer.

7.2.2.3.2 Artikel 62 bring ten opsigte van die viering van die nagmaal as kerkregeersituasie die diens van die gebede pertinent na vore: “... *na die preek en algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby hoort, gelees moet word.*”

7.2.2.3.3 Artikel 64 bepaal dat nagmaal in ‘n erediens onder toesig van die ouderlinge plaasvind, impliseer ook die gebed vooraf in die konsistorie.

7.2.2.3.4 Artikel 66 reël die kerkregering t.o.v. dae “*van verootmoediging en gebed*” waar gebed eksplisiet genoem word.

7.2.2.4 OOR DIE KERKLIKE TUG (KO 71-81):

7.2.2.4.1 Artikels 74,75,76,77,78,79,80,81 impliseer dat hierdie kerkregeerhandelinge kerkraads- (en meerdere-) vergaderings betrek waarby KO art. 32 die gebed voorskryf wat hierdie handelinge en besluite voorafgaan.

7.2.2.4.2 Artikels 77,78 meld spesifiek dat hierdie kerkregeerhandelinge uitgevoer word volgens die liturgiese formuliere (ban en wederopname) waarby die gebede dus geïmpliseer word.

7.2.3 GEVOLGTREKKINGS:

7.2.3.1 Dis onmiskenbaar duidelik dat die gebed in alle fasette van die kerkregering soos blyk uit die vier indelings van die KO eksplisiet of implisiet ‘n duidelike en belangrike funksie verrig t.o.v. die daarstelling van die Christusregering.

7.2.3.2 Dit kan met stelligheid beweer word dat die Kerkorde as *norma ministrans* (bedienende norm) deurlopend met die Skrifbeginsels rekening hou met die onmisbaarheid van die gebed in die kerkregering vir die bediening van

die Christusregering.

8. GEBED IN DIE KERKREGERING MET AS DOEL DIE REALISERING VAN DIE “GEESTELIKE BESTUURSWYSE” (NGB art. 30).

8.1 INLEIDING:

Gebed het in die lewe van Jesus op aarde ‘n groot plek ingeneem (Versteeg, 1973:9) waardeur Hy kennelik op die wil van God gefokus het (Viljoen, 2004:638). Jesus se gebede soos dit in die Evangelies aangeteken is, asook die ander gebede in die Skrif, het ‘n opvoedkundige aspek waardeur aan die kerkleiding gegee word oor sowel die betekenis as die inhoud van die gebede (Viljoen, 2004:639)

In Handelinge 1:14 (die gemeente volhard eendragtig in die gebed) gaan liturgiese lyne en kerkregering hand-aan-hand.

Hand 1:24 meld die gebed voor die aanwysing van Mattias in Judas se plek.

Hand 6:6 verhaal oor die gebed aan die begin van die evangelisering aan die heidene (opbou/groei) en voor Paulus se eerste sendingreis (13:3).

Die Heilige Gees word eksplisiet by die kerkregeringshandelinge genoem in Hand 20:28 waar Hy opsieners aanstel; in Hand 15:28 wat via die kerk kerkregtelike besluite neem; wat Self opdragte gee in Hand 13:2v; wat mense stuur (Hand 13:4) en wat die getuienis van mense bevestig (Rom 8:14-17).

Die ‘geestelike bestuurswyse’ rus immers op die gebede van (en vir) die kerkregeerders en bring die besondere aard van die kerk aan die orde dat kerkwees en kerkregering ten nouste aan mekaar verbind is en dat kerkregering geestelike opbou as mikpunt het.

Die Heilige Gees vervul uiteraard ‘n prominente rol in hierdie “geestelike bestuurswyse”. Oral in die Bybel word die werk van die Heilige Gees met gebed verbind soos hieronder meer breedvoerig aangetoon sal word uit die Evangelie van Lukas aangesien hy gebed “*beskou (het)... as ‘n belangrike middel waarmee God die koers van die heilsgeskiedenis bepaal*” (Viljoen, 2004:626) en dusdoende steeds die kerkgeskiedenis en kerkregering vandag.

Gebed is die manier waarop die bidder onder beheer kom van die Gees se krag en invloed. Op hierdie punt kan ons Viljoen (2004:628) aanhaal as hy die gebed beskryf as die punt “*waar die kommunikasie van Goddelike invloed effekief raak vir die ontvangers*”.

8.1.1 GEVOLGTREKKING:

8.1.1.1 Hoewel dit weliswaar nie normatief gestel is nie, behoort kerkregeerders hulle ook volgens Jesus se voorbeeld biddend voor te berei vir die uitvoering van hul dienswerk ter wille van hul diens in die koninkryk.

8.2 SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING, ENKELE SNITTE:

8.2.1 LUKAS 3:21-22: JESUS BID BY SY DOOP

“En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is, en hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan; en die Heilige Gees het in liggaamlike gestalte soos ‘n duif op Hom neergedaal; en ‘n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek ‘n welbehae.”

Hierdie gebeurtenis vind plaas op ouderdom 30 en lui sy openbare lewe in. Lukas gebruik die woord *προσευχόμενου* – “die praesens deelwoord in die genetief absolute konstruksie vir die bidhandeling” (Viljoen, 2004:627). Jesus het dus na sy doop begin bid en aangehou bid totdat die Heilige Gees op Hom neergedaal het en die stem uit die hemel gekom het. Dit stem ook ooreen met ander Skrifgedeeltes waar die Heilige Gees in antwoord op gebede gegee word (Luk 11:13; Hand 1:14 en 2:1-4; 4:23-31 en 8:15-17). Viljoen (2004:628) wys op die parallel tussen Lukas 3:21-22 en Handelinge 1:14 in samehang met 2:4: soos “*wat Jesus gebid het en op grond daarvan toegerus is vir sy bediening wat sou volg, beskryf Lukas hoe die vroeë kerk ook gebid het vir toerusting vir hul dienswerk.*”

8.2.1 GEVOLGTREKKING:

8.2.1.1 Gebed om roepingsvervulling en vervulling met die Heilige Gees eindig nie met die inisiërende oomblikke nie, maar gaan voort om toegerus te word vir die dienswerk wat kerkdienaars (-regeerders) verrig.

8.2.2 LUKAS 6:12: JESUS BID HEEL NAG VOOR DIE ROEPING VAN DIE TWAALF.

Wewiswaar is die vooraf spanningsvolle en konflik-situasies ook ter sake vir die uitleg van hierdie teks, maar dit word ook prominent aan die roeping van die twaalf verbind. Die keuse van die twaalf uit die groter dissipelkring volg direk op die gebedsnag. “*Vanuit deze gebedsnacht word het nieuwe geheel, dat later ‘kerk’ zal genoemd worden, geboren*” (Berkelbach van der Sprengel, 1964:101). Later sou hierdie dissipels die ‘apostels’ word, dit is Christus se gevolemagtigde

afgesante in hierdie wêreld (Versteeg, 1973:11).

8.2.2 GEVOLGTREKKING:

8.2.2.1 Kerkregeerders kan nie bidloos handel of self net met formele cliché-gebede volstaan met die verkiesing van dienaars uit die geloofsgroep (gemeente) nie, die roeping en amp skyn in Christus se oë so hoog te wees, dat 'n gebedsnag die aanwysing van die dissipelkorps voorafgegaan het.

8.2.3 LUKAS 9:18-27 JESUS BID BY PETRUS SE BELYDENIS (vgl. Matt 16:13vv).

Petrus se belydenis word deur Lukas binne die konteks van gebed aangebied. In sy slotopmerking oor hierdie saak verwys Jesus na die koms van die koninkryk. Ons kan dus aflei dat die *potestas doctrina* (mag tot leer) as kerkregeringshandeling ook net binne die konteks van gebed deur die kerk uitgevoer kan word waar dit afgestem is op die koms van die koninkryk en dus ook op die opbou van die kerk.

8.2.3 GEVOLGTREKKING:

8.2.3.1 Ten opsigte van sake rakende die belydenis het kerkregeerders die funksie om biddend na die kern van sake te vra om oor verskillende standpunte te kan oordeel.

8.2.4 LUKAS 22:32 JESUS DOEN VOORBIDDING VIR PETRUS:

“Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie ...”.

Hier word nie na Petrus bloot as individu verwys nie, maar as leier of verteenwoordiger van die dissipelkorps. Opvallend dat hy twee maal op sy noemnaam, Simon, aangespreek word waarskynlik vanweë 'n waarskuwing teen menslike swakheid en onvermoë. Petrus was bekend vir sy oormoedige persoonlikheid wat hom 'n maklike prooi van die Satan gemaak het (Viljoen, 2004:634). Deur gebed kan aanvegtinge deurstaan word (vgl. Mark. 14:38).

8.2.4 GEVOLGTREKKING:

8.2.4.1 Kerkregeerders het hier die spesifieke voorbeeld van voorbidding en waaksamheid ten opsigte van die staande-bly in die geloof in tye van aanvegting.

8.2.4.1 Gebede in die kerkregering kan persone op die naam noem.

8.2.5 MATTEUS 26:39,42: JESUS SE GEBED IN GETSEMANÉ: "... nogtans nie soos *Ek wil nie*, maar soos *U wil ... laat U wil geskied*".

Die gebedswoorde "*Laat u wil geskied*" is uiteraard nie vreemd in die gebedsgewoonte van Jesus nie, trouens, Hy leer sy dissipels (en kerk en kerkgeerdeurs) so bid in die Onse Vader. Hy't gekom om die wil van sy Vader te volbring (Joh 5:30) en dit doen Hy ten koste van Homself (vgl. Heb 12:2 "...*wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het ...*").

Die Afrikaanse woord "*wil*" is verwarrend, gewoonlik word daaronder verstaan as dat dit iets is wat iemand se goedkeuring wegdra, as "*skeppende en strewende vermoë, begeerte, toestemming*" (Labuschagne & Eksteen, 1993:1096). Daarom moet daar onderskeid getref word tussen "*wil*" as verwysende na God se Raadsplan (Heyns, 1978:73) en "*wil*" as verwysende na God se geopenbaarde besluite, sy wet en Woord. Wanneer "*wil*" verwys na God se Raadsplan word bedoel dat die wêreldegeskiedenis volgens 'n "*alreeds opgestelde program*" (Heyns, 1978:73) verloop sodat elke vorm van willekeur of toeval volledig uitgesluit word alhoewel God die ontwerpte kosmiese werklikheid van oomblik tot oomblik dra en regeer (Heyns, 1978:74) sodat die mens se wil tot ontplooiing kom binne die ruimte wat God gee. Dinge wat téén God se geopenbaarde wil (welgevalle) indruis, is egter nie buite sy wil (Raad) nie (Heyns, 1978:76).

Ongeag persoonlike voorkeure of kerklike tendense/verwagtings/opinies of watter ander motiewe ook al sou wou geld, moet dit buig voor God se geopenbaarde wil soos ons dit in sy Woord leer ken het, andersins behoort die wysheid van NGB 13 die deurslag te gee "*Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie ...*"

Jesus maak Self bekend dat sy doel waarom Hy gekom het, was om te sterwe (Joh 5:30,38; 6:39). Dit was die wil (raadsplan) van God. Jesus se voorkennis hieroor blyk uit die vorige verse (18,21,31,34). Wanneer Hy dus in verse 39 en 42 hierdie bede bid, is dit 'n onvoorwaardelike (Baarlink, 1999:202) onderwerpeling van sy menslike wil aan God se wil (raadsplan), 'n berusting in die Vader se wyse handelinge (vgl. Paulus se woorde in 1 Kor 16:7 "... *as die Here dit toelaat*"). Hierdie bede is 'n hartlike oorgawe van die gebedsversoeke in die hande van die Vader as laaste grond van alle dinge (Velema, 1978:82).

Vanuit die "*Onse Vader*" blyk dit dat gebede om Gods wil te laat geskied immers ook betrokke is by die kom van die koninkryk. Die een bede kan nie sonder die ander nie, is op mekaar afgestem en op mekaar aangewese en werk kontrolerend (Miller, 1994:321) op mekaar in. Die bede dat God se wil moet geskied, neem 'n hoër prioriteit in bo die ander bedes (Miller, 1994:321).

Hier moet ook in gedagte gehou word dat die bede “*na sy wil*” twee betekenis kan dra: ten eerste kan dit op die inhoud van die gebede dui wat dan uiteraard ‘n beperking plaas op die inhoud van die gebede en ten tweede kan dit verwys na die wyse waarop gebid word, nl. dat dit beantwoord aan God se wil (welgevalle) wat weer ‘n beperking plaas op die wyse daarvan nl. in gelowige oorgawe aan God.

Die bedoeling met hierdie gebedswoorde kan nooit wees om die wil (raadsplan) van God te verander nie, maar eerder dat alles in vermoë (van die kerkregeerde) gedoen moet word dat God se wil (raadsplan) sal realiseer. Hiervoor moet die kerkregeerde kennis dra van God se geopenbaarde wil (vgl. bevestigingsformulier ouderlinge se verwysing na die bestudering van die Woord). Gebedsverhoring is ‘n saak van God se wil (Cullmann, 1995:32).

Jesus sluit hiermee by die Ou Testament aan waar die Israeliete gebid het op grond van die geopenbaarde wil van God soos dit in die verbond vergestalt was (Warren, 1980:57).

Met hierdie bede word geen laissez-faire gesindheid geopenbaar asof die gebed ‘n probeerslag was nie (Du Preez, 1997:190), maar ‘n gelowige vashou aan die wil (raadsplan) van God wat die gebed sal verhoor volgens sy volmaakte wil om die menslike wil met God se wil te harmonieer (Hiebert, 1990:315) met ‘n eventuele eskatologiese gerigtheid (Miller, 1994:322).

Die bede dat God se wil moet geskied, open weliswaar ‘n verdere dimensie vir die kerkregeerders omdat hulle as geroepenes ‘n strenger verantwoordelikheid dra omdat hulle sover dit menslik moontlik is in ‘n oopsigverhouding meewerkend en kontrolierend daaroor moet toesig hou.

8.2.5 GEVOLGTREKKINGS:

8.2.5.1 Kerkregeerders moet biddend strewe na onvoorwaardelike onderwerping van die menslike wil aan God se wil (raadsplan).

8.2.5.2 Kerkregeerders moet weet dat gebede om God se wil sowel ‘n beperking op die inhoud van die gebed as op die wyse daarvan plaas.

8.2.5.3 Kerkregeerders behoort alles in hul vermoë te doen om God se wil te help realiseer om die menslike wil met God se wil te harmonieer.

8.2.5.4 Kerkregeerders dra vanweë hul roeping meewerkend en kontrolierend ‘n strenger verantwoordelikheid om God se wil te laat geskied as gewone lidmate.

8.2.6 LUKAS 23:34: JESUS SE GEBED AAN DIE KRUIS: “*Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie*”.

Die eerste kruiswoord is 'n gebed as Hy sy Vader oor hierdie spesifieke aangeleentheid aanroep. Hier is Jesus Middelaar tussen God en mens wie se hoëpriesterlike opdrag dit is om vergewing te bedien, met die daaropvolgende bekering van die saamgekruisigde misdadiger wat oopsigself reeds verhoring van hierdie eerste kruiswoord as gebed is (vgl. Viljoen, 2004:637). Ongeag manipulasie en onkunde en verhardheid word daar nie skuld toegedeel nie as sou een groep na 'n ander kon vinger wys of hulself verontskuldig as meer of minder skuldig nie. Kerkregeerders behoort op hierdie gebed te let veral m.b.t. reguitsprake en beswaarskrifte dat die bedes om vergifnis en versoening deel moet uitmaak van die gebedsinhoude.

8.2.6.1 GEVOLGTREKKING:

8.2.6.1 Gebede om vergifnis is intrinsiek deel van die kerklike lewe en veelal in die bemiddelende ampte waarin die kerkregeerders hul bevind.

9. DIE AARD, DOEL, INHOUD EN PLEK VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING - BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

9.1 INLEIDING:

In die kerkregering dra gebede 'n amptelike karakter (Bouwman, 1934:98). Dit word onderskei van persoonlike gebede omdat dit op roeping rus met gevolglike regeerkonsekwensies. As mond vertolk die bidder die kerk se saak in gebed.

Vanuit die oudste gereformeerde kerkordes, is dit duidelik dat gebed 'n prominente posisie inneem in die regering van die kerk(e) soos uit die volgende voorbeeld blyk:

Die Sinode te Wesel 1568 hoofstuk 2 paragraaf 27 reël 'n biddag in die week waar vrye gebede of formuliergebede gebid kon word ("...ende de gebeden Zelfs stellen na ingeven des H. Geests, ofte volgen het Formulier van de Kerke van Geneven, ofte van andere.") en paragraaf 28 reël dat die erediensgebed na die preek deur die predikant "op het bequaamste richten na de materie in de Predikatie verhandelt ..." (Hooijer 1865:40). Daar is dus reeds 'n kousale verband getrek tussen die prediking en gebed met ordereëlings daaroor. Hierdie kousale beginsel het implikasies vir die gebede in die kerkregering.

So blyk dit ook by Wesel 1568 in hoofstuk 6 van hul kerkorde dat die doop en nagmaal gekoppel was aan liturgiese formuliere met die gepaardgaande gebede

(Hooijer, 1865:47). Hieruit lei ons af dat die bedieninge as praktiese regeringe deur gebed gedra is.

Die Sinode van Dordrecht 1574 het 'n aparte kerkorde-artikel gehad met 'n liturgiese strekking as deel van die artikels onder die opskrif "Ordonantien omrent den dienst des Woorts" in sake die votum, lengte van die preek, liedere, ens. Artikel 42 lui: "*Alle Dienaren zullen eenderlei forme van opentlyke Kerkgebeden gebruiken, doch datze wysselyk ende kortelyk daar in voegen, dat den tegenwoordigen nood eischen zal: als voor speciale Personen der Overheden, voor eenige Kranken, &c. ende dit zullen zyn de Gebeden in den Catichismo vervat. Ende overmits het algemeene Gebedt des Zondaags naar de Predikatie te lank is, dewelk op Vast- ende Biddagen bequaamelyk gebruikt kan worden, zoo is 'er een ander Forme begrepen, tot deze woorden toe, ende overmits het u behaagt, &c*" (Hooijer, 1809:148).

Sinode Dordtrecht 1578 artikel 3 reël die orde dat 'n proponent na gebede beroepbaar gestel word en verder formuleer hulle artikel 21 ofte 6 in hierdie verband soos volg: "*In den Kerkenraad zullen de Dienaren by gebeurte presideeren, ende de handelingen met aanroeping des naams des Heeren aanvangen, ende met een Gebed ende Dankzegginge, bequaam tot de zaken, besluiten.*" (Hooijer 1809:148). En by dieselfde Sinode reël hul artikel 29 ofte 14 dat die voorsitter 'n gebed doen voor die vra van die vrae (wat ons in KO art. 41 ken) (Hooijer 1809:150). Verder ook artikel 36 ofte 21 "*Verkoze voorzitter van 'n Partikuliere Synode Zal een Gebed doen, bequaam tot de ganse handelinge ...*" (Hooijer, 1809:148).

Tydens Sinode Middelburg 1581 is die gebed in meerdere vergaderings in artikel 24 voorgeskryf (Hooijer, 1809:146).

In s'Gravenhage 1586 kry ons die eerste maal dat die diens van gebede eerste genoem word onder artikel 14 waar die dienswerk van die predikant georden is: "*Der Dienaren Amt is in de Gebede ende bedieninge des Woords aan te houen ...*" ((Hooijer, 1809:272)). Hierdie volgorde is ook op die Sinode van Utrecht, 1612, gehou (Hooijer 1809:399) wat deurloop tot by Dordrecht 1618/19 en die huidige Kerkorde artikel 16 van die GKSA.

Artikel 29 van die Sinode in s'Gravenhage 1586 reël die gebedsopeninge van vergaderings (Hooijer, 1809:273) en artikel 55 bevat liturgiese reëlings rondom die nagmaalsviering met die gebede wat daarby hoort.

Dis dus duidelik uit die ou kerkordes as instrument in die regering van die kerk(e) dat dit spesifieke artikels en sinsnedes en liturgiese voorskrifte ten opsigte van die gebede bevat het met die oog op die eenheid en opbou van die kerke.

Die oudste kerkordes, wat merendeels lokaal gegeld het, was meer liturgies afgestem op die opbou van die kerk en is tydens die Sinode Dordrecht 1618/19 as't ware tot ontknopingspunt gebring om in die hele Nederland as modus van kerkregering te geld.

Die Kerkorde van Dordrecht 1618/19 handel etlike kere oor die gebed:

Artikel 4 "... vasten en bidden en gebed en oplegging der handen ..."

Artikel 5 "... met stipulatie en gebed bevestig word ..."

Artikel 16 "De dienarenamp is in de gebeden ... volharden ..."

Artikel 22 "Ouderlinge ... met openbare Gebeden en Stipulatien ..."

Artikel 32 Vergaderings moet geopen word "Met Aanroepinge Naams Gods ..."

Artikel 40 Die diakonievergadering moet open "met aanroeping des Naams Gods ..."

Artikel 62 verwys twee maal na die gebed.

By die tugartikels (KO art's 71v) verwys art. 77 na die formuliere vir die ban en weeropname met hul onderskeie gebede.

9.1.1 GEVOLGTREKKINGS:

9.1.1.1 Sedert die begin van die ontwikkeling van die kerkregering het kerkregering, liturgie en belydenis hand aan hand ontwikkel en is daar volgens die merktekens van die ware kerk (leer, diens en tug, NGB art. 29) deurentyd op die Christusregering gereken wat op die gebede van die regeerders rus.

9.1.1.2 Kerkregeerders het in die kerk 'n representatiewe funksie vanweë hul roeping met gevolglike regeerkonsekvensies om as mond van die kerk die bidder se saak in gebed te vertolk.

9.2 AARD VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING AS DEELNEMENDE GEBED.

9.2.1 INLEIDING:

Die bidder wat in 'n vergadering in gebed voorgaan is spreekwoordelik die tolk van die vergadering as corpus, bloot die mond daarvan (Bouwman, 1934:94). Daarom behoort die gebed in so 'n toon plaas te vind dat die ander mederegeerders sal saamstem om "Amen" te kan sê (vgl. 1 Kor 14:16) sonder om enigsins gekompromiteerd te voel.

Gebede in die kerkregering is immers nie 'n selfgesprek of persoonlike gebed van die voorbiddende kerkregeerde of 'n horisontaal gerigte monoloog wat op die hoorders gerig is nie, maar 'n gemeenskapsbepaalde aktiwiteit in die uitvoering van 'n gemeenskaplike roeping waarin die intermediêre voorbidder

solidêr een is met die liggaam van kerkregeerders.

9.2.1.1 GEVOLGTREKKING:

9.2.1.1.1 Gebede van voorbidders in die kerkregering is 'n gesamentlike aksie waarin die voorbidder solidêr een is met die liggaam van medekerkregeerders (kerkraad/vergadering).

9.2.2 SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING OOR DIE AARD VAN DIE GEBED VANUIT 1 KOR 14 MET TOESPITSING OP VERS 16.

9.2.2.1 VERKLARING VAN 1 KOR 14:16:

1 Korintiërs 11 tot 14 vorm deel van Paulus se apostoliese antwoord op vrae wat hy beantwoord waaroor daar probleme in die gemeente was (Coetzee, 1980:46,47). Hier gaan dit spesifiek oor die spreek in tale (glossolalie). Hierin word meteen riglyne gegee vir die orde (14:40) van die kerk waaronder in noue verwantskap sowel liturgiese (Lourens, 2000:25) as kerkordelike aspekte na vore kom.

Die uitspraak in 1 Korintiërs 14:40 "*Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan*" word allerwee beskou as 'n duidelike merker ten opsigte van die kerkreg en kerkorde (Spoelstra, 1989:23; Coertzen, 1981:24). Die afleiding blyk korrek te wees volgens ander merkers in die hoofstuk wat die doel aandui as dat die gemeente "opgebou" (*οικοδομεῖ*) moet word (verse 4,5,12,17,26). Die konteks word eweneens beklemtoon waarbinne die orde bepaald moet geld as daar verwys word na "die gemeente" (verse 4,5,12) of na die "byeenkoms van die gemeente" (vers 19) of na die "bymekaar"-wees (vers 23) of die "bymekaarkom" (vers 26) of die "byeenkoms" (vers 28) of "byeenkomste" (vers 34) asook "in die erediens" (vers 35). Dit gaan dus telkens om 'n geordende en doelgerigte korporatiewe byeenkoms.

Om die vraag na die glossolalie te beantwoord, gebruik Paulus 'n teenstellende hipotese van die "onkundige" wat nie sal weet wat deur iemand wat glossolalie beoefen, gesê word nie en dus nie op die glossolalie sal kan "Amen" sê om sy deelname aan en instemming met die gebed te betuig nie.

Met hierdie hipotetiese voorbeeld (*εαν*) skets Paulus in 'n retoriiese ontkennende vraag die reaksie van die hoorders op iemand wat met die gees (as instrument: *εν πνευματι*) bid dat hulle nikks sal verstaan nie. Hierdie "onkundige" (*ιδιοτης*) is iemand wat inderdaad nie kennis dra nie (Louw & Nida, 1988:329) en daarom nie kon verstaan om deel te hê aan die (glossolalie) gebed nie. Daar behoort dus

met hierdie “*onkundiges*” gereken te word in kerklike bedrywighede waaronder ook in die kerkregering.

Paulus dring in verse 23 en 24 aan dat dit in die byeenkoms ‘n saak van die verstand (*vouç*, Snyder, 1992:181) is en dus verstaanbaar en intelligent moet wees met die oog op respons. Vers 31 dui duidelik in die rigting dat almal teenwoordig die openbare voordragte (profesie en gebede) moet kan verstaan. Die gevolg van die voorkoms van glossolalie naamlik onverstaanbaarheid korreleer met taalverskeidenheid as vers 10 reeds na die verskeidenheid tale in die wêreld verwys: “*Daar is wie weet hoeveel soorte tale in die wêreld, en geeneen daarvan is sonder klank nie*”, verwys vers 11 gewoon na veeltaligheid: “*As ek dan die betekenis van die klank nie ken nie, sal ek vir die spreker ‘n vreemdeling (βαρβαρός) wees, en die spreker sal vir my ‘n vreemdeling wees.*” Maar dan gaan Paulus tot versterking van die gedagte van verstaanbaarheid voort in vers 12 “*So moet julle ook ... probeer om uit te munt tot stigting (opbou) van die gemeente.*”

Dis dus duidelik dat Paulus hierin taalverstaanbaarheid as ‘n merker aandui (Nicoll, vol. 2, 1979:905) om deelnemend of verenigend saam te bid (Groenewald, 1967:186) hetsy in gewone taal (vss 10-12) hetsy by glossolalie (vss 23,24). Op hierdie wyse is daar ‘n dubbele interaktiewe vlak van kommunikasie: op horizontale vlak die voorbidder en ander teenwoordig en op vertikale vlak die bidders as corpus met God (Barnard, 1987:444) hetsy in erediens, hetsy in kerkregering. Indien die taal onverstaanbaar is, gaan dit gepaard met ‘n kommunikasiebreuk op horizontale vlak waarop die “*hoorderbidders*” (in kontras met die voorbidder) nie die aksies van hoor, verstaan, toets en beheersing kan uitoefen nie (Barrett, 1971:321) en nie “*Amen*” sal kan sê op die voorbidder se bedes nie.

Aangesien kerkregering vanuit die Woord ‘n kommunikatiewe handeling is (*ministerium* van die Woord), behoort die gebedshandeling van die voorbidder daarop afgestem te wees dat die hoorderbidders kan “*Amen*” (vers 16) sê in ‘n wederkerige responshandeling (Lourens, 2000:29). “*Taal is in die kerk van deurslaggewende belang ter wille van die volle deelname ...*” (Van der Merwe, 1981:16).

“*Amen*” is as bekende woord ‘n tegniese term (Witherington, 1994:283) waardeur ‘n spreker se woorde aanvaar en oorgeneem word in die sin van toe-eiening (De Klerk, 1987:282) en deelnemende instemming, as ‘n “*na-bid*” op grond van vereenselwiging (Lourens, 2000:29). Daarom maak “*Amen*”-sê alleen sin as die hoorders kan verstaan wat gebid word (Grosheide, 1976:327). Die gebruik om iemand anders se woorde met “*Amen*” te beaam, spruit voort uit die sinagogale tradisie waardeur die hoorders die sprekers se woorde hul eie gemaak het (Pop, 1978:326). Paulus se logika steun daarop dat die “*Amen*”-sê ‘n noodsaaklike

deel van die gebed is, maar dat dit hoegenaamd nie kan gebeur as die persoon wat bid 'n taal gebruik wat vir die hoorderbidders onverstaanbaar is nie. Op so 'n gebed sou 'n "Amen" onwerklik (O'Connor, 1979:129) en waarskynlik oneerlik wees.

Met veeltalig saamgestelde kerklike regeerliggame behoort daar aan hierdie saak aandag gegee te word met die oog op saambid, eerlikheid en opbou van die kerke. Daarom dring Paulus in verse 23,24 pertinent aan op verstaanbaarheid sodat die hoorderbidders met die gebedshandeling ten opsigte van inhoud, woorde, gesindheid, gevoelsuitdrukking, taal en petisies kan identifiseer (Lourens, 2000:30) en instemmend, identifiserend en assosiërend op intellektuele, emosionele en konatiwe vlak (Lourens 2000:32) saam te bid met die oog op korporatiewe kerkregering.

9.2.2.2 GEVOLGTREKKINGS:

- 9.2.2.2.1. Die aard van die gebed in 'n kerkregeersituasie dra 'n korporatiewe karakter.
- 9.2.2.2.2. Die voorbidder is solidêr een met die regeerliggaam.
- 9.2.2.2.3. Hierdie korporatiewe karakter van die gebed sluit die kommunikatiewe reaksie van die hoorderbidders op die voorbidder se gebed in as 'n verstaansaangeleentheid om te kan "Amen"sê.
- 9.2.2.2.4. Alleen deur verstaanbaarheid kan daar van dubbele interaktiewe kommunikasie sprake wees.
- 9.2.2.2.5. In veeltalig saamgestelde kerklike regeerliggame, behoort daar in 'n taal gebid te word (of getolk te word) wat almal kan verstaan om die liggaam kerkregeerders in staat te stel om identifiserend en assosiërend op intellektuele, emosionele en konatiwe vlak saam te bid met die oog op korporatiewe kerkregering.

9.3 DOEL VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING AS DEELNEMENDE GEBED:

9.3.1 INLEIDING:

Die oorkoepelende doel van gebed kan aangedui word as die eenwording van die gelowige(s) met God en sy wil (Van Zyl, 2001:380) wat uiting vind in die aspekte van lofuiting (O'Kennedy, 2000:543) en afhanklikheidsbetoon. Hiertoe dien die heil in Christus as aanduiding van 'n nuwe toestand van verlossing deur eendersgelowiges. Die Heilige Gees maak bidders indiwidueel en kollektief sensitief vir die gebedsinhoud: sake waaroor God geloof en gedank word, waarvoor gesmeek en gekla word en waaroor skuld bely word (De Klerk,

2009:636). Daarom moet die voorganger in gebed homself korporatief gebonde ag aan die groep vir wie hy bid, nie as “*ek vra dit vir hulle*” nie, maar omdat die Heilige Gees in beide die voorganger as in die hoorderbidder (kerkregeerde) bid (Lourens: 2000:73v).

Rutgers (1894:37,38) se doel vir die kerkreg het in die gebede ‘n verhewe dimensie: “*Het formeert en het bindt en het regelt, opdat en zoodat alle leden met elkaar samenwerken, in gehoorsaamheid aan Gods Woord en tot eer van zijn naam.*”

9.3.1.1 GEVOLGTREKKINGS:

9.3.1.1.1 Gebede in die kerkregering het ten doel om die korporatiewe lof, dank, aanbidding en petisies, ens. voor God te bring met die oog op ‘n eenwording met God se wil in gehoorsaamheid volgens sy Woord.

9.4 INHOUD VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING AS DEELNEMENDE GEBED:

9.4.1 INLEIDING:

Die regeersituasie asook die agenda is uiteraard bepalend vir die gebedsinhoud terwyl daar immers ook standaardelemente in gebede voorkom wat na gelang van omstandighede mag varieer. Van hierdie standaardelemente (as die mees voorkomende elemente uit gebedsliteratuur) behels die aanroeping, lofverheffing, danksegging, skuldbelydenis, petisies, epiklese en vertroue op verhoring. Die kern van hierdie studie spits veral toe op die vra/smeek aspek (petisie) van verskillende sake, werkinge en seëninge asook op die epiklese aangesien die petisies en epiklese varieer na gelang van die regeersituasie en agenda.

Anders as die liturgiese gebede wat in konteks van die erediens naas ander karaktertrekke ook ‘n onderliggende kerkregerende karakter dra en anders as die persoonlike gebed wat ‘n ander intimiteit openbaar as die kerkregerende gebed, sal die doelstelling van die regeerbyeenkoms, die saak, die agenda, vanself “alle geestkrag tot zich trekken” (Bouwman, 1934:94). KO art. 33 (saamgelees met die kredensiebrieve) maak melding dat die afgevaardigdes hulle “*opdragte*” (of in ouer lesings van die kerkorde “*instruksies*” (Spoelstra, 1989:209)) moes saambring, trouens, hoewel ‘n vergadering eers na konstituering sy agenda kan vasstel, is dit juis die agenda waарoor die kerkvergaderings vergader en as sodanig die inhoud van die gebed rig.

9.4.2 OORSIGTELIKE VERWYSINGS NA DIE VOLGENDE GEBEDSELEMENTE IN DIE KERKREGERENDE GEBEDSKONTEKS: AANROEPING, LOFPRYSING, DANKSEGGING, SONDEBELYDENIS, VOORBIDDING, VERTROUUE OP VERHORING.

9.4.2.1 AANROEPING VAN GOD IN KONTEKS VAN KERKREGERING:

Vanuit die verklaring wat die Heidelbergse Kategismus bied op die aanroepingsklousule van die “*Onse Vader*” blyk die gelykydige immanensie “*Onse Vader*” en die transendensie (“*in die hemel is*”) (Wethmar, 1987:104) van God wat soos ‘n goue draad deur die gebedsliteratuur loop hoewel daar ook ander aanspreekvorme vir God in die Skrif voorkom (Lourens, 2000:68) om sodoende familiariteit te vermy.

Vanuit die Trinitariese karakter van die gebed word die gebed volgens die Skrif “*tot die Vader gerig ... in die Naam van Jesus deur die Heilige Gees*” (Lourens, 2000:69; Zuidema, 1951:45v). Hierby moet in ag geneem word dat die Persone en die werke van God nie in die gebede vermeng moet word nie (vgl. die Geloofsbelijdenis van Athanasius).

Dwarsdeur die Nuwe Testament en veral vanuit Jesus se gebedsvoorbeeld en gebedsleer blyk daar ‘n tendens te wees dat God as “*Vader*” aangespreek is (Versteeg, 1973:15). Hoewel die woord “*Abba*” weliswaar vanuit brabbeltaal ontspring het (Vos & Pieterse, 1997:69), het taal ontwikkel sodat, volgens die *midrasj*, kinders reeds in Jesus se tyd hul pa’s en leerlinge hulle leermeesters as “*abba*” aangespreek het (Versteeg, 1973:17). Dit is as beleefdheidstitel in ‘n intieme vertrouensverhouding gebruik (Versteeg, 1973:62). So verklaar die Heidelbergse Kategismus (So 46:120) die gebedsaanspraak “*Onse Vader*”: dit “*moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het ...*”

Hierdie trinitariese karakter van die gebed is op te merk uit Paulus se gebedsaanspraak in Efesiërs 3:17 as hy God aanspreek as “... *die Vader van onse Here Jesus Christus*.”

Die persoonlike voornaamwoord eerstapersoonmeervoud “*Onse*” van die “*Onse Vader*” dui immers daarop dat godsdiens nie ‘n privaat saak is nie, maar dat die bidder altyd deel van ‘n wyer geloofsgemeenskap is (vgl. NGB art. 28 dat gelowiges verplig is om hulle by die ware kerk te voeg).

Die belydenis oor die kerk is dus ook van belang ten opsigte van die aanroeping

van God. Vanuit die Heidelbergse Kategismus (So 21:54) is dit duidelik dat “*die Seun van God ...vir Hom 'n gemeente ... deur sy Gees en Woord ... vergader, beskerm en onderhou ...*” Wie binne 'n kerkregeersituasie bid, moet hierdie geloofsgemeenskap verdiskonter as 'n korporatiewe aanroeping (Berkhof, 1973:518).

9.4.2.1.1 GEVOLGTREKKINGS:

9.4.2.1.1.1 Die openbare kerkregeergebed is gerig op God, die Vader van ons Here Jesus Christus deur die Heilige Gees.

9.4.2.1.1.2 Die korporatiewe aard van die kerkregeergebed behoort verdiskonter te word in beide die aspekte van die immanensie en transendensie van God in die aanroeping.

9.4.2.1.1.3 Die openbare kerkregeergebed is 'n korporatiewe aangeleentheid wat die voorbidder moet verdiskonter deur in die eerstepersoonmeervoud (ons) te bid.

9.4.2.2 LOFPRYSING IN KONTEKS VAN KERKREGERING:

Lofprysing was eie aan die Joodse kultus (Bouma, 1974:50) as respons (*hallel*) op God se teenwoordigheid as “*Hoorder van die gebed*” (Ps 65:3) en is ook in die Nuwe Testament oorgeneem (Rom 11:36, 14:11; Fil 1:11; Ef 1:3). In hierdie gebedsdeel fokus die bidder op 'n bewuste verheerliking, verering en aanbidding van *Wie* (wese) en *wat* God is (deugde) (Du Preez, 1997:74) soos Hy Hom in die Skrif geopenbaar het (De Klerk, 1987:261). Uiteraard dra lofprysing 'n belydeniskarakter (Balentine, 1993:201) omdat dit in die belydenis gegrond is.

Vir die kerkregeerde sou die lofprysing veral kon fokus op God se heerskappy en hulle nederige onderwerping aan, oorgawe aan en erkenning van Hom as Regeerdeerder soos in 1 Timoteus 1:17: “*Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid.*” Hierdeur sou alle sweem van menslike outonomie (Velema, 1978:82) reeds gesmoor word terwyl eerbied, agting en ontsag vir God onderliggend verwoord word (Louw & Nida, 1988:540). Verder sou lofprysing kon fokus op sy verhouding met die kerk soos bv. in Ef 1:3,22,23; 3:21; 4:1-16.

9.4.2.2.1 GEVOLGTREKKINGS:

9.4.2.2.1.1 Deur lofprysing bring die kerk as liggaam in verwondering hulde aan haar Hoof in kommunikatiewe komplimente.

9.4.2.2.1.2 Kerkregeerdeers erken hiermee hul relasionele verhouding met God as Gód teenoor menslike outonomie in die kerk.

9.4.2.2.1.3 Kerkregeerders se lofprysing behoort veral God se heerskappy in en oor die kerk te verwoord.

9.4.2.3 DANKSEGGING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

In die gesigsveld van hierdie studie word met “*dankseggings*” ‘n gesindheid van erkentlikheid bedoel en verwoord (Lourens, 2000:86) wat uitdrukking gee aan die verwerkliking van God se koningskap as ‘n pneumatologiese gebeure (Floor, 1995:185) in die kerk en kosmos. Dankseggings kan in ‘n mate as teëpool van die smeekgebed aangedui word in dié sin dat dankseggings gerig is op die effektief reeds verhoorde gebede waarin God se dade en weldade van wat ontvang is (verlede), huidige seëninge en gegronde versekeringe (toekomstige beloftes), afgeweerde kwaad (Lourens, 2000:87) en die dankbare erkenning van God se heerskappy hier en nou (Smail, 1980:163). Dankseggings word gerig op die bewuste spesifisering op die situasie as ‘n respons op onverdiende guns wat op sowel die geestelike as liggaamlikevlak ontvang is (HK So 45) en as realisering van God se voorsienigheid (HK So 10) welwetende dat gebed “*die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis*” (HK So 45:116).

Versteeg (1976:43) waarsku daarteen dat die kerk (en by implikasie die kerkregeerde) nie wêrelievermydend en asketies bloot op sielesake moet fokus nie. Die voorbidder behoort God se gawes, seëninge en voordele wat die kerk op beide geestelike en liggaamlike terrein ontvang het, dankbaar teenoor die Gewer te erken. Hiermee word God in verwonderende belydenisterme erken as “*Gewer, Heerser, Versorger, Verlosser en Helper*” (Lourens, 2000:89).

As heuglike respons (Miller, 1994:180) in ‘n herinneringsdimensie (Miller, 1994:183) verwoord dankseggings in die (kerkregerende) gebed die erkenning van “*God se Koningskap op alle terreine van die in-Christus-gewerkte heil en die uitwerking daarvan in menselewens (en kerk) in verlede, hede en toekoms as aktualisering van Sy heerskappy*” (Lourens, 2000:89).

Oor die inhoud van sake waarvoor dankie gesê word, stel Ef 1:3 die geestelike gawes voorop: “*Hy het ons in Christus geseën met al die hemelse seëninge wat daar in die hemel is*”. Christus het immers hierdie dinge vir die kerk verwerf sodat “*al die ander dinge saam met Hom*” (Rom 8:32) ontvang kan word, selfs die negatiewe omdat “*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet*” (Rom 8:28).

9.4.2.3.1 GEVOLGTREKKINGS:

9.4.2.3.1.1 Dankseggings as verwonderende erkentlikheidsbetoon ontspring deur die Heilige Gees en is gerig op ontvangde voordeel, weldade, seëninge en

afgewerde kwaad.

9.4.2.3.1.2 Danksegging verwoord as 'n pneumatologiese herinneringsgebeure erkentlikheid teenoor God vir sy regering oor kerk en kosmos op beide geestelike as liggaamlike vlak.

9.4.2.3.1.3 Kerkregeerders se danksegging behoort veral God se heerskappy in en oor die kerk te verwoord.

9.4.2.4 SONDEBELYDENIS IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

Teenoor God (aanroeping) staan die mens as sondaar (Small, 1992:134) want *“die Heilige Gees oortuig van sonde en van vryspreek en van oordeel”* (Joh 16:8) sodat Godskennis en selfkennis verootmoedigend op mekaar inspeel omdat die mens *“van nature geneig is om God en my naaste te haat”* (HK So 2:5) en sonde die mens voortdurend van God af verwijder. Ons bely immers dat ons in onsself onbekwaam is om iets goeds te dink of te doen (HK So 2:4) en dat ons bekwaamheid uit God is (2 Kor 3:5,6), dat Hy ons gewillig en bekwaam moet maak om sy wil uit te voer aangesien dit Hy is wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae (Fil 2:13), dat Hy sy aangesig oor ons moet laat skyn (Num 6:25).

Net soos lof en aanbidding as't ware kousaal uit die aanroeping van God voortvloeい, is dit ook met die aspek van verootmoediging wat sondebelydenis en selfontlediging in die oog het. Sondebelydenis is dus eweneens 'n kousale uitvloeisel daarvan om tot God in gebed te nader sodat geheime agendas en ander struikelblokke in die weg van die Koning se reg opgeruim kan word.

Die besluit van Sinode GKSA (1997:745) in terme van die liturgie kan eweneens net so op die kerkregeersituasie van toepassing gemaak word vanweë die universele aard van sondebelydenis binne 'n korporatiewe verband van 'n gemeenskaplike karakter: dat sondebelydenis 'n "wesentlike" aspek van die gebed is wat 'n *"nederige toetrede ... in die heilige teenwoordigheid van God"* is waar bidders bewus behoort te wees van *"hulle nietigheid, onwaardigheid, sondesmet en sondeskuld"* wat hulle dring tot *"die belydenis van skuld en smet en onwaardigheid en tot smeking om vergewing en vryspreek"* (Sinode GKSA, 1997:746). As sodanig is sondebelydenis nie opsioneel nie en behoort nie in 'n tipiese gewoontehandeling as 'n afslutingsaddendum tot die gebed toegevoeg te word nie (*"en vergewe ons om Christus ontwil. Amen"*).

Vanuit Jesus se gebedsleer in die Onse Vader (*"en vergeef ons ons skulde net soos ons ons skuldenaars vergewe"*), blyk reeds die belang van sondebelydenis soos die Heidelbergse Kategismus dit verklaar: *"Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus nie toe nie"* (HK So 51:126). Hieronder tel uiteraard dit waarop punt

3.1.8 vroeër gewys het: verdeelde aandag weens “*drukkende besigheid*” of omdat “*sommige besluite van geringer belang hulle aandag ontgaan het terwyl hulle deur gewigtiger en ernstiger sake in beslag geneem is, of doodeenvoudig net omdat hulle as mense deur onervarendheid om die bos gelei kon word, of omdat hulle vanweë uitermatige emosie halsoorkop meegevoer is*” (Calvyn, 4,9,10) asook menslike swakheid (HK So 2-4 & 44) en ongehoorsaamheid en moontlike manipulasie van persone of besluite of “*sluheid en listigheid of geknoei*” (Van der Walt, 1976:53).

Sonde as ‘n versteuring van die gemeenskap met God (Du Rand, 1983:18) behels ‘n gewoonte wat ‘n persoon deurlopend beïnvloed asook feitelike etiese misstappe (De Jonge, 1968:59) wat as realiteit in die menslike natuur selfs na jou bekering manifestasies laat ontwikkel (Anderson, 1992:30) sodat sonde ‘n gevolsinvloed op die hede en toekoms uitoefen (Lourens, 2000:100).

1 Johannes 1:8 verwyder alle sweem van verontskuldiging as sou gelowiges - ook kerkregeerders - asketies of elitisties meen om hierdie gebedsdeel deur hul verantwoordelikheid (De Jonge, 1968:60) om hul wangedrag (Westcott, 1979:23) te bely na te laat. Daar is geen rede vir pretensie voor God nie (Loader, 1992:12).

Verontwaardiging oor die sonde (sondestaat asook sondedade in hul erns en omvang) is deel van die oortuigingswerk van die Heilige Gees (Hy sal julle “*oortuig van sonde en van vryspraak en van oordeel*” Joh 16:8) wat lei tot belydenis en vertroue op verhoring as die skenking van vergifnis.

In die kerkregeringsgebed as korporatiewe handeling gaan dit veral om korporatiewe (en kerklike) sonde en sou dit onvanpas wees as ‘n voorganger persoonlike sondes op ‘n biegagtige wyse sou bely of op ‘n sadistiese wyse na ander se sondes sou verwys (De Klerk, 1987:266) waarop die hoorderbidders nie sou kon “Amen” sê as bekeringsdaad van opgawe daarvan nie.

Sondebelydenis strewe immers na verhoudingsherstel met God deur Christus (HK So 51:126) en die medemens (“*soos ons ook ons skuldenaars vergewe*”; Small, 1992:135).

9.4.2.4.1 GEVOLGTREKKINGS:

- 9.4.2.4.1.1 Die Heilige Gees kan as die “*Oortuiger*” van sonde aangedui word.
- 9.4.2.4.1.2 Die kerkregeergebed is geen bieggeldeenheid van die voorbidder nie, ook nie ‘n subtiele wyse om indiwidue of groepe te ontmasker of te viktimiseer nie.
- 9.4.2.4.1.3 Sondebelydenis het verhoudingsherstel (versoening) in die oog op sowel vertikale as horizontale vlak.

9.4.2.4.1.4 Kerkregeerders behoort veral sondes in en oor die kerk te bely.

9.4.2.5 VOORBIDDING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

In die konteks van die kerkregering weet die bidder dat God nie die regering “aan een of twee toevertrou het nie, maar aan die kerkraad” as corpus van ‘n plaaslike kerk asook in meerder vergaderings.

Aansluitend by die “Onse” van die “Onse Vader” is voorbidding priesterlike diens in navolging van ons groot Hoëpriester, Jesus Christus (De Klerk, 1987:186) binne die kerk as “gemeenskap van die heiliges” (12 Artikels, Barnard, 1987:58).

In sy brieve aan die gemeentes wat ook in ander gemeentes voorgelees is, verseker Paulus hulle van sy voortdurende voorbidding (vgl. 1 Tess 1:2; 2 Tess 1:11, Fil 1:4; Kol 1:3) soveel te meer as Rom 12:5 (“... so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede daarvan”) saamgelees word met 1 Kor 12:26 (“As een lid ly, ly al die lede saam; as een lid geëer word, is al die lede saam bly”). Sodoende “dra (hulle) mekaar se laste” (Gal 6:2).

Ἐντευξεις (voorbidding) is ‘n tegniese term om vanuit ‘n besorgdheid ten behoeve van iemand anders te praat (Louw & Nida, 1988:428).

Die Skrif bevat eksplisiete oproepe tot voorbidding: Rom 15:30-32; Ef 6:18,19; Kol 4:2,3; 1 Tess 5:25; 2 Tess 3:1,2, 1 Tim 2:1e.v, Jak 5:16. Dit blyk dat daar telkens in die meervoudsvorm na voorbidding verwys word waarin die kerk as *corpus* by die gebedshandeling betrek word.

Paulus gee aan Timoteus as bedienaar van die Woord onder leiding van die Heilige Gees naas ander riglyne ook kerkregtelike riglyne (1 Tim 2:1e.v.). Hier in 1 Tim 2:1e.v. staan voorbidding aan die spits van die godsdiestige en gemeentelike organisatoriese aanwysings (Hasler, 1978:19). Paulus gebied (*παρκαλῶ* is ‘n appèl; Louw & Nida, 1988:408) voorbidding uitkringend vanuit die kerk ook vir die maatskappy en landsregering as deel van die meewerk aan die komste van die koninkryk van God vanuit ‘n teokrasie (Small, 1992:140).

Voorbidding sluit in “vyande” (Luk 7:27,28); spotters (Matt 5:44); die skepping (Ps 104; Small, 1992:140) en is ook ekumenies gerig (Ef 6:18; Jak 5:16; Du Randt, 1990:43).

Voorbidding fokus op beide die tydelike (“rustige en stil lewe”) as geestelike (“volkome toewyding aan God ... wat wil hê dat alle mense gered word ...”) faset van menswees en kerkwees. Die Heidelbergse Kategismus (So 45:118) gaan ons daarin voor dat daar vir “alle geestelike en liggaamlike behoeftes” gebid

moet word.

9.4.2.5.1 GEVOLGTREKKINGS:

9.4.2.5.1.1 Voorbidding in die kerkregering is nie 'n opsionele aspek van die gebed nie, maar 'n Goddelike opdrag en plig vir die kerkregeerde.

9.4.2.5.1.2 Voorbidding bring die ganse kerk en wêrelde in die oog ten opsigte van beide geestelike as liggaaamlike behoeftes.

9.4.2.5.1.3 Voorbidding is deel van die beoefening van die gemeenskap van die heiliges.

9.4.2.6 VERTROUUE OP VERHORING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

Psalm 65:3 verseker gelowiges dat God die "*Hoorder van gebed*" is met die versekerings van Ef 3:20 dat God se mag oor alle dinge onbeperk is (Floor, 1995:139) en dat gebedsversoeke dit nie kan uitput, strem of stuit nie. Vir die kerkregeerde gee dit des te meer vrymoedigheid om met verwagting op verhoring te bid.

Wanneer die Heilige Gees die kerk herinner, is dit ook aan God se almag wat ten grondslag lê van gebedsvrymoedigheid en verhoring, bv wanneer die volk Israel 'n geweldige hoeveelheid rykdom skenk met die oog op die tempelbou, prys Dawid God in 1 Kron. 29:12 met dié woorde "*En die rykdom en die eer kom van U, en U heers oor alles; en in u hand is krag en mag, en in u hand is dit om alles groot en sterk te maak*" (1933/53).

Ook Jud vs 25 kom in 'n gebedskonteks voor as daar eweneens aan God se almag en heerskappy vasgehou word as grond van verhoring: "... aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid". Die skrywer van Heb 4:16 nooi gelowiges uit om "(M)et vrymoedigheid na die troon van genade (te) gaan" (vgl. 10:19).

Die vraag na gebedsverhoring in 'n kerkregeersituasie ten opsigte van 'n besluit hang uiteraard saam met die uitslag van stemming (KO art. 31; De Wet & Kruger, 2010:5v), wat weliswaar ook weer as besluit toetsbaar bly deur appèl of gravamen. Gebedsverhoring hang ook saam met punt 4.2 hierbo oor die behandeling van Hand 15 se "*Ons en die Heilige Gees het besluit*". Gebedswoorde behoort dus so gekies te word dat dit enersyds die menslike afhanklikheid en sy sondigheid in ag neem, maar andersyds ook die verligting en leiding van die Heilige Gees sodat daar na 'n besluit gesê kan word dat dit op hierdie stadium en met die lig tot ons beskikking die verhoring van ons gebede is.

Selfs daarna nog, mag sulke besluite met weerstand begroet word (De Wet & Kruger, 2010:5v).

9.4.2.6.1 GEVOLGTREKKINGS:

9.4.2.6.1.1 Gebedsvertroue is gegrond op God se almag waaraan die Heilige Gees die kerkregeerders herinner.

9.4.2.6.1.2 Gebedsverhoring hang met voorbehoude saam met die uitslag van stemming aangesien besluite toetsbaar bly.

10. VERHOUDING WOORD EN GEES VIR DIE VERSTAAN VAN DIE PLEK EN INRIGTING VAN DIE GEBED IN DIE CHRISTUSREGERING – BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

10.1 INLEIDING.

Die vraag: “*Hoe lees ‘n mens die Bybel?*” bring ons meteen binne die terrein van die hermeneutiek (Jordaan, 2008:7) wat medebepalend is vir die kerkregering. Aangesien die Bybel die vernaamste bron van die kerkreg is (Du Plooy, 1995:146), moet daar nougeset op hierdie hermeneutiese sleutel ag gegee word. Jordaan (2008:10) skryf dat God “... *met sy openbaring na die mens gekom (het), in Woord en daarna op Skrif, en het Hy ook sy Heilige Gees gestuur om die gelowiges in die hele waarheid te lei (Joh 16:13)*”. Vanuit Kol 4:3,4 sou daar ‘n saak uitgemaak kon word dat Paulus se eksplisiete gebedsoproep dat die kerk spesiaal vir die prediker moet bid “*dat God vir ons die deur van die Woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus*” nie alleen homileties verstaan behoort te word nie, maar ook ekklesiologies (kerkregerend) (Pokorny, 1987:158).

Jordaan (2008:10) skryf dat die “*huidige krisis in die gereformeerde hermeneutiek grootliks gaan oor die rol van die Heilige Gees in die verstaan van die Bybel*”. Hy vra balans om enersyds nie jou eie verstaan aan die Heilige Gees toe te dig nie en andersyds nie die rol van die Heilige Gees in jou verstaan “te onderwaardeer of selfs te verontagsaam” nie (2008:10).

Daarom dat die pneumatologiese gesigspunt op die regering van die kerk nie gering geskat kan word nie: “*Deur die Gees is die kerk in staat om in gehoorsame onderwerping aan die Koning te lewe, om sy wet te onderhou en in die lig van die Woord te wandel. Sonder die Heilige Gees is geen ware kerkregering moontlik nie*” (Du Plooy, 1979:39).

HK So 45, v/a 116: Gebed is vir die Christene – ook kerkregeerde – nodig “*Omdat ... God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.*”

In die liturgie word die bede om die verligting van die Heilige Gees *epiklese* genoem (Barnard, 1981:555). Epiklese kom van *επικλεσις* (aanroep) en moontlik ook van *επικλεομαι* (dagvaar; die ontbied van 'n getuie om voor 'nhof te getuig; te appèlleer; Coenen, 1975:275). Hierdie gebedsdeel is veral gerig op die werksaamheid van die Heilige Gees (Barnard, 1981:555).

De Klerk (2009:637) toon die historiese herkoms van die gebruik van die epiklese uit die Oosterse kerk aan ten opsigte van die transsubstansiasie van die tekens van die brood en wyn by die mis om in die werklike liggaam en bloed van Christus te verander en hoe die reformatore die epiklese weer sy regmatige plek gegee het as gebed om die opening/verligting van die Woord deur die Heilige Gees. Sonder die werking van die Heilige Gees sal geen hart verower (Bouwman, 1928:60) of verstand verlig word nie.

Hierdie gebed is 'n noodsaaklikheid in die kerkregering aangesien Christus sy kerk deur sy Gees deur middel van sy Woord regeer (Calvyn, Inst iv, 9,1).

Die Gees werk deur die Woord “*Hy sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het*” (Joh 16:13, 14:26). “*In die regering van die kerk is Hoof en Gees verbonde aan die Woord: dié Woord waarin die Gees die wil van God bekend maak*” (Van der Walt, 1976:51). Deur verklaring, toepassing en interpretasie van die Woord moet die kerkregeerde besluite neem.

2 Pet 1:20,21 open die perspektief dat kerkregeerde nie op hulself, hul ervaring of vernuf of ander menslike sake moet reken in die kerkregeringshandelinge nie, maar op die Woord. Die uitleg van die Skrif moet rekening hou met die aard van die Skrif om sy Goddelike bedoeling te verstaan en te vertolk deur die verligende werksaamheid van die Heilige Gees as sowel die Inspireerde as Verklaarde daarvan (Grundman, 1999:79). Daar is dus 'n balans tussen die menslike en Goddelike outeurskap: mense wat deur die Heilige Gees geïnspireer is (Lucas & Green, 1995:83). Kerkregeerde moet ook daarop bedag wees dat die Skrif verdraai kan word (vgl. 2 Pet 3:16). Dieselfde Gees wat die Skrif geïnspireer het, is ook die Verligter van die harte van die kerkregeerde (vgl. Vos & Pieterse, 1997:244) om hulle so te beïnvloed dat hul handelinge in ooreenstemming met God se bedoeling is. Kerkregering as ministerium van die Woord moet biddende geskied sodat dit God se bedoeling (*κατα Θεου*; Rom 8:26v) kan weerspieël.

In 3.2.4.2 is uitvoerig oor Joh 14:26 en 16:13 gehandel waar Jesus die belofte maak dat sy Heilige Gees die kerk in die hele waarheid sal lei. Hiervoor behoort die kerkregeerde dus pertinent voor te bid. Dit stem ook ooreen met 1 Pet 4:11

se bedoeling wat op die vlak van kerkregering eweneens van toepassing is: “*As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God.*”

Coertzen (1981:44) sluit sy artikel oor die opbou van die kerk af met die insiggewende uitspraak ten opsigte van ons onderwerp: “*Die kerk van Jesus Christus sal opnuut fyn moet gaan luister na wat die Gees vir die gemeente wil sê. Gelowig biddend sal ons moet buig voor Hom uit Wie en deur Wie en tot Wie alle dinge is, en wat in sy ondeurgrondelike wysheid van die diens van mense gebruik maak om in en deur hulle daad van kerkregering sy gemeente te bou*”.

Die vraag is hoe die gebed om die verligting van die Heilige Gees verhoor word? Omdat die Woord tegelykertyd kanon sowel as instrument is waardeur Christus sy gesag uitoefen, is gebed vir die eksegese en hermeneuse onontbeerlik. Dis immers die “*Heilige Geest die de binding aan de Heilige Schrift voltrekt in iedere actuele situatie*” sodat ‘n onkontroleerbare subjektivisme onmoontlik gemaak word (Van’t Spijker, 1974:34). Ten opsigte van eksegese as effektiewe gereedskap tot die verstaan van die Skrif om tot kerkregering te kom is kennis van die grammatika, geskiedenis, kultuurgeschiedenis, openbaringsgeschiedenis, literatuursoorte, verhouding Ou Testament en Nuwe Testament, ens. nodig, maar ook geloof in die Gees van God wat die Bybelskrywers geïnspireer het om ook die eksegeete te verlig (2 Pet 1:20,21; Verhoef, 1973:10). Eksegese in aansluiting by hermeneuse lê aan die basis van die kerkregering waar interpretasie van die Skrif (eksegetiese bevindinge) ‘n verlengstuk van die eksegese is waar beide beoordeel moet word deur die gedagtes van die corpus kerkregeerders wat deur die Gees verlig is (word). Hierby is die geskiedenis van Skrifverklaring (bv. kommentare) ‘n maatstaf van hoe die Heilige Gees die kerk deur die eeu geleid het in hul verstaan van die Woord.

Kerkregeerders staan voor die wonder dat God “*deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en die apostels beveel (het) om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel*” (NGB art. 3). Uit die Woord moet kerkregeerders as “*knegte*” die Woord biddend uit engere en ruimer verband eksegetiseer en interpreteer om te kan regeer. Per definisie kan ons sê dat kerkregering nijs anders is as die verkondiging van wat God in sy Woord geopenbaar het nie.

Ons moet in dié verband in ag neem dat die historiese moment van ‘n Skrifgedeelte nie aan die eksegeet ‘n absolute maatstaf bied vir eksegese en interpretasie nie omdat die Skrif nie bloot vir een moment in die geskiedenis bedoel is nie, maar vir alle tye en plekke en mense. Die kerkregeerde moet vra na die bedoeling van die Gees as Outeur. Daarby moet Skrifberoep nie ‘n aanhaal van los tekste wees nie, maar moet die totaal van die Skrif “*resoneren in het beroep op Gods Woord*” (Van’t Spijker, 1974:34) om enigsins te kan probeer voldoen aan die vereiste van Hand 15:28 dat “*ons en die Heilige Gees het*

besluit".

10.1.1 GEVOLGTREKKINGS:

- 10.1.1.1 Die eksegese en hermeneutiek is medebepalend vir die kerkregering.
- 10.1.1.2 Kerkregeerders is vir hul verstaan van die Skrif van die verligtende werk van die Heilige Gees afhanklik aangesien Christus sy kerk deur sy Woord regeer.
- 10.1.1.3 Kerkregeerders moet op verdraaiings van die Skrif bedag wees om hul handelinge volgens Gods bedoeling uit te voer.
- 10.1.1.4 Kerkregeerders verrig hierdie roeping biddend.

11. SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING OP SPESIFIKE SAKE EN GEBEURE (PETISIES) IN GEBEDE IN DIE KERKREGERING - BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

11.1 INLEIDING:

Kerkorde artikel 32 is in hierdie geval die rigtinggewende reël. Bouwman pleit vir spesifisering van die gebed as hy skryf dat die gebed "*zich (moeten) concentreeren om de zaak, die de aandacht der vergadering boei, en dus een enigszins voorwerpelijk karakter dragen*" (1934:94). Die doel van die gebed in die kerkregering moet hierdie kousale verwantskap met die agenda verdiskonter.

Daar was in die Nederlandse kerke om verskeie redes 'n groot debat rondom die doen van vrye of formuliergebede: vanweë 'n gemis aan geestesgawes by sommiges, om die eenheid van die leer te bewaar, of om meningsverskille en aanstoot te voorkom deur eensydighede van die bidder, sy persoonlikheid en sy mening, of dan weer aan die ongevoeligheid waarmee dit voorgelees word (Bouwman, 1934:94).

Van Dellen en Monsma (1969:147) wys op die herkoms van artikel 32 sedert die Sinode van die Nederlandse Kerke te Emden in 1571 waar gereël is dat die predikant van die roepende kerkraad die vergadering in gebed moet lei "*with a view to the election of a president, an assistant and a clerk*" waarna die verkose voorsitter "... then (shall) lead in prayer with a view to all the work before the gathering."

Hierdie bewoording van twee afsonderlike gebede is tydens die Sinode van Middelburg, 1581, verander waar in effek die eerste gebed se spesifisering laat

vaar is en dat daar meer algemeen op die tweede gebed gefokus is, om te lees: “*Die handelinge van alle vergaderings moet begin word deur die aanroeping van die Naam van God ...*” (Van Dellen en Monsma, 1969:147). Die bedoeling van die woord “*handelinge*” het verwys na die werklike sake op die agenda wat optrede (besluite) van die spesifieke vergadering vereis het om ook die opening en sluiting van die vergaderings in te sluit (Van Dellen en Monsma, 1969:147).

Ons het reeds in die vorige hoofstuk na die Sinode Dordrecht 1578 artikel 21 ofte 6 in hierdie verband verwys: “*In den Kerkenraad zullen de Dienaren by gebeurte presideeren, ende de handelingen met aanroepinge des naams des Heeren aanvangen, ende met een Gebed ende Dankzegginge, bequaam tot de zaken, besluiten.*” (HooiJer 1809:148).

11.1.1 GEVOLGTREKKING:

11.1.1 Aangesien daar ‘n noodwendige kousale verband tussen die kerkregerende agenda en die kerkregerende gebede bestaan, is spesifisering in die gebede noodsaklik om die lig van God se Woord en die verligting van die Heilige Gees oor die spesifieke sake af te bid.

12. SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING (EPIKLESE) IN DIE GEBEDE WAAR DIE HULP, WYSHEID EN LEIDING VAN DIE HEILIGE GEES IN SPESIEK MOEILIKE SAKE GESOEK WORD - BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

12.1 INLEIDING:

Dit gaan hier om die gebed om die Skrif te verstaan om daarin die bedoeling van Christus te verstaan (Van’t Spijker, 1974:26).

Calvyn skryf dat God ter wille van sowel ons verstand as ons hart “... *in ons gebede aan ons sy Gees as onderwyser (kom gee) om aan ons voor te sê wat reg is en om ons begeertes te beheers*” (Institusie, 3,20,5:65).

Gebede behoort opreg te wees, gestroop van allerlei mooidoenery “*en aan ijdele woordenpraal*” (Bouwman, 1934:97). Christus het ‘n veelheid van woorde afgewys asof verhoring sou lê in herhalings of lengte van gebede (Matt 6:7). Gebede behoort o.a. gekenmerk te word deur soberheid, eenvoud en waarheid sodat die vergadering met krag besiel kan word vir die regeertaak op hul hande

(Bouwman, 1934:97).

12.2 ONDERSOEK UIT ROMEINE 8 TEN OPSIGTE VAN DIE VERSTAAN VAN DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBED.

Volgens Romeine 8 is gebed 'n pneumatologiese gebeurtenis. Die Heilige Gees dring 'n mens tot gebed vanweë die nuwe lewe in Christus waartoe Hy die gelowige (kerkregeerde) opwek. Hy beheers die gemeente (vs 9), woon in hulle (vs 11), lei hulle (vs 14) en bring die gelowige (kerkregeerde) daartoe om God as "Abba" aan te roep (vs 15) en tree Self handelend op by die intrede by God (Lourens, 2000:9). Die Heilige Gees is die Oorsprong daarvan dat die kerk(regeerde) God as *Vader* aanroep soos wat Hy die kerk(regeerde) Jesus "*Here*" laat noem (Lourens, 2000:16). Gebede volgens die wil van God vrywaar ook teen independentistiese en hiérargiese neigings waardeur die Gees bedroef en die Christusregering skade berokken sou word.

Volgens Rom 8:26 tree die Heilige Gees met onuitspreeklike versugtinge in vir die gelowiges, ook kerkregeerde. Deur sy inisiérende werk wek Hy vertroue, begeerte, versugtinge in bidder(s) "waarvoor ons natuurlike kragte hoegenaamd nie genoegsaam is om dit voort te bring nie" (Institusie, 3,20,5:70). Hieruit blyk dit dat gebed 'n gawe van die Heilige Gees aan die gelowige (en kerkregeerde) is. Hy bewerk die gebedsaanroep (trinitaries) tot die Vader (vers 15) (die Heilige Gees "*laat ons tot God roep Abba, Vader*"). Vers 26 openbaar dat die Heilige Gees die bidder in sy swakheid te hulp kom. Hierdie "*te hulp kom*" duif dus reeds op menslike swakheid, hetsy indiwidueel, hetsy in verhouding met ander gelowiges (in die erediens en in kerkregering) (De Klerk, 2009:631). Dis duidelik dat Paulus in Rom 8 handel oor die heilshistoriese spanning tussen die "reeds" en die "*nog nie*" (Ridderbos, 1972: 68), dus: in die tyd tussen Christus se eerste koms en sy wederkoms waarin die kerkregering biddend soek na God se wil vir die opbou van die kerk. Vanuit die swakheid en armoede van die kerk laat die Heilige Gees die kerk na die voltooidheid en volmaaktheid sug terwyl alles staan onder die teken van die voorlopigheid: die koninkryk moet nog kom.

Paulus wys hier op 'n drieledige gesug: die skepping (vs 22), die mens (vs 23), en die Heilige Gees (vs 26). In die versugtinge van die Heilige Gees herken God sy voornemens (vs 27).

Die oorsprong van alle gebede kom van die Heilige Gees (Lourens, 2000:11; Cranfield, 1975:392) en is nie die opsê van formules (Obeng, 1986:167) of 'n spontane impuls van die mens nie, allermanns 'n roetine ritueel by kerkregeeraangeleenthede. Volgens Rom 8:14,15 is die gebedsroep "Abba" 'n

pneumatologiese gebeure waar *επικαλεσηται* ‘n kohortatiewe betekenis dra as ‘n tegniese term vir die gebedsaanroep (Cranfield, 1975:259) en waar *Ἄββα* (‘n vokatief semitismus, Schmithals, 1988:278) die resultaat van ‘n pneumatologiese werklikheid is.

Die ingesteldheid van die bidder (en medekerkregeerders, ook in vergadering) moet op die vlak van selfontlediging lê (vgl. Jak 4:8,9), in die erkenning van eie swakheid, geloofsarmoede en geloofsagterstande, vooroordele, sonde, maar eweneens moet daar vrymoedigheid (Joh 14:26; 16:13) by die bidder(s) wees omdat hulle weet dat die Heilige Gees in hulle werk wanneer hulle bid. Trouens, ook dít is alleen moontlik as die Heilige Gees op die fundamentele onvermoë van die mens wys (Schmithals, 1988:292). Die chiasme in Rom 8:26,27 dui duidelik daarop dat die Heilige Gees die effektiewe en beherende invloed in gelowiges ten opsigte van spraak, gedrag en emosies word (Schmithals, 1988:278) wanneer Hy regstellend hulpverlenend intree. Dis duidelik dat die bystand van die Heilige Gees nie los staan as ‘n tweede of bykomstige handeling (Fitzmyer, 1993:517) naas dié van die mens met sy swakhede nie, maar soos uit die woord *ζυναντιλαμβανερθαι* blyk, ‘n gesamentlike, koöperatiewe handeling is (Macrae, 1980:289), dus “*om te help deur in hulpverlening te verenig*” (Louw & Nida, 1988:458).

Mens sou dit dus so kon verstaan dat die sugte van die Heilige Gees in die harte van die bidder(s) geregistreer word wanneer hulle hul gebede as een aksie formuleer (O’Brien, 1987:71; Fitzmyer, 1993:517). Daar is nie twee gebedsagendas, dié van die Heilige Gees en dié van die bidder wat parallel sou loop nie, maar net die deur die Heilige Gees geïnspireerde één gebedsagenda (MacRae, 1980b:288v). Dit blyk dus dat gelowiges tot medewerksaamheid met die Heilige Gees aangespoor word waar die Gees ook die gebedsinhoud bepaal as Hy representatief (Harris, 1978:1196-1197) “*volgens die wil van God*” (Rom 8:27) vir die bidder(s) intree. Die Heilige Gees gee aan die swak menslike gebed ‘n vertolking wat in ooreenstemming met God se wil is (De Klerk, 2009:633).

Hiervolgens kan ons sê dat die Heilige Gees die Inisieerder, Inspireerder en Onderhouer van die gebedslewe vir die bidder is soos blyk uit Jud. Vers 20 “*Julle moet in die Gees (εν πνευματι) bid*” en Ef 6:18 “... *bid in die Gees.*” Die voorsetsel *εν* dui op die persoonlike werksaamheid van die Gees (De Klerk, 1987:237) in saamstemming met die bidder (vgl. Op 22:17 “*Die Gees en die bruid ...*”).

Ten opsigte van hierdie studie is die gebed van ‘n voorganger as “*intrede by God namens ander*” van belang. In Rom 8:26&27 word die woord *υπερεντυγχανω* gebruik (*τυγχανειν*: om iemand tegemoet te kom en *υπερ*: ten gunste van as verteenwoordiging/verteenvoerdiger (Louw & Nida, 1988:428)). Daarmee bedoel Paulus dat iemand ter wille van iemand anders intree en die woord doen

met die klem daarop dat dit tot voordeel van die verteenwoordigde is. Paulus verwys hier na die representatiewe intrede van die Heilige Gees in die gelowiges en in vers 34 na Christus se intrede. In hierdie oopsig behoort die voorbidder verteenwoordigend die verteenwoordigdes se sugte (vgl. vers 26) te verwoord soos die Heilige Gees (vers 26) en Christus (vers 34) dit doen. Dis in hierdie verband ook nodig om op Joh 14:16 te wys dat Christus 'n "ander Advokaat" belowe, want die betekenis daarvan wat vir ons studie hier belangrik is, is dat 'n advokaat as spreekbuis die belang van sy kliënt in die oog het.

Daar blyk ook 'n riglyn (beperking) te wees ten opsigte van die gebedsinhoud (vgl. die voegwoord *yap*; O'Brien, 1987:69) as Rom 8:26 meld dat die Heilige Gees "*volgens die wil van God*" (*κατὰ Θεοῦ*) intree (O'Brien, 1987:69). Voorbidders het dus nie 'n vrye gebedsagenda nie, maar eerder reeds iets van 'n beperking daarop wat die onderskeie bedes kwalifiseer as "*in ooreenstemming met God*" (se wil). Dit korreleer ook met die gebedsbeperking wat Christus in Joh 14:13 aandui: "*En wat julle ook in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word*" waar "*sodaf*" (*ινα*) die beperkende doel ("*verheerlik; δοξαρθη*") aandui en die gebedsinhoud dus nie allerlei ander persoonlike en selfs sondige (Jak 4:3v) begeertes kan afbid nie.

Alle werk sou vrugteloos wees as die seën van die Here nie daarop sou rus nie en probleme sou onopgelos bly as die "*Vader van die ligte*" (Jak 1:17) ons nie sou verlig nie (Van Dellen en Monsma, 1969:147).

Aangesien die Heilige Gees die Goddelike Outeur én Verklaarder van die Woord is (MacArthur, 1991:431), is alle oproepe om te bid in die Bybel (soos bv. "*Volhard in die gebed*"; Luk 18:1, vgl. Rom 12:12; Kol 4:2; 1 Tess 5:17) reeds niks anders as beïnvloeding en aansporing van die Heilige Gees nie. Daarom sou ons die afleiding kon maak dat alle egte gebede die resultaat is van 'n pneumatologiese werklikheid.

Met verwysing na moeilike sake waar 'n gebedsformulering aanstoot sou kon gee, doen Van Dellen en Monsma (1969:148) aan die hand dat daar eerder van 'n formuliergebed gebruik gemaak word. "*We so much need God's special guidance and the control of His Spirit when the atmosphere is tense and the situation perhaps critical. And yet, under special circumstances, it is hard to pray objectively, so that all the members of the meeting can say amen in their hearts to the prayer uttered*" (Van Dellen en Monsma, 1969:148).

Kerkregeerders behoort in hul gebede ook rekening te hou met die styl van vergaderings, interpersoonlike verhoudings, dat hulle nie mekaar se teenstanders is nie, maar medegeroepenes, dienaars met dieselfde doel, dat hulle uitdrukking moet gee aan hul geloof in die "*gemeenskap van heiliges*".

Verder behoort gebede te getuig van integriteit. Die posisie van voorsitter en moderamen t.o.v. billikheid behoort aandag in die gebede te ontvang. Verder behoort die invloed van die kerklike en algemene samelewing en tegnologie ook gepaste aandag in die kerkregerende gebede te kry. Kerkregeerders mag hulle nie bloot verlaat op menslike aanvoeling nie of sake peëtisties oorlaat aan HG sonder dat die kerkregeerders hul huiswerk gedoen het en hulle ingestudeer het in die Skrif nie. Kerkregering mag nie verval in oorweging van allerlei opinies (KO 30,31,46) of deur historiese-, ekonomiese-, nuttigheds-, of ander argumente nie. Daarom behoort kerkregeerders hul konteks en situasie in hul gebede te verwoord.

Kerkregering as eiesoortige en gespesifiseerde gemeenskap van gelowiges (koinonia) moet diensbaar wees aan die opbou van die kerk as liggaam van Christus (Ef 4:12b) sonder om onderskeid te maak tussen genade en natuur (Combrink, 1987:3). In die kerkregering as eiesoortige gemeenskap van gelowiges vanweë die spesifieke doel van samekoms, is daar 'n aspek van wederkerigheid soos blyk uit die talle "mekaar"-tekste (Labuscagne, 1988:173v) wat op die opbou van die kerk gerig is om die eenheid wat die Gees gee, te handhaaf en uit te leef (Ef 4:3).

Die beginsel van die liefde behoort in die kerkregering te geld ter wille van die realisering van ware (kerk-) gemeenskap (vgl. Ef 4:16c; Gal 5:6). Broederliefde word deur warmte, teerheid, besorgdheid, geduld, begrip en lojaliteit gekenmerk (Combrink, 1987:4) om (mede-) verantwoordelikheid vir die kerk te neem (medewerkers, Rom 16:3,9,21) en dit in beskeidenheid, vriendelikheid, geduld en verdraagsaamheid (Gal 5:22) toe te pas.

12.2.1 GEVOLGTREKKINGS:

12.2.1.1 Kerkregerende gebede is 'n pneumatologiese gebeurtenis.

12.2.1.2 Kerkregeerders kan met vrymoedigheid bid om die hulp (sugte) van die Heilige Gees om hulle effektiel te beïnvloed om God se wil te doen.

12.2.1.3 Kerkregeerders behoort daarop bedag te wees dat daar ook Goddelike beperkings is op gebedsversoeke soos dat dit volgens God se wil en tot sy verheerliking behoort te dien.

12.2.1.4 Kerkregeerders behoort hul situasie en konteks en tyd in hul gebede te verdiskontereer.

12.2.1.5 Kerkregerende gebede behoort hul geloof in die "gemeenskap van die heiliges" en hul liefde vir mekaar te verbeeld.

13. SLOT.

Hiermee is gepoog om vanuit die Skrif en relevante literatuur perspektiewe te

bied op die gebed in die kerkregering as Christusregering, dus as *ius constituendum*.

Daar is verder gepoog om vanuit die Skrif perspektiewe oor die aard, doel inhoud en plek van die gebed as handeling van kerkregering te bied.

Dit het gegaan oor die individuele én korporatiewe gebede van ampsdraers waaronder die gebede van die onderskeie kerklike vergaderings, kollektief in hul dienswerk in Christus se kerk, wat gerig is op die regering en opbou van die kerk.

Vanuit bogenoemde gevolgtrekkings kon ons iets van die *ius constituendum*, die reg soos dit na die eis van die Skrif behoort te wees, vaslê om in 'n volgende hoofstuk (4) die *ius constitutum* as die vigerende reg (*status quo*) soos dit tans in die GKSA geld, te toets om in nog 'n hoofstuk (5) riglyne te probeer gee om die *ius constitutum* nader aan die *ius constituendum* te bring.

HOOFTUK 3.

GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE OPBOU VAN DIE KERK – BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

1. INLEIDING.

Die oogmerk van hierdie hoofstuk is om die funksionering en inrigting van die gebed in die kerkregering, as ‘geestelike bestuurswyse’ (NGB art. 30) na te vors met die oog op die opbou van die kerk om die wesenseienskappe van die kerk te dien naamlik die eenheid, heiligkeit, algemeenheid en apostolisiteit. Aangesien die opbou van die kerk op ‘n wye front en in talle opsigte geskied, word hierdie vier eienskappe van die kerk as parameters gebruik ter wille van nadere begrensing. Dit is immers histories duidelik dat die konflik met Rome oor hierdie vier sake die protestantisme in ‘n groot mate gedefinieer het en dat daar uitgebreid oor hierdie kenmerke van die ware kerk gehandel is met duidelike implikasies vir die *ius constituendum* in die kerkregering.

2. GEBED EN DIE OPBOU VAN DIE KERK.

2.1 OORSIGTELIKE SKRIFTUURLIKE VERANTWOORDING MET BETREKKING TOT GEBED EN DIE OPBOU VAN DIE KERK.

Die Ou Testament het reeds die Hebreeuse woord *bānâh* in metaforiese sin gebruik om “*op te bou*” (Jer 1:10) deur woorde in die mond van die profete te lê (Jer 1:9) wanneer God die nasies in die gemeenskap met sy volk Israel inlei en hulle “*gebou word*” (Jer 12:14v). Die metaforiese betekenis loop deur na die Nuwe Testament (*οικοδομη*). In Matt 16:18 is dit die bedoelde betekenis “*op hierdie rots sal Ek my kerk bou*” waar die *futurum* gebruik word op ten minste drie vervullingsincidente wys nl. Christus se opstanding, Pinkster en die wederkoms om die gemeenskap (kerk) op te bou as die eskatologiese “*gebou van God*” (Goetzman,1976:252).

Ten opsigte van hierdie studie is die gebruik van die begrip *οικοδομη* in die konteks van Handelinge 15 insiggewend aangesien Hand 15 beskou word as ‘n eerste of prototipe van ‘n sinode en wat deur God as “*instrument*” (Kuyper, ongedateerd:30; Du Plooy, 1979:94) vir die kerkregering gegee is. In die beredenering van die aangeleentheid daar ter sake, die besnydenis, haal Jakobus in vers 16 aan uit Amos 9:11 en waarskynlik ook Jer 12:15v waar die

eskatologiese herstel van God se volk belowe word dat die “*vervalle hut van Dawid weer op(ge)rig*” en “*herstel*” sal word waar die woord *ανοικοδομησω* twee maal gebruik word. Hiermee kan ons dus vanuit die konteks van Hand 15 ‘n direkte verband trek tussen kerkregering en die opbou van die kerk.

Die gedagte word verder versterk uit Hand 9:31 waar daar na die gemeentes “*deur die hele Judea en Galilea en Samaria*” verwys word dat hulle “*opgebou is ... en die vertroosting van die Heilige Gees*” ervaar het waaruit ons tog ook ‘n verband kan trek tussen kerklike opbou en die werk van die Heilige Gees. Hierdie kerklike opbou blyk ook uit Paulus se afskeidswoorde aan die ouderlinge van Efese waar hy hulle aan God opdra “*en aan die word van sy genade wat magtig is om julle op te bou*” waar die verband tussen kerklike opbou en gebondenheid aan die Woord en gebed beklemtoon word.

In 2 Kor 10:8; 13:10; 12:19 word daar met “*opbou*” na die apostoliese aktiwiteite verwys teen die agtergrond van Jer 1:10 wat moet “*bou en plant en uitroei en vernietig*”. In die allegorie in 1 Kor 3:5-17 verbind Paulus die twee beeld van plant en bou om die proses om die tempel van God (die kerk as Christelike gemeenskap) te bou, duidelik te maak (Goetzman,1976:252).

Uit 1 Kor 14:12,17,26; Rom 14:19; 15:2; 1 Tess 5:11 en Ef 4:29 wys Paulus daarop dat alles wat in die kerk gebeur, moet dien tot opbou van die gemeenskap. Daarom word die genadegawes en die ampte beoordeel volgens dit wat hulle bydra tot opbou van die gemeenskap soos blyk uit 1 Kor 14:3-5 en Ef 4:12. In 1 Kor 8:1 verwys Paulus na ‘n destyds bekende spreek “*Kennis bou op*”, maar met sy eie korreksie daarop “*Kennis maak opgeblase, maar liefde bou op*”. Dieselfde tipe korreksie op ‘n spreek vind ons in 1 Kor 10:23: in plaas daarvan om te sê “*alles is geoorloof*”, is Paulus se regstelling “*maar nie alles bou op nie*”.

Dis opmerklik dat die positiewe gebruik van die woord *οικοδομη* na die geloofs-gemeenskap verwys soos wat Paulus in 1 Kor 14:19 die enkeling wat homself met glossolalie stig, teregwys omdat dit nie die gemeente opbou nie.

Terwyl 1 Kor 3 die beeld (van Jeremia 1:10) van plant en bou gebruik, kry ons in Ef 4:12,16 daarnaas ook die beeld van die liggaam van Christus wat groei (vgl. Matt 21:42; 1 Pet 2:5,7) wat die eenheid en heiligheid van die gemeente in die oog het.

Die samestellings *συνοικοδομεισθε* (Ef 2:22) (saam bou; passief: om ingebou te word) en *εποικοδομεω* (om op iets te bou; om verder te bou) beklemtoon deur die gebruik van die voorsetsels die idee van gemeenskap wat ingesluit is in die idee van “*opbou*”. Gelowiges is in Christus gewortel en gegrondves (Kol 2:7). Die Christelike gemeenskap word saam opgebou in die medewerksaamheid van

al die deelnemers (1 Kor 3:10v) en in eenheid met die apostels en profete (Ef 2:20) om een heilige eenheid van die Here te word.

Die twee gebede in die bief aan die Efesiërs (1:15v en 3:14v) staan pertinent in diens van die geestelike groei van die kerk. Eweneens beklemtoon Efesiërs 4:11,12,16 dat die regering en bediening gerig is op die opbou (*οἰκοδομὴν*), toerusting (*κατρπισμὸν*) en opgroei (*ποιεῖται*) van die kerk (vgl. Kol 2:19). Toerusting, *κατρπισμὸν* (Ef 4:12) “*is dit waardeur iets of iemand in staat gestel word om te doen wat daarvan verwag word ...*” (Roberts, 1963:159). Uiteraard moet dit saamgelees word met ander Skrifgedeeltes wat na roeping en verkiesing asook na die skenk van gawes verwys wat alles duい op ‘n pneumatologieuse onderbou. Dit opsigself realiseer as deel van gebedsverhoring aangesien dit uit Heb. 13:21 en 2 Kor 13:10 duidelik is dat die toerusting (opbou) van die kerk ook ‘n saak van gebed is (Du Plooy, 1979:62). Hierdie opbou is volgens Louw & Nida (1988:677) die vermeerdering van die potensiaal deur te versterk of deur meer te bemagtig.

In hierdie verband is die woord *οἰκονομία* ook ter sake verwysende na die bestuur van ‘n huishouding waar dit as een van die vereistes vir ampsdraers aangedui word. In 1 Tim 3:5 word dit as “*bestuursfunksie*” van die kerk as God se huisgesin genoem (vgl. Louw & Nida, 1988:520) met die oog op die organisasie, verantwoordelikheid, taak en opdrag as rentmeester (1 Kor 9:17). Die *οἰκονομία* (ekonomiese/huishouding) van die kerk is op opbou gerig.

Die kerkregering moet die kerk help om haar “*karakter te bewaar, om tot ‘n stylvolle en verantwoorde diens aan God en die naaste te kom en dit moet help om skeuring en dwaling te voorkom*” (Coertzen, 1981:36). Hierdie “*karakter*” van die kerk verwys o.a. na die belydenis van die kerk as een, heilig, algemeen en Christelik.

Vanuit die belydenis dat God sy kerk roep en bewaar en dienaars verorden (NGB art. 30,31; Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1:3), vloeи die Kerkorde om hierdie diens nader te spesifiseer. Spoelstra (1989:112) motiveer waarom die diens van gebede t.o.v. die amp van bedienaar van die Woord in KO art. 16 vooropstaan as “*omdat God deur sy Gees en Woord moet handel*”.

Handelinge 4 beklemtoon dat gebede ook gerig (behoort) te word m.b.t. die aanslae teen die kerk wat haar opbou bedreig. Petrus en Johannes word gevange geneem terwyl hulle geëvangeliseer het en in die tronk gesit en verskyn die volgende dag voor die Joodse Raad en aangesien dié nie rede kon vind om hulle te straf nie, is hulle belet om verder te preek en losgelaat. Terug by die gelowiges het almal saam gebid. Die kerk was reeds meer as 3000 gelowiges (Hand 2:41). Hulle beroep hulle op Psalm 2:1,2 en lê ‘n verband tussen Dawid se verwysings na die opstandige en God-vyandige nasies en betrek dit in ‘n

eietydse kontekstuele aktualisering direk op Herodes en Pilatus as maghebbers wat hulle teen God se Gesalfde verhef. Dan verwoord hulle die spesifieke pleit wat rus op hul begronding in die Skrif (God se beloftes): “*En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met vrymoedigheid u woord te spreek ...*” (vs 29). Die verwysing “en nou” (*kai ta vuv*) dui op ‘n kritieke tydsanduiding waar op God se Woord teruggegryp word as herinnering aan hul eie noedsituasie. Die geloof dat gebed die wyse is waarop God die koers van gebeure bepaal, is die motivering vir die teruggrype na soortgelyke situasies in die (Skrif-) verlede met die oog op herhaling in eie tyd.

Dis veral in die praktiese teologie se verskillende dissiplines dat die gedagte aan die opbou van die kerk tans besondere klem ontvang. Die opbou van die kerk behoort immers ook in die kerkreg ‘n juiste tuiste te vind.

2.2 HISTORIESE OORSIG UIT DIE KERKREG MET BETREKKING TOT GEBED EN DIE OPBOU VAN DIE KERK.

Die gedagte van die opbou van die kerke het in die ou kerkordes soms meer eksplisiet en soms meer implisiet gefigureer soos blyk uit die volgende voorbeelde:

- (i) In die voorrede van die Sinode te Wesel 1568 word die wens uitgespreek dat die kerkorde sal dien om die gemeentes tot “*een salige vrucht*” te beseël (Hooijer 1865:33). Die slotparagraaf (22 van hoofstuk 8) van dieselfde Sinode vertel onder ander dat in die opstel van die artikels nie gelet is op “*tijdt, plaatsen, personen, ende andere omstandigheden*” nie en dat dit wel “*na voorgaande aanroeping Gods om Zyne bystandt*” verander sou kon word en dat hulle baie sorgvuldig ondersoek het wat die kerke “*dienstig ofte ondienstig is*” (Hooijer 1865:52). So verwys Hooijer (1865:40) na artikels 27 en 28 by Wesel 1568 wat spesifiek oor die gebed handel, hoewel dit effektief ‘n liturgiese voorskrif was tot opbou van die kerk, was dit deel van die kerkorde, soos blyk dat die dogmavorming en die liturgie en kerkregering gewoonlik ‘n gelyktydige proses was (en is).
- (ii) Die Dordtse Kerkorde 1618/19 artikel 86 verwys na die artikels wat opgestel is tot “*profijt der kerken*”.
- (iii) Dit blyk verder dat die liturgiese formuliere met die daarby behorende gebede ook juis opgestel is ter wille van die eendragtigheid en die opbou van die kerke (Hooijer 1865:47).

2.2.1 GEVOLGTREKKING:

2.2.1.1 Dis dus reeds uit die staanspoor van die ontwikkelingsgeschiedenis van die gereformeerde kerkordes/kerkregering duidelik dat dit naas ander doelstellings ook spesifiek afgestem was op die opbou van die kerk.

2.2.1.2 Kerkregeerders behoort in hul gebede na gelang van die agenda bedes te verwoord wat spesifiek gerig is op die opbou van die kerk.

2.3 ONDERSOEK UIT ANDER LITERATUUR MET BETREKKING TOT GEBED EN DIE OPBOU VAN DIE KERK:

Vir Van't Spijker (1974:11,12) loop die gedagte dat kerkreg en kerkregering die opbou van die kerk dien soos 'n goue draad deur die literatuur (vgl. NGB art 28).

Beide die begrippe “*kultuur*” en “*kultus*” is afgelei van die Latynse *colere*, bou/vereer, waar eersgenoemde afgestem is op die kultuurtaak (opbou van die skepping) en laasgenoemde op godsverheerliking/aanbidding (Jansen, 1947:6,18). Ten opsigte van die kultus brei Jansen (1947:19) uit op die profetiese, priesterlike en koninklike roeping van die gelowiges ter opbou van die kerk waaronder ook gebed in al sy fasette en geleenthede.

In die gereformeerde kerkregering gaan dit eweneens om die opbou van die kerk as KO art. 1 reeds verwys na die “*goeie orde*” wat in die kerk van Christus nodig is en waарoor visitatore (KO art. 44) moet toesig hou om “*vas te stel of ampsdraers ... die stigting van die gemeente ... bevorder ... en alles kan help re l wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belang van die kerk.*”

Voorts dien KO art. 55 die opbou van die kerk as die onderskeie ampte die “*middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning*” aanwend “*om die suiwere leer te handhaaf en om die valse leringe en dwaalleer te weer ...*” In ag genome voorafgaande artikels 53 en 54 KO wat die ondertekening van die belydenis so streng vereis dat diegene wat dit nie wil onderteken nie, uit hul amp afgesit moet word, blyk dit hoe belangrik die leersuiwerheid is ten bewaring van die eenheid sowel as vir die opbou van die kerk volgens die waarheid.

Kerkregering behoort biddend afgestem te wees op die opbou van die kerk. Onder die opschrift “*Die doel van die Kerkorde*” skryf Van Dellen en Monsma (1969:13) dat die reformatore ter wille van die onderhouding van goeie orde in die kerk van Christus en vir die “*promotion of its true welfare*” dienste, vergaderings, ens. (vgl. KO art. 1) ingestel het en dat hulle hulle op grond van die Bybel beywer het vir goed georganiseerde kerke en hulle sterk uitgedruk het teen veral die Anabaptiste met hul “*mystical, inner-light*” wat dit teengestaan het.

So waarsku Van Dellen en Monsma (1969:149) daarteen dat die karakter van vergaderings verplaas word vanaf regering na een of ander toewydings- of leergeleentheid met bv. preke ens. wat die opbou sou strem: “*Let us keep balance and spent the major part of our precious time and efforts for the promotion of the spiritual welfare of our people and their Churches*” (Van Dellen en Monsma (1969:147)). Die besluitnemingsaspek van kerkregering behoort tog

onder ander te fokus op die refleksie hoedanig gelowiges daardeur opgebou kan word (Burger, 1995:49).

Wanneer Schillebeeckx (1980:46) oor die amp (dienste) skryf, skryf hy dat die amp nie ontwikkel het rondom die eucharistie of liturgie nie, maar “*wel vanuit de apostolische opbouw van de gemeente door verkondiging, vermaning, en leiding.*”

In sy verhandeling oor “*De Zichtbare en Georganiseerde Kerk*” skryf Voetius (soos vertaal deur Rudolph en Fischer, 1902:11) dat die innerlike, naaste en eintlike doel van die kerk is “*de oefening van de gemeenschap der heiligen en de wederkerige opwekking tot het voortdurend blijven en toenemen in de genade Gods*”, dus die opbou van die kerk. Die gebede in die kerkregering moet afgestem wees op die hoogste doel van kerk-wees, naamlik die opbou van die kerk “*tot eer en verheerliking van God*” (Coertzen, 1981:37).

In die Voorwoord van Coertzen (1981:6) se publikasie: “*Die regering en opbou van die kerk*” skryf Prof. E. Brown dat daar “...’n wesenlike verbondenheid tussen die regering en opbou van die kerk van Christus” is en vervolg: “*By die leraar, ampsdraer en lidmaat wil hy huisbring dat geloofslewe, godsvrug, kerkregering, kerkorde en kerkreg by mekaar aansluit en in belang staan van die opbou van die kerk en die komst van die koninkryk*” (Coertzen, 1981:6).

In ‘n nadenke oor die kerk vra Coertzen (1981:9) hoeveel formele administratiewe handelinge in die kerk “*werklik die heiliges toerus vir hulle dienswerk?*” Hy wys daarop dat daar twee fasette van opbou onderskei kan word “*die ekstensieve en die intensieve of die kwantitatiewe en die kwalitatiewe*” (Coertzen, 1981:39). Daarmee bedoel hy sowel getallegroei as geestelike groei. Die kerkregeerde moet dit in ag neem wanneer hy tot God nader sodat almal kom tot die eenheid van die geloof (Ef 4:13) en “*woning van God in die Gees*” (Ef 2:22).

Calvyn skryf soos volg oor die noue verband tussen kerkregering en die opbou van die kerk: “*Nou sal ek met die kerk begin. In die skoot hiervan wil God sy kinders versamel, nie alleen om deur die bystand en bediening daarvan gevoed te word so lank hulle suigelinge en kinders is nie, maar ook om deur die moederlike sorg daarvan gestuur te word totdat hulle wasdom bereik en uiteindelik die doel van die geloof bereik*” (Inst. IV,1,1).

Die teoloë Karl Barth en Herman Ridderbos het volgens Coertzen (1981:10) die kerkregering aan die opbou van die kerk gekoppel: “... *om kerk te wees en wie kerk sé, sé daarmee saam regering en opbou van die gemeente.*” Dit stem ooreen met Van’t Spijker (1974:29) wat op sy beurt sterk steun op Bucer dat alle kerklike mag dien tot opbou (*οἰκοδομη*) deur die verskillende dienaars.

Vir Du Plooy (2003:12) is dit al 'n uitgangspunt dat kerkregering en opbou (en versorging) gelyklopend plaasvind. Hy skryf dat die uitkoms van die dosering van kerkreg die student in staat moet stel om "*in die bediening die kerkorde tot die ordelike regering en versorging van die kerke en so tot opbou van die kerke toe te pas...*"

Die kerkregering behoort afgestem te wees op "*waarheid, vrede en liefde*" (Van der Walt, 1976:52) om die gemeente op te bou tot geestelike volwassenheid (Ef 4:16) waarin die Heilige Gees die kerkregeerders begelei vanuit die Woord. "*As liggaam groei die kerk na binne deur geloof en liefde en na buite deur die uitbreiding van die evangelie van Jesus Christus*" (Du Plooy, 1979:19).

Daar is baie ander begrippe in die Bybel wat nou saamhang met die opbou van die kerk: wasdom en groei van die gemeente en die inwoon van God in die gemeente (2 Kor 6:16; Rom 8:9-11; 1 Kor 3:16; Ef 2:21; 2 Tim 1:14; Ef 3:17; Rom 8:10), kerk as huis of bouwerk van God (1 Kor 3:9; Gal 6:10), boumeester (1 Kor 3:10), fondament waarop ander bou (1 Kor 3:10), Christus as fondament (1 Kor 3:11; Kol 2:7), Christus as hoeksteen (Ef 2:20; 1 Pet 2:6).

As basis vir die opbou van die kerk figureer die sleutels van die koninkryk (Matt 16:17-19 en NGB art 29), die leer, diens en tug, as kenmerke (*notae ecclesiae*) van die ware kerk sodat dit opmerklik is dat die indeling en inhoud van die Kerkorde met hierdie tekens ooreenstem (Du Plooy, 1995:156).

2.3.1 GEVOLGTREKKING:

2.3.1.1 Gebede in die kerkregering behoort afgestem te wees op die opbou van die kerk in al haar gestalte soos die vier afdelings van die Kerkorde dit aanwys ten opsigte van die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en kerklike tug.

2.3.1.2 Kerkregeerders moet in hul gebede ag gee daarop dat kerkregering en die opbou van die kerk dieselfde proses behels.

2.4. GEBED IN DIE KERKREGERING IS DAAROP GERIG OM DIENSBAAR TE WEES AAN DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID, HEILIGHEID, ALGEMEENHEID EN APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.

Uiteraard gaan die kerkregering hand-aan-hand met die belydenis, die leer van die kerk, omdat die regsbeginsels bou op die basis van die dogma, trouens, beide die dogma en die kerkorde het dieselfde ontwikkelingsgeskiedenis gedeel.

Kerkregering moet biddend afgestem wees op die opbou van die kerk. Van Gender (2000:56) noem dat die vier eienskappe van die kerk (eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit) gebruik is as 'n toets vir waarheid waarop kerke hulself op legitieme basis kon afskei van valse kerke. Die dogma het dus ook regsimplikasies.

Die kerk is die vergadering van alle gelowiges in wie se midde die evangelie, sakramente en tug suiwer bedien word (NGB art 28,29; vgl. Runia, 1970:24) waar die Woord en Gees onafskeidbaar is omdat "*Christus Zelf, door de Heilige Geest, die op zijn beurt werkt door het Woord en zo de kerk bijeenroept en bijeenhoudt*" (Runia, 1970:24).

Die kerk is volkome van Christus, haar Hoof, afhanklik. Petrus (1 Pet 2:1-10) gebruik die beeld dat Christus die hoeksteen van die kerk is om daardeur die lewenseenheid tussen Christus en die kerk na vore te bring waardeur hy die "volkome afhanklikheid van die kerk" beklemtoon (Van der Walt, 1976:57).

Vervolgens word gepoog om die wesenseienskappe van die kerk met betrekking tot die kerkregering met die gepaardgaande kerkregeringsgebede in verband te bring.

3. GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK.

3.1 INLEIDING:

Gesprek oor die eenheid van die kerk is 'n onderwerp wat ekklesioloë reeds oor eeue besig hou en wat ook in ons eie Suid-Afrikaanse geskiedenis en die GKSA oor jare besig gehou het. Daarom is die fokus op gebed om eenheid nie los te maak van hierdie gesprek of van kerklike besluitneming daaroor nie. Die eenheid van die kerk is immers deel van die gereformeerde belydenis waar ons "saam met al die heiliges" (Ef 3:18) Christus se liefde betrags. Die belydenis rondom die eenheid van die kerk kom na vore in die Apostoliese Geloofsbelofte, die Geloofsbelofte van Nicea, Heidelbergse Katechismus So 21 asook in die NGB art. 27.

Uit die kerkgeskiedenis is dit duidelik dat die belydenis aangaande die eenheid van die kerk onafskeidbaar is met die apologetiek omdat verskeie dwalings die skriftuurlike waarheid oor die eenheid van die kerk bedreig het (Coetzee, 2008:208,209) en dit in die kerkregering verreken moet word. Daarby kan ook gesê word dat kerklike besluitneming geneem word met die oog op kerklike eenheid om te "integreer in plaas daarvan om te disintegreer" "(De Wet &

Kruger, 2010:14).

3.2. SKRIFTUURLIKE VERWYSINGS NA DIE EENHEID VAN DIE KERK.

Die eenheid van die kerk kan alleen vanuit Christus as Hoof van die kerk, waarvan alle gelowiges lidmate is, besien word (Snyman, 1977:108). Talle metafore vir die kerk word slegs in die enkelvoud gebruik en dui op hierdie eenheid: bruid van Christus (Op 21:2,9), woning van God (Ef 2:22), huis van God (Hebr 10:21; 1 Pet 4:17).

Dan is daar eksplisiete uitsprake daaroor wat geen ruimte vir misverstaan laat nie. So bv. beklemtoon Paulus die eenheid van die kerk in Ef 4:4,5 “*Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop, een God en Vader, wat oor almal en deur almal en in julle almal is*” (vgl. verder Du Plooy, 1979:77v; Du Plooy, 1982:131).

Christus Self lê in Johannes 10:16 nadruk op die hegte eenheid van die (universele) kerk as Hy sê “*Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na My stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder.*”

Christus het net een liggaam waarvan Hy die Hoof is (Ef 1:10; 4:4-6; 5:22). HK vraag 54 en NGB art. 27 bely dat God uit die ganse menslike geslag “*van die begin van die wêreld tot die einde toe*” ‘n gemeente roep “... *in die eenheid van die ware geloof*” Die één kerk (*una sancta*) is deurgaans ‘n belydenissaak en nie iets willekeurigs nie (Du Plooy, 1988:16; Van der Walt, 1976:151). Die gemeenskap van alle gelowiges word deur die een en dieselfde Gees gesmee (1 Kor 6:17; 12:13; 2 Kor 12:11). Die onverbreekbare eenheid van die kerk is immers ook gegrond in die liefde van die Vader, die genade van die Seun en die gemeenskap van die Heilige Gees (vgl. 2 Kor 13:13) wat deel is van elke gelowige, elke plaaslike gemeente en van die kerk as geheel (Bavink, 1931:501) wat sowel ‘n sigbare as onsigbare kant het (Du Plooy, 1982:131). So is die eenheid van die kerk onlosmaaklik gebonde aan die Heilige Gees (Ef 4:4; vgl. Coetzee, 2008:218)

In 1 Kor 1:10; Ef 2:11-22; Fil 1:27&2:2 staan die indikatief van die eenheid van die kerk telkens voorop waarop die imperatief volg, dis gawe sowel as opgawe (roeping) (Kleynhans, 1982:36).

Die Nuwe Testament is uitgesproke teen kettery, misleiding en bedrog in die kerk wat die eenheid sou versteur (Fil 3:2; Kol 2:16-23, 2 Tess 2:3; Heb. 13:9; 2 Joh 7-8).

Efesiërs 4:1-16 formuleer dit so: daar is “een God en Vader van almal wat oor almal en deur almal en in julle almal is (vs 6) en ‘een Here’ wat die Hoof is, Christus, uit wie die hele liggaam – goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate – die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde” (vs 15,16); op die “een Gees” (vs 4) wie se eenheid bewaar moet word deur die “band van vrede” (vs 3). Daarby is daar ook nog talle ander aanduidings in die Bybel wat gelowiges saamsnoer: dieselfde roeping (vss 1,4); “een hoop ... een geloof ... een doop” (vss 4,5); eenheid in liefde (vs 2) en in onderlinge gemeenskap (vs 16).

Hoewel hierdie eenheid geestelik van aard is, behoort dit ook tot uitlewing te kom omdat dit die “mensheid is wat in Christus behoue is” (Van der Walt, 1976:54). Die opbou van die kerk (Ef 4:12) word nie tot die plaaslike kerk beperk nie, maar betrek beslis ook die universele kerk (Du Plooy, 1979:65).

In NGB art. 32 waar die beginsel van ‘n kerkorde effektief bely word, staan die eenheid van die kerk uit: “Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder ...” Hierby word die eksklusiwiteit van die kerk benadruk (vgl. Coetzee, 2008:218).

NGB art. 28 stel dit daarom duidelik “Ons glo ... dat niemand ... hom van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; intendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal – as lede van een en dieselfde liggaam ... Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.” Waar van die Woord afgewyk word, word die eenheid verbreek” (Maré, 1991:169).

3.2.1 JOHANNES 17 EN GEBED OM DIE EENHEID VAN DIE KERK.

Gesprek oor die eenheid van die kerk kan nie anders as om na Jesus se hoëpriesterlike gebed op die voorwand van sy kruisdood te verwys nie en veral na vss 11 en 21-23.

Die gebedsaanroepe (vss 1 “Vader”, 5 “Vader”, 11 “Heilige Vader”, 24 “Vader”, 25 “Regverdige Vader”) dien as strukturele inhoudsmerkers sodat die bedes wat volg op “Heilige Vader” op God se heiligeheid wys teenoor die sondigheid van die wêreld.

3.2.1.1 STRUKTUURANALISE VAN JOHANNES 17:11-23:

MAKROSTRUKTUUR:

Johannes 17 vorm vanaf vers 1b 'n gebed uit die mond van die Here Jesus Christus

Verse 1a skets die gebedsoomblik

Verse 1b – 8 Eerste gebedsfokus van Jesus gerig op Homself: handel o.a. oor sy roepingsvervulling en gebed om sy verheerliking.

Verse 9-23 vorm 'n strukturele eenheid gerig op die eenheid van die kerk.

Gebedsaanroep met tweede gebedsfokus op dissipels gerig:

"Heilige Vader" Vers 11

- Gebedsinhoud 1: bewaar tot eenheid (vers 11)

Drie motiverings verlede tyd: *Ek het hulle bewaar* (vers 12)

Ek het gewaak (vers 12)

Nie een verlore behalwe Judas, so voorspel (vers 12)

Motivering hede: *Maar nou kom Ek na U toe* (vers 13)

Agtergrond: *Ek het hulle u woord gegee* (vers 14)

Gevolg: *wêreld het hulle gehaat* (vers 14)

Rede: *hulle nie van die wêreld net soos Ek* (vers 14)

- Gebedsinhoud 2: Ek bid nie dat U hulle uit wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar (vers 15)

Motivering: *Hulle nie van die wêreld, soos Ek nie is nie* (16)

- Gebedsinhoud 3: Heilig hulle in u waarheid (vers 17)

Motivering: *u woord is die waarheid* (vers 17)

Agtergrondsvergelyking: *Soos U My gestuur het, het Ek hulle in die wêreld gestuur* (vers 18)

Motivering: *En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees* (vers 19)

Derde gebedsfokus: *Ek bid nie net vir hulle hier nie, maar ook vir toekomstige gelowiges (kerk)* (vers 20)

- Gebedsinhoud 4: dat almal een mag wees (21)

Motivering: *net soos U, Vader, in My en Ek in U, dat hulle ook in Ons een kan wees, net soos Ons een is* (vers 21)

Doel: *dat wêreld kan glo* (vers 21)

Geloofsinhoud: *dat U My gestuur het* (21)

Agtergrond: *Ek het hulle heerlikheid gegee, wat U My gegee het* (22)

Doel: *sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is* (22)

Verklaringsuitbreiding: *Ek in hulle en U in My* (23)

Doel: *sodat hulle volkome een kan wees* (23)

en dat die wêreld kan weet ... (23)

Slotbede vss 24-26: *Jesus bid om die eskatologiese eenheid van die gelowiges.*

3.2.1.1.1 GEVOLGTREKKINGS UIT DIE STRUKTUURANALISE VAN JOHANNES 17:11-23:

3.2.1.1.1.1 Die vier gebedsinhoude wat volg op die gebedsaanroep “*Heilige Vader*” vertoon ‘n kongruente eenheidsgedagtelyn:

bewaar tot eenheid
nie wegneem uit wêreld nie, maar van Bose bewaar
Heilig hulle in u waarheid
dat almal een mag wees

3.2.1.1.1.2 “*Heilig*” dui eweneens op afsondering, in hierdie geval van die Bose en ongeloofswêreld om ‘n eenheid te wees.

3.2.1.2 OORSIGTELIKE VERKLARING VAN JOHANNES 17:11-23:

Jesus se aardse taak nader sy einde (Joh 16). Hy gaan na die Vader toe, Hy verlaat die wêreld, maar sy dissipels bly hier blootgestel sonder sy fisiese teenwoordigheid, van nou af sou sy Gees by hulle wees (Joh 14:16).

Die gebedsaanroeping “*Heilige Vader*” gebruik huis hierdie eienskap van God (*heilig*) om te dui op die bewaring en afsondering van alles wat onheilig is om ‘n eenheid daar te stel wat van die wêreld onderskei kan word. Tydens sy lewe op aarde het Jesus die kerk bewaar, noudat Hy na die Vader gaan, bly hulle agter. Daarom hierdie gebed om eenheid (Du Rand, 1986:112).

In Joh 10:36 word daar na die heiligung van Christus verwys as die opsysit (afsondering) van Jesus vir die volvoering van sy roeping. Hier dui dit op die bevestiging van Jesus se dissipels as sy verteenwoordigers waarvan die Woord die effektiewe instrument daarvan is om die roeping verder te neem.

Die sfeer van arbeid is vir die kerk (vs 21) dieselfde as vir Christus (vs 11) en die dissipels (vs 15): nl. die wêreld.

In vers 20 verskuif die gebedsfokus as dit uitkrag na toekomstige gelowiges as die kerk vermeerder. Ook dan is hierdie gebed om eenheid vir die groterwordende groeiende kerk, wat onbepaald tot in die verste toekoms reik, nie opsioneel nie, maar essensieel.

Die eenheid is ten nouste verbind aan die verhouding met die Vader en die Seun (Du Rand, 1986:116) en deur te glo. Dit loop uit op ‘n eenheidsgetuenis voor die wêreld (vss 21, 23, 25) om “*die ongelowige wêreld in sy sondige versplintering (te) oortuig van Jesus se sending om huis tot geloof in Hom te kom*” (Du Rand, 1986:117). Die geloofwaardigheid van die kerk se getuenis hang ten nouste saam met haar eenheid (Landman, 1986:153).

Eenheid is oneindig meer as blote eenstemmigheid, dit dui ook op organisasie. Eenheid het sy oorsprong en voorbeeld in die verhouding van die Vader en die Seun, maar het huis daarin ook sy verenigende beginsel. Die eenheid van

gelowiges is die noodwendige gevolg van hul geloof in die Vader en die Seun. Die eenheid tussen Vader en Seun is volmaak, so moet dit deurwerk na die kerk toe. Die eenheid word nie geografies of etnies bepaal nie, maar Christologies op grond van sy sterwe en opstanding (Du Rand, 1986:110).

3.2.3 GEVOLGTREKKING:

3.2.3.1 Die gebed van ons Here Jesus Christus in Johannes 17:1-26 maak dit duidelik dat die kerkgeerdeurs hulle Hoof behoort na te bid dat die eenheid van die kerk op alle vlakke behoort te realiseer.

3.3 GEGEWENS UIT DIE LITERATUUR T.O.V. GEBED EN DIE EENHEID VAN DIE KERK.

Die Nuwe Testament ken nie die begrip “een kerk” (*μια εκκλησια*) nie en dit sou “*niks minder as 'n pleonasme – oortolligheid van woorde – wees nie*” (Heyns, 1978:377). Vir Van Wyk (2010:302) is ‘n verdeelde kerk volgens Nuwe Testamentiese eklesiologie ‘n *contradictio in terminis*. Daar word hoogstens in enkelvoud (kerk) en meervoud (kerke) na die kerk verwys waar die enkelvoud dui op die plaaslike en die meervoud op die universele kerk (Du Plooy, 1979:22). Alle regverdigings vir stigtings van nuwe “*denominasies*” vind geen grond in die Bybel nie. “*Nowhere is there any sign, any suggestion or any command for any kind of division, disunity, disruption, dissension, seperation, fragmentation or schism*” (Van Wyk, 2010:301).

Christus het net een liggaam, die meervoudsgebruik van die woord “kerke” in die Nuwe Testament dui nie op meer liggeme van Christus nie, maar op plaaslike kerke “*wat op meer plekke bestaan*” (Du Plooy, 1979:22). Elke plaaslike kerk is ‘n “*komplete liggaam, maar nie die enigste ekklesia wat liggaam van Christus is nie*” (Du Plooy, 1979:23). Vir Van Wyk (1988:19) impliseer eenheid sigbaarheid hoewel die onsigbaarheid nie op die universele kerk en die sigbare op die plaaslike kerk betrek word nie (Du Plooy, 1982:132).

Kerkgeerdeurs behoort daarop bedag te wees dat die eenheid van die kerk vanweë allerlei sondes en onkunde, politieke versnipperinge, rassevraagstukke (Snyman, 1977:108), geslagtelikhed (Gal 3:28 “... daar is nie meer man of vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus”), taal- of kultuur- en klasverskille tussen ryk en arm (Gal 3:28 “nie meer Jood of Griek nie, nie meer slaaf of vryman nie ...”) kan verbrokkel, maar dat dit ook vanweë wettisme, formalisme, tradisie en gewoontes ondergrawe kan word.

Die eenheid in belydenis is die basis van die eenheid van die kerk en nie die

liturgie of kerkreg nie (Van Wyk, 2010:309). Met verwysing na Calvyn se brief aan Cranmer dat Calvyn “*met plesier tien seë sou oorsteek*” om kerklike eenheid te dien, maak Van Wyk (2010:309) die afleiding dat Calvyn se ekumeniese ekklesiologie ‘n breër perspektief openbaar het as tale gereformeerde ekklesioloë na hom. In die vroeë kerkgeskiedenis met die aanloop tot en die ontstaan van die Geloofsbelijdenis van Nicea, het die belydenis van die eenheid van die kerk teenoor die Gnostisme op grond van die Skrif die deurslag gegee (Coetzee, 2008:220) sodat die belydenis die maatstaf, die *regula fidei*, geword het van hoe Christene die Bybel gelees het (Coetzee, 2008:220).

Die eenheid van die kerk bestaan volgens Heyns (1978:377v) uit: oorsprong, roeping, belydenis, getuienis, gemeenskap, diens en organisasie. Die eenheid van Christus is ‘n organisasie (Du Plooy, 1982:133). Die eenheid van die kerk is ‘n geestelike werklikheid vanweë die geloofsaspek, maar eweneens is die kerk ‘n empiriese werklikheid daar dit in die tyd en op ‘n plek uit mense bestaan en tog is die kerk ook ‘n eskatologiese werklikheid waar die eenheid in die voleinding volmaak sal wees (Heyns, 1978:379).

Die eindeloze vermeerdering van die aantal kerke/denominasies vind geen grond in die Bybel nie en mag nie goedskiks aanvaar word nie (Van Wyk, 2010:302). Die sogenaamde skeppingsmotief wat die pluriformiteit uit die skeppingsverskeidenheid wil motiveer of die ontplooiingsmotief wat dit uit die uiteenlopende ontwikkelingslyne wil motiveer of die antropologiese motief wat beweer dat die een waarheid slegs op ‘n perspektiwistiese wyse geken kan word, moet almal afgewys word (Heyns, 1978:379).

Calvyn dui in sy kommentaar op 1 Kor 1:13 daarop dat Christus se liggaam nie kan afsplinter nie, want dit sou Hom in stukke skeur, wat immers onmoontlik is (1979:67). Selfs gebreke in die leer en in die bediening van die sakramente behoort geen aanleiding tot skeurmakery te wees nie (Calvyn, Inst. 4:12:1-43).

Verdeeldheid in die kerk is sonde teen God en in kontras met Christus se gebed en word veroorsaak deur die verduistering van ons verstand en liefdeloosheid van ons harte (Bavink, 1930:300; Van Wyk, 2010:3010; Coetzee, ongedateerd:188).

Daar is mindere motivering vir pluriformiteit soos ‘n kultureel-etniese motief vanweë “*verskillende tale, gewoontes en psigologiese instellinge*” (Heyns, 1978:379) wat ‘n koinoniale en kerugmatiese doel dra. Eenheid beteken tog nie eenvormigheid nie, veral nie in liturgie nie. Hierdie verskeidenheid binne die een kerk, mag nie geskeidenheid in die hand werk nie. Trouens, Bavink (1930:303) stel hoedat verskil van geslag en leeftyd, karakter en aanleg, verstand en hart, gawes en goedere, van plek en eeu ten goede kan wees as Christus “*ze alle in zijn dienst (neemt) en siert er zijn kerk mede*”.

Coetzee (1965:317v) handel in 'n eksegetiese studie uitgebreid oor die betekenis en konteks van "Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament" en wys daarin op die universaliteit, eenheid, gelykheid van die lede en suiwer geestelike karakter van die Godsvolk. In sy verklaring van die begrippe toon hy aan dat die universaliteit die opheffing van die begrensing van die Godsvolk tot een volk (Israel) beteken sodat alle volke opgeneem word in die Godsvolk onder die een Koning Jesus Christus (Coetzee, 1965:317). Vir Coetzee (1965:318) beteken die eenheid van die kerk as Godsvolk uit alle volkere nie die uitwissing van volksverskille of "die uittrede van die gelowiges uit hul onderskeie volkere nie". Eenheid is "primêr 'n gemeenskaplike verbondenheid aan God en Christus" (Coetzee, 1965:318) asook 'n "onderlinge eenheid in die Gees tot één Godsvolk" waarin die "één Gees en die één Woord die verskeidenheid van die volke onder één Koning ... saambind ... en Hom dien" weliswaar in een kerk waarin almal in "eie taal dieselfde evangelie (kan) hoor ... verstaan ... aanneem ... en saam met ander volke, deurdringe van dieselfde Gees, dieselfde één Here kan dien" (Coetzee, 1965:318). Daarom wys hy die wêreldkerkgedagte sowel as 'n volkskerkgedagte af omdat beide die eenheid van die kerk versteur (Coetzee, 1965:319).

Van Wyk (1988:20v) gee 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van kerklike eenheid onder verskillende bevolkingsgroepe in die GKSA vanaf 1869 van gelykstelling tussen bevolkingsgroepe op kerklike gebied as "nu nog ongeschikt, ja onmogelijk" na 'n draaipunt in die 1960's (Van Wyk meen dit was veral vanweë die insigte van Prof. W.J. Snyman met sy koninkryksteologie wat J.C. Coetzee (1965) se promotor was) sodat die Sinode GKSA 1967 besluit op 'n kerkregtelike eenheid in 'n algemene sinode. Dit het egter volgens Van Wyk (1988:25) 'n tipe dubbele kerkbeskouing openbaar waar daar steeds eie vergaderings, eie teologiese opleiding en administrasies was wat eers in 1994 (Acta, 1994:696v) met die samesmelting van die Hammanskraalse en Potchefstroomse Teologiese Skole en in die besluit van Sinode 2006 ten opsigte van KO art 48 van gesamentlike klasses (Acta, 2006:387) in te stel, deurbreek is. In 'n volgende hoofstuk sal ek die gebede van Sinode 2006 ontleed ten opsigte van hierdie aangeleentheid of en hoedanig die belangrike saak t.o.v. die eenheid van die kerk in die gebede aangeraak was.

Dit blyk dat die eenheid van die kerk vir die kerkregeerders van vroeg af in die protestantse geskiedenis 'n belangrike aangeleentheid was soos blyk uit die voorrede van die Sinode te Wesel 1568 waarin daar gewys word op die "eenparigheid" wat die opstel van die kerkorde onder die kerke in Nederland beoog het ter wille van die eenheid en opbou van die kerke (Hooijer, 1865:33). Net so skryf die Kerkorde van die Sinode van Embden 1571, in artikel 2 die ondertekening van die geloofsbelijdenisse voor "om die eendrachtigheid in de Leere tusschen de Nederlandsche Kerken te bewys" (Hooijer, 1865:67). Dit blyk dus dat die eenheid van geloof (vgl. die indikatief in Ef 4:5) nie net die basis is

waarop kerkverband rus nie, maar ook 'n doelstelling (Ef 4:13) van die kerkregering is as die Heilige Gees die kerk "*in die hele waarheid lei*" (Joh 16:13).

Hierdie verwikkeling moet gesien word teen die Roomse agtergrond dat dit nie die plaaslike kerke is wat saam 'n eenheid vorm nie, maar die katolieke kerk met haar episkopaat wat die eenheid vooraf gaan sodat die plaaslike kerke deel van die geheel is (Bavink, 1930:265). Van hierdie een kerk is die pous die sigbare hoof as "*afdoende kenmerk der ware kerk*" (Bavink, 1930:305).

Spoelstra (1989:172) is baie uitgesproke daaroor dat kerklike dienaars God se gawes in en aan sy kerk is om die kerk in eendrag en eenheid van geloof te bewaar deur hul regering (NGB 7,30,31 en KO art's 2,3) sonder om gewetens te bind (NGB 32). Daarom is 'n kerkraad nodig en uitkringend in meerder vergaderings sonder om te wil sentraliseer asof eenheid daarin sou bestaan.

Jansen (1947:6,36) wys op kerkverband as "*een vrijwillige verbintenis ... van Godswege ... kragtens haar eenheid in Christus toe verplicht*" wat hy stel teenoor die Roomse hiérargie en die outonomie van die Independentiste wat alles aan die vryheid van die kerke wil oorlaat. In dieselfde trant wys Nijkamp (1991:108) daarop dat die Kongregasionalisme "*uiteraard geen uitdrukking (kan) geven aan het kenmerk van de eenheid der kerk.*" Volgens Van der Walt (1976:150) is "kerkverband" vir Voetius 'n "*unio ecclesiarium, wat op 'n confoederatio, op 'n correspondentia van plaaslike kerke berus.*" Dis die kerk se roeping om ongeag verskeidenheid (taal, afstand, ens.) in eenheid met mekaar te leef "*Die gemeentes word nie (een) kerk omdat hulle in kerkverband tree nie, maar hulle tree in kerkverband, en hulle moet dit doen, omdat hulle een Kerk is, die liggaam van Christus*" (Snyman, 1977:109).

Die kerkregeerde moet nie sigbare eenheid en organisatoriese eenheid met mekaar vereenselwig nie en ook nie maak asof organisatoriese eenheid dieselfde is as institusionele eenheid nie (Theron, 1986:169). Dis bv. deel van die problematiek binne die sogenaamde "*NG kerkfamilie*" wat op sekere vlakke saam georganiseer is, maar nie institusioneel een is nie (Theron, 1986:169).

Verder kom natuurlik die vraag na eenheid en waarheid na vore waar die een nie bo die ander verabsoluteer mag word nie, want dan word die ander verbreek. Gebed om eenheid sou dus nie losgemaak kon word van gebed om waarheid nie.

Hierby kan ook verwys word na die betekenis van die ondertekeningsformuliere vir ampsdraers (KO 53,54) met die oog op die handhawing van die eenheid van die kerk(e) op grond van die waarheid van die belydenis (Jansen, 1947:6,52). Voeg hierby die gevvolg van die besluit van Handelinge 15:28 naamlik dat daardie

besluit die pad vir eenheid tussen die kerke oopgemaak het op grond van die waarheid, dan sien ons dat die eenheid uiters noodsaaklik is vir alle kerke. Trouens, daarom is daar 'n "gemeen akkoord" in art 86 KO.

Runia (1970:25) verwys na W. Nijenhuis wat in 1959 'n boek getitel "*Calvinus Oecumenicus*" geskryf het waarin hy aangedui het dat die Woord ten opsigte van die eenheid van die kerk vir Calvyn die beslissende kriterium was, dus nie 'n vermeende demonstratiewe eenheid ten koste van die waarheid nie. Van Wyk (2010:309) verwys na die bekende woorde van Calvyn in sy brief in 1552 aan Cranmer dat hy "*oor tien see*" sou vaar om kerkeeenheid te bevorder. Vir Calvyn was liturgiese verskille (vgl. tans KO art 85 t.o.v. gebruikte by buitelandse kerke) en verskille in kerkorde nie rede vir verdeeldheid nie (Van Wyk, 2010:309).

Die Roomse beskouing dat die eenheid van die kerk opgaan in 'n sigbare (heils-) instituut onder die pou oor die hele wêreld, moet op Skriftuurlike gronde afgewys word, hoewel die kerk uiteraard 'n institutêre karakter openbaar vanuit haar instelling van ampte op 'n bepaalde plek en die sigbare vorming van kerkverband (Du Plooy, 1982:139), dus as kerke *in* kerkverband, sonder om kerkverband as 'n institutêre eenheid te wil verstaan (Du Plooy, 1982:139).

Kleynhans (1985:1) is van mening dat kerkverband nie tot die wese van die kerk behoort nie, maar dat dit die welwese dien "*aangesien dit bydra tot die behoorlike funksionering van die kerklike gemeenskap.*" Kleynhans (1985:7) meen dat indien kerkverband tot die wese van die kerk sou behoort (soos hy meen Du Plooy redeneer), sou die kerk eers kompleet word as hy in verband met ander kerke tree. Maar dit blyk dat Kleynhans vanuit die plurale kerke naas mekaar oor toetrede tot kerkverband redeneer as sou dit 'n selfstandige saak bo of naas die kerk is terwyl Du Plooy (1982:187-198) duidelik aandui dat die plaaslike kerk die universele kerk op daardie plek is en dat kerkverband in uitkringende naburigheid geleë is vanweë die eenheid van belydenis. Uiteraard is die eenheid onderworpe aan die waarheid en daarom word van kerke en dienaars verwag om die ondertekeningsformulier (KO art's 53,54) te onderteken op die *quia*-standpunt.

Kleynhans (1985:1) is egter tog van oordeel dat die kerk geroep is om buiten die onsigbaarheid dit sigbaar te vergestalt in kerkverband. In die verband skryf Coetzee (1980:84) "*die verdeeldheid van kerke (ook onder die Afrikaner-volk) is die gevolg van menslike ongehoorsaamheid en sonde. Efesiërs roep ons op tot EENHEID rondom die waarheid (4:15) van Gods Woord.*"

3.3.1 EKUMENE EN DIE EENHEID VAN DIE KERK:

Ekumene dui op die kerk in die bewoonde wêreld, die wêreldwye kerk wat daarna strewe om die belydenis van "*'n heilige, algemene, Christelike kerk*" in praktyk te verwesenlik (Kleynhans, 1985:118; Smit, 2006:92). KO art. 85 sê dat

ons buitelandse kerke “*wat ander gebruikte het nie moet veroordeel nie*”, so ook die Openlike Verklaring: “*almal wat dieselfde saam met ons wens en betrag, nodig ons hartlik uit tot ons kerklike gemeenskap.*” So bv. was die Dordtse Sinode 1618/19 met sy groot getal afgevaardigdes uit Duitsland, Engeland, Frankryk, Switzerland, Friesland en Brandenburg ‘n ekumeniese sinode wat bewys dat die kerke erns gemaak het met die eenheid van die kerk.

Vir Smit (2006:90) is “*die doel van ekumenisiteit die eenheid van die kerk, vanweë die katolisiteit van die kerk, gegrond op die apostolisiteit van die kerk en gerig op die heiligheid van die kerk.*”

3.3.2 GEVOLGTREKKINGS:

3.3.2.1 Kerkregeerders behoort in hul gebede daarmee rekening te hou dat die versplintering van die kerk in allerlei “*denominasies*” nie in die Bybel begronding vind nie en dat die sondige aanleidende oorsake nie vertroetel behoort te word nie, maar dat daar naastiglik om ware eenheid gebid te word.

3.3.2.2 Vir kerkregeerders moet die bede om die komste van die koninkryk die deurslag gee om die eenheid te bewaar.

3.4 UITWERKING VAN DIE BELYDENIS VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK IN DIE KERKORDE EN DESNOODSE GEBEDSNOODSAAKLIKHEID.

Met reg kan verklaar word dat die Kerkorde gebou is op die belydenis van die eenheid, heiligheid, algemeenheid en Christelikheid van die kerk.

Hier let ons eers op die besondere plek wat die belydenis van die eenheid in die kerkorde inneem om na gelang daarvan voorstelle van bedes te maak.

Juis teen die agtergrond van die afskeiding uit die Roomse kerk met gepaardgaande vervolgings asook die latere dwalings van die Anabaptiste, het die belydenis ‘n groot impak op die kekregering uitgeoefen.

Gebed om die eenheid van die kerk kan op verskillende sake wat op agendas dien, verwoord word.

Artikel 1 verwys reeds in die enkelvoud na die “*kerk van Christus*”.

In die gedeelte oor die dienste (art's 2 – 28) word die eenheid op verskillende maniere eksplisiet en implisiet beskerm en kerkregeerders sou in ruim mate rondom die dienste vir die eenheid kon bid.

Omdat die diens van Woordbedienaar sou kon (en inderdaad) ontaard en die eenheid versteur, is daar bepalings (art's. 3,4,5,6) ingebou oor beroeping en toetsing en toelating met toesig van die meerdere vergaderings waar ruim geleentheid tot toegespitste gebed bestaan.

Eweso is daar gebedsinhoude as daar in KO art's 8 en 9 reëlings getref word dat die eenheid veral ten opsigte van die waarheid gehandhaaf word om dit te verseker ten opsigte van persone wat van buite af die eenheid sou wou versteur terwyl KO art's 10, 11, 12, 13, 14, 15, 17 reëlings tref oor sake wat van binne af die eenheid sou kon versteur.

KO artikel 18 verwys na die taak van professore om ook “*die suiwere leer teen die kettery en dwalinge te verdedig*” wat naas ander sake uiteraard die bewaring van die eenheid van die kerk in die oog het, waarby verwag kan word dat daar vir die professore gebid word.

Die reëlings in KO art's 22 tot 25 en 27 ten opsigte van die verkiesing, opdrag en dienstyd van die ampte van ouderling en diaken, het eweneens ordereeëlings om die eenheid na binne en buite te beveilig. Artikel 28 het selfs ‘n eenheidsopstrede jeens die owerheid in die oog (Kruger et al, 1966:167v). Kerkregeerders het in elke handeling rondom die ampte en owerheid geleentheid om die aangesig van God daaroor op te soek veral ook met die oog op die eenheid van die kerk.

Dieselde deurlopende lyn oor die eenheid van die kerk tref ons in die tweede deel van die kerkorde aan ten opsigte van die kerklike vergaderings in artikels 29 – 52 met ‘n veelheid van gebedsmoontlikhede vir die realisering van kerklike eenheid.

Nadat KO art. 29 die kerklike vergaderings gekonstateer het, word noukeurig verwys na die agenda (KO 30), die gesag van besluite en remedie tot appèl indien iemand verongelyk sou voel (KO 31) wat opsigself ‘n bedreiging van die eenheid inhou, reëlings van lasbriewe en agendastukke met gepaardgaande stemprosedure wat verhinder dat mense regter in hul eie saak sou wees (KO 33) aangesien dit die eenheid uit balans kon trek.

KO art. 35 wil selfs alle klein dingetjies verhinder wat op ‘n vergadering die eenheid in die kerk kan belemmer, daarom moet sake ordelik verloop en die voorsitter moet “*die wat redetwis en alte heftig spreek die swye*” oplê en selfs sensureer.

In uitkringende meerderheid word vervolgens oor die “*seggenskap*” van kerklike vergaderings (36) en dan word oor die kerkraad (37) en instituering van ‘n kerk (38,39), klassis (41), ens. gehandel met ingeboude reëlings vir die bewaring en uitbouing van die eenheid. So word gelykheid in KO art. 37 (en 42) hanteer, die byvoeging van diakens by kerkrade wat klein is om hiërargie wat die eenheid kan

ondermyn, hanteer (38), die feit dat verspreidwonendes se situasie nie die eenheid bedreig nie (39). Hiermee word 'n wye verskeidenheid gebedsgeleenthede en gebedsinhoude geskep met die oog op kerklike eenheid.

Die reëling in artikel 41 dat predikante as voorsitters beurte moet kry met gepaardgaande navraag oor verskeie plaaslike sake wat eweneens die eenheid kon benadeel, behoort biddend toegepas word.

KO art. 43 se bepaling van die uitvoering van sensuur in die vergadering het ten doel om enige wortel van onenigheid reeds in die kiem te smoor.

Visitasie (KO art. 44) is nie alleen die uitlewing van kerkeenheid nie, maar het ook die bewaring en uitbreiding daarvan ten doel. Visitasie gee aanleiding tot verskeie geleenthede om te bid. Die verbesondeling van die vrae is afgestem om eenheid te bevorder soos afgelei kan word uit die vrae na die "*suiwerheid van die leer*", of die "*Kerkorde in alles onderhou*" word, die "*stigting van die gemeente*", diegene wat "*nalatig is, betyds broederlike te vermaan*" en "*met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en die belang van die kerk.*"

Ten opsigte van die agenda is artikel 46 as't ware 'n vrywaringsmeganisme om nie teenstrydige besluite te neem nie en om die kontinuïteit van die een kerk oor die eeu te honoreer.

In afvaardigings na die sinodes (KO 47,50,51), word uit onderskeie mindere vergaderings "*n gelyke aantal*" ampsdraers afgevaardig huis om o.a. heerskappyvoering te verhoed, terwyl artikel 48 huis eenheid wil bevorder deur onderlinge korrespondensie met gesamentlike korrespondensie na buite die eie kerkverband (KO art. 52). Sinodes met hul wyerwordende agendas, het 'n gebedsplig ten opsigte van hul besluitnemingsproses waarin kerklike eenheid gedien word.

Lees mens die Kerkorde deur hierdie belydenis rondom die eenheid van die kerk wat destyds vir die opstellers van die Kerkorde belangrik was, kom mens tot verrassende insigte wanneer die Kerkorde voortgaan om in artikels 53-70 te handel oor die leer, sakramente en ander seremonies met die desnoodse gebedsvereistes vir die kerkregeerders in gehoorsaamheid aan Christus.

Reeds met die eerste twee artikels (53 en 54) in hierdie deel van die Kerkorde oor die seremonies word die eenheid in waarheid met 'n beslisheid gehandhaaf met die ondertekening van die belydenis deur alle ampsdraers soos blyk uit die woordgebruik van diegene wat weier omdat hulle die eenheid verskeur.

Die artikels word onmiddellik opgevolg met uitdruklike stipulasies ten opsigte van die suiwere leer teenoor dwalinge aangesien die eenheid enersyds gekoester moet word in die bediening van die Woord in die verskillende situasies, maar

meteen ook die waarheid teenoor die dwaling gestel moet word.

Die kerklike eenheid in die doopshandelinge en toesig daaroor (56-60) sowel as in die bediening van die nagmaal (art. 61) waar ordelik oor gelowiges buite die plaaslike gemeente reëlings getref word wat die eenheid dien (belydenis van gereformeerde godsdiens), skep gebedsgeleenthede. Verder word die eenheid gedien in KO art. 62 as sekere sake aan die plaaslike kerk oorgelaat word met die duidelike voorbehoud dat daar nie van die Woord afgewyk mag word nie, omdat dit die eenheid in gedrang bring, wat kerkregeerders alleen biddend om gehoorsaamheid, sou kon doen.

KO art. 68 het die geestelike opbou van die een kerk in die oog met die prediking van die HK om die volle raad van God te verkondig en eensydighede te beperk waar 'n bede om verligting en die Heilige Gees gepas sou wees.

Die KO art's. wat oor die kerklike tug (71-81) handel, skep eweneens geleentheid vir gebede om die eenheid van die kerk te bewaar en te bevorder wanneer versoeniging in artikel 71 voorop staan aangesien sonde aanstoot gee en die gemeente se eenheid kan ontwrig. Die opvolgende artikels van die Kerkorde (72-78) is geskoei op Matteus 18:15v wat 'n duidelike eenheidsoogmerk het ten opsigte van beide leer en lewe en kerkgemeenskap, maar waar duidelike riglyne voorkom om subjektivisme te voorkom terwyl ampsdraers veral meer in die oog is en groter skade aan kerklike eenheid kan aanrig (79,80) terwyl artikel 81 juis sulke skade aan die eenheid wil voorkom en beperk.

Rondom die afgee van attestasies (KO art. 82) en die versorging van sulke vertrekende armes (KO art. 83) wat ten grondslag die erkenning van die een kerk oor die ganse wêreld heen het, skep ruimte tot gebed.

Eweneens is KO artikel 84 deur kerklike eenheid gemotiveer aangesien heerskappyvoering eenheid sou kon versteur.

Artikel 85 sluit aan by 'n algemeen aanvaarde erkenning dat daar verskeidenheid in die eenheid is.

Artikel 86 het duidelike merkers wat op die intrinsieke belydenis van die eenheid van die kerk geskoei is, soos die verwysings na die enkelvoud "kerk" en "algemene stemme" wat in oorleg met ander kerke en sinodes die kerkorde sou kon verander.

3.4.1 GEVOLGTREKKING:

Die gedagte van die eenheid van die kerk, kom in al haar kerkregtelike handelinge ter sprake en behoort by elke handeling en seremonie in die gebede verreken en verwoord word.

4. GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.

4.1 INLEIDING:

Die heiligkeit van die kerk is nie 'n tipe kwalifikasie (byvoeglike naamwoord van hoedanigheid) wat eers later aan die kerk toegedig is nie, net soos die eenheid is dit 'n wesenstrek van die kerk (Heyns, 1977:130). Met "*heilig*" word die kerk se indikatiewe status beskryf wat eweneens 'n imperatif het dat die kerk haar status moet lewe. Al die belydenisskrifte uit die tweede eeu bely alleen geloof in 'n "*heilige kerk*", die ander eienskappe van die kerk, nl. eenheid, katolisiteit en apostolisiteit, is volgens Landman (1986:159) eers later bygevoeg. In die tweede eeu was die eenheid van die kerk 'n "*vanselfsprekendheid*" terwyl die heiligkeit toe in die gedrang was omdat ketters die kerk besoedel as hulle nie verwyder word nie (Landman, 1986:160).

4.2 SKRIFTUURLIKE GEGEWENS MET BETREKKING TOT DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK:

Hoewel daar nêrens in die Nuwe Testament na die kerk as "*heilige kerk*" verwys word nie, is daar talle sinonieme en aanverwante verwysings:

In 1 Kor 1:2 wissel Paulus "*gemeente*" af met "*geheiligdes*" en "*geroepe heiliges*" terwyl hy "*gemeente*" en "*heiliges*" in 2 Kor 1:1 awissel. In Ef 1:1 saamgelees met 1:23 is dit duidelik dat Paulus daar "*heiliges*" en "*kerk*" identifiseer asof dit wisselterme is. Dieselfde tendens tref ons aan in Rom 1:7, Fil 1:1, Kol 1:1 en Kol 3:12 "*as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes*." Eweneens verwys Petrus (1 Pet 2:9) na die kerk as "*n heilige volk*".

Paulus se briewe se adresse aan die "*heiliges*" is nie primêr 'n etiese verwysing nie, maar word parallel gebruik met begrippe soos "*geroeopenes*" (Rom 1:7; 1 Kor 1:2; 2 Kor 1:1), "*uitverkorenes*" (Rom 8:33; Kol 3:12), en "*gelowige*" (Kol 1:2). Al hierdie begrippe impliseer assosiasie met die Heilige Gees (Seebass, 1976:229). Heiligkeit behels 'n verhouding met God waar gelowiges deur die Heilige Gees gelei word (Rom 8:14) wat 'n gedrag voor God se aangesig (Bavink, 1931:504) vereis wat korreleer met die eis van die Heilige Gees wat in hulle woon (1 Kor 3:16,17; 6:19).

Dieselfde heilige karakter word aan beide die kerk in Jerusalem (Rom 15:25,26; 1 Kor 16:1,15; 2 Kor 8:4) as aan die kerke uit die heidene (Rom 1:7; 1 Kor 1:2) toegeken (Du Plooy, 1982:141). In 1 Kor 14:33 word die kerke elkeen afsonderlik en almal gesamentlik "*al die gemeentes van die heiliges ...*" genoem

om hulle duidelik van die profane Griekse *εκκλησία* te onderskei om dus binne die Hellenistiese wêreld 'n onderskeibare verband te vorm (Du Plooy, 1982:142).

Heiligkeit beskryf die eienskap wat God aan sy kerk gee (indikatief) waartoe die kerk en haar lede die imperatief tot heiligmaking moet nastrewe: "Wees *heilig*, want *Ek is heilig*" (Lev 19:2; 1 Pet 1:15,16). In haar lidmate en selfs in haar handelinge en besluite is die kerk nie heilig in die sin van sondeloos nie (Du Plooy, 1982:144), daarom dat alles toetsbaar bly aan die Woord, maar soos Paulus in talle van sy briewe na die gelowiges as "*heiliges*" verwys (vgl. Rom 1:7; 3:9-20; 12:2-5; 1 Kor 1:2; 3:3; 5:1; 2 Kor 1:1; 6:11-18) is dit omdat Christus se heiligkeit uit genade aan die kerk toegerek en deur die Heilige Gees toegepas word (Kleynhans, 1982:39). Heiligkeit as imperatief het immers 'n voorwaardelike karakter vir die gemeenskap (*κοινωνία*) van die heiliges (Du Plooy, 1982:144).

Heb. 13:12 (vgl. 2:11) stel dit duidelik dat Christus as Hoëpriester sy volk heilig. Dit het beide 'n kultiese as etiese betekenis: kulties wat dui op die indikatief van Christus se werk wat die kerk in 'n nuwe verhouding gebring het en eties die morele uitlewing van daardie verhouding deurdat die Heilige Gees in die kerk woon en haar lei sodat die apostolisiteit van die kerk haar in haar heiligkeit bewaar. Vanweë die werking van die Heilige Gees beteken die heiligkeit van die kerk nie "*wêreldmyding nie, maar huis wêreldwyding*" (Smit, 2006:101).

Die heiligkeit van die kerk het 'n imperatief na binne na die "*hart*" van die kerk en 'n imperatief na buite ten opsigte van die wêreld sodat eersgenoemde heiligmingshandeling op die kerklike tug betrek kan word en die imperatief wat op die wêreld gerig is, meer 'n polemiese karakter dra om die kwaad te weerlê.

4.2.1 GEVOLGTREKKING:

4.2.1 Kerkregeerders behoort op beide die status as die etiek van die kerk as "*heilig*" ag te gee in hul regering en gebede om regering.

4.3 GEGEWENS UIT DIE LITERATUUR T.O.V. GEBED EN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.

Beide die Apostoliese as die Geloofsbelijdenis van Nicea kwalifiseer die kerk as heilig, terwyl die NGB in artikel 27 bely dat die kerk 'n "*heilige vergadering*" is.

Dit blyk dat daar in die Nuwe Testament drie woordgroepe (Seebass, 1976:228v) is wat met "*heilig*" vertaal kan word:

- 1). *ἱερος* wat op die weselike verbode dinge wys wat toegewy was aan godsdiensstige handelinge.
- 2). *ἅγιος* die mees voorkomende woordgroep wat 'n etiese betekenis dra.

3). οσιος dra ook 'n etiese betekenis met 'n balans tussen God se gebooie en die mens se verantwoordelikheid.

By αγιος is die gedagte nie soseer afsondering nie, maar positief die gedagte van 'n ontmoeting (met God) wat 'n sekere optrede verg (Seebass, 1976:224) (αγιος korreleer met die Hebreeuse *kadad*). As Israel in Deut 7:6 en 14:2,21 die "heilige volk" genoem word, is dit met betrekking tot God. Hiermee word hulle afsondering van die praktyke en godsdienstige voorwerpe van vreemde gode bedoel wanneer Israel die hele wet onderhou (Deut 26:18v) as heilige volk van God. Hulle word 'n onderskeibare gemeenskap, 'n heilige kerk (Du Plooy, 1982:141).

God word in die Nuwe Testament slegs op enkele plekke heilig genoem (vgl. Joh 17:11; 1 Pet 1:15v; Op 4:8; 6:10; Seebass, 1976:228) en Christus word slegs een maal saam met God so genoem (Op 3:7). Die rede daarvoor is dat die gedagte van heiligeheid in die Nuwe Testament deur die Heilige Gees bepaal word (Seebass, 1976:228). Toegang tot die kerk kom immers alleen deur die weg van geloof en bekering (Hand 2:38).

Die konteks van heiligeheid in die Nuwe Testament fokus nie in die kultus nie, maar in die profesie (Seebass, 1976:228). Die heiligeheid behoort nie meer aan dinge, plekke en voorwerpe (die heiligdom soos in die Ou Testament) nie, maar aan die manifestasies van die lewe wat deur die Heilige Gees bewerk word. Hieroor kan ons opmerk dat Rome egter nog vashou aan die liturgiese, seremoniële heiligeheid waardeur God deur die kerk in die gelowiges heiligeheid sou bewerk (vgl. Bavink, 1930:305).

Heiligeheid is 'n wesenseienskap van die kerk wat in God se Raad begrond is (Heyns, 1977:130) en deur Homself tot uitvoer gebring word en kan aldus omskryf word as 'n status wat God aan die kerk toeken (Heyns, 1977:130) as indikatief, maar waarvolgens die kerk voortdurend moet lewe as imperatief. Hierdie heilige status van die kerk is direk herleibaar daartoe dat Christus, haar Koning, heilig is. Die heilige sondelose Hoof, Christus, het 'n heilige liggaam (Du Plooy, 1982:140).

Heiligeheid as status wat God met die ontstaan aan die kerk gegee het, moet nie verwarring word met heiligmaking nie, die status is 'n gegewene terwyl heiligmaking ontwikkeling ondergaan in 'n proses van etiese evolusie.

Die ontstaan van die kerk lê vóór-histories in God se Raadsplan (vgl. DLR 1:6,9,14; 2:9) en grond in God en sy heiligende handelinge (Heyns, 1977:130).

Heiligeheid as status is dus 'n geestelike toegerekende heiligeheid met 'n lewenseis. So bely ons in die HK So 44 v/a 114: "selfs die allerheiligste het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie Basisteoretiese

gehoorsaamheid, maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die geboeie te lewe."

Die heilige kerk (indikatief) is geroep tot heiligmaking (imperatif) in haar belydenis sowel as in al haar handelinge en besluite om die beeld van Christus te word ("Wees heilig want Ek is heilig", 1 Pet 1:16). Heiligkeit het 'n betekenisveld wat dui op beide afgesonderdheid en reinheid (Louw & Nida, 1988:745).

Naas die toegang tot die kerk deur geloof en bekering (Hand 2:38) is die sakramant van die doop as heiligingshandeling ter sprake wat as sigbare teken 'n onsigbare saak beteken: water wys op die awassing van die sonde (Hand 22:16; Heyns, 1978:338v).

4.4 GEVOLGTREKKINGS M.B.T. DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK EN GEBED.

4.4.1 Kerkregeerders behoort in alle handelinge en besluite ag te gee dat die kerk haar heiligkeit as indikatiewe toegerekende status sowel as in haar etiese gedrag sal bewaar.

4.4.2 Kerkregeerders moet weet dat die heiligkeit 'n verhouding met God behels waar gelowiges deur die Heilige Gees gelei word sowel op kultiese as etiese vlak en as sodanig in die gebede verreken behoort te word.

4.4.3 Die kerk se heiligkeit beteken noodwendig toewyding in positiewe sin en afsondering van verbode dinge in negatiewe sin. Kerkregeerders behoort na gelang van die agenda voor hande beide aspekte in hul gebede te vertolk.

4.5 KERKREGTELIKE FOKUS OP DIE KERK SE HEILIGHEID EN DESNOODSE GEBEDSNOODSAAKLIKHEID:

Met reg is reeds hierbo verklaar dat die Kerkorde gebou is op die belydenis van die eenheid, heiligkeit, algemeenheid en Christelikheid van die kerk. Hier let ons op die besondere plek wat die belydenis van die heiligkeit van die kerk in die kerkorde inneem met die oog op die inrigting van en bewoording en draagwydte van die gebed dienooreenkomsdig.

Die bewoording van KO artikel 1: "*goeie orde in die kerk van Christus*" impliseer met die verwysing na Christus reeds heiligkeit terwyl die woorde "*toesig*" en "*kerklike tug*" meer in die rigting van heiligmaking dui. Die "*goeie*" in "*goeie orde*" het 'n morele en juridiese (kerkregtelike) reikwydte ten opsigte van herkoms en bedoeling, herkoms as synde afgelei uit die Woord en bedoeling as synde in ooreenstemming met die Woord.

Daar word veronderstel dat daar 'n waardeoordeel in KO artikel 3 oor heiligheid in kerklike optrede as regeringshandeling gemaak word as dit "*vir niemand geoorloof*" sal wees om predikant te wees sonder beroeping en toelating nie. Die saak van die handhawing van heiligheid in hierdie verband word verder gevoer in artikels 4 en 5 as daar ondersoek moet wees oor 'n kandidaat se "*leer en lewe (peremptoire)*" met opvolgende "*approbasie en goedkeuring*" nadat geen "*wettige beswaar ingedien*" is in die drie weke approbasietydperk nie. Alle middele word dus aangewend sonder om halsoorkop te handel met die heiligheid van die preekstoel. So wil KO art. 8 nie die pad van buitengewone gawes as heiligingshandeling tot die preekstoel toemaak nie. In dieselfde verband kan ook na KO art. 9 verwys word wat predikers uit ander kerke of sektes as heiligingshandeling uitsluit "*behalwe met groot versigtigheid*". Verder word daar 'n "*sekere tyd*" vereis waarin diesulkes "*goed beproef*" word, wat opsigself 'n heiligingshandeling van oordeel behels ten opsigte van veral toewyding en die afsondering van dwalinge.

KO artikels 10-12 (in verband met losmaking, versorging en uitdienstrede) verbied onetiese handelinge wat die heilige karakter van die kerk kan aantast terwyl dit eweneens op korrekte heilige handelinge duif. In hierdie verband kan ook na artikels 13,14,15 verwys word waardeer die heiligheid van die kerk gehandhaaf word teenoor individualisme en subjektivisme. KO artikel 16 verwys in die taak van die bedienaars van die Woord uitdruklik na die heiligheid van die kerk as daar gereël word "*om goed ag te gee op hulle medebroeders ... die kerklike discipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind*".

So kan baasspelerigheid en hiërargie die heiligheid van die kerk skend, daarom moet daar gelykheid tussen die ampte bestaan (KO art. 17).

Professore weer kry 'n pertinente opdrag m.b.t. die heiligheid van die kerk as hulle polemies die "*suiwere leer teen die ketterye en dwalinge verdedig*" (KO art. 18) omdat dit die karakter van die kerk skend.

Die verkiesing van ouderlinge en diakens behels eweneens 'n heiligingshandeling as die verkosenes deur approbasie met verskeie afkondigings gesuiwer word van enige wettige besware (KO art's 22,24). Dis veral die ouderling se ampspligte wat die heilige karakter van kerk die wil bewaar deur die aksies van toesighouding, stigting, onderrigting, ens. (KO art. 23).

Die heilige karakter van die kerk moet ook vir die wêreld sigbaar wees en so bepaal KO art. 28 die verhouding van die kerk met die owerheid.

In die gedeelte van die Kerkorde oor die kerklike vergaderings is daar etlike maatreëls wat uitgelig kan word wat op die bewaring van die kerk se heiligheid

dui. Die agenda en besluitnemingsproses moet “*kerklik*” wees, dus ook by haar heilige karakter pas (KO art. 30,46) en tog kan daar sake wees wat hierdie heiligheid aantas en daarom word ‘n weg tot remedie in KO art. 31 aangedui om die heilige kerk in haar status en handelinge te bewaar.

Vanweë die gevaar van subjektivisme en regter-in-eie-saak te wees wat die kerk se heiligheid in gedrang kan bring, word die stemreg aldus bepaal in KO art. 33.

Synde ‘n gevaar dat die ou mens die nuwe mens kan oorwoeker in ‘n vergadering en persone kan “*redetwis en al te heftig spreek*” word daar in KO art. 35 ‘n oplossing gebied om die kerk se heiligheid te beskerm wat selfs ‘n vorm van sensuur kan behels.

Die bestaan van ‘n kerkraad (KO art. 37), die instelling daarvan (KO art’s 38,39) en uitkringende roeping volgens mate van naburigheid (KO art. 41,47,50,51) beoog steeds o.a. die handhawing van die kerk se heiligheid. Veral die vrae by artikel 41 en die verwantskap met art. 44 ten opsigte van visitasie is om enigsins sake wat die heiligheid van die kerk kon skend betyds te diagnoseer.

Dis sowel in indikatiewe as in etiese sin wat die heiligheid van die kerk in die gedrang kan kom in die derde afdeling van die kerkorde oor die leer, sakramente en ander seremonies. Gebondenheid aan die leer van die kerk (KO art’s 53,54,55) verseker die indikatiewe heiligheid terwyl “*valse leringe en dwalinge*” (art 55) die heiligheid geweld kan aandoen.

Sowel die doop (KO art. 56) as die nagmaal (KO art. 61,62) word heilige handelinge genoem met reëlings t.o.v. toesig (art. 57) daaroor asook die eenvormigheid van die plegtigheid volgens die formuliere (art. 58,59,62) met die apogetiese opmerking rondom die nagmaal “*dat alle bygeloof vermy moet word*” (art. 62) en wat onder toesig van die ouderlinge in erediens geskied (art. 64) wat die heiligheid van die kerk en haar seremonies in die oog het.

Selfs wat begrafnisse (KO art. 65) en huwelike (KO art. 70) aanbetref wat familieaangeleenthede is, is daar versigtigheidsreëlings met die oog op etiese heiligheid.

Die kerklike tug (KO art’s 71 – 81) is ‘n middel wat Christus aan sy kerk gegee het om haar heilige karakter te bewaar (Matt 18:15,16; Bavink, 1931:504). Gebede by die tugoefeninge, as die sleutelmag van Christus uitgeoefen word (soos ook by regspraak en appelle), geskied met die oog op heiligheid (Hooijer 1865:52).

Selfs die saamgee van attestasies wat oor beide “*belydenis en wandel*” handel, het direkte verwantskap met die heiligheid van die kerk as indikatief sowel as

imperatief.

Heerskappyvoering oor mekaar as sondige eienskap van die mens, is in staat om die kerk se heiligeheid te benadeel, daarom die ordening in KO art. 84.

Selfverheffing in 'n sondige gesindheid wat meerderwaardig teenoor buitelandse kerke mag wees oor middelmatige sake sou so 'n verhouding vertroebel en die heiligeheid van die kerk verongeluk, daarom die ordening van "nie veroordeel nie" (KO art. 85).

Uiteraard behoort daar tussen gelowiges en kerke 'n ooreengekome norm wees waaraan almal objektief gemeet kan word, maar so 'n norm kan nooit staties wees nie, maar durf ook nie lukraak deur enigeen verander word nie omdat die kerk heilig is, daarom die *mutuo concensus* van KO art. 86.

5. GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT (ALGEMEENHEID) VAN DIE KERK.

5.1 INLEIDING:

Die woord *katolisiteit* kom nie in die Ou of Nuwe Testament voor nie (Nijkamp, 1991:110; Bavink, 1930:307), maar is uit die profane gebruik daarvan oorgeneem: "dit wat op die geheel betrekking het" (Pelser, 1979:11; Berkhof, 1962:10). Die woord kom eers in die na-apostoliese tyd voor (Pelser, 1979:14v) na aanleiding van ketterye en kerkskeuringe (Bavink, 1931:504; Berkhof, 1962:11) en word deel van die Apostoliese Geloofsbelidens.

Die ouere weergawes van die Twaalf Artikels bely net die *heilige kerk* (*sancta ecclesia*) (Bavink, 1931:504; Landman, 1986:153). Die teks is in die vierde eeu verander om te lui "ek geloof 'n (een), heilige, katolieke kerk" (*Credo sanctam ecclesiam catholicam*) (Nijkamp, 1991:110). Tog het die begrip "*katoliek*" in 'n brief van Ignatius aan die gemeente in Smirna (begin 2de eeu) en in die opschrift van die Martyrium van Polycarpus (2de helfte 2de eeu) voorgekom met 'n geografiese betekenis: "die oor die hele wêreld verspreide kerk" (Nijkamp, 1991:110; Pelser, 1979:14v).

Augustinus het die katolisiteit verbind het met die merktekens van die ware kerk sodat daar naas die kwantitatiewe betekenis (numeriese katolisiteit) wat uit die geografiese betekenis groei (Pelser, 1979:20) ook 'n kwalitatiewe betekenis aan die woord katoliek geheg is wat dui op "het geheel der openbaring en het geheel der gehoorsaamheid" (Nijkamp, 1991:111; Berkhof, 1962:11). Vanweë die onderlinge stryd tydens die reformasie met Rome het Luther die woord "*katoliek*"

in sy kategismus vertaal met die woord “*Christelik*” (Pelser, 1979:48) en is die woorde “*katolieke*” in teenstelling met “*protestants*” gebruik (Pelser, 1979:31). Calvyn (Inst. IV,1,2) het aan beide die geografiese uitgebreidheid van die kerk gedink asook aan die feit dat die kerk één liggaam is wat (as onsigbare kerk van uitverkorenes) onder één Hoof verenig is en het die woord “*katolieke*” sinoniem met “*universalis*” gebruik (Pelser, 1979:63). Die kerk is algemeen omdat daar nie twee of meer kerke kan bestaan sonder dat Christus verskeur word nie (Calvyn Inst. 4:2,45).

5.2 SKRIFTUURLIKE VERWYSINGS NA DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK.

Die tekste waarop die kerkvaders hulle beroep het om die katolisiteit te bely, wat daarop duï dat die Christendom ‘n wêrelgodsdien is “*voor alle volk en eeuw, voor iederen stand en rang, voor elke plaats en tijd bestemd en geschikt ... internationaal en kosmopolitisch ...*” (Bavink, 1930:307), is o.a. Gen 12:3; Ps 2:8; Jes 2:2; Jer 3:17; Mal 1:11; Matt 8:11; Mat 24:14; 28:19; Joh 10:16; Rom 1:8; Rom 10:18; Ef 2:14; Kol 1:6; Op 7:9.

Die eenheidslyn van die mens loop vanaf Adam en Eva (Pelser, 1979:84), met die Nuwe Testamentiese interpretasie daarvan in Handelinge 17:26 waar Paulus preek dat God “*uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak*” het en uiteindelik mond die algemeenheid uit in die beskrywing van die eskatologiese gesig van Op 7:9 met gelowiges voor die troon “*uit alle nasies en stamme en volke en tale*”.

‘n Tweede lyn loop vanaf Abram se roeping en God se belofte dat in Hom “*al die volke geseen sal word*” (Gen 12:2) en verder loop die lyn van universaliteit van die volk Israel deur na die profete (Joël 2:32; Miga 4:1,2; Sef 2:11; Jes 25:6-10).

Die Nuwe Testament gaan daarmee voort. Dwarsdeur Jesus se optrede verwys Hy daarna dat sy boodskap vir die nasies is (vgl. Matt 8:11,12; 15:24; 28:19; Mk 1:15; 16:15;). Handelinge verbind die katolisiteit van die kerk met Pinkster: Hd 1:8: “*Julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot by die uiterste van die aarde.*”

Die algemeenheid van die kerk is in die beskrywing van Paulus se sendingreise in die boek Handelinge en sy brieve aan verskeie gemeentes duidelik metveral sy verwysing na Christus as die “*Hoof en die kerk (enkelvoud), sy liggaam (enkelvoud)*” (Kol 1:18).

Die katolisiteit van die koninkryk moet “*horisontaal oor die hele wêreld*” weerklink en “*vertikaal in diepte in elke volk insny*” (Du Plooy, 1982:165).

Matt 24:14 is nie primêr 'n tradisionele sendingopdrag nie, maar verklaar in groot mate die betekenis van die begrip katolisiteit: "*En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies.*" Daar bestaan dus geen grense in geografiese, politieke, taal, ras of kulturele sin vir die verkondiging van die koninkryksevangelie in die wêreld nie (Du Plooy, 1982:165; Pelser, 1979:344).

5.3 GEGEWENS UIT DIE LITERATUUR T.O.V. GEBED EN DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK.

Die katolisiteit is al die "*hoofprobleem in die gesprek tussen die geskeie kerke*" genoem (Pelser, 1979:4) en daarom kan dit nie met al die geskeidenhede en gesprekke daaroor sommer as onbelangrik afgemaak word ten opsigte van die gebed vir die opbou van die kerk in die kerkregering nie. Op hierdie wyse kan die kerk sy roeping vervul om met sy grense al hoe meer katoliek te skuif met die oog op die wye grens van die koninkryk van God.

Tydens die opkoms van die Rooms Katolismus is die begrip betrek op die een "*sigbare heilsinstituut*" van die Roomse Kerk "*waarbuite geen saligheid*" is nie (Feenstra, 1959:177). Vir Rome moet die katolisiteit van die kerk '*n sigbare kenmerk* wees waar sy onder alle volke een ledetal oor die wêreld heen het.

Tenoor hierdie Roomse beskouing van een sigbare heilsinstituut oor die hele wêreld, bely Gereformeerdes in die NGB artikel 27 die kerk as 'n geestelike werklikheid wat alleen deur die geloof waarneembaar is: "*Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, gehelig en verseël deur die Heilige Gees.*" Daarna word die katolisiteit bely in terme van tyd en plek, persone en prerogatiewe:

1. Dit omspan alle tye: "*Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe*" met twee motiverings nl. dat "*Christus 'n ewige Koning is wat nooit sonder onderdane kan wees nie*" en dat God Self die kerk bewaar.
2. 'n Gebondenheid van die kerk aan sekere plekke of persone is verwerp: "*Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi.*"
3. Dit het 'n eenheidselement wat weliswaar gebonde is aan onsigbaarheid: "*nogtans is dit saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof.*"

Dis veral ten opsigte van die tweede punt waar die universele kerk die roeping tot sigbaarmaking het.

Die derde punt verwys na die onmisbare werking van die Heilige Gees om die

katolisiteit van die kerk te realiseer wanneer Hy kerke, en nie net individue nie (Pelser, 1979:128) vergader, onderhou en beskerm (Pelser, 1979:126). In hierdie verband is die gebed om die volheid van die Heilige Gees in die kerkregering onmisbaar vir die kerk se roeping t.o.v. haar katolisiteit.

Die universele kerk word in die plaaslike kerk geopenbaar, of te wel, die plaaslike kerk is die universele kerk op daardie plek (Du Plooy, 1979:21). “*Die kerk is nie eers in universele verband katoliek nie, maar die plaaslike kerk is reeds in die volle sin van die woord katoliek net soos die eerste gemeente in Jerusalem katoliek was*” (Pelser, 1979:132). Die plaaslike kerk moet dus reeds aan die katolisiteit van die kerk op plaaslikevlak uitlewing gee (Pelser, 1979:132) en het ‘n roeping tot kerkverband sowel as ekumenisiteit waarbinne die katolisiteit tot sy reg moet kom omdat God se koninkryk oor die ganse aarde verkondig moet word (Du Plooy, 1982:161).

In die uitlewing van die katolisiteit is daar ‘n kwalitatiewe en ‘n kwantitatiewe aspek (Pelser, 1979:140) waar eersgenoemde laasgenoemde vooraf behoort te gaan. Die kwalitatiewe aspek dui op die vertikale of waarheidsaspek as vormgewing aan die soteriologie en eskatologie en die kwantitatiewe aspek gee vorm aan die horizontale kosmiese aspekte wat verwys na getalle en ruimte. Die kerk moet die evangelie van die koninkryk grensloos (Du Plooy, 1982:162) oor die ganse wêreld (kosmos) verkondig om dissipels van “al die nasies” (Mat 28:19) te maak tot aan die “*eindes (εσχατον) van die aarde*” (Hand 1:8). Die katolisiteit is ‘n wesenstrek van die kerk, in sy wese is die kerk “universeel en algemeen gerig” (Smit, 2006:98) omdat dit die wil van God is dat sy kerk “*op baie plekke en onder alle volke in die hele wêreld moet bestaan*” (Du Plooy, 1982:162). Die kwalitatiewe (vertikale) dimensie van die katolisiteit dui op die volheid waarmee Christus se kerk vervul. Pelser (1979:141v) het ‘n uitgebreide studie gedoen oor die betekenis en implikasies van die begrippe *πληρωμα* en *σωμα* (volheid/vervul) vir die katolisiteit van die kerk wat op vertikale dimensie die dinamiese karakter van die kerk beklemtoon as sy steeds meer deur die werking van die Woord en Gees word wat sy in wese is dat sy vol word van Christus en sy Gees (vgl. Du Plooy, 1982:164; Abbott-Smith, 1936:366).

Die waarheid van die kerk se katolisiteit as “*ene wêreldkerk, ongeacht ras of stand of welke andere scheidslijnen ook*” (Feenstra, 1959:177) is in die tyd van die Reformasie in verskillende lande en kerke op eie vrye, selfstandige wyse bely (Bavink, 1930:308) sodat daar op die Sinode van Dordtrecht 1618/19 afgevaardigdes was van oor die ganse gereformeerde spektrum uit 17 lande.

‘n Kerk is katoliek as sy die heerskappy van Christus in tyd en ruimte proklameer (indikatief) en praktiseer (imperatief) (Pelser, 1979:82). Soos hierbo gesê, geld dit natuurlik vir sowel die plaaslike as die algemene kerk om die onsigbare gestalte van die kerk sigbaar te maak in die instituut (organisasie) en Basisteoretiese

funksionering van die kerk waarvan kerkregering 'n integrale deel vorm. Om die doel van katolisiteit te bereik, "het die kerk die roeping om soteriologies na binne en kosmologies na buite" te werk (Pelser, 1979:178). Die "kerkstruktuur" moet deur die ampte die katolisiteit dien om die liggaam van Christus op te bou en gelowiges tot hul diens toe te rus (Berkhof, 1962:87). Die implikasies hiervan vir die kerkregering en gebed fokus veral op die dienste in en struktuur van die kerk sowel as op die leer en seremonies.

Tog bly die katolisiteit allereers 'n voorwerp van geloof (Berkhof, 1962:83) in 'n vertikale dimensie waarna dit in gehoorsaamheid aan die Woord in 'n horisontale dimensie sigbaar beleef en nagestreef behoort te word (Pelser, 1979:1). Berkhof wys nie die tweedeling van sigbaar en onsigbaar af nie, maar meen dat die belydenis van die sigbare kerk oor die sigbare kerk handel (Berkhof, 1962:88). So blyk dit uit die Heidelbergse Kategismus So 7 v/a 22 "*Wat moet 'n Christen glo? Alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.*" Met hierdie aanhaling uit die 12 Artikels binne die reformatoriële belydenisskrif, die Heidelbergse Kategismus, blyk die erns van die reformatoriële kerke met die vashou aan die belydenis van die katolisiteit ongeag die spanningsituasie met Rome waarbinne die Heidelbergse Kategismus ontstaan het. Waar die 12 Artikels bely word, daar word die kerk geopenbaar en al word daar in die NGB art. 29 onderskeid getref tussen die merktekens vir 'n ware en valse kerk, grond ook dit allereers in NGB art 27 waar die katolisiteit bely word. Die katolisiteit as eienskap van die kerk gaan die kenmerke van ware en valse kerke vooraf. Dit het verrekende implikasies vir die kerk se ekumeniese roeping aangesien die "*katolisiteit die eintlike wese, siel en ideaal van die ekumene is*" (Pelser, 1979:4,7). In hierdie verband meen Berkhof (1962:88) dat die ekumeniese roeping van die kerk op die vlak van opgawe (imperatief) lê om die gawe (indikatief) te realiseer.

So word in uitkragende reikwydte van sake meerdere vergaderings gehou om mekaar in die kerkregering by te staan en selfs in ekumeniese verband te beïnvloed, soos die geval van Sinode GKSA 1985 (Acta, 1985:614-654) ten opsigte van volkereverhoudings. Die één kerk van Christus word immers plaaslik openbaar, maar bly verbonde aan die één kerk wat oor die wêreld heen bestaan (HK So 21 v/a 54). Die NGB art. 27 verwoord dit so: die kerk is "*oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig*". Kerkregering en besluite dra dus nie bloot 'n na-binne gerigtheid op die self (plaaslike kerk) nie, maar staan in verband met mekaar en is gerig op die opbou van sowel die plaaslike (self) as die algemene kerk. Die katolisiteit van die kerk rus in die feit dat die kerk Christus se liggaam is wat in sowel die plaaslike as universele kerk tot uitdrukking moet kom (Du Plooy, 1979:21).

Die heerskappy van Christus wat deur die kerk bedien word, strek oor alle terreine van die lewe en alle sake sodat daar 15 modaliteite oor die werklikheid onderskei kan word: pistiese, etiese, juridiese, estetiese, ekonomiese, sosiale, linguistiese, historiese, analitiese, psigiese, organiese, fisiese, kinematiese, ruimtelike en aritmiese (Duvenage, 1975:5). Vir elke modaliteit geld die beginsel van soewereiniteit in eie kring sowel as die beginsel van universaliteit in eie kring waar laasgenoemde die samehang tussen die verskillende modaliteite waarborg (Duvenage, 1975:5). Hoewel daar kritiek teen Kuyper se leer van soewereiniteit in eie kring ingebring word (Du Plooy, 1982:134) dat samelewingsverbande soos huis, skool en staat op dieselfde vlak as die kerk gereken word, het Duvenage (1975:5) die filosofiese bruikbaarheid van hierdie onderskeiding uitgelig in die konteks van die noue verhouding tussen koninkryk en kerk. Hierdie omvangryke werklikheid waarbinne hierdie modaliteite onderskei (maar nie geskei) word, beskryf die sosiologiese dimensie (Breytenbach, 1986:4) waarin die kerk haar bevind en waarbinne sy uitdrukking moet gee aan veral die universaliteit in die katolisiteit. Hierdie sosiologiese dimensie van die kerk se katolisiteit behoort in die gebede verreken te word aangesien die kerk midde in die tyd bestaan en midde in 'n kultuur, taal, volk, ens. bestaan en die katolisiteit nie iets a-histories is nie, maar vol in haar eie leeftyd haar roeping in haar leefwêreld op hierdie terreine moet volbring.

Die merktekens waaraan die ware en valse kerk van mekaar onderskei kan word, nl. die leer, sakramente en tug, is die norme waarvolgens die katolisiteit sigbaar gemaak moet word (Pelser, 1979:190).

Kerkregeerders moet waak teen faktore wat die sigbaarmaking van die katolisiteit strem, hetsy dit teologies, filosofies, spiritualisties of rasionalisties is. Daar mag ook konfessionele hindernisse bestaan soos t.o.v. die Roomske en die sektewese. Kerkregtelike belemmeringe van die katolisiteit kom ook voor m.b.t. die Roomse, Lutherse (territoriale), episkopale, kollegialistiese en independentistiese stelsels (vgl. Pelser, 1979:228-242).

Die katolisiteit van die kerk raak die ekumeniese verhoudings van die kerk (Smit, 2006:90; Berkhof, 1962:108). Die woord "ekumene" kom van die Griekse woord *οἰκουμενή* vir die "bewoonde wêreld" (Mat 24:14, Luk 4:5, Op 3:10). Die woord word later met die kerk in haar geheel in verband gebring. Die Konsilie van Konstantinopel in 381 verwys na die Sinode van Nicea van 325 as 'n "ekumeniese sinode" (Bronkhorst, 1959:243). Dit gaan om 'n "wêreldwye bijeenhoren van Christus' kerk" (Bronkhorst, 1959:243) in die konteks van Matteus 28:19. "De oecumeniciteit is doel en vrucht van de katoliciteit" (Berkhof, 1062:110).

Ekumenisiteit is juis geleë in die erkenning dat Christus se heerskappy nie tot die eie kerkgemeenskap beperk is nie, maar wêrelwyd is (vgl. Ef 3:18 "om saam

met alle gelowiges te begryp ..."). Kerke is met mekaar in verband in ekumeniese

sin (Du Plooy, 1982:167) namate die evangelie vanuit Jerusalem oor die hele wêreld verkondig is en verkondig word. In 1 Kor 14:36 vra Paulus 'n retoriiese vraag met 'n ekumeniese betekenis: "*Het die Woord van God miskien van julle af uitgegaan? Of het dit julle alleen bereik?*" Daar behoort dus erkenning te wees van 'n diversiteit binne die ekumene wat nie een van die vier wesenskenmerke van die kerk uitkanselleer nie.

Die katolisiteit van die kerk het laastens ook 'n eskatologiese dimensie in die sin van die "reeds" en "nog nie" (Ridderbos, 1972:68) om die komste van die volheid (*πληρωμα*) (Ef 1:22,23; vgl. Pelser, 1979:141). In hierdie verband bid die kerk om die komste van die koninkryk "*En die Gees en die bruid sê: Kom!*" (Op 22:17,20). "*En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom*" (Matt 24:14). Die eskatologiese gerigtheid van die kerk se katolisiteit blyk ook in 1 Kor 15:28: "*En wanneer alles deur Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles en in almal kan wees.*"

Belemmeringe van die katolisiteit vind plaas rondom die belydenis van Christus as Hoof van die kerk en sy volheid (*πληρωμα*) (Berkhof, 1962:91) met aldus afgeleide interpretasies vir die konfessie en vorm van kerkregering (Berkhof, 1962:95v).

5.4 GEVOLGTREKKINGS:

In hul gebede moet kerkregeerders rekening hou met die katolisiteit as synde 'n wesenskenmerk van die kerk:

5.4.1 Kerkregeerders moenie van hul eie plaaslike kerk maak asof dit die enigste in die wêreld is nie, Christus het as Hoof van die kerk slegs een liggaam wat universeel versprei is oor die hele aarde.

5.4.2 Alle kerke is op grond van die katolisiteit as indikatiële wesenskenmerk aan alle ander kerke gebind en vereis sowel die vorming van kerkverband as die uitlewing van hul ekumeniese roeping tot opbou van die kerk.

5.4..3 Die katolisiteit openbaar homself op 'n kwalitatiewe (ortodokse) en kwantitatiewe (geografiese)vlak en omspan tye, plekke, persone en sake vanweë die inwoning van die één Gees.

5.4..4 Daar is ook 'n sosiologiese dimensie verbonde aan die kerk se katolisiteit wat eietyds en in eie leefwêreld ruimte skep vir diversiteit.

5.4..5 Dogmatiese, spiritualistiese, rasionalistiese en kerkregtelike stremminge en dwalinge kan 'n invloed uitoeft op die uitlewing van 'n kerk se katolisiteit.

5.5 UITWERKING VAN DIE BELYDENIS VAN DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE KERKORDE EN DESNOODSE GEBEDSNOODSAAKLIKHEID.

Die verwysing na “*goeie orde*” in KO art. 1 sluit insgelyks die katolisiteit van die kerk in waar daar geen beperking is op nog die kwantitatiewe of kwalitatiewe betekenis nie.

Ten opsigte van die kerklike dienste, art. 2 -28, word grootliks oor die opbou na binne gehandel met art. 9 wat die katolisiteit van die kerk verreken hoewel die waarheidselement ook verdiskonter word. Wat in hierdie artikel georden word, behoort orals (katoliek) dieselfde te wees.

Rondom die tweede deel van die KO nl. “*oor die kerklike vergaderings*” is die fokus steeds op die eie kerkverband met ‘n duidelike erkenning van God se koningskap oor alle lewensterreine met die verbesondering van die kerklike agenda in art 30, 31, 33, 46. Wat hier geld, behoort algemeen geïmplementeer te word in die katolieke kerk van belyders.

Art. 41 dra die eerste beginsel vir die toepassing van naburigheid ongeag enige aardse beperking om die katolisiteit van die kerk plaaslik te vertoon en uitkragend na die ander meerdere vergaderings (KO 47, 50, 51) in kerkverband met ‘n definitiewe erkenning van die wêreldwye (katolisiteit) kerk in KO art. 52 oor die reëling van korrespondensie, samewerking en kontak met kerke soos duidelik uitgedruk word in die Openlike Verklaring van die GKSA: “*Almal wat dieselfde met ons wens te betrag en te bely, nooi ons uit tot ons kerklike gemeenskap*”.

Ten opsigte van die sakramente, erken art. 59 die belydenis van die katolisiteit van die kerk as daar bepaal word dat dopelinge deur die doop in die “*gemeente van Christus ingelyf*” word en nie bloot in ‘n “*denominasie*” nie.

Eweneens vereng KO art. 62 nie die nagmaalstoelating nie, maar verreken huis die katolisiteit van die kerk waaraan die plaaslike kerkraad uitvoering aan gee. KO art 68 impliseer dat daar ook by geleentheid oor die katolisiteit van die kerk gepreek mag word.

KO art’s 71v gaan uit van die katolisiteit van die kerk sodat onbekeerlikheid nie deur “*church-hopping*” agterweë bly nie. Afsnyding (KO art. 77) behels nie alleen die plaaslike kerk nie, maar die universele.

Sowel KO art. 82 as 83 hou rekening met die katolisiteit van die kerk in die erkenning van mekaar ten opsigte van vertrekende gelowiges.

Art. 85 gaan van die veronderstelling uit dat daar buitelandse kerke bestaan

waardeur 'n reëling ten opsigte van verhoudings t.o.v. katolisiteit getref word t.o.v. middelmatige dinge.

Art. 86 konstateer die *mutuo concensus* ten opsigte van die eie kerkverband, terwyl in die vorige artikels juis reëlings getref is om uitlewing te gee aan de kerk se katolisiteit.

6. GEBED IN DIE KERKREGERING GERIG OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.

6.1 INLEIDING:

Onder apostolisiteit verstaan ons dat daar 'n historiese kontinuïteit met die kerk van die verlede is ten opsigte van oorsprong, boodskap en taak (Kleynhans, 1982:40) hoewel Heyns (1977:147) daaraan twyfel of 'n vierde eienskap van die kerk bestaan en meer dit kan eerder vertaal word met "Bybels" of "Skriftuurlik" en eerder onder die *notae ecclesiae* (kenmerke) tuisgebring kan word (1977:148).

Die Geloofsbelidnis van Nicea bely die *apostolisiteit* terwyl die Apostoliese Geloofsbelidnis en die gepaardgaande verklaring in die HK (v/a 54) die *Christelikheid* bely.

Gegewe die stryd met Rome en die Anabaptiste het die belidnis ten opsigte van die apostolisiteit van die kerk 'n sterk apologetiese onderbou ter wille van leersuiwerheid. Die loslating van die belidnis oor die apostolisiteit van die kerk sal op verskillende vlakke, ook in die kerkregering, lei tot allerlei vorme van onbybelse vorme van sinkretisme (vgl. Coetzee, 2008:221).

6.2 SKRIFTUURLIKE VERWYSINGS NA DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.

Die woord apostolisiteit kom nie as sulks in die Bybel voor nie, maar verwys veral na Ef 2:20 wat stel dat die kerk "*gebou (is) op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is*" (vgl. ook 1 Kor 3:11 en Kol 2:7).

Apostolisiteit gryp terug na Matt 16:18; Hand 2:42; Ef 2:20; Op 21:14; Kol 2:7 terwyl die kerk haar ook daaraan wil hou, soos 1 Tim 6:20; 2 Tim 1:14, 2:2; Judas :17; 2 Pet 3:2 ons leer. Die kerk het die kanon van die Nuwe Testament as sodanig aanvaar as wat die apostels oorgelewer het as heilige reël vir geloof en lewe (Ridderbos, 1959:272).

6.3 GEGEWENS UIT DIE LITERATUUR T.O.V. GEBED EN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.

Daar kan drie aspekte onderskei word om die apostolisiteit van die kerk te beskryf: die leer, gesag en roeping.

6.3.1 Eerstens beteken apostolisiteit dat die kerk gebou is op en haar hou aan die fondament wat die apostels gelê het.

Teenoor die Roomse papisme met hul opvolging van persone in onafgebroke apostoliese suksessie (Smit, 2006:100; Du Plooy, 1982:171) met die onfeilbaarheid van die paus as sou Christus vir Petrus as eerste paus aangewys het) en *corpus/codex christianum* en *ex catedra* uitsprake (Bavink, 1930:308), en teenoor die sektariese gedagte van 'n 'oop kanon' en addisionele openbarings, wil die protestante hulle hou aan die leer van die apostels, dus onderwerp aan die gesag van die Heilige Skrif. Die vasstelling van die kanon hou immers hiermee rekening (Schulze, L.F. 1978:22v).

Nie een van die reformatoriële belydenisskrifte verwys direk na die apostoliese karakter van die kerk nie waarskynlik omdat die Roomse Kerk die apostoliese kenmerk gebruik het vir die wettiging van die priesteramp en dat die begrip waarskynlik misverstaan sou word in daardie tyd (Van Gelder, 2000:55). "Waar de paus is, daar is de ware kerk, de zuiwere leer, de apostoliesche successie." (Bavink, 1930:308). Vir die protestante is nie die *successio locorum et personarum* nie, maar die *successio doctrinæ* 'n wesenskenmerk van die kerk (Bavink, 1930:308; Smit, 2006:101).

Christelike kerke is *apostolies* op grond van die geloofsinhoud wat verkondig word, naamlik "*de apostolische verkondiging van Jesus' eigen boodschap*" (Schillebeeckx, 1980:50/1). Dit gaan dus om die historiese kontinuïteit van die kerk van alle tye met betrekking tot haar "oorsprong, leer en diens" (Du Plooy, 1982:173). Daarvan lees ons in Handelinge 2:42 "*En hulle het volhard in die leer van die apostels ...*" Die kontinuïteit van die kerk is nie geleë in die *successio apostolorum* nie, maar in die *successio doctrinæ* (Heyns, 1977:149) want as die apostoliese amp nie voortgesit word nie, is daar geen grond vir die hiërargiese gesagstruktur wat Rome aan Petrus oor die ander apostels toeskryf nie (Heyns, 1977:149).

6.3.2 In die tweede plek kom die apostolisiteit van die kerk ook daar in uit dat Christus die kerk van Godswéë volmag gegee het om hierdie apostolies oorgelewerde Woord te verkondig en die sleutels van die hemelryk te bedien (Ridderbos, 1959:272). Die volmag om sonde te vergewe of te hou en om die hemelryk oop te sluit en toe te sluit, is nie alleen aan die apostels gegee nie soos

blyk uit Joh 20:23, Matt 16:19,20 (en deur apostoliese suksessie soos Rome beweer oorgelewer nie), maar ook aan die gemeente en met bykans identiese woorde in Mat 18:18 soos die apostels dit later self verwoord in 1 Kor 5:2-5,13; Tit 3:10; 2 Joh :10. Hierdie volmag is nie beperk tot die prediking alleen nie, maar ook op die suiwering van die gemeente deur uitbanning en weeropname (Ridderbos, 1959:272).

Op grond van hierdie volmag behoort die kerkregering biddend daarop afgestem te wees dat die kerkregering in besluite en handelinge, die liturgie en seremonies, ens. toetsbaar bly aan die eksegeties kontroleerbare inhoud van die Bybel om by die waarheid te bly. Die apostolisiteit is die kerk se legitimasie vir sy handelinge (Heyns, 1977:149).

6.3.3 In die derde plek dui die apostolisiteit op die apostolaat van die kerk met 'n drieledige strekking: eerstens bou die kerk haarselv volgens Ef 4:12v as liggaam van Christus op vanuit die evangelie, tweedens moet dwaling en leuens volgens 1 Tim 3:15 uit die kerk geweer word op grond van die waarheid van die evangelie (Pelser, 1979:74) en derdens om ooreenkomsdig Christus se opdrag (Matt 28:19; Mk 16:15v; Luk 24:46v) aan die apostels die evangelie aan die hele mensdom te verkondig, om haar lig aan dié wat buite is, te laat skyn (Matt 5:13v; 1 Tess 1:8; 1 Pet 2:9) (Ridderbos, 1959:272).

Die apostolisiteit van die kerk dui op die fondament van die kerk, op die terrein waar die kerk die evangelie verkondig, asook op die sleutelmag wat sy uitoefen. Sodoende het die apostolisiteit van die kerk 'n invloed op die karakter en die doel van kerkverband (Du Plooy, 1982:176) deur alle kerke aan Christus en aan mekaar bind.

So is die apostoliese eenheid van die kerk 'n belangrike saak waarop sy haar eenheid in die kerkregtelike sin van die woord moet openbaar ten opsigte van die leer van die kerk (Ridderbos, 1959:272). Die volmag om die kerk te regeer het dus ook die apostolisiteit van die kerk in die oog.

Apostolaat verwys onder andere daarna dat die drie ampte soos ons dit vandag ken van predikant, ouderling en diaken natuurlikerwys uit die apostelamp voortvloeи wat opsigself weer gegrond is op Christus se Messiasamp wat op sy beurt weer vervulling is van die Ou Testamentiese ampte van profeet, priester en koning. Al drie funksies van die drie ampte is al in die een amp geleë: die apostels het gepreek (profeties) (Hd 2), die gemeente geregeer (koninklik) (Hd 5:6) en die versorging behartig (priesterlik) (Hd 4:34; 6:2).

Hoewel daar 'n apostoliese eenheid is in die oorsprong van die ampte, is daar 'n verskil van opdrag/roeping ten opsigte van elke amp (diens) in die kerk van Christus. Die gelykheid (gelykwaardigheid/pariteit) van ampte sonder hiërargie

(KO art. 84) hef nie die verskil in funksie op nie (pluriformiteit). Hierdie beginsel is reeds op die Sinode van Emden vasgestel (Hooijer, 1865:67) sodat elke vorm van rangorde en hiërargie afgewys is.

6.4 GEVOLGTREKKINGS:

Kerkregeerders behoort in hul gebede aandag en uitvoering te gee aan die apostolisiteit van die kerk soos blyk uit die volgende as toepassingsmoontlikhede:

- 6.4.1 Die apostolisiteit van die kerk as wesenseienskap dui op haar Skriftuurliekheid in al haar handelinge en dus ook in haar kerkregering.
- 6.4.2 In die uitlewing van haar apostolisiteit is daar 'n apologetiese element ingebou ter handhawing van haar belydenis.
- 6.4.3 Kerkregtelike handelinge, die liturgie en ceremonies is eweneens toetsbaar aan die eksegeties kontroleerbare inhoud van die Bybel.
- 6.4.4 Die gesag van kerklike besluite as bediening van die Woord en hantering van die sleutelmag as bediening van die tug sowel as die verkondiging van die Woord aan die wêreld (apostolaat) rus in die apostolisiteit van die kerk.

6.5 UITWERKING VAN DIE BELYDENIS VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE KERKORDE EN DESNOODSE GEBEDSNOODSAAKLIKHEID.

Wanneer kerkregeerders sensitief is vir die apostolisiteit van die kerk open dit verskeie gebedsgeleenthede en gebedsinhoude wat ontgin behoort te word afhangende van die agenda ter hand

Ten opsigte van die apostolisiteit van die kerk, is daar nie 'n enkele artikel in die Kerkorde wat nie 'n skriftuurlike begronding het nie (Spoelstra, 1989:2). Alles is bediening van die Woord.

Gebedsnoodsaaklikheid ten opsigte van die apostolisiteit van die kerk behels in die eerste plek, soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, 'n deur die Heilige Gees verhelderde verstand om die Skrif te verstaan asook die gawe van onderskeiding om die Woord met wysheid te kan bedien as gesag van Christus.

Die apostolisiteit het 'n direkte invloed op die dienste, gedagdig aan die stryd teen Rome en die Anabaptiste, daarom is KO art's. 2,3,4,5,6,9,11,16,17 en 22-25 versigtig bewoerd om die Woord weer te gee en behoort dit biddend bedien te word.

So het die apostolisiteit ook direkte gevolge vir die sake op kerklike vergaderings,

vgl. KO art's. 30,31,33,46 waar die tipe saak sowel as die wyse van besluitneming en die "gewig" van die besluit uit-en-uit op die apostolisiteit van die kerk steun.

Om dieselfde rede orden KO art. 35 dat 'n predikant as voorsitter van 'n kerklike vergadering presideer huis vanweë die feit dat Christus sy kerk deur die Woord regeer. In die verband het die Sinode van Emden, 1571, gereël dat die predikant van die roepende kerkraad die vergadering in gebed moet lei met die oog spesifiek op die verkiesing van die voorsitter en moderamen (Van Dellen en Monsma, 1969:147).

Soos hierbo oor die eenheid van die kerk aangetoon is, het Christus as Hoof net een liggaam, aldus het KO art. 41 'n Skriftuurlike begronding vir die naburigheid van kerke wat uiteraard gebedsmoontlikhede inhoud.

Eweneens vra die handhawing van die "*suiwere leer*" (KO art. 55) wat grond in KO art's. 53 en 54 wat die ondertekening van die gereformeerde belydenis versoek, gespesifieerde bedes gerig op verstandsverligting, trou, selfverloëning, ens.

Die bediening van die sakrament van die doop het verskeie gebedsgeleenthede vir die kerkregeerde vanweë die feit dat die doop apostolies begrond is soos KO art. 56 dit orden.

Dieselfde tipe gebedsgeleenthede as by die doop dien hul voor by die viering van nagmaal, soos KO art's 61,62 dit oor die apostolisiteit verwoord ten opsigte van toelating dat daar "*belydenis van die gereformeerde godsdiens*" gedoen moes word en ten opsigte van die ritueel dat die "*uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie*".

Gebedsgeleenthed kom ook vir die kerkregeerde voor by die uitvoering van KO art. 68 as dat "*die hoofinhoud van die Christelike leer*" kennelik na 'n apostoliese bedoeling gepreek behoort te word.

Eweneens is daar gronde vir gebed as KO art. 70 na die huwelik wat in die Woord gewortel is, verwys.

Aangesien die tugartikels van die KO (71-78) bykans net 'n parafrasering is van Matt 18:15v en art's 79 – 81 eweneens apostolies is, is daar 'n wye verskeidenheid van bedes moontlik vir die kerkregeerde.

Die gee van kerklike getuenis in KO art 82 (en onderliggend aan KO art. 83) handel oor die "*leer*" van die gelowige wat die apostolisiteit impliseer waar die vertrekende gelowiges en nuwe gemeente bv. aan God opgedra kan word.

KO art. 84 het 'n aanwysbare apostoliese onderbou met 'n apologetiese bedoeling, met gebedspesifiseringsmoontlikhede wat bv. heerssug afwys en selfverloëning vereis.

In die beoordeling van wat "*middelmatige dinge*" is ten opsigte van buitelandse kerke (KO art. 85), kan dit immers net biddend geskied op grond van die apostolisiteit van die kerk as beoordelingsnorm.

7. SLOT:

Hiermee is vanuit die Skrif en relevante literatuur aangetoon dat die vier wesenskenmerke van die kerk nl. eenheid, heiligkeit, katolisiteit en apostolisiteit, duidelik verdiskonter is in die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika en dat dit afgestem is op die opbou van die kerk as *ius constituendum*.

Kerkregeerders is dus nie verleë oor sake waarvoor gebid behoort te word nie, maar behoort na gelang van die agendas hierdie vier wesenskenmerke van die kerk in gebed te verwoord.

Vanuit bogenoemde gevolgtrekkings oor die vier wesenskenmerke van die kerk kon ons iets van die *ius constituendum*, die reg soos dit na die eis van die Skrif behoort te wees, vaslê om in die volgende hoofstuk (4) die *ius constitutum* as die vigerende reg (*status quo*) soos dit tans in die GKSA geld, te toets om in nog 'n hoofstuk (5) riglyne te probeer gee om die *ius constitutum* nader aan die *ius constituendum* te bring.

HOOFTUK 4.

PRAKTYKTEORETIESE ONDERSOEK NA DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUTUM.

1. INLEIDING:

In hierdie hoofstuk gaan ek die praktyk (*ius constitutum*) van die gebed in die kerkregering van die GKSA ondersoek na gelang van die perspektiewe wat die Skrif en relevante literatuur oor die gebed bied soos in die vorige hoofstukke uitgewys is (*ius constituendum*).

2. DOELSTELLING EN DOELWIT.

2.1 DOELSTELLING.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die *ius constitutum* aan die *ius constituendum* te toets ten opsigte van die gebed in die kerkregering van die GKSA.

2.2 DOELWIT.

Die spesifieke doelwit van hierdie hoofstuk is om 'n empiriese ondersoek te doen van die gebede wat verskeie ampsdraers tydens die sinodes van die GKSA in 2003, 2006, 2009 gebid het sodat ek in die volgende hoofstuk afleidings kan maak en eventueel aanpassings aan die *ius constitutum* kan aanbeveel.

Dit gaan oor die vraag hoe die diens van gebede in die konkrete kerkregersituasie funksioneer.

Om hierdie doelwit te bereik, gaan die gebede ontleed en met die perspektiewe van die vorige hoofstukke met die *ius constituendum* vergelyk word.

2.3 METODE VAN ONDERSOEK.

Die empiriese studie behels die ontleding van (bykans) al die gebede wat in die groot vergadering op Sinodes GKSA 2003, 2006 en 2009 gebid is (uitgesluit persoonlike en kommissiegebede en sommiges wat onhoorbaar was op die klankkasset of in 'n taal buiten Afrikaans of Engels).

Ek gaan die gebede volgens veral die kwalitatiewe metode ontleed met aansluitings by 'n kwantitatiewe benadering deur die inhoud te interpreteer na aanleiding van die beskrywings van die *ius constituendum* van die vorige hoofstukke.

Ek het die gebede (met die naam van die bidder) tydens die drie sinodes met 'n diktafoon op klankkasset opgeneem, dit getranskribeer en die reëls alfabeties genommer. Om verwysings te vergemaklik, word dit as bylaag hierby gepubliseer. Die nummering van die gebede is per jaartal gedoen, beginnende telkens by 1.

Die gebedspraktyke gaan vervolgens aan die *ius constituendum*, wat reeds in die vorige hoofstukke ontgin is, beskryf word met die doel om aanpassings aan die *ius constitutum* as gebedspraktyk in die kerkregeringsopset van die GKSA te maak.

3. EMPIRIESE ONDERSOEK VAN DIE GEBED IN DIE KERKREGERING IN DIE GKSA.

3.1 ONDERSOEK NA DIE PLEK VAN IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

3.1.1 ALGEMENE BASISTEORETIESE PERSPEKTIEF OOR DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

Gebede is vir die kerkregering onontbeerlik en behoort inherent deel daarvan te wees sodat kerkregeringshandelinge op gesamentlike biddende besluite berus.

3.1.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE PLEK VAN GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUTUM.

Uit die ondersoek van die kerkregerende gebede van die drie gemelde sinodes blyk die volgende:

3.1.2.1 Gebedspraktyk en uitsonderings:

Daar is met die opening van die sinodesittings elke dag asook voor etes en met die sogenaamde 'amptelike' openinge waar 'n rede/preek gelewer is, en in die aande gebid. Daar was vyf uitsonderings tydens die sinodes van 2003, 2006 en 2009 waartydens die vergadering as't ware "onderbreek" is om eers vanweë of

oor 'n saak te bid.

3.1.2.1.1 Die eerste uitsondering het net na die verkiesing van die moderamen op Sinode 2003 plaasgevind toe die voorsitter van die roepende kerkraad 'n gebed (2003:2) gedoen het wat daarop dui dat die verkiesing gebedsverhoring was nadat daar spesifiek vir die verkiesing gebid is.

3.1.2.1.2 Tydens Sinode 2006 is daar twee gebede gedoen (2006:13 en 17) na aanleiding van ekumeniese eenwording met ander gereformeerde kerke waarin hierdie eenheid as blye situasie geprys is.

3.1.2.1.3 Die vierde uitsondering was ook op Sinode 2006 waar daar 11 beswaarskrifte (KO art 31) met altesaam 35 beswaargrond was (soms oorvleuel) teen die besluit van Sinode 2003 oor die saak van die vrou in die besondere ampte. Met die behandeling van 'n kommissierapport oor die eerste beswaarskrif se eerste beswaargrond rakende die beredenering dat die saak van die vrou in die besondere ampte in 2003 (art. 20.1 p409v) op 'n verkeerde wyse ter tafel gekom het en volgens KO art's 31 en 46 dus nie daar behandel moes word nie en dus ook nie as uitvloeisel daarvan op 2006 se sinode as agendapunt ter tafel mag wees nie, is daar teen die kommissierapport se aanbevelings in, waarskynlik sonder om die implikasies en reikwydte van die besluit om die beswaarskrif op hierdie beswaargrond te laat slaag, besluit, en was alle verdere agendapunte as uitvloeisel van die besluit van 2003 op die agenda van Sinode 2006 van die tafel af. By dié besef (dat dit beteken dat ook die rapport van die deputate wat in 2003 aangewys is om 'n studie, ens. oor die vrou in die besondere ampte te maak, nie meer ter tafel was nie), is daar inderhaas en buitengewoon 'n ad hoc kommissie in die sinode aangewys wat uiteindelik ure lank vergader het om die implikasies van die besluit om die beswaarskif op die beswaargrond van KO art's 31 en 46 te laat slaag, bespreek is. Dit was tydens die lang wagtydperk op die rapport van dié ad hoc kommissie dat die ondervoorsitter 'n gebed gedoen het (2006:31). Die ironie is egter dat daar ook steeds nie in hierdie gebed klinkklare spesifisering van die saak was nie, die gemeende krisis is nie op die naam genoem nie. 'n Verdere ironie is dat nog in die aanvanklike gebed by die sinode-opening, nog in die gebed by die "amptelike" opening van die sinode, nog in die gebed van dieoggend waartydens die saak op die agenda vir die dag was, nog in enige ander gebed vroeër in die sinode toe die spesifieke beswaarskrifte in die vergadering aan die orde gestel is, was daar enige spesifieke verwysing na of noem van die saak wat in gebed daaroor geformuleer is nie. Tydens die sinode se afsluitingsgebed (2006:41) is daar gebid "*dat ons moes rondkyk en vra: Wat nou?! Dat ons op ons knieë moes gaan en van U smeek: Here, wys ons die pad*" verwysende na hierdie situasie, maar steeds was daar geen spesifisering nie wat prakties meebring dat die gebede tydloos is.

3.1.2.1.4 Op Sinode 2009 is daar op reëling van die voorsitter deur die hele sinode in stilgebed gebid waarna die voorsitter hardop afgesluit het (2009:34). Dit het gebeur voor die besluitneming van die saak oor die vrou in die besondere amp en na die hervatting van 'n sesmaandelange reses wat huis oor die vrou in die amp verdaag het waarna daar 'n paralelle rapport met teenstellende aanbevelings was waaroor besluit moes word,

Tydens hierdie sinode sou mens verwag dat, na die situasie van Sinode 2006 hieroor, dit aan die gebede beter daaraan sou toegaan, maar weereens was daar nog by die konstituering, amptelike opening, dagopeninge by die stel van die agenda, terugvoer van kommissies en selfs nie na die reses, wat huis vanweé die spesifieke saak geïmplementeer is, se aanvangsgebed of gebed van die dag enigsins iets direk gespesifiseer ("bequaam" die sake) of na die spesifieke saak (vrou in die besondere ampte) in die gebede verwys nie. Dit is hoogstens vaag gesuggereer en geïmpliseer. By die agterna lees van die verskeie gebede is dit haas onmoontlik om uit die inhoud daarvan dit by 'n dag of agendapunt van die sinode te kan plaas. Dis asof die gebede vir 'n 1000 jaar enige plek op aarde gebed sou kon word.

3.1.2.2 Verbandhoudende sake:

Tydens Sinode GKSA 2009 (p. 33) was daar 'n versoek (beskrywingspunt) tot bybelstudie en gebed voor vermeende kontensieuse sake. Die sinode het op grond van KO art. 32 nie aan die versoek voldoen nie.

3.1.2.3 Enkele statistieke.

3.1.2.3.1 Aantal woorde: Tydens Sinode 2003 is daar ongeveer 7017 woorde in 34 gebede gebruik met openinge en dagsluitings, etegebede en spesiale gebede (kommissies en persoonlike gebede uitgesluit). In 2006 was dit ongeveer 7084 woorde in 39 gebede en in 2009 is daar meer as 8628 woorde in 38 gebede gebruik.

3.1.2.3 Taal: Tydens Sinode 2003 is daar een keer gebed waar die voorganger in Engels begin het en daarna in Nederlands en toe in Afrikaans voortgegaan het. In Sinode 2006 is daar een maal in Engels gebed nadat daar 'n ekumeniese eenwording plaasgevind het. In 2009 met die eerste veeltalig-saamgestelde Sinode was daar 1 gebed in Sotho, 2 in Engels en 1 in Engels en Tswana gemeng, die res was telkens in Afrikaans.

3.1.2.3 Die langste gebed is met 'n "amptelike opening" in 2009 gebed en het 784 woorde gehad en het 5 minute 29 sekondes geduur.

3.1.2.3 Hoewel alle bidders se spraaktempo nie dieselfde is nie en aanvaar kan word dat 'n spreker se gemiddelde spraaktempo 1.96 woorde per sekonde of te wel 118 woorde per minuut is, sou dit beteken dat daar tydens Sinodes 2003 en 2006 net ongeveer 60 minute lank in die volle vergadering gebed is en in 2009 met inagneming die reses 73 minute lank gebed is. Indien dit met die aantal

sittingsure in die volle vergadering van ongeveer 8 uur 30 minute per dag vir 8 dae (Saterdae uitgesluit en aandtye gehalveer) is dit ongeveer 4080 minute per sinode sittingstyd wat beteken dat daar oor die drie Sinodes gemiddeld 64 minute elk gebed is. Dit beteken dat daar in 1,6% van die vergadertyd formeel gebed is.

3.1.2.4 Algemene opmerkings.

3.1.4.1 Die GKSA hou haar ten minste formeel aan haar kerkorde deur te bid in haar kerkregeringshandelinge.

3.1.4.2 Die eerste uitsondering herinner saam met die openingsgebed aan die ordereëling by die Sinode van Wesel (1568) waar daar vir die verkiesing van die moderamen gebed is, waar hierdie gebed (2003) sowel voor die verkiesing as daarna gebed is.

3.1.4.3 Die inkleding van die uitsonderings, veral die laaste twee hierbo genoem, laat die vraag ontstaan of dit werklik nodig sou wees indien daar gewoon aan die gewone bedoeling van KO art 32 voldoen sou word deur eweneens aan die heel eerste gedagte van die kerkorde wat te Wesel in 1568 opgestel is, gehoor gegee sou word dat daar "*bequaam*" die sake op die agenda gebed behoort te word, dus dat die sake van die dag, die sake op die sinode se agenda, in gebed gespesifiseer sou word soos hierna sal blyk.

3.2 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA CHRISTUS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

3.2.1 BASISSTEORETISE PERSPEKTIEWE NA DIE VERWYSING NA CHRISTUS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

3.2.1.1 Christus regeer sy kerk.

Die metafoor dat Christus Hoof en die kerk liggaam is, impliseer dat die kerk in haar regering van Christus afhanklik is. Christus regeer sy kerk.

Gebede in kerkregering moet in ag neem dat die kerk haar nie sonder Christus kan regeer nie soos blyk uit die (4.2.1.1.1) betekenis van die begrip "*koninkryk van God*" waarvan (4.2.3.1.1) die kerk teken is van die koninkryk wat naby gekom het. Hy is onmiddelik en middelik teenwoordig (4.2.9.1).

3.2.1.2 Kerkregeerders bely dat Christus as Hoof van die kerk, Koning oor die skepping is en dat daar dus terreine is wat die kerk met ander deel (huisgesin, huwelik, samelewning, staat) terwyl kerkregeerders die beginsel van soewereiniteit en universaliteit in eie kring erken en respekteer (4.2.5.1.2).

3.2.1.3 Christus gebruik mense vir wie Hy as dienaars roep en deur sy Heilige Gees met bevoegdheid en gawes beklee om in die gemeente as regeerders (opsieners) te ageer (4.2.9.2). Hierdie diens geskied in biddende afhanklikheid van hul Sender (4.2.4.1.1; 4.2.7.1.1). Die gebed is as noodwendige geloofshandeling geïnkorporeer in die bediening van die kerkregeerde se bevoegdheid (4.2.8.1.1) in die besef van hul roeping om die bekwaamheid om hul roeping as kerkregeerders te volvoer in gebed van God af te smeek (4.2.9.5).

3.2.1.4 Orde en kerkregering is Bybels onafskeidbaar verbonde aan gebed. (7.1.1.1). Gebed verrig in alle fasette van die kerkregering, soos blyk uit die vier indelings van die KO, eksplisiet of implisiet 'n duidelike en belangrike funksie t.o.v. die daarstelling van die Christusregering (7.2.3.1).

3.2.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA CHRISTUS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

Dit was allerweeë duidelik uit die bedes dat dit nie net bely is nie, maar ook beleef is dat Christus as Hoof van die kerk oor die wêreld die kerk as Koning regeer: “*Ons bid dit omdat ons erken dat Jesus Christus Koning van ons kerk is*” (2003:2h); “*Ons kom voor U as Koning van u kerk*” (2003:20c); in 'n lofprysing is Hy geëer as “*die Koning van die konings, as die Here oor alle dinge*” (2003:25c); en daar is bely “*ons behoort aan U deur ons Here Jesus Christus, ons Koning*” (2006:35n).

Tydens die eerste veeltalig saamgestelde sinode is daar in die gebed ekklesiologies toegespits op die verhouding van Christus met sy kerk en die kerke met mekaar: “*dieselfde belydenis dat Jesus die Christus is, Koning van die konings ... ons dank U dat U ons saamvoeg in die een liggaam van Christus waarvan ons lede mag wees ... deel van een liggaam waar dit ookal plaaslik tot openbaring mag kom*” (2009:3k-p); “*Jesus Christus die Hoof van die kerk wêreldwyd*” (2009:17r); “*Ons dra die kerk van Jesus Christus aan U op, ook ons gemeentes in die Gereformeerde kerkverband*” (2009:22l-n).

Die gebede het oortuig dat Christus dienaars gebruik in die kerkregering en dis dan so verwoord dat hulle hul bevoegdheid van Hom af verkry en nie selfstandig optree nie: “*dat U ons geroep het*” (2003:4f); “*dank U vir genadegawes wat hulle toebedeel het wat hierdie vergadering lei*” (2003:6j); “*U wat Koning is oor u kerk en tog nietige diensknegte roep en ook bekwaam en lei deur u Gees om u koninkryk te dien in hierdie wêreld*” (2003:16h,i); geseen met “*al die seëninge wat daar in Jesus Christus is*” (20061j); “*U gee steeds mense wat u roep in die ampte om te lei*” (2009:3aa).

Daar is riglyne vir die styl van praktiese kerkregering verwoord in metaforiese taalgebruik: “vra watter pad is die beste pad? En dié loop ... in navolging van ons Here Jesus Christus” (2003:7d); “eie wil te versaak en U as Koning te ag” (2003:16h); “Ons dank U dat ons die vrymoedigheid het deur die verdienste van ons Here Jesus Christus” om U aan te roep” (2003:24c); “om in die gesindheid van Jesus Christus ook hier te doen wat U van ons verwag” (2003:25k); nog ‘n metafoor om “in die voetspore van Jesus Christus te loop” (2006:7g); “laat daar iets sigbaar word van Jesus se liefde” (2006:21f); “verbind ons ... in onderlinge eenheid en vrede in Christus” (2006:37o).

Uiteraard is daar ook soteriologiese opmerkings aangaande Christus wat verhoudings herstel en gebed en kerkregering moontlik maak: “Ons dank U vir u genade in Jesus Christus” (2003:20n); “dat almal ... sal hoor dat Jesus Christus die Here is” (2003:25bb); “Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus ons Verlosser” (2003:31i; 2009:25n); “U het u Seun Jesus Christus gestuur ... in ons plekke aan die kruis ... gesterf” (2003:32d); “elke tong moet bely dat Jesus die Here is ... dat ons die redding deur die bloed van u Seun Jesus Christus kan belewe” (2006:5d,n); “Ons vra dit alles in die Naam van Jesus Christus, ons Middelaar en Verlosser” (2006:36i); “U te dank vir u genade in Jesus Christus deur Wie U ons kinders van u verbond met Abraham gemaak het” (2009:17d); “wat vir ons gesterf het aan die kruis” (2009:31h); “Dankie ... vir die herskepping, ons nuwe lewe in Jesus Christus” (2006:7f).

Sekerheid daarin dat daar sin in kerkregeringshandelinge en gebede is, is erken: “Ons dank U ... vir die vaste belofte in onse Here Jesus Christus dat die poorte van die doderyk die kerk nooit sal oorweldig nie” (2009:12m).

Wat gemis is, is die universaliteit van Christus koningskap, wat uitkring vanuit die kerk oor al die lewensterreine oor die wêreld, die ganse kosmos.

Die verhouding Christus, kerk, koninkryk, het ook nie gefigureer nie.

3.3 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE WOORD IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

3.3.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE WOORD IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

3.3.1.1 Kerkregeerders regeer korporatief vanuit die Woord (4.1.2; 9.2.2.2.1). In hul gebede in die kerkregering moet bidders ag gee daarop dat hulle nie alleen nie, maar as raad regeer (4.1.10.3) en daarom behels gebede in die kerkregering ‘n korporatiewe ingeslotenheid (4.1.10.4) sodat die gebede in die kerkregering nie op die persone van die kerkregeerders fokus nie, maar op die gesamentlike

verstaan van die Woord en gesag van die Woord (4.1.10.7). Die regeertaak in die gemeente is toevertrou aan die ouderlinge as liggaam om as instrument te funksioneer vir die bediening van die Christusregering (5.2.2.1.2). Gebede van voorbidders in die kerkregering is 'n gesamentlike aksie waarin die voorbidder solidêr een is met die liggaam van medekerkregeerders (kerkraad/vergadering) (9.2.1.1.1) waar die kerkregeerders 'n representatiewe funksie vervul vanweë hul roeping met gevolglike regeerkonsekvensies om as mond van die kerk die bidder se saak in gebed te vertolk (9.1.1.2). In hierdie handeling is die voorbidder solidêr een met die regeerliggaam (9.2.2.2.2).

3.3.1.2 "Ons en die Heilige Gees het besluit"

Hand 15 dien as prototipe van 'n meerdere vergadering wat Christus as instrument gebruik het om vanuit die Woord uitsluisel oor 'n saak te verleen (5.2.1.1.1). Ampsbediening is bediening van die Woord in sy verskillende gestalte waaronder kerkregering (6.1.1.2) en is onlosmaaklik verweef met en afhanklik van gebede (6.1.1.3) wanneer die Kerkorde as *norma ministrans* (bedienende norm) deurlopend met die Skrifbeginsels rekening hou met die onmisbaarheid van die gebed in die kerkregering vir die bediening van die Christusregering (7.2.3.2).

3.3.1.3 Die Heilige Gees stel die ampsdraers aan om as organe van die Hoof in die kerk as liggaam te dien (6.1.1.1). Ouderlinge is kragtens hul "aanstelling" deur die Heilige Gees geroep om as opsieners op hulself en die gemeente ag te gee (5.2.2.1.1). Gebede self is deel van die dienswerk van ampsdraers (6.1.1.4) en het 'n kerkregerende rol met die oog op die komste van die koninkryk (6.1.1.5). Die vereistes/gawes en die verkiesing van ampsdraers is aan gebed en kerkregering gebind (6.2.3.1) al lei dit tot verskillende funksies (6.2.3.2) soos bv. toesig en lering en leiding (6.2.3.3) wat interafhanklik van mekaar bedien word wat meebring dat gebed en kerkregering nie losstaande van mekaar is nie.

3.3.1.4 Imperatieve aan ampsdraers om te bid.

Naas die algemene gebede wat vir alle gelowiges geld, is daar vir die ampsdraer as't ware 'n intensifisering daarvan as hy as voorganger gebede bedien (6.3.3.1). Hierdie imperatieve geld uiteraard vir die kerkregeerde dat gebed geen opsionele saak is nie, maar deel van die kernbesigheid van die ampsbediening en kerkregering (6.3.3.2) en deel van die Bybelse gedragsreëls vir die kerkregeerde (7.1.1.3).

3.3.1.5 Eksegese en hermeneuse in die kerkregering.

Kerkregeerders moet die bevindings van eksegese en hermeneuse biddend weeg en beoordeel om tot kerkregerende besluite te kom (7.2.1.1.2) om hul bevoegdhede (potestates) op alle terreine biddend en gekontroleerd vanuit die bronne van die kerkreg (waaronder die Woord en belydenis) te bedien (7.1.1.4) sodat God deur sy Gees en Woord moet handel (7.2.1.1.4).

3.3.1.6 Gebed om roepingsvervulling en vervulling met die Heilige Gees

Hoewel dit weliswaar nie normatief gestel is nie, behoort kerkregeerders hulle ook volgens Jesus se voorbeeld biddend voor te berei vir die uitvoering van hul dienswerk ter wille van hul diens in die koninkryk (8.1.1.1).

Gebed om roepingsvervulling en vervulling met die Heilige Gees eindig nie met die inisiërende oomblikke nie, maar gaan voort om toegerus te word vir die dienswerk wat kerkdienaaars (-regeerders) verrig (8.2.1.1). Daarom kan kerkregeerders nie bidloos handel of self net met formele cliché-gebede volstaan nie (8.2.2.1).

3.3.1.7 Gebede in die kerkregering kan persone op die naam noem (8.2.4.1).

3.3.1.8 Gesamentlike gebed is 'n verstaansaangeleentheid tussen die voorbidder en hoorderbidders.

Die korporatiewe karakter van die gebed sluit die kommunikatiewe reaksie van die hoorderbidders op die voorbidder se gebed in as 'n verstaansaangeleentheid om te kan "Amen" sê (9.2.2.2.3). Alleen deur verstaanbaarheid kan daar van dubbele interaktiewe kommunikasie sprake wees (9.2.2.2.4).

In veeltalig saamgestelde kerklike regeerliggame, behoort daar in 'n taal gebid te word (of getolk te word) wat almal kan verstaan om die liggaam kerkregeerders in staat te stel om identifiserend en assosierend op intellektuele, emosionele en konatiwue vlak saam te bid met die oog op korporatiewe kerkregering (9.2.2.2.5).

3.3.2 EMPIRIESE ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE WOORD IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

Dis uit die ondersoekte gebede duidelik dat dit allerweë erken word dat die gesag van die Woord en die gesamentlike verstaan daarvan bepalend is vir die kerkregeringsbesluite (in 30 van die 121 ondersoekte gebede): "*In die lig van u Woord debateer en besluit*" (2003:3j); "*Gee aan ons insig en wysheid dat ons slegs volgens u Woord beredeneringe sal voer, voorstelle sal daarstel en besluite sal neem*" (2003:19e-f); "*Gee dat ons in ons besluitneming ons sal hou aan u Woord ... dank U dat ons ... deel is van 'n kerkverband wat vashou aan u Woord*" (2003:25p-r); "*niks besluit buiten ... die leiding van u Gees en Woord nie*" (2003:29j); "*Ons bid dat U dat die deur van u Woord ook vir ons in hierdie vergadering en in die kommissies sal oopmaak sodat die lig van u Woord sal skyn op die sake waarmee ons besig is en dat ons in daardie lig besluite sal neem*" (2006:h-j); "*dat ons ons sal rig volgens u heilige Woord soos wat dit daar vir ons geskrywe staan*" (2006:18e).

Daar is erkenning gegee dat die bevindings van eksegese en hermeneuse gesamentlik beoordeel word om tot besluite te kan kom: "*Gee ons insig en*

verstand om u Woord te verstaan en in ons besluite dit ook in ag te neem” (2006:23g); “worstel om koers te vind in die geheimenis van u Skrif te ontsluit en om antwoorde te kan vind en kan hoor: So sê die Here Here” (2003:6g-h)

Die Woord is as begronding van besluite aangevoer: “dat ons mekaar weer kan vind op grond van die waarheid van u Woord” (2009:11g); “Eensgesind sal wees met die Woord en ons diens aan U” (2009:13f); “Here, u Woord en u Gees is die leiding wat ons het en ons vra dat U dit kragtig in ons sal laat werk in al die besluitneming ook wat vir ons voorlê in die res van die sinode” (2009::24p-s); “dat U as Koning ons deur u Woord en Gees sal lei” (2003:20f);

Kerkregeerders het in hul gebede ‘n kousale verband getrek tussen die Skrif en kerkregering: “dank dat ons besig kon wees met u Woord en met sake wat belangrik is vir u kerk” (2003:4d); “Dankie vir u Woord waaruit ons gelees het en waaruit ons leer dat U absolute mag en heerskappy het oor ons, dat ons, Here, van U afhanglik is en op U moet vertrou, dat ons U moet dien en na u wil moet vra, dat ons moet leef in die troosvolle wete dat Christus op sy kerk ag gee en sy kerk bewaar, dat deur sy kennis en wysheid niks sy kerk kan benadeel nie of tot niet laat gaan nie.” (2006:32d-i); selfs in ‘n lofprysing “lof ... inniger ... word soos ons ook opgeroep word in u Woord” (2009:9c).

Tydens “amptelike” openinge is daar in epiklesgebede met die oog op prediking soteriologies gevra: “stuur u lig en waarheid dat dié ons lei in die rykdomme van u Woord ... maak ons oë oop vir u reddende genade” (2006:3h-l) en “Gee dat ons u Woord mag open” (2009:3jj).

In ‘n dankgebed na ekumeniese eenwording tussen twee kerke is die primaat van die Woord ook daaroor bely: “not on the grounds of our own findings but on the solid mutual belief in your Word” (2006:13b).

Die primaat van die Woord is in spesifiserings betrek waarin kontekstuele aktualisering gedoen is: ‘n intersessiebede vir die owerheid: “U het ons in u Woord geleer dat die wil van konings onder u gesag staan ... daarom bid ons vir owerhede ...” (2006:5dd); “Ons dank U dat ons in u Woord mag weet dat ons in alles by U veilig is” (2006:9g); “ons weet deur u Woord ... dat U nooit die werke van u hande sal laat vaar nie” (2006:33h); “bowe-al bid ons vir getrouheid aan u Woord” (2003:22h).

Die roeping van die kerkvergadering is verwoord as “besig wees met u Woord en met sake wat belangrik is vir u kerk” (2003:4e); “as ons môre weer byeen is volgens u Woord sal wandel” (2003:4i).

Een van die doelstellings van die woordverkondiging is verwoord as “U wat ...

deur die krag van die Heilige Gees wat met die Woord die kerk vergader, beskerm en onderhou” (2009:3g).

Daar is ‘n mooi voorbeeld van praktykmaking van KO art 53 en 55 ten opsigte van leersuiwerheid as daar gebid is vir “professore en predikante … dat hulle getrou en standvastig u heilige Woord ongehinderd en suiwer verkondig … en … skenk … ouderlinge gawe van onderskeiding … u wil kan verkondig” (2003:28j-m).

In ‘n dankbede is verwys na kerke se evangeliserende roepingsvervulling “om u Woord met krag ver en naby uit te dra” (2006:5z) en “dat U die deur vir u Woord sal oopmaak in ons bediening … kontinent … wêreld …” (2006:12k-r).

Daar is in net 30 van die 121 ondersoekte gebede hierna verwys, as ons die etenstyd en aandgebede aftrek, het die Woord in ruim die meerderheid van die gebede gefigureer om die verskillende gestaltes, vlakke en toepassingsmoontlikhede van die Woord in die kerkregering te dien.

Daar kon weliswaar meer spesifisering gewees het, veral met die hervatting van die 2009 Sinode na die reses waar daar ‘n omvangryke rapport gedien het met geweldig baie eksegese en hermeneuse met twee teenoorgestelde bevindings. Daar sou ook meer gemaak kon word van die kousale verhouding tussen die Woord en die agenda en die besluite.

3.4 ONDERSOEK NA DIE VERHOUDING WOORD EN GEES VIR DIE VERSTAAN VAN DIE PLEK EN INRIGTING VAN DIE GEBED IN DIE IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

3.4.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE OP DIE VERHOUDING WOORD EN GEES AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUENDUM.

3.4.1.1 Die eksegese en hermeneutiek is medebepalend vir die kerkregering (10.1.1.1) en daarom is kerkregeerders vir hul verstaan van die Skrif van die verligtende werk van die Heilige Gees afhanglik aangesien Christus sy kerk deur sy Woord regeer (10.1.1.2). Kerkregeerders moet op verdraaiings van die Skrif bedag wees om hul handelinge volgens Gods bedoeling biddend uit te voer (10.1.1.3; 10.1.1.4).

3.4.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERHOUDING WOORD EN GEES IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

Die verband tussen die Woord en Gees is so verstaan dat die Heilige Gees die Woord gebruik of deur die Woord sekere dinge in die kerk en kerkregering vermag.

Die Woord kan nie reg verstaan word sonder die Heilige Gees nie en die Heilige Gees "openbaar" ook nie buite die Woord om nie.

Gereformeerde kerkregerende bidders wou allerweé hul besluite grond in die Woord waarin die Heilige Gees hul moes inlei.

Terwyl mens, gegewe die gereformeerde verstaan van die inspirasie van die Skrif, dit veel meer kere sou verwag, is daar in net een bede veronderstel dat Skrifverstaan 'n werk van die Heilige Gees is: "*sodat ons u Woord sal verstaan deur u Gees wat in ons werk*" (2009:8k). Die gewone epiklese is in punt 3.5 meer volledig bespreek.

Twee ander bedes betrek die kerkregering in verhouding met die Woord en Gees soos volg: "*ons glo ... U die Een is wat deur u Gees en Woord regeer*" (2003:2d); "*dat U as Koning deur u Woord en Heilige Gees ons sal lei*" (2003:20f).

Die wyse waarop kerkregeerders hul bevoegdheid uitoeft, is begrond in die "*leiding deur u Woord en Gees*" (2003:12g; 2003:26f; 2003:29k).

Die hele ekklesiologie is betrek op die verhouding van die Heilige Gees en die Woord: "*deur die krag van die Heilige Gees wat met die Woord die kerk vergader, beskerm en onderhou*" (2009:3g).

Toepassingsmoontlikhede vanuit die verhouding Woord en Heilige Gees wat glad nie gefigureer het nie, was die aspek van gehoorsaamheid, roeping, oortuiging en herinnering en dat die Skrif 'n middel is in die hand van die Heilige Gees as openbaringsinstrument.

Die verhouding tussen die Woord en Gees kon verder uitgebrei word in praktiese bedes gerig op die kerkregering ten opsigte van die funksie van die Woord op die mens (en kerkregeerde) wat weliswaar in die Skrif met 'n ryk verskeidenheid beeldlike verhelder is en deur die Gees gwerk word: soos dat die Woord soos 'n hamer is wat 'nrots vermorsel (Jer 23:29); reën en sneeu wat die saad laat groei (Jes 55:10,11); 'n skerp tweesnydende swaard en 'n beoordelaar (kritikus) van die mens se hart (Hebr 4:12; Op 19:15); soos 'n spieël waarin die mens homself en God sien (2 Kor 3:18); melk vir kinders (1 Kor 3:2; Hebr 5:12,13); brood en vaste spyse vir die volwassenes (Deut 8:3); saad wat moet groei (Luk 8:11; 1 Pet 1:23); 'n lamp vir die wat op reis is (Ps 119:105), ens.

3.5 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

3.5.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

4.1.3 Kerkregeerders moet as dienaars (5.2.2.1.3) gesamentlik (7.2.1.1.3) bid om die leiding van die Heilige Gees.

Die “*herinnering*” deur die Heilige Gees het tweërlei implikasies waaraan die kerkregeerde aandag behoort te skenk nl. die opskrifstelling van die Bybel sowel as die eksegese daarvan (4.3.4.2.1.1). Daarom behoort gebede in die kerkregering te spesialiseer in die bid om die verligting, leiding en vervulling met en deur die Heilige Gees (4.1.10.5) met die oog op “*openbaring*” (4.2.7.1.2) om die Skrif te verstaan om kerkregerende afleidings te maak (5.2.1.1.2) en dit in hul besluite weer te gee (7.2.1.1.1). Hierdeur word die Christusregering (4.2.5.1.3) vanuit die Woord te bedien (4.2.9.4).

3.5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE ROL VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING

Dit is oor die algemeen duidelik dat die kerkregeerders hul pneumatologiese afhanklikheid in die kerkregering erken deur dit biddend te verwoord. In 55 gebede is daar 92 maal na die Heilige Gees en sy verskillende werke verwys. In 2 gebede is Hy aangeroep saam met die Vader en die Seun as “*Drie-enige God, Vader Seun en Heilige Gees*” (2009:9a; 2009:17a). Hy is egter nêrens primêr aangespreek nie, maar is geobjektiveer waar daar na Hom as “*dit*” en “*die*” verwys is: “*Here, u Woord en Gees is die leiding wat ons het en ons vra dat U dit kragtig in ons sal laat werk*” (2009:24p,q); “*stel ons onsself in die hand van die Heilige Gees dat die ons lei*” (2009:39w). Daar is 10 maal in die gebede na Hom in die onpersoonlike “*die Heilige Gees*” verwys eerder as om, soos mens in gebed sou verwag en dit in die ander gebede gebeur het, na Hom met die besitlike voornaamwoord tweedepersoonenkelvoud eerbiedsvorm “*U*” te verwys (2003:1n;2003:15f).

Die verhouding Heilige Gees en die Woord is in punt 3.4 hierbo uitvoerig bespreek.

Bedes wat die Heilige Gees in danksegging betrek het: “*dank ... die manier waarop U met u Heilige Gees in elkeen van ons gewerk het*” (2006:40c); “*Ons dank U vir u Gees wat ons wysheid en insig gegee het*” (2006:41f).

In danksegging en belydenis is die *praesentia realis* van die Heilige Gees só verwoord: “*Dankie dat U met u Gees in hierdie vergadering is om ons beraadslaginge en besluite te bestuur volgens u wil*” (2003:28b,c); en in ‘n bede:

“dat, so weet ons, deur u Heilige Gees ook by ons is” (2009:26f).

Daar was ‘n bede wat as belydenis gestel is: *“dat U die Een is wat deur u Gees en Woord regeer”* (2003:2e).

Daar was enkele bedes wat betrek is op die Heilige Gees se werk soos die heilsorde dit soteriologies uiteensit: *“Ons bid vir ... u Heilige Gees tot saligheid van elkeen wat glo”* (2003:3c); *“Gee ons onwankelbare geloofskrag deur God die Heilige Gees”* (2003:15f); op die gebied van heiligmaking: *“al hoe langer en al hoe meer deur u Gees ... vanuit u Woord kan lewe”* (2003:25f,g); *“bou ons deur u Gees op in ons allerheiligste geloof”* (2006:9b); geloofsekerheid: *“en ons nog nooit deur u Gees verlaat het nie”* (2006:11c); *“lei ons ... deur u Gees sodat u liefde in ons elkeen se lewe gestalte mag kry”* (2006:24f,g); *“Ons bid vir die vrug van die Heilige Gees”* (2009:1c); *“Gee dat ons sal streef na die lewe van die Gees en dat dit tot opbou van ons geloof mag wees”* (2009:3xx).

Heilige Gees en sonde is in verband gebring: bede om vergifnis en heiligmaking *“waar ons u Gees bedroef het”* (2003:26j); *“En nou bring en lei u Gees ons daartoe om struikelmense soos ons is, ons tog toe te wy aan U”* (2003:34d,e); *“Ons kom om by U heiligung ... van u Gees en Woord te ontvang”* (2006:4g,f); *“om in ons lewe rigting te gee deur u Gees”* (2006:18d); na sondebelydenis: *“Vergewe dit en lei ons deur u Woord en deur u Gees sodat u liefde in ons elkeen se lewe gestalte mag kry”* (2006:24f,g); *“werk deur u Gees in ons harte dat ons sal lewe ... onder heerskappy en leiding van u Gees”*.

Die Heilige Gees se kosmologiese werk is een maal verdiskonter: *“Ons dank U ... vir gawes wat u Gees van ... gesondheid en krag skenk”* (2003:25f).

Op diakonale vlak is tydens ‘n etegebed gebid: *“Lei ons so deur u Gees dat ons ons oë sal oopmaak en ook ons hande sodat ons hulle kan versorg”* verwysende na voorafgaande bede se *“minderbevoorregtes”* (2003:23f).

Met betrekking tot die Heilige Gees en kerkregering is daar gebid: *“dat ons die regte leiers sal kies, manne vol van die Heilige Gees”* (2003:1n); *“Ons dank U ... vir gawes wat u Gees van hart en verstand, gesondheid en krag skenk”* (2003:25f); *“onder leiding van u Gees vergader is”* (2003:31c); *“deur die krag van die Heilige Gees wat met die Woord die kerk vergader, beskerm en onderhou”* (2009:3g-h); *“saamkom deur u Gees vervuld”* (2009:17p).

Daar was 26 bedes om die leiding van die Heilige Gees waar sommiges kousaal aan die Woord verbind is (2003:6d;12g;15z).

Twee epiklese bedes om die verligting van die verstand is aan die Heilige Gees verbind en nog twee net in die algemeen gevra: *“Open ons oë, verlig ons*

verstand. Gee ons u lig en u leiding” (2006:34e); “dat U ons verstand wil verlig deur u Heilige Gees” (2009:38f); “dat ons afhanglik is van U en u Gees en die verligting van ons verstand” (2006:11f). Wanneer ons daaraan dink dat gereformeerde kerkregering ministerium van die Woord is, sou mens dit veel meer verwag.

Die belydenis van ‘n Sothosprekende bidder tydens die eerste veeltalige sinode het op kerkeenheid as pneumatologiese gebeure gedui: “Laat God vir ons wysheid gee en aan almal wat hier teenwoordig is sodat ons kan erken dat die Heilige Gees in ons almal woon ... laat ons voorgaan as kerkeenheid ...” (2009:14d-f). In nog ‘n gebed is die eenheid van die kerk ook op die Heilige Gees betrek: “Ons weet... dat u Gees die Bewerker van eenheid is ... verskil van mening” (2009:24m).

Die rol van die Heilige Gees is betrek op evangelisering: “Gee aan ons u Heilige Gees sodat ons ... u Woord sal verkondig” (2003:25u).

Daar is op die rol van die Heilige Gees as Parakleet verwys: “U het u Heilige Gees (gestuur) ... om ons te troos” (2009:8b).

Die kousale verband tussen epiklese, op grond van eksegese en hermeneuse in rapporte, en die verligting van die Heilige Gees om tot kerkregerende besluit te kom, kon meer verdiskonter word as wat die geval was.

Bedes om vervulling met die Heilige Gees het in verskeie variante aan die orde gekom: “Wil ons vervul met u Gees” (2003:4h); “Vervul ons deur u Gees” (2006:5s); “wil U die volheid van u Gees aan ons skenk” (2006:11j); “Vervul ons dan met u Gees” (2006:37v); “vul ons met u Gees” (2009:1c); “dank ... in ons kom woning maak deur u Heilige Gees” (2009:3f); “skenk u Gees aan almal” (2009:3uu); “pleit ons ... soos Dawid, dat U ... die goeie Gees nie van my sal wegneem nie” (2009:9t); “Gee ons die Heilige Gees” (2009:14c).

Die Heilige Gees is as waarborg van verhoring bely: “ons weet deur u Woord en die versekering van u Gees dat U nooit die werke van u hande sal laat vaar nie” (2006:33h-j).

Daar was twee bedes wat uit Hand 15 na die werking van die Heilige Gees in kerklike besluitneming verwys het: die eerste was met die heropeningsgebed na ‘n reses om uitsluitsel te gee oor die vrou in die ampte: “dat ons sal terugkyk en sê: die Heilige Gees en ons het besluit” (2009:36j); die tweede keer was die slotgebed van dieselfde sinode: “selfs al sou ons verskil, dit ook in ootmoed en eerbied elkeen sal kan sê: die Heilige Gees en ons het besluit”.

Gedagtig aan die basiese pneumatologie in hierdie verband was die epiklese

baie gebrekkig. Daar is nie een keer daarna verwys dat die Heilige Gees die kerk sal herinner of sal oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, nie.

3.6 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA SONDE EN VERGIFNIS IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

3.6.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE DIE VERWYSING NA SONDE EN VERGIFNIS IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEerde KERKREGERING.

3.6.1.1 Kerkregeerders moet rekening hou met sonde.

Kerkregeerders moet ook sondegebrokenheid in hul kerkregering in hul gebede verdiskonter (4.1.10.6) en rekening hou met die swakheid van die kerkregeerders wat revisie op grond van die Woord impliseer (4.1.10.8).

Gebede van kerkregeerders behoort in die besef van eie sondigheid en swakheid (7.1.1.2) ook te bid vir selfontlediging (4.2.9.6) en vergifnis (4.1.10.9) waarmee hulle hul afhanklikheid van God in hul gebede verreken na die eise van hul roeping.

3.6.1.2 Gebede om vergifnis is immers intrinsiek deel van die kerklike lewe en veelal in die bemiddelende ampte waarin die kerkregeerders hul bevind (8.2.6.1). Die Heilige Gees kan as die “Oortuiger” van sonde aangedui word (9.4.2.4.1.1) sodat die bede om vergifnis geen bieggeleenheid van die voorbidder is nie en ook nie ‘n subtiele wyse om indiwidue of groepe te ontmasker of te viktimiseer nie (9.4.2.4.1.2). Kerkregeerders behoort veral sondes in en oor die kerk te bely (9.4.2.4.1.4).

3.6.1.3 Sondebelydenis het verhoudingsherstel (versoening) in die oog op sowel vertikale as horizontale vlak (9.4.2.4.1.3)

3.6.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA SONDE EN VERGIFNIS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEerde KERKREGERING

In ruim 46 van die 121 ondersoekte gebede is bedes vir sondevergifnis gedoen. By ‘n paar gebede is dit deel van die tradisioneel bekende gebedslot: “en vergewe ons ons sonde om Christus ontwil. Amen” (2006:15d); of “Dit alles u Naam ter ere met die vergiffenis van al ons sonde, Amen” (2003:8f). Dit het tweemaal gebeur dat die bidder ‘n mooi toepaslik en gespesifieerd bewoorde belydenis van sonde doen en vergifnis vra, net om in die gebedslot weer daarna te vra (2006:24d en p; 2009:15e en h) wat duidelik daarop dui dat die gebedslot ‘n gewoontecliché is wat gedagteloos uitgespreek is. Hierdie waarskynlik

onnadenkendheid bring uiteraard verstaansprobleme vir die hoorderidders mee as daar aan die einde van 'n lang gebed gebid is: "Ons bid dit in die belydenis van al ons sondes" (2009:3aaa) waar die voorsetsel "in" die verstaansprobleem veroorsaak.

Sonde is in die algemeen bely as realiteit: "Ons bely voor U dat ons ook gesondig het vandag en ons bid dat U ons sal vergewe" (2003:4f) en as "tekortkominge" (2003:5g). Dis in verband gebring met "alles wat verkeerd is, ons skuld ... is" (2003:11i), "gebreke" (2003:26c), "gebrokenheid" (2006:37g), as manifestasies: waar ons "dwaal" (2009:21k); "forgive us the wrongs" (2009:29k); as gevolge: "wat skeiding maak tussen U en ons" (2009:43h), "vergewe wat verkeerd is" (2009:44q).

Sondebelydenis het enkele kere gefokus op verhoudingsherstel op vertikale en gevolglike horizontale vlak: "ons ... weet dat U 'n ... genadige God is en ons reeds daarvoor vergewe het ... dat ons mekaar ook vergewe" (2003:10g-i), of in die bekende woorde van die Onse Vader: "net soos ons ook ons skuldenaars vergewe" (2003:14e). Sondevergifnis as daad van regverdiging is gebind aan heiligmaking: "sodat u liefde ook vandag in ons elkeen se lewe gestalte mag kry" (2006:24d-g).

Daar het enkele kere algemene ongespesifieerde bedes op kerkregeringsvlak voorgekom: "vergewe ons skulde, ook die vele sondes op hierdie vergadering" (2003:14d); "Ons bely ... dat ons so dikwels eiewillig en in eie krag wil voortploeter" (2003:31e); "Waar ons ook in hierdie dag gesondig het dat U dit genadiglik sal vergewe" (2009:15d).

Daar was enkele voorbeeld van besondere kollektiewe toespitsing, maar dit was veralgemenend. Daar was besonder min bedes wat frases verwoord het van 'n kollektiewe bewussyn. 'n Voorbeeld waar dit wel voorgekom het was: "Ons erken en bely dat daar so baie sonde aan ons kleef, dat ons so dikwels nog verkeerde prioriteite het, menslike prioriteite, dinge in die sentrum plaas wat nie in die sentrum behoort te wees nie. Ons bely hoe diep verdorwe ons is. Ons is geneig om mekaar en ons naaste te haat. O Here, as U ons nie vashou nie en reinig nie en heilig nie dan is elkeen van ons 'n vleesgeworde duivel. Neem ons sonde weg dat ons rein kan wees, dat ons kan leef vanuit die vreugde van u vergiffenis, dat ons die redding deur die bloed van u Seun Jesus Christus kan belewe" (2006:5g-n).

Ten opsigte van 'n appél is kollektief gespesifieerd gevra: "stroop ons van onsself en ons vooroordele teenoor die saak en teenoor persone" (2006:11l). Andersins was die verwoording van sondebelydenis vaag en algemeen geldend sonder om na spesifieke insidente of sondes te verwys: "Vergewe ons ons sondes, vergewe gedagtes in ons hart wat nie reg is nie, gesindhede wat nie pas

nie, motiewe wat verkeerd is, elke onversigtige woord, elke dwase daad". (2009:260-r); "wat ons teen u Woord" gedoen het (2009:31f); "te driftig raak en waar ons ook in ons beraadslagings in ons hart 'n wrewel toon, vergewe ons ..." (2009:39x-z).

In plaas van die gebed om te vergewe is alternatiewe gebruik: "nie toereken nie" (2003:16m); "sover die Ooste weg is van die Weste, neem weg ons sondeskuld" (2006:7o).

Die indikatiewe toesegging/beloofte van vergiffenis is soms biddend toege-eien deur God te dank vir effektief gerealiseerde vergifnis: "want ons is ook verseker ons sondes is vergewe om Jesus Christus ontwil" (2003:20q).

Daar is belydenis gedoen vir sosiale sondes waar daar vir "hierdie land" gebid is: "Ons bely voor U die skuld ook van jare, ons dwalinge, ons selfsug" (2003:25y) waar kennelik op politiek gesinspeel is. Uiteraard het die kerk 'n bemiddelende rol in hierdie verband wat in die ondersoekte gebede totaal onontgin was. Indien kollektiewe vergifnis gevra is, soos hiernaas aangetoon is, was dit steeds eng toegespits op die vergadering in sitting. Daar was geen voorbeeld van sondebelydenis namens die kerkverband nie en buiten die een bogenoem ten opsigte van die politiek, was daar geen ander voorbeeld van sosiaalgerigte belydenis van sonde nie, asof die kerk nie in die wêreld is nie.

Gebed om vergifnis is waarskynlik op voorbeeld van die Onse Vader aan die bose verbind: "Bewaar ons teen die aanslae van Satan en vergewe ons ons sondes" (2003:32j); "En vergeef ons ons skulde en verlos ons van die bose" (2006:9g); "Vernietig die werkinge van die duivel" (2006:15d). Dis een maal soos in die brief van Judas in 'n lofverheffing genoem: "U wat magtig is om ons van struikeling te bewaar" (2006:9b) en aan die einde van 'n gebed in lofverheffing sonder om vergifnis te vra: "aan U kom toe al die lof, die eer en aanbidding in Jesus ons Verlosser, Hy wat met sy bloed ons sondes weggewas het" (2009:12o).

Daar is nie bloot klinies en dogmaties korrekte formulerings gebruik nie, maar iets van die tollenaarsgestalte het twee maal na vore gekom: "Ons kom voor U, heilige God, in diep ootmoed en ontsag en met berou oor ons sondes ..." (2006:4b-d) met 'n bede om "heiligung" (2003:4g); "ons buig diep neer met sondebeseft" (2006:7n). Daar was egter nie een formulering wat daarna verwys het dat sonde God vertoorn nie.

Sonde is verwoord as "sondeskuld" (2006:7p), dus as "staat" en as etiese misdrywe (2006:24e). Dis in verband gebring met "gebrokenheid wat deur die sonde in die wêreld gekom het" (2006:16h).

Sondebelydenis is gefokus op lewensvernuwing waar die doel van vergifnis verwoord is: “*Vergewe ons wat verkeerd is en help ons met dit wat goed en reg en tot u eer is*” (2006:12bb), “*ons lewe ... skoonmaak ... waar ons dinge doen wat nie tot u eer, u verheerliking is nie*” (2006:18h).

Sondebelydenis is verbind aan gehoorsaamheid (2006:12bb) en aan sondevoorkoming: “*Bewaar ons in hierdie vergadering teenoor mensehoogmoed, laat ons waak teen eie belang*” (2006:16g) en aan God se wil: “*Wil ons dan ook alles in u Naam afweer wat teen u wil is*” (2006:23f).

By nabaat blyk dat nêrens eksplisiet in enige van die ondersoekte gebede erkenning gegee is daaraan dat die Heilige Gees die bidders van sonde oortuig nie. Daar is ook nie een voorbeeld van berou in verband met ‘n kerkregeringsbesluit wat herroep is nie omdat daar aanvanklik verkeerde besluite geneem is nie, hoewel dit met kontensieuse sake wel die geval was dat besluite herroep is. Eintlik is daar slegs enkele bedes oor sonde in en oor die kerk bely soos dit hierbo uitgewys is.

Daar was nie voorbeeld van gebede waar ‘n voorbidder persoonlike sondes in die eerstepersoonenkelykheid (ek) bely het en bloot net gebid het vir die res van die vergadering nie. Daar was nie voorbeeld waar, ten spyte van sterk meningsverskil oor sake, individue of groepe geviktimiseer of gediaboliseer is oor ‘n ander standpunt nie.

Laastens kan ek opmerk dat daar nie in die ondersoekte gebede verwysings was na die erns en omvang van sondes nie, maar dit deurgaans vaag en algemeen bely is.

3.7 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE BEGRIP: “KONINKRYK VAN GOD” IN VERHOUDING MET GOD SE WIL (“LAAT U WIL GESKIED”) IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

3.7.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE DIE BEGRIP: “KONINKRYK VAN GOD” IN VERHOUDING MET GOD SE WIL IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

3.7.1.1 Kerkregeerders moet biddend vra dat God se wil sal geskied.

Die kerkregeerde moet vanuit die Woord, as Woord van die Gees, biddend afleidings maak ten opsigte van God se wil oor sake omdat Hy as Hoof die

gelowige, kerk en kerkregeerde, deur die Heilige Gees herskep om as beelddraer van God te kan en te wil lewe (4.2.5.1.4; 4.2.2.1.1).

Kerkregeerde moet biddend strewe na onvoorwaardelike onderwerping van die menslike wil aan God se wil (raadsplan) (8.2.5.1) en om te help om die menslike wil met God se wil te harmonieer (8.2.5.3). Kerkregeerde moet weet dat gebede om God se wil sowel 'n beperking op die inhoud van die gebed as op die wyse daarvan plaas (8.2.5.2).

Kerkregeerde dra vanweë hul roeping meewerkend en kontrolierend 'n strenger verantwoordelikheid om God se wil te laat geskied as gewone lidmate (8.2.5.4). Gebede in die kerkregering het ten doel om die korporatiewe lof, dank, aanbidding en petisies, ens. voor God te bring met die oog op 'n eenwording met God se wil in gehoorsaamheid volgens sy Woord (9.3.1.1.1).

3.7.2 EMPIRIESE ONDERSOEK MET BETREKKING TOT GOD SE WIL IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING

Die "wil van God" het in die ondersoekte gebede op verskeie wyses aan die orde gekom met waarskynlik verskeie bedoelings en daar is ook verwysende sinsnedes gebruik om die gedagte te dra: "*as dit so in u raad bestaan*" (2003:6s) en "*U bestuur alles volgens u raad en u wil*" (2006:29c).

Dis gebruik as onderwerpings- en gehoorsaamheidsdaad: "*ons eie wil te versaak en U as Koning te ag*" (2003:16g).

Dis bedoel as sinoniem vir evangelieverkondiging: "*ouderlinge ... as wagters op Sionsmure u wil kan verkondig*" (2003:28n).

Dis waarskynlik beide as rigsnoer en as kontrolemaatreël bedoel: "*besluite te bestuur volgens u wil*" (2003:28d).

Met 'n etegebed is gebid: "*gawes ontvang sodat ons dit ... tot u goeie wil mag gebruik*" (2003:33f) waarmee daar waarskynlik mee bedoel is dat dit in ooreenstemming met God se bedoeling mag wees (gehoorsaamheid?).

Die woorde (en betekenis) van die Onse Vader "*laat u wil geskied*" is etlike kere gebid (2003:14b,c; 2006:1l). Nog meer kere is dit as gebedsafsluiting as grond vir verhoring gebruik: "*Om Jesus wil*" (2003:30); "*ons vra dit om Christus ontwil*" (2003:9f; 18n; 19i; 2009:3aaa; 7g), "*om Jesus Christus ontwil*" (2003:20r; 22w; 2006:9h); "*Ons bid hierdie dinge ... as dit u wil is om Christus wil, alles*" (2006:14m,n), "*om u Naam ontwil*" (2009:9u); "*om Jesus Christus wil*" (2009:i). Hiermee word waarskynlik twee dinge bedoel naamlik eerstens dat dit, ten opsigte van ons ondersoekte onderwerp, dui op die geopenbaarde wil van God in sy Woord waaraan bedes en desnoodse verhoring geweeg word, as kontrolemaatreël dus en tweedens dat die verhoring 'n genadegawe is ter wille van Jesus Christus.

Daar is weliswaar baie epiklese bedes wat gevra het vir opening van die Woord en verligting van die Gees, maar dis nêrens in verband gebring met God se geopenbaarde wil wat uit sy Woord kenbaar is nie. Sulke bedes vra van die kerkregeerde om biddend afleidings te maak vanuit die Woord om sy kerkregeringsbesluite daarvolgens te neem.

Hierby kan verder opgemerk word dat daar uit 'n totaal van 121 gebede slegs 7 maal (uitgesonderd die gebedslot bv. "om Christus ontwil") gebid is dat God se wil moet geskied. Indien ons die agtergrond van sake wat op die agendas was waar botsende opinies gehuldig is, is dit verrassend min. Die bede "*laat u wil geskied*" wil immers erns maak met die sekerheid op verhoring waar daar beperkings op die inhoud en wyse van beide die bedes as die verhoring bestaan, dus dat gevra word dat die verhoring van die spesifieke bewoerde bedes aan God se doel moet beantwoord wat opsigself weer die verantwoordelikheid van die kerkregeerde in die stemproses na vore bring. Gebed dat "*u wil moet geskied*" is immers 'n teruggrype op die laaste grond van dinge wat vra dat die menslike wil met God se wil moet harmonieer.

Die bede "*laat u wil geskied*" is geen versoek dat God sy wil moet verander om by die bidder in te val nie, eweneens mag dit geen fatalistiese laissez-faire gesindheid ten opsigte van die besluitnemingsproses of die besluite openbaar nie. Teen die agtergrond van menslike foute waarvoor die kerkorde voorsiening op hersiening maak, kan 'n gebed "*laat u wil geskied*" immers nie as rede aangevoer word dat besluite nie hersienbaar is nie. Daarom behoort daar menslikerwys versigtig geoordeel word of 'n besluit wat (veral oor middelmatige sake of sake waar die moontlikheid bestaan om die Skrif te oorvra) met 'n skrale meerderheidsstem geneem is, werklik God se wil is.

Bogenoemde standpunt kom inderdaad na vore in drie van die ondersoekte gebede waar daar tydens sinode 2006 'n besluit op KO art's 31 en 46 geneem is met die implikasie dat vroue in geen kerklike amp mag dien nie en in 2009 die besluit weer herroep is. Al drie gebede is deur dieselfde persoon gedoen. In die 2006 gebed is daar soos volg na God se wil met betrekking tot verhoring verwys: "*ons dank U dat U ons in alle dinge lei ... dat U ons gebede verhoor het en dat U ons op so 'n wyse geleei het ... dat elkeen sal vra hoe U dit wil in die diepste van die saak. Vader, U verhoor u kinders altyd*" (2006:35a,d-i). In 2009 word daar na 'n reses gebid "*dat ons aanvaar dat U ons wil gebruik om uiteindelik die uitkoms te bring. En laat ons elkeen ons buig voor die uitkoms, dit aanvaar uit u Vaderhand ... dat ons sal terugkyk en sê: die Heilige Gees en ons het besluit*" (2009:36h-k); met nog 'n derde gebed pas voordat die sinode oor die saak van die vrou gestem het "*U weet hoe ... dit ons begeerte is om, gehoorsaam as kerk, voor u aangesig te mag leef. U het ons tot hierdie geleei ... En gee, Vader, dat ons daarin u uitkoms uit u hand sal aanvaar, of dit is teen my hartwens en of dit is in ooreenstemming daarmee, maar dat dit vir ons elkeen van U 'n uitkoms sal*

wees" (2009:42a-g). Die stelligheid van die bedes gemeet aan die besluite onder verdenking hoe daar met God se wil, sy hand, sy gemeende verhoring, omgegaan word, kan vrae laat ontstaan of God dan van gedagte verander as drie agtereenvolgende sinodes dan sus en dan so besluit. God se geopenbaarde wil behoort immers sowel die maatstaf as die beperking te wees van wat as geregverdigde verwagting in verband met verhoring behoort te geld.

3.8 ONDERSOEK NA DIE WAARHEIDSELEMENT IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

3.8.1 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE WAARHEIDSELEMENT IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

3.8.1.1 Dis deel van kerkregeerders se roeping is om oor waarheid vs dwaling in die kerk te waak (4.2.5.1.1). Daarom dra kerkregeerders die funksie om biddend na die kern van sake te vra om oor verskillende standpunte rakende die belydenis te kan oordeel (8.2.3.1) as 'n staande-bly in die geloof in tye van aanvegting (8.2.4.1). Hierdie bede is nou vervleg met die merktekens van die ware kerk (9.1.1.1). Deur die verkondiging van die koninkryk, werk die Heilige Gees sodat God se heerskappy in die kerk in waarheid realiseer waar daar in gehoorsaamheid aan die Woord in gebed na God se wil gevra word (4.2.4.1.1.2).

3.8.2 EMPIRIESE ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN DIE WAARHEIDSELEMENT IN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

Daar is slegs in enkele (10 uit 121) gebede na waarheid verwys waarvan 3 'n aanhaling uit die berymde Psalm 43 was: "*Skenk/stuur u lig en u waarheid*" (2003:21o). In nog 'n aanhaling van 'n berymde Psalm is daar in 'n lofprysing na die waarheid verwys, maar dit blyk bloot 'n veralgemenende stelling te wees eerder as kerkregerende riglyn: "*U goedheid, Heer, is hemelhoog, u waarheid tot die wolkeboog*" (2006:19a).

Dit kom voor dat gereformeerde kerkregeerders weet dat die waarheid aan die Woord verbind is en dit hul bedoeling is om die waarheid te handhaaf: "*dat ons in ons besluitneming sal hou aan u Woord en dat ons net maar ons deur U sal laat lei in die volle waarheid*" (2003:25q; 2006:23i; 2006:41).

In 'n gebed na 'n voorlesing oor Aäron se seuns se optrede wat in metaforiese sin bedoel en op dwalinge betrek is: "*die wêreld dit sal sien dat ons nie vreemde vure voor u heilige aangesig sal bring nie, maar dat ons ons sal rig volgens u heilige Woord soos wat dit daar vir ons geskrywe staan en dat ons U sal dien soos wat U dit van ons verwag*" (2006:18c-g).

Daar is 'n mooi voorbeeld van kontekstuele aktualisering vanuit die brief in Openbaring (2:1-7) aan Efese rakende die waarheidsvraag: "*ons weet dat U ons waarsku om nie ons eerste liefde te verlaat nie, waar Efesiers nie die kwaad en dwalings verdra het nie en dit met onvermoeide volharding enduit beveg het, word hulle tog vermaan dat hulle die waarheid en liefde van mekaar geskei het en nie by die liefde en waarheid gebly het nie en so in alle opsigte na Christus toe gegroei het nie. Bewaar ons tydens hierdie besprekings*" (2006:32n-s).

Waarskynlik is daar na bespreking of stemming oor 'n saak waaroor daar meningsverskil bestaan het, gebid: "*lei ons so dat ons mekaar weer kan vind op grond van die waarheid van u Woord*" waaruit duidelik blyk dat die primaat van die Woord bo verdenking staan en die toetssteen is vir verskilpunte (2009:11g).

Uit 'n bede: "*Here, gee dat ons altyd ons insig by U sal soek, dat ons by die waarheid sal bly*" sou die afleiding gemaak kon word dat die waarheid ook beperkinge plaas op kerkregeringshandelinge aangesien afwykings veronderstel word (2009:13e).

Kerkregeerders behoort hul gebede rondom die waarheid neutraal te stel eerder as dat hoorderbidders aanvoel dat een opinie as waarheid bo ander geïmpliseer word: "*lei ons in die waarheid*" (2009:22j) beteken waarskynlik dieselfde as leersuiwerheid soos gebid is "*u heilige Woord ... suiwer verkondig*" (2003:28k).

Gedagtig aan die appelle, beswaarskrifte, meningsverskil en heftige debatte tydens die sinodes, sou mens verwag dat daar veel meer in gebed gemaak sou word van die kerkregeerders se roeping om oor die waarheid teenoor dwalings te waak en dat daar vir leersuiwerheid gebid sou word en dat die belydenis veel meer sou figureer. Mens sou dus verwag dat die merktekens van die ware kerk in die gebede bedes sou rig ten opsigte van gehoorsaamheid aan die Woord as 'n vorm van staande-bly in die geloof.

3.9 ONDERSOEK NA DIE AANROEPING VAN GOD IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

3.9.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP DIE AANROEPING VAN GOD IN KONTEKS VAN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING:

3.9.1.1 Die gebedsaanroep fokus op God die Vader.

Die openbare kerkregeergebed is gerig op God, die Vader van ons Here Jesus Christus deur die Heilige Gees (9.4.2.1.1.1).

Die korporatiewe aard van die kerkregeergebed behoort verdiskonter te word in beide die aspekte van die immanensie en transendensie van God in die aanroeping (9.4.2.1.1).

Die openbare kerkregeergebed is 'n korporatiewe aangeleentheid wat die voorbidder moet verdiskonter deur in die eerstpersoonmeervoud (ons) te bid (9.4.2.1.1).

3.9.2 EMPIRIESE ONDERSOEK TEN OPSIGTE VAN DIE AANROEPING VAN GOD IN KONTEKS VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

In ruim 77 van die 121 ondersoekte gebede is God as "Vader" (2006:8a) met verskillende kombinasies in die aanvangsaanroep aangeroep: "Ons Vader wat in die hemel(e) is" (2003:4a; 2003:16a); "Onse hemelse Vader" (2006:34a); "Ons almagtige God en Vader wat in die hemel is" (2003:8a); "Ons almagtige God en hemelse Vader" (2006:6a); "Here ons God, hemelse Vader" (2003:15a); "Ons (ge)troue God en Vader" (2003:23a; 2006:33a); "Ons troue Verbondsgod en Vader wat in die hemel is" (2009:8a); "Ons almagtige en barmhartige Vader wat in die hemel is" (2006:36a); "Here, onse Vader in die hemel" (2006:37a); "Ons hemelse God en Vader" (2006:40a); "Almagtige, ewige God, Vader, Seun en Heilige Gees" (2009:9a; 2009:17a); "Ons dierbare Vader wat in die hemel is" (2009:19a; 2009:21a).

Ander aanvangsaanroepe was: "Ons het u Naam aangeroep ... Here" (2003:2a); "Here" (2003:7a; 13a); "Heer" (2006:19a); "Here ons Here" (2003:12a); "Here onse God" (2006:7a; 11a; 2009:3a); "Heilige God van hemel en aarde" (2003:20b); "Here onse God" (2003:25a); "Troue God" (2003:34a); "o God, onse God in Jesus Christus" (2006:1a); "Here, almagtige God" (2006:4a); "God almagtig" (2009:14a).

Dieselde bidder tydens twee sinodes: "Drie-enige God" (2006:32a; 2009:11a); nog 'n bidder het God aangeroep as: "Vader in die hemel, Drie-enige God" (2009:44a). Dit is 'n vraag of God met so 'n dogmatiese term aangespreek kan word, daar die terminologie nie in die Bybel voorkom nie.

Daar's eenmaal só gebid: "Ons Vader wat in die hemel is, ons het U lief. Ons Here Jesus Christus, ons het U lief. Drie-enige God ..." (2003:29a,b). Hierdie was die enigste direkte aanroep van Christus.

In beide die aanvangsaanroep as voortgesette aanroepe is daar duidelik met

God se immanensie en transendensie rekening gehou soos blyk uit die verwysing na “ons” en na die “hemel” in “Onse Vader wat in die hemel is” met al die variasies daarop.

In twee gebede is daar glad geen aanvangsaanroep nie. By gebed 2003:3 is daar net in die gebedslot gesê: “Om Jesus wil” (2003:3o) en by gebed 2003:28 is daar in reël o ‘n voortgesette aanroep “Onse Vader” (2003:28o).

By enkele gebede is daar al enkele bedes (2003:33a), lofverheffing (2006:7a; 2009:36a), en dank (2003:34a; 2009:5a) uitgespreek voordat die aanvangs-aanroep gedoen is. Indien daar nie vooraf ‘n gebedsoproep was nie, sou party hoorders nie kon weet dat daar gebid word nie.

Daar is heelwat voortgesette aanroepe in die gebede gedoen. Soms deurmekaar sodat dit moeilik was om die trinitariese karakter te onderskei. Waar die aanvangsaanroep op die Vader gerig was, is maklik oorgeslaan na “Here” (2006:6). In gebed 2003:16a is God as “Vader” aangeroep en later (2003:16h) “Koning van die kerk” genoem soos ook in gebed 2003:20b,c. God is 270 maal in die 121 gebede as “Here” aangeroep. Dis moeilik om te weet watter Persoon van God in die onderskeie gebede “Here” genoem word as die trinitariese karakter van die gebed nie gehandhaaf word nie.

Soms is daar in byna elke sin ‘n aanroep: bv. 8x in 2003:10 wat 151 woorde behels, dus elke 19de woord. Of in gebed 2006:6 waar daar 9 aanroepe is in 208 woorde. Met inbegrip van die aanvangsaanroep (almagtige God en hemelse Vader) en uitgesluit die gebedslot (in die Naam van die Here Jesus Christus) is die Godsname 13 maal in hierdie gebed gebruik. Dit laat die vraag ontstaan of die derde gebod nie hier in gedrang kom nie, dat dit bloot as stopwoord en manerisme gebruik is. Dit kan dit vir hoorderbidders moeilik maak om gespits saam te bid.

Soms is daar as mooidoenery vir vermeende effek van vroomheid uitroepe saam gebruik: “maar Here” (2006:32m; 2006:37h); “en nou, Here” (2006:37f); “O Here”, 24 maal (bv. 2009:3a); “O, Vader” 11 maal (bv. 2009:8l) en: “Almagtige God, Heerser oor die dood, Gewer van die lewe” (2006:17a).

In die 121 ondersoekte gebede is daar ongeveer 23000 woorde gebruik waarvan 643 die Godsname was uitgesluit verwysings na Seun, Heilige Gees, Verlosser, Koning, ens. Dus was elke 35ste woord ‘n Godsnaam. So kan die aanroeping opsigself ‘n gebedstoornis vir die hoorderbidders veroorsaak.

Daar was ‘n paar gebede waarin die bidders hulself skuldig gemaak het daaraan dat hulle met God oor God praat, dus dat hulle in die derde persoon praat (2003:15c,f,h,p,t,w; 2006:12f).

Daar was geen geleentheid waar daar familiêr of besitlik na God verwys is as “Jy/Jou” nie. Daar is deurlopend na Hom met die eerbiedsvorm “U” verwys.

3.10 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA LOFPRYSING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

3.10.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP DIE LOFPRYSING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

3.10.1.1 Lofprysing in die kerkregeergebed.

Deur lofprysing bring die kerk as liggaam in verwondering hulde aan haar Hoof in kommunikatiewe komplimente (9.4.2.2.1.1).

Kerkregeerders erken hiermee hul relasionele verhouding met God as Gód teenoor menslike outonomie in die kerk (9.4.2.2.1.2).

Kerkregeerders se lofprysing behoort veral God se heerskappy in en oor die kerk te verwoord (9.4.2.2.1.3).

3.10.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT FOKUS OP DIE LOFPRYSING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

In 43 uit die 121 ondersoekte gebede was daar frases van lofprysing en soms is dit verwarrig met danksegging: “*in ons lofpsalm het ons aan u dank gebring vir soveel ... seeëninge*” (2003:9a); “*ons dank U dat ons U so kan loof en prys*” (2003:12a). In danksegging gaan dit immers oor erkentlikheidsbetoon oor God se werke, gawes, dade, terwyl lofprysing verwondering vererend en aanbiddend fokus op God as Gód, sy Persoon en deugde.

Lofprysing spreek God Self aan: “*U is die almagtige, ewige God: Vader, Seun en Heilige Gees. U, Skepper van hemel en aarde, maar deur Jesus Christus ons liefdevolle Vader ...*” (2009:39a-c).

Komplimenterende verwondering is uitgespreek ten opsigte van God se deugde: “*U trou wat nie wankel of beswyk nie*” (2003:4b); “*Who created heaven and earth*” (2003:21c); Hy is geprys as Skepper (2006:4b); as God van alle volke wat voor Hom juig en buig (2006:5a); “*u grootheid is ondeurgrondelik*” (2006:5g); “*ewige almagtige God, ons Skepper*” (2006:12a); “*in klein menswees is ons stil voor U, ootmoedig voor U, die Almagtige!*” (2009:30a).

God se transcendensie en immanensie het in lofprysende woorde bymekaar gekom: “*ons u Naam wil heilig, verheerlik omdat U groot is, oneindig groot is, hoog verhewe en tog het U neergedaal in Jesus Christus, u Seun, na ons mense ...*” (2009:3d-f); “*Here, onse God, U wat in u aandag, die sterre van die heelal op die punte van u vingers dra, U wat die pikdonker inskoue van onmeetlike ruimtes*

tussen die eue vergader het, geskape het as die voetbank vir u voete. U, o God, wat diep neergekom het en agter ons gevalle sondaar mense kom aanloop het op ons dwaalpaaie, agter ons aan in Jesus Christus, u Seun, om ons terug te bring na u huis” (2009:6a-f).

Lofprysing is met blydskap gerig op die Persoon van God “*wat ‘n heerlike en wonderlike voorreg om u groot en heilige Naam te mag aanroep*” (2003:16b).

Lofprysing is verwoord as ‘n verhoudingsaangeleentheid in ‘n kerkregeersituasie: “*ons wil U loof en prys. Ons wil u Naam groot maak en U eer as u kinders wat onder leiding van u Gees vergader is*” (2003:31a).

Verwondering is as ‘n belydenis verwoord as “*ons die knie vanaand voor U buig: ons bely dat U Skepper en Onderhouer is van alles*” (2006:30b).

In ‘n gebedslot het die voortdurendheid van die aanbiddingshandeling geblyk: “*Ons verenig ons hart en stem saam met die lof en die eer wat U deur ons verbondenheid met Christus tot in alle ewigheid toekom*” (2009:18u-w).

Lofprysing het ‘n gesindheid van verwondering verwoord wat uitloop op ‘n verhouding wat vir die kerkregering belangrik is om hulle aan God te onderwerp: “*ons kom ... na U ... met eerbied en ontsag, ons staan voor U, heilige God van hemel en aarde en ons loof en prys U omdat U God is, U alleen! Ons kom ook voor U as Koning van u kerk*” (2003:20a-c).

Lofprysing en aanbidding is met roemtaal vervleg: “*ons kom met ... aanbidding in ons hart, buig ons voor U neer en eer ons U, die Koning van die konings, as die Here oor alle dinge*” (2003:25a-c); “*Almagtige God, Heerser oor die dood, Gewer van die lewe, U hou u kerk in stand ... heerlik is u Naam op die ganse aarde, heerlik is u Naam in die kerk. Laat dit opklink van Noord na Suid en van Oos na Wes dat U u kerk bou ...*” (2006:17a-d).

Lofprysings is voor ‘n etensgebed gedoen wat organies vanuit die konteks fokus op God se sorg: “*Here, ons almagtige God, U wat alles geskep het ... nog alles onderhou*” (2003:33c).

Bekende skrifberyminings het as lofprysing gedien: “*U goedheid, Heer, is hemelhoog, u waarheid tot die wolkeboog, u reg sal nooit begeef nie ...*” (2006:19a).

Lofprysings is in ‘n gebedslot gedoen: “*Aan U wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid*” (2006:500-qq).

Daar is oor God se uitnemendheid met Hom gepraat: “aan *U kom toe die eer en heerlikheid en majesteit, U wat magtig is om ons van struikeling te bewaar*” (2006:9a-b).

Indien kerkregeerders meer lofprysende aanbidding in hul gebede kan verwoord, sal daar meer innigheid wees en sal kerkregeerders meer bewus wees van die transiensie en immanensie van God ten opsigte van hul roeping en ‘n vertrouensgevoel in hulle opwek wat gebedsvertroue stimuleer.

Ten opsigte van lofprysing in kerkregerende verband sou daar op meer deugde van God gefokus kon word soos op sy wysheid en kennis, goedheid, oraleenwoordigheid, onveranderlikheid, onbegryplikheid, heiligeheid en regverdigheid.

3.11 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DANKSEGGING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

3.11.1 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP DANKSEGGING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

3.11.1.1 Dankseggings vorm deel van die kerkregeergebed.

Dankseggings as verwonderende erkentlikheidsbetoon ontspring deur die Heilige Gees en is gerig op ontvangde voordeel, weldade, seëninge en afgeweerde kwaad (9.4.2.3.1.1) en verwoord as ‘n pneumatologiese herinneringsgebeure erkentlikheid teenoor God vir sy regering oor kerk en kosmos op beide geestelike as liggaamlike vlak (9.4.2.3.1.2).

Dankseggings behoort veral God se heerskappy in en oor die kerk te verwoord (9.4.2.3.1.3).

3.11.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT FOKUS OP DANKSEGGING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

Dankseggings as erkentlikheidsbetoning is 216 keer in 94 van die 121 ondersoekte gebede verwoord. In 28 gebede, meesal etensuurgebede, was daar geen dankseggings nie. Hierdie erkentlikheidsbetoning teenoor God is gefokus op voordeel, weldade, seëninge wat ontvang is en afgeweerde kwaad en is begrond in die belydenis van God se voorsienigheid en heerskappy.

Dankseggings is soms verwarr, gemeng en gelykgestel aan lofprysing: “*in ons loepsalm het ons aan U dank gebring vir soveel onverdiende seëninge in die natuur daarbuite*” (2003:9a); “*ons dank U dat ons U dan so kan loof en prys*” (2003:12a); “*dis met dankbaarheid, Here, dat ons U loof en dank dat ons kan*

getuig dat U ook gedurende hierdie eerste dag van die sinode ... vir ons sorg” (2006:6a-c).

Danksegging is betuig as korporatiewe erkentlikheidsbetoon vir gewoon algemene liggaamlike seëninge waarin God onder andere erken is as Gewer, Versorger en Helper: “*Ons dank U vir die heerlike reën, vir al u seëninge op al die vlakte van ons lewe*” (2003:11g); “*Ons dank U ... dat U ons liggaamlike behoeftes ken en dat U vir ons sorg*” (2003:26k); “*dankie vir hierdie varsoggend*” (2006:21a); “*Ons dank U vir die nag en die rus ... nuwe dag*” (2009:9c); “*We thank You ... for 150 years*” (2009:29c-e). Erkentlikheidsbetoon is omskryf: “*Gee dat ons U altyd sal erken en sal onthou as die Gewer van alles wat goed is*” (2006:8d).

Danksegging is betuig as korporatiewe erkentlikheidsbetoon vir gewoon algemene geestelike seëninge: “*Ons dank U dat ons U mag ken*” (2003:18a); “*Dankie vir ... die gawe van geloof*” (2003:29e-g).

Danksegging is betuig as spontane responsiewe korporatiewe erkentlikheidsbetoon vir seëninge in die kerkregeringshandelinge: “*ons dank U dat ons ook vandag weer in hierdie vergadering u verbondstrou kon ervaar*” (2003:4b); “*dankie dat U ons as diensknegte geroep het ... te besin ... u kerk*” (2003:6b,c); “*ons dank U dat dit U behaag om hierdie vergadering te laat plaasvind en dat U daardeur ons as U diensknegte gebruik in u diens. Dankie dat U met u Gees in hierdie vergadering is ...*” (2003:28a-c); “*Dankie vir die leiding ook op hierdie sinode deur u Heilige Gees. Ons dank U vir u Woord en Gees en vir die gawe van geloof*” (2003:29e-g); “*Ons dank U dat U ons in alle dinge lei*” (2006:35a).

Daar’s danksegging gedoen vir sondevergiffenis: “*Dankie dat ons ... kan weet dat U ... ons reeds vergewe het*” (2003:10f); “*Ons bely voor U ons skuld en ongeregtighede en dank U dat ons daaroor nie verleë, hulpeloos, radeloos hoof te wees nie*” (2009:9p,q).

Dank is as telos van die lewe en kerkregering bedoel: “*dat ons U in alles kan loof en dank*” (2003:13e).

Danksegging is verbind aan vertroue op verhoring op grond van God se heerskappy: “*ons dank U dat ons al hierdie dinge met groot vertroue kan vra*” (2003:22q).

Dis as ‘n petisie verwoord: “*Maak ons opreg dankbaar daarvoor*” (2003:17f); “*maak ons dankbaar*” (2006:2d); “*Ons bid dit ... met dank*” (2009:31h), of bloot as stelling: “*seën die voedsel wat ons ... met dankbaarheid uit u vaderhand ontvang*” (2003:21x); “*ons kom ... tot U met danksegging en aanbidding*” (2003:25a,b).

Daar was 'n neutrale bede waarin erkentlikheidsbetoon kousaal as gebedsverhoring geïnterpreteer is: "*Dankie dat U dit reeds gedoen het*" (2006:12o). Daar was egter ook voorbeelde waarin erkentlikheidsbetoning vir besluite wat as kousale gebedsverhoring geïnterpreteer is maar wat vir 'n groot persentasie van die sinode nie noodwendig so was nie. Die stelligheid waarna daar in 'n spesiale gebed na 'n besluit, nadat 'n appél geslaag het oor die vrou in die besondere ampte, as gebedsverhoring verwys is, kan problematies wees en die vraag laat ontstaan of daar korporatief saamgebid is siende die omstredenheid van die saak en die klein meerderheidsbesluit: "*Ons dank U ... dat U ons gebede verhoor het en dat U ons op u wyse geleei het*" (2006:35d). Dieselfde probleem met korporatiewe instemming met erkentlikheidsbetoning kan rondom die slotgebed van daardie sinode uitgewys word aangesien die bewoording nie diegene kan insluit wat in hul appél geslaag het en diegene in die vergadering wat aldus gestem het nie: "*Ons dank U dat U ons ook getug het in hierdie sinode ... ons dank U dat U ons geantwoord het ...*" (2006:41g-k). Dit beklemtoon hoe versigtig 'n kerkregeerde behoort te bid, omdat sy interpretasie van dinge en besluite selfs in die aksie van danksegging 'n steuring in die saambidproses kan bring.

Die slotgebed van Sinode GKSA 2003 het 14 van die 25 reëls van die transkripsie aan danksegging gewy (2003:34) waaruit dit duidelik as terugskouing op God se handelinge bedoel was vir korporatiewe seëninge ontvang.

Daar kon meer danksegging gewees het ten opsigte van roeping en bekwaammaking van die dienaars in die kerkregering wyer as die geweldige fokus op die moderamen.

Daar sou meer toegespitste spesifisering op die kerkregering kon wees indien die danksegging kousaal op die agenda gerig was.

3.12 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA VOORBIDDING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

3.12.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP VOORBIDDING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

3.12.1.1 Voorbidding is 'n Goddelike opdrag en plig vir die kerkregeerde. Voorbidding in die kerkregering is nie 'n opsionele aspek van die gebed nie, maar 'n Goddelike opdrag en plig vir die kerkregeerde (9.4.2.5.1.1) en bring die ganse kerk en wêreld in die oog ten opsigte van beide geestelike as liggaamlike behoeftes (9.4.2.5.1.2) as deel van die beoefening van die gemeenskap van die

heiliges (9.4.2.5.1.3).

3.12.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT FOKUS OP VOORBIDDING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

In die 121 ondersoekte gebede is daar in ruim 51 gebede voorbiddende bedes. Daar blyk egter 'n baie verskraalde repertoire fokuspunte te wees vir wie gebid is. Dit is my aanvoeling dat die persoon van, belangstellingsveld en verhoudingsverbintenis van die bidder nogal 'n invloed het op die fokuspunte vir wie voorbidding gedoen is.

Helaas is daar 'n baie eng na binnegerigtheid, na dit wat myne is, meesal was die intersessiebedes gefokus op die sinode en die handelinge en organe van die sinode en eie kerk: "*Ons bid vir hierdie vergadering, elke afgevaardigde*" (2003:1c); "*die moderamen*" (2003:2b; 2003:25m; 2006:33n; 2003:3m; 2009:5f); "*Sinode in wording*" (2003:3i); "*elke sinodeganger*" (2003:3m; 2003:29k); "*ons vergadering vir hierdie dae*" (2003:12d); "*ons voorsitter*" (2003:16q; 2003:25l); "*voorsitter, ondervoorsitter, skribae*" (2009:f); "*andere wat tot besondere funksie geroep is tydens hierdie vergadering*" (2009:9h); "*waar broeders swoeg om môre u Woord te verkondig*" (2003:21t); "*ons broeders in onderhandelinge*" (2003:22i); "*elke komissie*" en die wat rapporte "*moet kom stel*" (2003:25n); "*kommissies*" (2006:31b); "*twee nuwe professore*" wat bevestig is (2003:22l), "*broeders wat weens siekte emeriteer*" (2003:22o); "*teologiese skool en professore ... al die indiensopleidingsentra waar voorgangers opgelei word*" (2006:5aa-cc); "*ons teologiese skool ... professore en ons studente*" (2009:18m; 2009:39o-q).

Selfs die vier gevalle waar name in gebede genoem is, was dit as voorbeeld van individualisering beperk tot die binnekring: "*broeder Hannes Vorster*" (2003:1f) wat by die Administratiewe Buro van die GKSA werk. 'n Ouderling het vir sy gemeentedominee gebid: "*Johan van Heyningen in sy besondere omstandighede ... spoedig sal laat aansterk*" (2009:17l). Iemand anders het by twee sinodes die name genoem van lede van die moderamen: "*Ons bid vir ons moderamen. Seën dr. Douw, ds. Pieter, Neels, Leo ...*" (2006:7i); "*dr. Neels, moderamen ...*" (2009:22k).

Bykans deurgaans is tydens die aand se sluitingsgebed steeds op die binnekring gefokus as daar voorbidding gedoen vir "*hulle vir wie ons lief en dierbaar is*" (2003:q; 2009:5h); "*ons geliefdes huis*" (2003:16s); "*elke broeder wat hier is se huis ... vrouens ... kinders en almal wat aan hulle verbind is*" (2006:12u); "*families by die huis*" (2009:m). Nog 'n binnekringgerigte gebed "*vir mense in ons midde wat diep bekommernis het oor dierbares ... na 'n vliegongeluk nie opgespoor ... is nie*" (2009:25j).

'n Amptelike opening deur 'n professor doen egter uitkringend voorbidding "Seën

elke sinodeganger ... moderamen ... die kerk, ons land, Afrika, die hele wêreld” (2003:3m,n). Nog ‘n bidder wat betrokke is by die opleiding van bedienaars van die Woord doen intsessie vir “*hierdie land en al sy mense op hierdie kontinent*” (2006:5u). Nog ‘n teologiese professor: “*Ons wil voorbidding doen vir ons kerke wat ons hier verteenwoordig onder die verskillende volkere, tale in ons vaderland*” (2009:3t).

Vanuit die gemeenskap van die gelowiges is gebid vir die “*heiliges oor die aarde*” (2009:9l); “*seën die kerke in ons kerkverband*” (2009:12j); “*medegelowiges in ons kerke, maar ook wyer in die land en selfs in Suider-Afrika en in Afrika en in die hele wêreld*” (2009:26k); “*people from abroad, Canada, Australia, New Zealand, Africa, all parts of the world*” (2009:34c); “*u kinders wêreldwyd ook waar hulle vervolg word*” (2006:14f), “*u kerk op aarde*” (2006:24h); GKSA se 150-jarige “feesvieringe wat vandag begin” (2009:28l).

Die versoekwaarde voorbidding gedoen is, was egter meesal vaag en veralgemenend: “*seën*” (2003:3m); “*ons bid vir*” sonder ‘n spesifieke versoek (2003:1c); “*ons dra hulle aan U op*” (2003:6q; 2006:17j; 37s); “*wees met*” (2003:16p; 2003:25l) en “*gaan met*” (2003:s); “*bewaar*” (2006:9f); “*Wil U u seëninge gee*” (2003:21t) “*dienswerk seën*” (2003:22n); “*lei hulle*” (2009:11k); “*vashou in die holte van u hand*” (2009:16g).

Voorbeeldwaarde voorbidding meer vanuit die algemene priesterskap gedoen is, is: “*ons dink aan hulle ... wat nie so bevoorreg is nie ... dat U ook daar sal uitkoms gee*” (2003:30h); “*verlig die nood van so baie rondom ons wat elke dag honger is*” (2006:34g); “*voorsien aan die wat in nood is*” (2009:21i). Ander fokuspunte was op “*almal wat swaar kry*” (2003:22n).

Vanuit ‘n pastorale bewoëndheid by ‘n sinodesluiting van die professor in praktiese teologie: “*Hierdie sinode wil bid vir sterwende vigslyers en vir mense in plakkerskampe, vir straatkinders en bedelaars, vir almal wat dalk gebroke op U wag. Ons bid vir elke predikant, ouderling, elke broeder en suster. Ons bid vir die Gereformeerde kerke en ander kerke wie se hande ons vat.*” (2003:34o-r).

Daar was nog ‘n paar ander gebede rakende samelewingsake: “*ons bid vir owerhede dat hierdie land so geregeer mag word dat daar ‘n einde sal kom aan geweld en kriminaliteit en korruptie en roof en moord en diefstal*” (2006:5ff-hh); “*wêreld in nood, vir die wat U nie ken nie, laat ons ... u verlossing ... aan hulle verkondig*” (2006:24l); “*verlig die nood*” (2006:34g); “*hulle wat minder as ons het ... dat U in u Vaderlike sorg sal sorg en sal uitkoms gee*” (2006:39f). Daar is deur ‘n predikant wie se vrou onderwyseres is, gebid vir “*onderwysers, skole en kinders wat vandag weer begin*” (2003:29m).

Daar was slegs drie gebede oor die 3 sinodes vir die “*owerhede*” (2006:5ff) met

'n variasie daarop "*Ons dink aan ons land*" (2009:3cc) en "*regering*" (2009:3mm). Ten opsigte van die voorbidding vir die owerheid wonder mens oor die praktykmaking van KO art. 28 en NGB art. 36 waar bely en onderneem word om "*vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuur*", maar ongeag rapporte oor "*korrespondensie met die hoë owerheid*" en aanverwante agandapunte, het dit dus bykans nie gebeur nie.

Voorbidding is gedoen vir ons "*omgewing, buurlande ... ontstuimighede, lyding, vervolging, verwaarlozing van mense, siekte, maak ons ... diensbaar vir ons samelewing*" (2009:3qq-tt). So 'n sydelingse "*groen*" gebed vir die omgewing, is te waardeer, maar daar kon beslis meer van gemaak word soos dat daar ook net een maal vir reën gebid is "*pleit vir ... reën oor ons landstreke in ... hierdie middellyd van die somer*" (2009:9n). Gedagtig daaraan dat die sinodes midde in die somerreënseisoen vergader het met talle kerke uit die platteland, is een gebed daarvoor haas onverskoonbaar.

Daar was intersessiebedes op geestelike terrein: "*Ons bid vir vernuwing en reformasie in die kerk*" (2006:5v) en verderraan in dieselfde gebed "*Ons smeek dat daar ware versoening, vrede en geregtigheid in hierdie land met ander volkere op hierdie kontinent mag kom*" (2006:5w,x). Vir die moderamen is gevra: "*gee aan hulle besondere kalmte, wysheid, skerpheid van verstand*" (2006:7j); "*almal ook as vergadering ... daardie gesindheid om alleen maar net u eer te soek, die uitbou van u koninkryk, die opbou van u kerk*" (2006:7k); "*seën ons in hierdie eenheid, dat dit mag groei*" (2006:17n); "*u verlossing ... aan hulle verkondig*" (2006:24l).

Daar is slegs twee voorbeelde waar daar vanuit die agenda kousaal spesifiek voorbidding gedoen is: "*waar daar nou bespreking was van diakonale sake, aan hulle die wat in nood verkeer, wat nie so bevoorreg is nie*" (2003:30h) en na 'n ekumeniese eenwording is gebid vir "*die kerk met wie ons een geword het ... die Gereformeerde Kerk Nederland Vrygemaak*" (2006:17j,l).

Oor die algemeen kan opgemerk word dat die meeste intersessiebedes op 'n klein binnekring gerig was, dat behalwe enkele uitsonderings meesal vanweë die voorbidder se persoon en werkkring en verbintenisse gebid is waarskynlik omdat daar by hom/hulle identifikasie plaasgevind het. Die wyer kerkgemeenskap en nog minder die ganse wêreld het eweneens op enkele uitgewysde voorbeelde in die gesigsveld gekom. Die sosiale aspek van kerkwees midde in die wêreld toon groot gebreke. Individuelisering en noem van name was net na binne gerig. Gedagtig aan die uiteenlopende sake op die agenda wat konkrete gebedsgeleenthede en spesifisering op liggaamlike en geestelike sake sou kon inisieer, het nie gebeur nie.

3.13 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE VERTROUUE OP VERHORING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

3.13.1 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP DIE VERTROUUE OP VERHORING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

3.13.1.1 Gebedsvertroue en verhoring in die kerkregeergebed.

Gebedsvertroue is gegrond op God se almag waaraan die Heilige Gees die kerkregeerders herinner (9.4.2.6.1.1).

Gebedsverhoring hang met voorbehoude saam met die uitslag van stemming aangesien besluite toetsbaar bly (9.4.2.6.1.2).

3.13.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT FOKUS OP DIE VERTROUUE OP VERHORING IN KONTEKS VAN KERKREGERING.

In 13 van die 121 ondersoekte gebede was daar geen bede om verhoring nie, tog blyk dit uit die aanroeping van God en die eerbiedsvorme (U) waarmee Hy aangespreek is dat gebedsverhoring vir daardie bidders geen laizessefaire houding van kanse waag is met 'n onvoorspelbare uitslag nie, maar dat daar tog met verwagting op verhoring gebid is vanweë 'n persoonlike verhouding met God asook vanweë 'n verhouding met die kerk.

Merendeels is die gebedsverhoring begrond in die Middelaarswerk van Jesus Chrisus in verskeie variante: "Om Jesus ontwil" (2003:3o); "om Christus ontwil" (2003:18o); "om Christus ontwil alleen" (2003:19i); "om Jesus Christus ontwil" (2003:22w); "ter wille van Jesus Christus" (2006:18k); "Ons bid dit ... deur Jesus Christus (ons Here)" (2006:33s; 2009:39aa); "Dit bid ons deur Hom en deur Wie ons lewe, Jesus Christus ons Koning en Here" (2009:44r).

Verder is die verhoringsvertroue begrond in Jesus se belofte om gebede in sy Naam te verhoor vanuit 'n geloofsverhouding en nie as outomatiese towerformule nie: "in die Naam van ons Here Jesus" (2003:17h); "in Jesus se Naam" (2006:10c; 11p); "in die Naam van Jesus Christus" (2003:24m); "in die Naam van Christus Jesus ons (die) Here" (2003:25ee; 2006:6n); "Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus ons Verlosser" (2003:4l); "in die Naam van ons Borg en Middelaar, Jesus Christus" (2003:15ff); "in die Naam van ons lewende God" (2009:14i); "in die Naam van u Seun, ons Here Jesus Christus" (2009:41g).

Mens sou verwag dat gebedsverhoring ten opsigte van die kerkregerings-handelinge meer op Christus se verhouding met die kerk en sy mag en

heerskappy betrek word wat inderdaad in ‘n paar gevalle so gedoen is in terme van die kerkregering: “*Ons buig ons nederig voor U en u heerskappy*” (2003:2o); “*Ons bid dit omdat ons erken dat Jesus Christus Koning van ons kerk is*” (2003:2g); “*Ons bid dit in die Naam van die Koning van die konings*” (2003:5g); “*in die Naam van Jesus Christus ons Verlosser en ons Koning*” (2009:17y; 2009:36q); “*in die Naam van Jesus Christus ons Koning en ons Here*” (2009:38p); “*dit bid ons in sy heilige Naam*” met voorafbede gerig op Jesus Christus” (2009:31h).

Ander formulerings wat op gebedsvrymoedigheid en aldus op verhoring duい, het voorgekom: “*Ons dank U dat ons al hierdie dinge met vertroue van U kan vra omdat ons weet Jesus Christus is die groot Koning*” (2003:22q); “*Ons dank U ... dat ons die vrymoedigheid het deur die verdienste van ons Here Jesus Christus, u Seun*” (2003:24b,c); “*ons kom tog na U met vrymoedigheid*” (2006:4d).

Verhoring is gegrond in beloftes in die Skrif met vertroue daarop dat God op sy Woord geneem word as Waarmaker van sy beloftes: “*Ons bid dit in die Naam van ons Here Jesus Christus wat ons die versekering gegee het dat alles wat ons van U bid in sy Naam U veel eerder gee as wat aardse ouers hul kinders*” (2006:16r-t); “*ons dank U ... kinders van U geword het, kinders wat alles van U mag vra ... ons versoek, alles, van U mag ontvang en alles van U mag afbid*” (2006:23b-f); “*Dank ons U dat ons daaroor nie verleë, hulpeloos, radeloos hoof te wees nie*” (2009:9q).

Bidders het geïmpliseer dat gebedsverhoring nie uitgebly het nie en dus opsigself as motivering dien om te bid: “*O Here, waar U ons vandag beproef het, waar daar ‘n krisis op ons pad geplaas is, dank ons U, Here, dat ons u Naam kon aanroep en dat ons kon bid om leiding*” (2006:32j-l); “*biddend het ons vanoggend ons hande na U opgesteek vir hulp en leiding. Ons dank U dat U ons in u groot genade werklik vasgegryp het*” (2006:34a-c); “*ons dank U ... dat U ons gebede verhoor het en dat U ons op u wyse geleei het*” (2006:35d,e); “*ons bely: as U werk, kan niemand keer nie, maar as U keer, sal niemand kan werk nie. Vir die leiding wat ons gekry het, vir die besluit, dank ons U en ons prys u Naam ...*” (2006:35k-m).

Daar was ‘n verwysing ten opsigte van die sekerheid van gebedsverhoring uit Ef 3:20: “*Here, U bewys so dikwels dat U mag het om te doen ver bo wat ons bid of dink*” (2006:5nn).

Verder was dit opmerklik dat daar slegs een gebed was waar die publiek-geykte uitdrukking rondom eie verdienste versus genade voorgekom het: “*Ons het geen verdienste nie, Here, maar ons beroep ons op die verdienste van ons Koning en Verlosser, ons Here Jesus Christus*” (2009:25m-o). As waarskynlik ‘n regstellende keersy, is daar gebid: “*ons vra hierdie dinge deur Jesus met ‘n*

beroep op sy soenverdienste” (2009:26r).

Enkele bedes is waarskynlik in terme van Psalm 65:3 van God as “*Hoorder van die gebed*” gesmeek: “*Hoor en verhoor ons*” (2003:15ee); “*Verhoor genadiglik ons gebed*” (2003:22v); “*Verhoor tog ons gebed*” (2003:26n); “*Hoor ons, Vader*” (2006:1q); “*Hoor ons gebede, almal se gebede*” (2006:11o); “*Hoor ons gebed in die Naam van Jesus Christus*” (2006:18k); “*Vader, U verhoor u kinders altyd*” (2006:35i); “*Verhoor almal met vreugde*” (2009:1c); “*Hoor ons gebed. In the Name of Jesus, our Lord*” (2009:28m).

Met die heropening van sinode 2009 word geïmpliseer dat die uitslag van ‘n stemming gebedsverhoring sal wees: “*dat ons aanvaar dat U ons wil gebruik om uiteindelik die uitkoms te bring. En laat ons elkeen ons buig voor die uitkoms, dit aanvaar uit u Vaderhand*” (2009:36g-i) met die kerkregerende implikasie dat stemming per se met gebedsverhoring gepaard gaan of dat stemming gebedsverhoring is, wat per implikasie ‘n beswaar of appèl by voorbaat sou nihileer. Hierdie gedagte is gekontinueer in ‘n spesiale gebed voor die stemming oor die vrou in die kerk: “*ons ... deelneem aan die besluit wat geneem moet word, en gee ... dat ons daarin u uitkoms uit u hand mag aanvaar, of dit is teen my hartwens en of dit is in ooreenstemming daarmee, maar dat dit so vir elkeen van ons ‘n uitkoms sal wees ...*” (2009:42e-g).

Die verhouding tussen gebedsverhoring met betrekking God se wil, is in punt 3.7 hierbo behandel.

Geeneen van die gebede het ‘n dwingende gesindheid openbaar nie.

3.14 ONDERSOEK NA SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING OP SPESIFIKE SAKE EN GEBEURE IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

3.14.1 BASISTORETIESE PERSPEKTIEWE WAT FOKUS OP SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING OP SPESIFIKE SAKE EN GEBEURE (PETISIES) IN GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

3.14.1.1 Kerkregeergebede behoort deur die spesifisering uit die agenda bepaal te word.

Aangesien daar ‘n noodwendige kousale verband tussen die kerkregerende agenda en die kerkregerende gebede bestaan, is spesifisering in die gebede noodsaklik om die lig van God se Woord en die verligting van die Heilige Gees oor die spesifieke sake af te bid (11.1.1). In die verband moet daarop gewys

word dat kerkregerende gebede 'n pneumatologiese gebeurtenis is (12.2.1.1) waar kerkregeerders met vrymoedigheid kan bid om die hulp (sugte) van die Heilige Gees om hulle effektief te beïnvloed om God se wil te doen ten opsigte van spesifieke sake (12.2.1.2).

Kerkregeerders behoort daarop bedag te wees dat daar ook Goddelike beperkings is op gebedsversoeke soos dat dit volgens God se wil en tot sy verheerliking behoort te dien (12.2.1.3).

Kerkregeerders behoort in hul spesifisering hul situasie en konteks en tyd in hul gebede te verdiskontereer (12.2.1.4).

Kerkregerende gebede behoort hul geloof in die "*gemeenskap van die heiliges*" en hul liefde vir mekaar te verbeeld (12.2.1.5).

3.14.2 EMPIRIESE ONDERSOEK NA SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING OP SPESIFIKE SAKE EN GEBEURE (PETISIES) IN GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

In hierdie deel van die ondersoek word nie soseer op die spesifisering in lofprysings of danksegging of voorbidding gefokus nie, omdat dit elders behandel is, maar veral op die inhoud van die petisies, die versoeke, die "*vra om iets*" te kry.

Daar is enkele verwysings na die "*agenda*", "*saak*" en "*sake*": "*ons bely ons totale afhanklikheid van U vir ... ons afhandeling van die agenda wat voor ons lê*" (2009:26c); "*sodat ons hierdie belangrike voortsetting van hierdie sinode kan afhandel*" (2009:38e); "*sake wat voor ons lê*" (2003:11c); "*seën ons in belangrike sake wat bespreek word*" (2003:12f); "*sake rakende u kerk*" (2003:20e; 2009:7b).

Heelwat ongespesifieerde verwysings na "*hierdie*" sinode of "*hierdie*" sake het voorgekom (vgl. 2009:36e,j; 2003:2g; 14b).

Dit is onmoontlik om by nabaat vanuit die gebedsinhoude die gebede, selfs die spesiale gebede, enigsins aan 'n sekere sinode of spesifieke dag of spesifieke agendapunt te koppel.

Alle petisiebedes was oor die algemeen vaag en ongespesifieerd verwoord en het net in die algemeen gevra vir die lig van die Woord en verligting van die Gees en God se wil (vgl. punt 3.3, 3.5 en 3.7 hierbo).

Die enigste gebed waar daar uit die gebedsinhoud die besluit van die sinode weerspieël is, was met 'n ekumeniese eenwording: "*Ons dra ons broeders op wat verteenwoordigers is van die kerk met wie ons een geword het, met wie ons*

een is, op tot die troon van u genade. Ons bid vir die Gereformeerde Kerk in Nederland Vrygemaak” (2006:17j-n).

Behalwe vir verwysings na spesifieke persone wat siek was, dood in familie gehad het en ‘n vliegongeluk en die noem van die name van die moderamen op twee sinodes, kan daar oor die derde sinode nie eers aangeleid word wie die moderamen was nie al is etlike kere ongespesifiseerd vir die “*moderamen*” gebid (vgl. by voorbidding in punt 3.12).

Die bykans totale afwesigheid van ‘n kousale verband tussen die agenda en die gebede en die ongespesifiseerdheid van konteks, tyd, situasie of plek, kan as ‘n leemte en armoede in die gebede uitgewys word. Trouens, gebede kon meer persoonliker en gespits die kerkregering volgens die agenda voor die aangesig van God gebring het.

3.15 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE OPBOU VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

3.15.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE OPBOU VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

3.15.1.1 Kerkregeergebede is gerig op die opbou van die kerk.

Gereformeerde kerkregering was uit die staanspoor naas ander doelstellings ook spesifiek afgestem op die opbou van die kerk (2.2.1.1).

Kerkregeerders behoort in hul gebede na gelang van die agenda bedes te verwoord wat spesifiek gerig is op die opbou van die kerk (2.2.1.2) en afgestem is op die opbou van die kerk in al haar gestalte soos die vier afdelings van die Kerkorde dit aanwys t.o.v. die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en kerklike tug (2.3.1.1).

Kerkregeerders moet in hul gebede ag gee daarop dat kerkregering en die opbou van die kerk dieselfde proses behels (2.3.1.2).

3.15.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE OPBOU VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

As ons in ag neem die getallekrimping van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika en die geweldige roeping van ‘n sinode en die gepaardgaande intrinsieke doelstelling van kerkregering, is daar geweldig min bedes (slegs 11 uit die 121 ondersoekte gebede) verwoord wat enigsins op die opbou van die kerk betrek kan word.

Daar het agendagewys ideale geleenthede hul voorgedoen by rapporte oor bybelvertalings, hervertalings van formuliere, die teologiese skool, katkisasie, die lied van die kerk, ens. maar dan is daar volstaan met meesal neutrale bedes oor die opbou van die kerk terwyl daar 'n verskeidenheid toepassingsmoontlikhede op geestelike- en getallegroei hul voorgedoen het.

Bedes wat die opbou van die koninkryk in die oog het, het nie noodwendig die kerk in die oog nie. Sulke bedes is: "*uitbreiding van u koninkryk*" (2006:19d); "*koninkryk sal uitbrei*" (2009:l). Een bidder het heiligmaking en die opbou van die kerk tereg aan mekaar verbind: "*Suiwer ons handelinge van sondige begeertes en bevestig dit wat u koninkryk sal uitbou*" (2003:6l).

Daar is verbande getrek tussen die kerkregerende besluite en die opbou van die kerk: "*dat dit wat ons hier doen en sê en oor besluit, dat dit sal dien tot uitbouing en opbouing van u koninkryk*" (2006:6:i). Verder is gebid dat God die sinode deur sy Gees en Woord so sal lei "*dat ons sal soek na u eer, die voordeel van ons kerk, ons lidmate, maar ook die uitbouing van u koninkryk*" (2003:20g,h); "*Gee aan ons ... daardie gesindheid ... om alleen maar net u eer te soek, die uitbou van u koninkryk, die opbou van u kerk*" (2006:7l,m); "*Wil U ... ons laat werk ... tot u eer en verheerliking sodat hierdie kerk gebou kan word as 'n sieraad in u oë*" (2009:16e); "*kuratorium ... professore ...studente ... arbeiders sal stuur as medebouers in u koninkryk*" (2009:18k-o).

Daar is heilsordelik vir opbou gebid: "*Ons bid: bou ons deur u Gees op in ons allerheiligste geloof*" (2006:b); "*elke lidmaat sal laat groei tot wasdom in die geloof*" (2006:30e).

Direk voor die besluit oor die vrou in die amp van ouderling en predikant, 'n besluit wat heftig teenkanting gekry het van binne en buite die kerk, het die voorsitter gebid "*lei ons en gee dat ons hierin u Naam sal verheerlik en u kerk sal bou ...*" (2009:42h).

3.16 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

3.16.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK.

3.16.1.1 kerkregeergebede behoort ook gerig te wees op die sigbare realisering van die eenheid van die kerk.

Vanuit Jesus se gebed in Joh 17 is dit onteenseglik duidelik dat daar vir die

eenheid van die kerk gebid behoort te word dat “*almal een mag wees*” dat die eenheid van die kerk op alle vlakke (3.2.3.1) behoort te realiseer (3.2.1.1.1.1) en afgesonderd van die Bose en ongeloofswêreld om ‘n eenheid te wees (3.2.1.1.2).

Die versplintering van die kerk in allerlei denominasies vind nie in die Bybel begronding nie sodat die sondige aanleidende oorsake nie in gebede vertroetel behoort te word nie, maar dat daar naarstiglik om ware eenheid gebid word (3.3.2.1). In hierdie verband behoort die bede om die koms van die koninkryk die deurslag te gee om die eenheid te bewaar (3.3.2.2) aangesien die gedagte van die eenheid van die kerk in al haar kerkregtelike handelinge ter sprake kom en behoort by elke handeling en seremonie in die gebede verreken en verwoord te word.

3.16.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK.

Opvallend is die bykans afwesigheid van enige direkte bede wat gerig was op hierdie eerste wesenskenmerk van die kerk volgens die ekumeniese belydenis van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Wat die gemis eintlik nog groter maak, is die algemene kennis wat bestaan met betrekking tot hierdie saak vanuit Jesus se gebed in Johannes 17.

In 2003 is daar slegs vae terloopse verwysings wat moontlik op kerkeenheid kan dui as daar enkele kere, waarskynlik op voorbeeld van die Onse Vader, gebid is om die koms van die “koninkryk” (2003:14b) of uit die lofverheffing aan die einde van die Onse Vader: “aan *U behoort die koninkryk*” (2003:28q) waaruit uit die enkelvoud die wêreldwye eenheid geïmpliseer sou kon wees. Verwysings na die “*koms van die koninkryk*”; 2006:1l; 2006:16a) is redelik algemeen gedoen (8 maal). ‘n Bede dat “*orals waar u Woord uitgedra word ... almal saam met ons u lof kan besing*” (2006:28o,p) dui waarskynlik ook op eenheid, maar is nie eksplisiet so verwoord nie.

In 2006 is daar in ‘n appélkommisie met ‘n twissaak gebid met ‘n meer direkte verwysing, maar waarin die eenheid na binne die GKSA geïmpliseer word: “*saam hierdie dinge met mekaar kan uitpraat ... dat u Naam geëer word en die eenheid van u kerk gedien word*” (2006:11i).

Die eerste volwaardig uitgebreide gebed oor die sigbare realisering van die eenheid is tydens die eerste veeltalig saamgestelde sinode van die GKSA (2009) gedoen waar vanuit die eie kerkverbintenis (kerkverband) gebid is: “*een van sin en een van hart met dieselfde belydenis dat Jesus die Christus is... ons saamvoeg in die een liggaam van Christus waarvan ons lede is ... deel van een liggaam waar dit ookal plaaslik tot openbaring mag kom ... dat ons almal die*

gemeenskap van die heiliges genoem mag word” (2009:3k-r). Tog ontbreek die sigbare realisering met die oog op die algemene, die universele kerk. Dit is wel later verwoord: “*oog gevestig op Jesus Christus, die Hoof van die kerk wêreldwyd*” (2009:17r). Hierin is die belydenis as grondslag van die eenheid aangedui.

Die saamhoort in een kerkverband (naburigheid) is ook verwoord op grondslag van dieselfde geloof: “... genade ... dat ons ... een in geloof, een in kerkverbondenheid as liggaam van Christus hier so by mekaar kan verkeer” (2009:11a,b) of “seën die kerke in ons kerkverband” met ‘n verwysing na Jesus as “*Herder, die Opperherder*” (2009:12j). Eweso het ‘n predikant in Sotho op die eerste veeltalig saamgestelde sinode gebid en daarin die pneumatologiese fondament vir kerkeenheid aangeraak: “*Ek bid vir die gemeenskap van gelowiges ... almal wat hier teenwoordig is ... erken dat die Heilige Gees in ons almal woon ... Laat ons voortgaan as kerkeenheid in eensgesindheid ...*” (2009:14d-h). Net in nog een ander gebed het die pneumatologiese fondament gefigureer: “*twisvrae ... skeuring ... ons weet, Here, dat u Gees die bewerker van eenheid is en werk wanneer daar verskil van mening is*” (2009:24l,m).

Vanweë onderlinge meningsverskil in die kerke en op die drie onderhawige sinodes is daar op horizontale vlak vir eenheid gebid: “*help U ons dat ons harte in onderlinge vrede en eendrag verbind sal wees*” (2003:28h) dat daar “*vrede mag kom*” (2006:10c), “... *vrede van die kerke, vir die vrede waar u koninkryk kom, waar U as Koning heers*” (2006:18f,g). “*Bewaar ons tydens hierdie besprekings om nie die onderlinge liefde te laat verdwyn nie*” (2006:32:s), “*verskilpunt ... nader na mekaar sal beweeg*” (2006:35f,g). “*Ons bid, Here, dat U ons sal verbind ... in onderlinge eenheid en vrede in Christus ...*” “*Ons bid ook ... vir eenheid, een in gees, dat ons broeders en susters van u kerk op aarde altyd een sal wees, eensgesind sal wees met die Woord en ons diens aan U*” (2009:13e-g). “*Wil U gee dat wat ons vandag sal doen, dit sal doen ... tot die eenheidsvorming ... vir ons toekoms saam*” (2006:21a,b).

Met ekumeniese eenwordings is daar in twee spesiale gebede op die eenwording gewys. In die eerste een is gebid: “*We thank You, o Lord, for the sign of uniting between the two church communities ... guide these two church communities in unity ...*” (2006:13a,e). Die tweede voorbeeld volg na eenwording met die Gereformeerde Kerk in Nederland, Vrygemaak: “... *seën ons in hierdie eenheid, dat dit mag groei ...*” (2006:17n).

Oor die algemeen is dit opmerklik dat die bedes om die sigbare realisering van kerklike eenheid so min in enige gebedselement verwoord is, hetsy in lof, dank, petisie, sondebelydenis. Daar waar dit nog wel voorgekom het, is dit ook sydelings en merendeels gemotiveer vanuit meningsverskille binne die eie kerkverband en nie soseer vanuit die pneumatologie, christologie of ekklesiologie

nie. Trouens, daar is ook geen apologetiese verwoording of skuldbelydenis ten opsigte van sonde hieroor waar die kerk wêreldwyd versnipper is nie. Vanuit die agendas en gepaardgaande toepassings vanuit die Kerkorde sou 'n hele reeks organiese geleenthede aangedui kon word waar daar om die sigbare realisering van die kerk in plaaslike sin, ten opsigte van die kerkverband en universeel ten opsigte van ekumeniese betrekkinge gebid kon word.

3.17 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

3.17.1 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.

3.17.1.1 Kerkregeerders moet in hul gebede bedes verwoord wat dui op die heiligkeit van die kerk.

Die heiligkeit van die kerk berus op beide die status as die etiek as kerkregeerders “heilig” ag gee in hul regering en gebede om regering (4.2.1), aldus behoort kerkregeerders in alle handelinge en besluite ag te gee dat die kerk haar heiligkeit as indikatiewe toegerekende status sowel as in haar etiese gedrag sal bewaar (4.4.1).

Kerkregeerders verreken in hul gebede die werkliekheid dat heiligkeit ‘n verhouding met God behels waar gelowiges deur die Heilige Gees geleei word sowel op kultiese as etiese vlak (4.4.2).

Die kerk se heiligkeit beteken noodwendig toewyding in positiewe sin en afsondering van verbode dinge in negatiewe sin. Kerkregeerders behoort na gelang van die agenda voor hande beide aspekte in hul gebede te vertolk (4.4.3).

3.17.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK.

Daar is in geeneen van die gebede enige direkte of geïmpliseerde verwysing na die heiligkeit van die kerk as wesenskenmerk in die sin van indikatiewe toegerekende status nie. Die naaste wat ek kon opspoor in die ondersoekte gebede, formuleer dit soos volg: “*evangelie wat ... mense oorbring uit die donker nag van sonde na die ligkring van u koninkryk*” (2003:3g-i). Hierby aansluitend “*U ons geroep het uit die duisternis tot u wonderbare lig*” (2003:4d). So dalk ook nog in 'n volgende gebed “*dat U U oor ons, wat weggekruip het in die skaduwees van skande, ontferm het*” (2003:34a,b). “*Gee ons oopregte droefheid oor die gebrokenheid wat deur die sonde in die wêreld gekom het*” (2006:16h).

Verder is daar teoretiese dogmatiese verwysings met etiese uitvloeisels: ons as “*sondige mense in ‘n gebroke en ontredderde wêrelد*” wat worstel om koers te vind uit die Skrif (2003:6e-g) of bloot dat God aangeroep word as “*Heilige God*” (2003:20b) of verwys word na sy “*heilige Naam*” (2003:23e).

Die meeste verwysings na heiligmaking as etiese handeling van die kerke in sinode of kerkregering lê op ‘n persoonlike vlak, bykans dieselfde as gewoon die bede om vergifnis van (persoonlike) sondes (2003:8f), dat “*ons niks vir U kan wegsteek nie*” (2003:10c), dat ons “*diep verdorwe*” is (2006:5j).

Slegs enkele bedes om heiligmaking as etiese handeling is gerig op die sinode as kollektiewe vergadering van kerkregeerders: “*suwer ons handelinge van sondige begeertes ... gee tog ... die wete dat ons lewe uit God gebore is, is tot heilig-wees verkore*” (2003:6:I-o). Een gebed koppel heeltemal korrek die navolging van Jesus aan gehoorsaamheid (2003:7d-e) of om “*volgens u Woord (te) wandel*” (2003:4i) of om “*in die voetspore van Jesus (te) loop*” (2006:7g), daarom is kollektiewe skuldbelydenis ter sake “*vergewe ons skulde, ook die vele sondes op hierdie vergadering ... om ons eiewillige godsdiens te bedrywe nie*” (2003:14e-g) “*ons dwalinge, ons selfsug*” (2003:25y). Nog so ‘n kollektiewe belydenis bid: “*ons bely ... dat ons so dikwels eiewillig en in eie krag wil voortploeter. Vergewe ons*” (2003:31e-g). En ‘n ander een vra om etiese heiligung “*bewaar ons in hierdie vergadering teenoor mensehoogmoed, laat ons waak teen eie belang*” (2006:16f-h) “*hardvoigtigheid, liefdeloosheid, eiegeregtigheid*” (2006:24e-g).

Heiligkeit as etiese gedrag het ‘n verhoudingsdimense met God en mekaar wat verbreek word. Dit kom uit in dieselfde styl en orde as die Onse Vader se gebed om vergifnis jeens God (2003:10g) en mekaar as in dieselfde gebed gebid is “*dat ons mekaar ook vergewe, dat ons nie haatdraend word nie*” (2003:10i). Die herstel van hierdie verhouding bring “*lewende gemeenskap voor u aangesig*” (2003:26h).

Die bede “*laat u Naam geheilig word*” (2003:14a; 2006:1k) het merendeels ‘n lofverheffende betekenis eerder as ‘n etiese een. So is daar in ‘n ander lofprysing na God verwys “*wat magtig is om ons van struikeling te bewaar*” (2006:9b). Verder is daar gewoon in die aanroepingsklousule verwysings na God se “*heilige aangesig*” (2009:3a) voor Wie die kerkregeerde lewe.

Heiligung in die negatiewe sin van afsondering van verbode dinge, is aangeraak in ‘n gebed “*verlos ons van die bose, die wêrelde magte in ons lewe wat ons ook hier bedreig in alles wat ons bespreek en oordink*” (2003:14g-h; 2006:9h) of nog ‘n voorbeeld van negatiewe etiese gedrag wat die kerk in haar heiligkeit strem: “*wil U alle bose en listige planne wat teen u ... kerk bedink word, tot niet maak*” (2003:28n) en “*Vernietig ook die werkinge van die duivel*” (2006:15d).

Die negatiewe het tot gevolg dat “*ons u Gees bedroef het*” (2003:26j).

Die skerpste formulering waar heiligeheid implisiet ter sprake is, vra: “*Bewaar ons tog van die Satan ... teen die aanslae van Satan*” (2003:32g,j).

In positiewe sin is gebid dat ons “*u Naam steeds beter mag ken, steeds beter mag heilig en eer ook in ons gesprekke met mekaar, ons besluitneming en beredenering*” (2003:16e-f), dus die hele aksie van die sinode in alle handelinge dra etiese konsekwensies gerig op heiligeheid.

‘n Ander gebed fokus op die pneumatologiese onderbou van die heiligeheid van die kerk: “*En nou bring en lei u Gees ons daartoe, Here, om, struikelmense soos ons is, ons tog toe te wy aan U*” (2003:34d,e). Op nog ‘n vlak is gebid: “*O Here, as U ons nie vashou nie en reinig nie en heilig nie, dan is elkeen van ons ‘n vleesgeworde duivel*” (2003:5k,l).

Die gebed “*wil U ons lei, steeds elke dag op die weg van heiligmaking*” (2003:16n) dui op die voortdurende heilsordelike proses.

Daar is gebid vir dit wat rondom die ete in gesprekke en ons eie denke gebeur (2009:24i) en op ‘n keer is daar selfs gebid vir die kos “*sodat ons dit matig en heilig tot u goeie wil mag gebruik ...*” (2003:33f) “*dat U dit sal heilig*” (2009:23c) wat daarop dui dat nie net dit wat in die kerkregeringshandelinge gebeur nie, maar ook die handelinge van die kerkregeerders daar rondom implikasies het vir die heiligeheid van die kerk wat haar etiese statuur betref.

Met alles hierbo aangedui, is dit baie vaag en onbevredigend in die lig daarvan dat heiligeheid ‘n wesenskenmerk van die kerk is en as sodanig deel is van die belydenis van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika, maar dit nie as sodanig spesifiek sigbaar in hul gebede laat realiseer nie. Indien die gebedsformuleringe op die agenda afgestem sou wees bv. waar daar appelle en beswaarskrifte gedien het, waar hervertaling van formuliere gedien het vir beoordeling, waar tug uitgeoefen is, sou die sigbare realisering in praktyk soveel meer tereg kon kom. Boonop is daar soveel artikels van die KO ter sake by die heiligeheid van die kerk sowel in die betekenis van status as etiek waarby organies aangesluit sou kon word om hierdie wesenskenmerk van die kerk in haar regeerhandelinge biddend te kon aanspreek.

3.18 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

3.18.1 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT (ALGEMEENHEID) VAN DIE KERK.

3.18.1.1 Kerkregeerders moet in hul gebede bedes verwoord wat dui op die sigbare realisering van die katolisiteit van die kerk.

In hul gebede moet kerkregeerders rekening hou met die katolisiteit as synde 'n wesenskenmerk van die kerk. Kerkregeerders moenie van hul eie plaaslike kerk maak asof die die enigste in die wêreld is nie, Christus het as Hoof van die kerk slegs een liggaam wat universeel versprei is oor die hele aarde (5.4.1).

Alle kerke is op grond van die katolisiteit as indikatiewe wesenskenmerk aan alle ander kerke gebind en vereis sowel die vorming van kerkverband as die uitlewing van hul ekumeniese roeping tot opbou van die kerk (5.4.2).

Die katolisiteit openbaar homself op 'n kwalitatiewe (ortodokse) en kwalitatiewe (geografiese)vlak en omspan tye, plekke, persone en sake vanweë die inwoning van die één Gees (5.4..3). Tog is daar ook 'n sosiologiese dimensie verbonde aan die kerk se katolisiteit wat eietyds en in eie leefwêreld ruimte skep vir diversiteit (5.4..4). Dogmatiese, spiritualistiese, rasionalistiese en kerkregtelike stremminge en dwalinge kan 'n invloed uitoeft op die uitlewing van 'n kerk se katolisiteit (5.4..5).

3.18.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT (ALGEMEENHEID) VAN DIE KERK.

Oorsigtelik is daar in ongeveer 28 uit die 121 ondersoekte gebede eksplisiële en implisiële bedes waarin die katolisiteit van die kerk aan die orde gestel is.

Mens kon uit die gebede iets van die uitkringende katolisiteit van die kerk waarneem byvoorbeeld nadat daar groeteboodskappe van ander kerke aan die sinodes oorgedra is waar daar vanuit die eie kerk gebid is dat ons: "... boodskappe kon ontvang deur medegelowiges van dwarsoor die wêreld, dat ons weet dat hulle saam met ons bid en worstel" (2003:19b-d). Of vir buitelandse afgevaardigdes op die sinode: "hier is soveel gemeentes verteenwoordig, U wat deur mense vir U 'n kerk vergader. Ons sien hulle almal hier, ons dra hulle aan U op ..." (2006:37q-s). Verder is gebid dat 'n deur vir die Woord oopgemaak sal word "in hierdie kontinent waarin ons lewe" met verdere dank dat "U dit reeds gedoen het" en vir "besondere werk wat in ander lande gedoen word ..." en dieselfde gebed sluit katolieke af met 'n bede dat die "deure van die Woord vir die wêreld" oopgemaak sal word. Hierdie uitkringende katolisiteit begin "in ons eie kerke, maar ook wyer in die land en selfs in Suider Afrika en in Afrika en in die hele wêreld" (2009:26k-m; 2003:3l-n).

In dieselfde trant van ‘n universele wêreldevisie word gebid: “... *lei ons om saam met alle volke, nasies en tale ... U sal vrees en U sal dien*” (2006:1q).

God word in ‘n lofverheffing op katolieke verstaanswyse geprys as “*die God van alle volke, nasies en tale ... alle mense moet juig ... elke knie moet buig ...*” (2006:5a-d), maar verderaan in dieselfde gebed word eweneens op katolieke verstaanswyse wederkerige sonde bely wat effektief ‘n hindernis is vir die katolisiteit van die kerk: “*Ons is geneig om mekaar en ons naaste te haat*” (2006:5j) met ‘n bede om (katolieke) vergifnis.

Die sosiologiese dimensie van die katolisiteit is aangeraak waar daar gedank is vir “*gemeenskap met medegelowiges*” (2006:11h) en gebid is vir “*ons ... u kerk en ... ons lidmate by die huis*” (2006:11n) en vir diversiteit binne die katolisiteit: “*ons kerke wat ons hier verteenwoordig onder die verskillende volkere, tale in ons vaderland*” (2009:3t) en vir “*al ons gaste hier naby in ons eie land en ver oor die wêreld heen*” (2009:28b).

Die geografiese vlak van ekumenisiteit is verwoord in bedes soos “*...ons is as diensknegte geroep ... (om) te besin oor die werking van u kerk op aarde, ook die kerk waaraan ons behoort*” (2003:6c). “*... kerkverband ... al die kerke*” (2003:25r) en “*people from abroad, Canada, Australia, New Zealand, Africa, all parts of the world*” (2009:26c) en “*oral en op elke plek u Woord sal verkondig*” (2003:v) en in dieselfde gebed “*dat almal van ons af sal hoor dat Jesus Christus die Here is*” (2003:25aa).

In ‘n dankgebed is die katolisiteit soos volg verwoord: “*... dat U ons saamvoeg aan die een liggaam van Christus waarvan ons lede mag wees ... deel van een liggaam waar dit ookal plaaslik tot openbaring mag kom*” (2009:3n-q).

Met die 150 jarige bestaansvierung is die katolieke tydsomspanning verreken: “*You have carried our church and other churches especially in these past 150 years and also in the years that other churches have existed*” (2009:21d-f; 2009:28f).

Daar kon naas ‘n diakonale barmhartigheidselement ook ‘n ekumenies katolieke element uitgewys word: “*Wanneer ons sinode dink aan ons ontferming na buite, na ons medegelowiges, na alle mense ...*” (2003:34m).

Die meervoudsgebruik van die woord *kerke* in ‘n sinode se slotgebed: “*Ons bid vir die Gereformeerde Kerke en ander kerke wie se hande ons vat ... vir die kerke*” (2003:34q-s) is nie bedoel om afstand te skep nie, maar om inklusief katoliek een te wees met kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag staan soos blyk uit die woorde “*wie se hande ons vat*”.

Eweneens is daar wyd algemeen in die enkelvoud gebid vir “*die kerk*” (2006:5w) of “*u kerk op aarde*” (2006:24h) of “*our church*” (2009:21d) en in die meervoud vir “... ‘n groeiende getal gereformeerde kerke wat hulself gee om u Woord met krag ver en naby uit te dra” (2006:5y). In hierdie laaste voorbeeld is die kerkregerende bidder se katolieke bewoënheid verwoord daar hy self betrokke is by ‘n opleidingsentrum vir bedienaars van die Woord en as hy verder bid vir die Teologiese Skool en professore wat die lig van die “*evangelie ver en wyd*” uitdra (2006:5bb) word dit net nog duideliker. Die gebede vir “*sendingvelde wat U ook heropen in Afrika ... die Ooste ... hulle wat saam met ons hierdie pragtige kontinent bewoon*” (2006:16l-o) en “*orals waar u Woord uitgedra word*” (2006:28o) het ‘n katolieke bedoeling.

Na ‘n ekumeniese eenwording met ‘n engelstalige kerk op dieselfde belydenisgrondslag, is daar ‘n spesiale dankgebed in engels gedoen waarin die katolisiteit verreken is (2006:13a-g) en so ook in ‘n gebed na ekumeniese bande met die Gereformeerde Kerk in Nederland, Vrygemaak gesmee is (2006:17l).

Daar’s ‘n bede om seën vir “*die kerke in ons kerkverband*” (2009:12j) en vir “*die kerk van Jesus Christus*” (2009:22l) en ‘n gebed vir “*u kinders wêrelwyd, ook daar waar hulle vervolg word ...*” (2006:14f) waarin kennelik tot uitdrukking gebring is dat Christus as Hoof van die kerk slegs een liggaam het wat universeel versprei is oor die hele aarde. Hierdie aspek is immers die implisiële katolieke bedoeling as Jesus die “*Herder, die Opperherder*” van sy kerk genoem word (2009:12k) of dat “*Jesus Christus die Hoof van die kerk wêrelwyd*” is (2009:17r).

3.19 ONDERSOEK NA DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

3.19.1 BASISTEORETISE PERSPEKTIEWE WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.

3.19.1.1 Kerkregeerders moet in hul gebede bedes verwoord wat dui op die sigbare realisering van die apostolisiteit van die kerk.

Kerkregeerders behoort in hul gebede aandag en uitvoering te gee aan die apostolisiteit van die kerk soos blyk uit die volgende as toepassingsmoontlikhede:

Die apostolisiteit van die kerk as wesenseienskap dui op haar Skriftuurlikheid in al haar handelinge en dus ook in haar kerkregering (6.4.1).

In die uitlewing van haar apostolisiteit is daar ‘n apologetiese element ingebou ter

handhawing van haar belydenis (6.4.2).

Kerkregtelike handelinge, die liturgie en seremonies is eweneens toetsbaar aan die eksegeties kontroleerbare inhoud van die Bybel (6.4.3).

Die gesag van kerklike besluite as bediening van die Woord en hantering van die sleutelmag as bediening van die tug sowel as die verkondiging van die Woord aan die wêreld (apostolaat) rus in die apostolisiteit van die kerk (6.4.4).

3.19.2 EMPIRIESE ONDERSOEK WAT GERIG IS OP DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK.

In 31 uit 121 ondersoekte gebede is daar na my mening sinsnedes wat geïnterpreter kan word dat dit die bedoeling van die bidder was om die apostolisiteit te verwoord, maar min het uiteindelik in die gebede tereg gekom van spesifieke praktiese realisering van die apostolisiteit van die kerk, meesal was dit vaag en net sydelings.

Ten opsigte van die bedoeling om uitvoering aan die skriftuurlikheid van die kerkregeringshandelinge en besluite te gee, is daar verwys na besluite wat "*in die lig van u evangelie*" (2003:3b,3f) geneem word en "*in die lig van u Woord sal debateer en besluit*" (2003:3j) en "*dat ons slegs volgens u Woord beredeneringe sal voer en voorstelle sal daarstel en besluite sal neem*" (2003:19e;2003:26g). "... *dat ons in ons besluitneming ons sal hou aan u Woord ... en laat lei in die volle waarheid*" (2003:25p,q) en "*niks besluit buiten ... u Woord nie*" (2003:29j). "*Stuur u lig en u waarheid dat die ons lei in die rykdomme van u Woord*" (2006:4i; 2009:22j). In waarskynlik 'n situasie waar twee standpunte naas mekaar gestel is, is gebid: "*wil ons as sinode ook vra: watter pad is die beste pad? En dit wil ons loop in navolging van ons Here Jesus Christus*" (2003:7c). Later verwoord die bidder iets van die apostolisiteit van die sinode as hy bid vir "*getrouheid aan u Woord*" (2003:22h). En 'n ander bid eweneens: "*Bewaar u kerk dat dit by die suiwere leer ... sal bly*" (2003:28f) en "... *nie die werk volgens eie insigte mag doen nie*" (2006:15c).

Die apostolisiteit het op 'n manier tereg gekom in apologetiese sondebelydenisse: "*Ons bely dat ons elkeen ons eie menings het en nie bereid is om dit te toets nie*" (2006:10), waar ons aanneem dat dit aan die Woord en belydenis getoets behoort te word. Nog 'n kohortatiewe belydenis lui: "*Laat ons waak teen eie belang*" (2006:16g). En dan is daar 'n gebed waar die bidder impliseer dat daar verdeeldheid oor 'n saak was en dan word daar gebid "... *dat ons mekaar weer kan vind op grond van die waarheid van u Woord*" (2009:11g; 2009:13e).

As mens in die algemeen dink aan die opkoms van die sogenaamde Nuwe Hervorming en sektewese en aan die ander kant die vermindering in lidmatetal in

die GKSA en die kontensieuse sake op agendas in die jare waartydens hierdie sinodes vergader het, sou mens verwag dat daar 'n sterker apologetiese element in die kerkregeergebede sou wees om die belydenis te handhaaf, maar daar was net ietwat terloopse bedes wat sydelings daarna verwys bv. waar daar gedank is dat die GKSA as "kerkverband ... vashou aan u Woord" (2003:25r). Dat daar gebid is vir "professore en predikante ... dat hulle getrou en standvastig u heilige Woord ongehinderd en suiwer verkondig ... skenk aan ... ouerlinge die gawe van onderskeiding ... om u wil te verkondig." (2003:28j-m), of bietjie sterker: "Wil U alle bose en listige planne wat teen u Woord en kerk bedink word tot niet maak" (2003:28n) of "... dat ons nie vreemde vure voor u heilige aangesig sal bring nie, maar dat ons ons sal rig volgens u heilige Woord soos wat dit vir ons daar geskrywe staan" (2006:18d).

Daar het wel algemene verwysings voorgekom waaruit dit duidelik is dat die bronre van die kerkregering as toets vir apostolisiteit verdiskonter is: "Gee dat ons u Woord sal open" (2009:3ww) "volgens u Woord sal wander" (2003:4i; 3003:6k); "volgens u Woord besluite te neem" (2006:16d). "... lei ons deur u Woord en Gees" (2003:12g), "Skenk, Here, u lig en u waarheid" (2003:21o) "dat ons by u wil sal inval" (2006:20b) "die antwoord in u Woord" (2006:33d; 2009:33d) "dieselde belydenis" (2009:3k), "ryp gemaak met 'n belydenis wat oor eue strek waarop ons kan terugkyk" (2009:4e).

Die toetsbaarheid van die besluite het ook net sydelings by net vier gevalle aandag gekry hoewel 'n mens meer behoort te verwag juis vanweë veral drie sake wat groot verskille in standpunte aan die lig gebring het met gepaardgande appéle en beswaarskrifte tydens die drie sinodes nl. die viering van die nagmaal, die omdigting van die Psalms en die vrou in die besondere ampte. Die volgende dien as voorbeeld hiervan: "Om koers te vind in die geheimenisse van u Skrif te ontsluit en om antwoorde te kan vind en kan hoor: So sê die Here Here" (2003:6f-h). "... saam soek na wat U aan ons geopenbaar het wat u wil vir ons lewe en ons kerk is" (2006:11e). "... dat U die deur van u Woord ... sal oopmaak sodat die lig van u Woord sal skyn op die sake waarmee ons besig is en dat ons in daardie lig besluite sal neem" (2006:12g-j). "Gee ons insig en verstand om u Woord reg te verstaan en in ons besluite dit ook in ag te neem" (2006:23g). "ons kennis is te min" (2009:26d). Die verwysing na die "regte verstaan" impliseer dus ook 'n verkeerde verstaan terwyl die verwysing na die "geheimenisse van u Skrif" impliseer dat die Skrif nie op alle plekke en oor alle sake ewe duidelik is nie.

Verder kan daar gewys word op die gesag waarop die kerkregeringshandelinge en besluite berus as "worsteling om werklik gehoorsaam te wees aan U" (2006:12bb). "... ons buig voor u heilige Woord wat in alles die rigsnoer in ons lewens bly" (2006:16b) "sodat ons u Woord sal verstaan ... dat ons buiksprekers van U sal wees" (2009:8k) "en kan hoor: So sê die Here Here" (2003:6f-h).

Hiermee wou die bidders kommunikeer dat kerkregering ten diepste bloot ministerium van die Woord is en dat die gesag van die besluite daarin rus.

3.20 SLOT.

By nabaat kan opgemerk word dat dit wil voorkom asof die meeste bidders opmerklik onvoorbereid was en staat gemaak het op die improvisasie van die oomblik. Selfs waar daar uit die Bybel gelees is, was daar nie 'n kousale verband tussen Skriflesing en gebed nie.

Formeel blyk dat daar by die meeste gebede ook nie 'n struktuur van opvolgende gebedselemente was nie, wat mens laat wonder oor die gebrek aan gebedsleer wat onderliggend daarvan blyk te bestaan.

Wat die stilering aanbetref was dit soms slordig, die taal was soms onnoukeurig, en die sinskonstruksies moeilik bepaalbaar om die gebede te transkribeer. Soms het logika ontbreek. Dis aan te prys dat daar min mooideoenry met woorde en metafore was om sogenaamd effek te skep.

Die woord "ook" is 347 maal in die 121 ondersoekte gebede gebruik

Teologies was die gebede baie goed.

Daar was egter bitter min fokus op die eskatologie wat 'n dieper dimensie aan die gebede sou kon gee.

Die repertoire van woorde en bedes is baie beperk wat bykans alle gebedselemente betref. Die gebede is baie veralgemenend, die bedes vaag en effektief tydloos sodat dit agterna moeilik aan 'n jaar of agenda gekoppel kan word asof die gebede vir 1000 jaar op enige plek op aarde gebid sal kan word.

HOOFTUK 5.

PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUTUM.

1. DOELSTELLING EN DOELWITTE.

1.1 DOELSTELLING.

In hierdie hoofstuk word gepoog om praktykteoretiese perspektiewe oor die plek van die gebed in die Gereformeerde kerkregering te ontwerp.

Met praktykteorie bedoel ek die funksionering van 'n basisteorie in praktyk. In die kerkreg beteken dit dat die *ius constitutum* (praktyk) aan die *ius constituendum* (beginsel) getoets word sodat teoretiese en empiriese bevindinge op mekaar kan inspeel om nuwe of verstelde konsepte daaruit te formuleer vir 'n relevante praktykteorie om die praxis van die plek van die gebed in die Gereformeerde kerkregering te rig en te stuur.

1.2 DOELWIT.

Die spesifieke doelwit van die hoofstuk is om vanuit die basisteorieë van die ius *constituendum* en die empiriese ondersoek van die vorige hoofstukke praktykteorieë vir die plek van die gebed in die gereformeerde kerkregering te ontwikkel.

Dit gaan oor die vraag: Watter aanpassings behoort daar aan die konkrete bediening van die gebede in die gereformeerde kerkregering aangebring te word?

Om hierdie doelwit te bereik gaan die basisteoretiese perspektiewe met die situasieontleding op mekaar ingespeel word.

1.3 METODE VAN ONDERSOEK.

Vanuit die gegewens van die vorige hoofstukke gaan die situasie nou met die basisteorieë geïntegreer word om deur hermeneutiese wisselwerking daartoe te kom om nuwe en verstelde praktykteorieë te ontwerp

Die volgende aspekte van die plek van die gebed in die gereformeerde kerkregering kom agtereenvolgens aan die orde: plek van gebed, verwysing na

Christus, verwysing na die Woord, verhouding Woord en Gees in die gebede, verwysing na die Heilige Gees, verwysing na sonde en vergiftnis, verwysing na die begrip “koninkryk van God” in verhouding met God se wil, verwysing na die waarheidselement, aanroeping van God, lofprysing, danksegging, voorbidding, vertroue op verhoring, toespitsing op spesifieke sake en gebeure, opbou van die kerk, sigbare realisering van die eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit van die kerk.

2. DIE ONTWIKKELING VAN PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE OP DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING IN DIE GKSA AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUTUM.

2.1 PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE OOR DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

2.1.1 Kerkregeerders behoort hulle formeel te hou aan die reël van KO art. 32.

Kerkregeerders behoort hulle formeel te hou aan die reël van KO art. 32 dat kerkvergaderinge met gebed geopen en gesluit word en die uitsonderings wat die kerkorde beskryf soos by die beroepbaarstelling van proponente. Ander uitsonderings waar die vergadering as’t ware onderbreek word om spesiale gebede te doen, mag die indruk skep dat sommige sake op ‘n subjektiewe wyse meer kontensieus sou wees as ander of dat die voorbidder in situasies wat teenstrydige besluite tot gevolg sou hê eensydig sou kon bid.

2.1.2 Subjektiewe uitsonderings op KO art. 32 behoort vermy te word.

Kerkregeerders behoort die geleentheid wat KO art. 32 bied te benut om langer en meer uitgebreid te bid as net ‘n enkele minuut of twee. Indien daar gewoon aan die bedoeling van KO art. 32 voldoen sou word, sou dit subjektiewe uitsonderings met die gevare daaraan beperk.

2.1.3 Gegewe die aard van die kerkregeergebed met ‘n voorbidder wat praat en hoorderbidders wat deelnemend luister, behoort dit ‘n verstaansaangeleentheid te wees wat op sowel vertikale as horizontale vlak kommunikatief is.

Gebede behoort dus effektiel hoorbaar te wees ten opsigte van volume.

Gebede behoort in ‘n veeltalig saamgestelde situasie in ‘n taal getolk te word om hoorderbidders in staat te stel om deelnemend en instemmend daarop “Amen” te kan sê.

2.2 PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE DIE VERWYSING NA CHRISTUS IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

2.2.1 Christus behoort as Koning en Hoof van die kerk binne die perspektief van die koninkryk bely te word.

Hierdie belydenis behoort as kerndeel van kerkgemeenskap bely te word. Uiteraard behoort die soteriologiese verbondenheid van die kerkregeerders aan Christus verreken te word in ten minste die gebedselemente van danksegging, smeking en voorbidding.

2.2.2 Kerkregeerders behoort dit in hul gebede te verreken dat Christus middelik van dienaars gebruik maak in die kerkregering en dat die Heilige Gees hulle roep en bekwaam maak ter vervulling van alle fasette van 'n ordelike kerkregering.

Kerkregeerders behoort te erken dat hulle hul bevoegdheid van God af kry sodat hulle bewus bly dat hulle nie selfstandig optree asof die gesag in hul persoon sou setel nie en dat daar sin is in kerkregeringshandelinge.

2.2.3 Kerkregeerders behoort Christus se koningskap oor die kosmos in hul gebede te verreken.

Kerkregeerders behoort daarop bedag te wees om nie hul gebede net eng gerig op die kerk in te klee nie, maar vanuit die kerk op die universaliteit van Christus se koningskap oor alle lewensterreine en oor die ganse kosmos.

2.3 PRAKTYKTEORETISE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE WOORD IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

2.3.1 Kerkregeerders behoort in hul gebede die primaat van die Woord in hul handelinge en besluite te verreken ten opsigte van al die gebedselemente.

In hierdie opsig behoort kerkregeerders die gebrokenheid te verreken dat Christus sy regering korporatief aan die corpus van kerkregeerders toevertrou het met die oog op die gesamentlike verstaan van die Woord om as instrument te funksioneer vir die bediening van die Christusregering. Kerkregeerders behoort dus 'n kousale verband te trek tussen die Woord met hul eksegese en hermeneuse en die kerkregering as vorm van bediening van die Woord.

2.3.2 Kerkregeerders behoort in hul gebede hul roeping tot leersuiwerheid aan

die gesamentlike verstaan van die Woord en die belydenis te koppel.

Hierdeur kan die verskillende gestaltes, vlakke en toepassingsmoontlikhede van die Woord in die kerkregering gedien word.

2.3.3 Kerkregeerders behoort versigtig te wees met die stellige gebedsbewoording dat “*ons en die Heilige Gees het besluit*”.

Omdat hierdie sinsnede immers die ideaal bly, moet kerkregeerders veral in gevalle van sake waaroor die Woord nie pertinente uitsprake het nie, en te meer nog met besluitneming op grond van ‘n skrale meerderheid van stemme, versigtig wees om daardeur die eie standpunt bo die ander s’n te laat seëvier.

2.3.4 Kerkregeerders behoort in hul gebede meer te maak van die kousale verband tussen die Woord en die agenda en die besluite.

Spesifisering in die gebede sal reeds baie meer gefokusde besluitneming bewerkstellig.

2.4 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERHOUDING WOORD EN GEES VIR DIE VERSTAAN VAN DIE PLEK EN INRIGTING VAN DIE GEBED IN DIE IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

2.4.1 Kerkregeerders behoort in hul gebede die verhouding tussen die Woord en Gees te verreken op so ‘n wyse dat hulle hul afhanklikheid om die Woord te verstaan, verbind aan die verligtende werk van die Heilige Gees.

Kerkregerende gebede behoort die implikasies van die gereformeerde belydenis ten opsigte van die inspirasie van die Woord deur die Heilige Gees in die uitleg van die Woord te verreken en af te bid. Deur dit in ag te neem, oefen kerkregeerders hul bevoegdhede uit.

In dieselfde trant behoort kerkregeerders die oorsprong, bestaan en onderhouding van die kerk aan die ekklesiologiese verstaan van die verhouding Woord en Gees in hul gebede te verwoord.

2.4.2 Kerkregeerders behoort veel meer te let op die praktiese toepassingsmoontlikhede vir gebedsinhoud wat voortvloei uit die verhouding Woord en Gees.

Sulke toepassingsmoontlikhede sou die aspekte van gehoorsaamheid, roeping,

oortuiging en herinnering insluit omdat die Skrif as openbaringsinstrument ‘n middel is in die hand van die Heilige Gees.

Verdere praktiese inkleding van kerkregerende bedes wat hieruit voortvloeи, sou gerig kon word op die funksie en uitwerking van die Woord op die mens en kerk en kerkregering. Soos aangedui, gebruik die Skrif ‘n wye verskeidenheid van beelde om die werking van die Gees deur die Woord te verduidelik. Enkele voorbeelde kan genoem word: soos dat die Woord soos ‘n hamer is wat ‘nrots vermorsel (Jer 23:29); reen en sneeu wat die saad laat groei (Jes 55:10,11); ‘n skerp tweesydende swaard en ‘n beoordelaar (kritikus) van die mens se hart (Hebr. 4:12; Op 19:15); soos ‘n spieël waarin die mens homself en God sien (2 Kor 3:18); melk vir kinders (1 Kor 3:2; Hebr 5:12,13); brood en vaste spyse vir die volwassenes (Deut 8:3); saad wat moet groei (Luk 8:11; 1 Pet 1:23); ‘n lamp vir die wat op reis is (Ps 119:105), ens.

2.4.3 Kerkregeerders behoort biddend bedag te wees op verdraaiings van die Skrif deur te vra vir die verligting en leiding van die Heilige Gees om God se bedoeling te kan bepaal.

Alle afleidings van die Woord wat aangebied word om tot kerkregerende besluite te kom, behoort biddend te vra na God se bedoeling.

2.5 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE HEILIGE GEES IN DIE GEBEDE IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING.

2.5.1 Kerkregeerders behoort die Persoon en werke van die Heilige Gees in hul gebede te verreken.

Uiteraard is gebed ‘n pneumatologiese aangeleentheid. Daar behoort noukeurig gelet te word op die trinitariese verhouding dat daar nie vermenging van Personae of werke plaasvind nie. Bidders behoort noukeurig daarop te let dat hulle nie die Heilige Gees objektiveer nie, maar dat daar in eerbiedsvorm na Hom verwys word.

Bidders behoort rekening te hou met die *praesentia realis* van die Heilige Gees.

Daar behoort om die vervulling met die Heilige Gees gebid word.

2.5.2 In hul gebede behoort kerkregeerders gesamentlik hul afhanklikheid van die Heilige Gees te verwoord om die Christusregering te kan bedien.

As sulks behoort dit in al die verskillende gebedselemente verwoord te word. Die heilsordelike werke van die Heilige Gees het immers 'n soteriologiese plek binne die kerkregeringsgebede. Verder behoort die Heilige Gees nie bloot op die kerk en kerkregering betrek te word nie maar selfs op kosmologiese terrein.

2.5.3 Epiklese is by uitstek 'n belangrike gebedselement ten opsigte van die werking van die Heilige Gees in die kerkregeringshandelinge en behoort baie meer uitgebreid in die gebede verwoord te word.

Hier behoort gevra te word vir die opening van die Woord en die verstand as pneumatologiese werking. Verder behoort die leiding van die Heilige Gees in al die verskillende handelinge van die kerkregeerders afgesmeek te word.

Die herinneringsdimensie en die oortuigingswerk van die Heilige Gees behoort ontgin te word om reg te laat geskied aan meer as net 'n toepassing van 'n basiese pneumatologie in die kerkregeringsgebede. Trouens, die pneumatologie skep ruim moontlikhede tot innige gespesifiseerde gebede wat kousaal gerig kan wees op die Woord, die kerkregeerliggaam en kerkregeersituasie asook op die agenda voor hande.

2.6 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA SONDE EN VERGIFNIS IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

2.6.1 Sondebelydenis behoort 'n sentrale plek in die gebede van kerkregeerders in te neem as daar vanuit die indikatiewe belofte van vergifnis gebid word.

Vanweë die gebrokenheid van die skepping en swakheid van die mens kan gebede om sondevergifnis nie net terloops in 'n gebedslot of vaag verwoord of in persoonlike terme gebid word nie. Daar behoort vanweë die omvang van sonde ruim gebedsverwoording daarvoor geskep te word vanweë die besef van Gods heiligheid en dat sonde nie ongestraf bly nie.

2.6.2 Die doel van sondebelydenis behoort in ag geneem te word.

Aangesien sondebelydenis verskeie sake aanspreek, behoort kerkregeerders in hul gebede ag te slaan daarop dat sonde 'n realiteit is, maar dat daar verhoudingsherstel (versoening) op vertikale en horizontale vlak behoort te fokus. Dit behoort te fokus op sonde as "staaf" waarin die mens jou bevind, maar ook as etiese misdrywe met alle gewoontes en manifestasies.

Kerkregeerders kan daarop let dat sondebelydenis mede op lewensvernuwing dui het sy as bekeringshandeling, heiligingshandeling of volhardingshandeling.

Daarom word hierdie gebedsdeel aan (on-)gehoorsaamheid aan God verbind.

As korporatiewe gebed, behoort dit korporatiewe sondes te verwoord om die kollektiewe bewussyn van alle teenswoordige kerkregeerders aan te spreek om 'n gesindheid van veroortmoediging en selfontlediging by hulle op te wek sonder om hulself te wil verontskuldig en ander te blameer of om dit as 'n bieggelentheid te misbruik. Daarom behoort sondebelydenis situasiegerig te wees wat sowel op sonde in die algemeen as spesifiek geïdentifiseerde sondes kan verwys sonder dat kerkregeerders ander sal viktimiseer, ontmasker of diaboliseer vanweë onder andere verskille in standpunt nie.

2.6.3 Uitkringend vanuit die kerk behoort die kerk haar sosiale verantwoordelikheid as priester van die samelewing in haar gebede gestand te doen.

Die kerk behoort as voorbeeld in die samelewing kerklike sondes te bely. Die kerk het 'n bemiddelende rol in die belydenis van sonde sodat daar kollektief as kerk in die wêreld sosiaalgerigte sondes bely word.

2.6.4 Bidders behoort aandag daaraan te gee dat sondeoortuiging direk aan die Heilige Gees verbind word.

Waar die Heilige Gees bidders oortuig van sonde, vryspreek en oordeel ten opsigte van kerkregeringshandelinge behoort sulke sake berouvol bely te word veral waar besluite aanvanklik verkeerd geneem was en herroep is.

2.7 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE BEGRIP: "KONINKRYK VAN GOD" IN VERHOUDING MET GOD SE WIL ("LAAT U WIL GESKIED") IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

2.7.1 Kerkregeerders behoort te bid dat God se wil sal geskied in die sin dat dit God se bedoeling moet weerspieël.

Saan met die epiklese is dit noodsaaklik dat daar gebid word dat God se wil sal geskied en vir sover as wat Hy dit in die Woord geopenbaar het, verstaan, begryp en geformuleer sal kan word in kerklike besluite, dus as gehoorsaamheidsdaad. Dit behoort baie meer kere te gebeur veral ten opsigte van sake op agendas waарoor daar botsende opinies mag bestaan. Hierdie bede bring die stemproses van vergaderings sterk in die kollig as 'n teruggrype op die grond vir alle dinge wat vra dat die menslike wil met God se wil moet harmonieer.

Deur te bid dat sy wil geskied, behoort dit die bedoeling van kerkregeerders te wees dat hul besluite en handelinge sal harmonieer met God se raadsplan en aan sy Woord behoort gemeet kan word. Daarom behoort kerkregeerders ag te gee daarop om nie bedes te rig wat teenstrydig met God se geopenbaarde wil is soos dit uit sy Woord kenbaar is nie. Daarom behoort bidders ook na 'n besluitnemingsproses en stemuitslae versigtig te wees dat 'n besluit nie (in dankgebede veral) geïnterpreteer word as volledig in ooreenstemming met God se wil vir tyd en ewigheid asof daar nooit enige begronde revisie gevra sou kon word nie. Kerkregeerders behoort versigtig te wees met stellige interpretasies van besluite wat met meerderheidstem geneem is, maar wat onder verdenking staan as sou die besluite in ooreenstemming met God se wil sou wees omdat dit vrae kan laat ontstaan oor God se wil as besluite later herroep sou word.

Kerkregeerders moet weet dat gebede op God se wil 'n beperking plaas op die inhoud en die wyse van gebede.

2.7.2 Daar behoort met verwagting op verhoring gebid te word op grond van God se wil.

Tenoor 'n blote gebedslot wat ondeurdag sou wees, behoort kerkregeerders spesifiek te bid vir die volvoering van God se wil in die sin van 'n besliste geloofsbewussyn dat verhoring nie sal uitbly nie. Deur innig te bid dat God se wil moet geskied, sal 'n laissez-faire gesindheid veral in stemming oor sake in die kiem gesmoor word en enige gedagte aan die swig voor 'n meedoënlose noodlot voorkom word.

2.8 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE WAARHEIDSELEMENT IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

2.8.1 Sonder om ketterjagtters te wees, behoort kerkregeerders biddend oor die waarheid in die kerk te waak.

Gereformeerde kerkregeerders behoort bewus gemaak te word van hul roeping om oor die waarheid te waak deur standpunte aan die Woord en belydenis te toets as kerkregerende riglyn. Daarom behoort kerkregeerders te bid om die gawe van onderskeiding. Uiteraard is gebede rakende die waarheid nie tot petisies beperk nie, maar kan dit ook in lofprysing, danksegging en voorbidding ter sprake gebring word.

Bedes om waarheid plaas uiteraard beperkings op die inhoud van sulke gebede aangesien daar vanweë talle redes afwykings sou kon deurglip. Daarom behoort kerkregeerders hul bedes rondom die waarheid versigtig en neutraal te verwoord sodat hoorderbidders nie aanvoel dat een opinie bo 'n ander in gebed

geïmpliseer word nie.

As mens dink aan al die appèlle, beswaarskrifte, meningsverskil en heftige debatte tydens sinodes, verwag mens dat daar veel meer in gebed gemaak sal word van die kerkregeerders se roeping om oor die waarheid teenoor dwalings te waak en dat daar vir leersuiwerheid gebid sal word en dat die belydenis veel meer sal figureer. Mens verwag dat die merktekens van die ware kerk in die gebede bedes sou rig ten opsigte van gehoorsaamheid aan die Woord as 'n vorm van staande-bly in die geloof.

2.9 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE AANROEPING VAN GOD IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

2.9.1 God behoort as Vader aangeroep te word.

Op grond van Christus se gebedsleer en voorbeeld en inlyn met die gereformeerde verstaan van die triniteit, behoort gebede 'n skerp omlynde trinitariese karakter te openbaar dat dit gerig word tot die Vader deur Jesus Christus in gemeenskap met die Heilige Gees.

Dogmatiese aanroepe behoort vermy te word.

Kerkregeerders behoort veral op die voortgesette aanroepe te let en of dit enigsins nodig is, dus wat die doel daarvan is. Daarom behoort bidders bedag te wees daarop om nie by elke bede eers weer God aan te roep nie. In hierdie voortgesette aanroeping moet bidders nie verwarring tussen die drie Persone van God rondspring deur die Een se werke aan 'n Ander toe te dig nie.

Daar behoort met die transcendensie en immanensie van God rekening gehou te word om nie vir Hom terug te deins nie, maar ook nie deur in familiariteit te verval nie. Daarom behoort die eerbiedsvorm "*U*" as aanspraak vir God gebruik te word.

Gebede behoort God aan te roep want sonder 'n aanroep sal hoorderbidders nie noodwendig weet dat daar gebid word nie.

Kerkregerende bidders moet versigtig wees met mooidoenery en uitroope van vroomheid ter wille van effek.

Verder behoort bidders versigtig te wees om nie in hul gebede met God oor God te praat nie.

2.10 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA LOFPRYSING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

2.10.1 Die lofprysing in die kerkregerende gebed behoort te fokus op God se heerskappy in en oor die kerk.

Woorde van verwondering moet nie met danksegging verwarring word nie, maar behoort op God as God te fokus en sy Persoon en deugde in verwondering vererend en aanbiddend verwoord. Lofprysing behoort God Self aan te spreek.

Uiteraard geskied lofprysing binne 'n verhouding wat ten opsigte van die kerkregering die korporatiewe verwondering met gepaardgaande onderwerping behoort te verdiskontereer.

Waarskynlik sal kerkregeerdeers meer lofprysende aanbidding in hul gebede kan verwoord sodat daar meer innigheid kan wees en sal kerkregeerdeers meer bewus wees van die transensie en immanensie van God ten opsigte van hul roeping en 'n vertrouensgevoel in hulle opwek wat gebedsvertroue stimuleer.

Ten opsigte van lofprysing in kerkregerende verband sou daar op meer deugde van God gefokus kon word soos op sy wysheid en kennis, goedheid, oraleenwoordigheid, onveranderlikheid, onbegryplikheid, heiligeheid en regverdigheid.

2.11 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DANKSEGGING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

2.11.1 Danksegging as erkentlikheidsbetoon jeens God behoort te fokus op voordeel, weldade en seëninge wat ontvang is en vir afgeweerde kwaad.

Danksegging behoort nikks as vanselfsprekends nog as reg waarop aanspraak gemaak kan word, te verwoord nie, maar behoort dit te begrond in die belydenis van God se voorsienigheid en heerskappy. Terselfdertyd behoort daar gewaak te word teen veralgemenings en net die gewone sake. 'n Bietjie innovering word van bidders verwag.

Aangesien kerkregering 'n korporatiewe aangeleenthed is, behoort danksegging vir korporatiewe seëninge op algemeen liggaamlike en vir geestelike vlak verwoord te word waarin Hy vreugdevol erken word as Gewer, Versorger en Helper, maar eweneens as Verlosser, Saligmaker en Heiligmaker.

Danksegging behoort verwoord te word as spontane responsiewe erkentlikheidsbetoon vir gawes tydens vergaderings waar 'n kousale verwantskap asook gebedsverhoring aangedui kan word veral as terugskouing op God se handelinge.

Bidders behoort egter versigtig te wees om dank uit te spreek in sake waaroor daar nie eenstemmigheid is nie, omdat 'n besluit 'n groot groep kerkregeerders kan hê wat uitgesluit sal wees. Kerkregeerders behoort versigtig te bid, omdat sy interpretasie van dinge en besluite selfs in die aksie van danksegging 'n steuring in die saambidproses kan bring.

Kerkregeerders behoort danksegging te verwoord ten opsigte van roeping en bekwaammaking van die dienaars in die kerkregering wyer as die geweldige fokus op die moderamen.

Daar behoort meer toegespitste spesifisering te wees indien die danksegging kousaal op die agenda gerig sal word.

2.12 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA VOORBIDDING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

2.12.1 Aangesien voorbidding 'n Goddelike opdrag en plig vir die kerkregeerde is, behoort daar uitkringend oor kerk en wêrelde gebid te word.

Aangesien die gemeenskap van die heiliges nie tot een plek beperk is nie, behoort daar vir 'n wye verskeidenheid mense en organisasies en samelewingsverbande gebid te word.

Kerkregeerders moet versigtig wees vir 'n na binnegerigtheid wat beperkend kan wees vir wie daar voorbidding gedoen word.

Individuelisering met die noem van name, situasie en redes met toepaslike bedes behoort aangemoedig te word ten opsigte van voorbidding vir kerk en wêrelde waar politiek, wetenskap, ekonomie en kosmologie, ens. ingesluit is.

Verder behoort bidders versigtig te wees om nie so vaag en algemeen te bid dat daar effektief niets gevra word soos die blote bede: "*ek bid vir*" nie. Voorbiddende petisies behoort na gelang van die agenda en daagliks nuusgebeure asook vanuit die algemene priesterskap vir 'n wye reeks mense en dinge gedoen word waarin gespesifieerde versoekers gerig word sodat hoorderbidders kan identifiseer.

Intersessiebedes behoort ook op geestelike terrein te fokus

Aangesien daar uitgewys is dat die sosiale aspek van kerkwees midde in die wêreld groot gebreke in die voorbiddingsbedes toon, behoort daar hieraan aandag gegee te word sodat daar kousaal vanuit die agenda en nuusgebeure en gespesifiseerd op liggaamlike en geestelike behoeftes gebid te word.

2.13 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE VERTROUUE OP VERHORING IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

2.13.1 Gebede behoort so geformuleer te word dat daar blyke bestaan van die verwagting op besliste verhoring met verkieslik 'n verhoringsklousule.

Hierdie verwagting op verhoring behoort vir die kerkregeerde begrond te word in Christus se verhouding met sy kerk en sodoende op sy mag en heerskappy sonder dat gebede 'n dwingende karakter openbaar.

Ander verhoringsklousules sou begrond kon word in die Middelaarswerk van Christus, of op grond van sy belofte om gebede in sy Naam te verhoor op grond van 'n geloofsverhouding met Hom, of dit sou begrond kon word deur God aan sy beloftes in sy Woord te herinner, of dit sou begrond kon word daarop dat God Hom as "*Hoorder van die gebed*" geopenbaar het, of bloot dat sy wil moet geskied.

Gebedsvrymoedigheid behoort aan die vertroue op verhoring verbind te wees vanweë die sekerheid dat God "*ver meer doen as wat ons bid of dink*".

Kerkregeerders behoort versigtig te wees om te impliseer dat die uitslag van 'n stemming *per se* met gebedsverhoring gepaard gaan of dat die uitslag van 'n stemming gebedsverhoring is omdat so 'n persepsie nie rekening hou met die sondigheid, gebrokenheid en swakheid van die mens nie. So 'n persepsie sou per implikasie 'n beswaar of appèl by voorbaat nihileer.

2.14 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP SPESIFISERING EN/OF TOESPITSING OP SPESIFIKE SAKE EN GEBEURE IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

2.14.1 Kerkregeerdebede se verskillende gebedselemente behoort grootliks deur spesifisering uit die agenda bepaal te word.

Kerkregeerders behoort daarop te let dat daar 'n noodwendige kousale verband tussen die kerkregerende agenda en kerkregerende gebede behoort te bestaan. Daarom behoort spesifisering gedoen te word om die lig van God se Woord en die verligting van die Heilige Gees op die spesifieke sake af te bid.

Spesifisering behoort veralgemeenings en vaagheid te deurbreek sodat gebede situasiegerig en tydsgebonde sal wees sodat daar by hoorderbidders geen sweem van twyfel sal bestaan wat hulle van God gevra het nie.

Kerkregeerders behoort daarop bedag te wees dat die afwesigheid van 'n kousale verband tussen die agenda en die verskillende gebedselemente in die gebede, wat verder vererger word deur ongespesifiseerdheid en vaagheid, leemtes en gebedsarmoede te weeg bring ten opsigte van konteks, tyd, situasie en plek en dat die bedes dus as't ware in die lug hang.

Bidders kan gerus meer persoonlik en gespits en per naam spesifieke sake en spesifieke persone in spesifieke situasies en funksies in gebed voor God bring om op hierdie wyse hul geloof in die "gemeenskap van die heiliges" en hul liefde vir mekaar en oog op die wêrelde te verbeeld.

2.15 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE OPBOU VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

2.15.1 Kerkregeerders behoort doelgerig te bid dat hul handelinge gerig sal wees op die opbou van die kerk.

In kousale verhouding met die agenda, behoort bedes so verwoord te word dat alle kerkregeringshandelinge ten opsigte van al vier die afdelings van die kerkorde (t.o.v. die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en kerklike tug) nie net 'n uitslag bring en blote uitvoer van rituele is nie, maar dat dit gerig sal wees op die opbou van die kerk.

'n Kousale verband met die agenda behoort ideale geleenthede te skep vir 'n wye verskeidenheid toepassingsmoontlikhede op die vlak van geestelike groei sowel as getallegroei.

Hierdie styl van gebedsformulering behoort doelmatig op elke agendapunt en kerkregeerhandeling betrek te word as 'n nabye en verre en eskatologiese verruiming van die roeping van kerkregeerders.

Bidders behoort in hul bedes vir opbou die verband tussen die koninkryk en die

kerk te verreken en aldus te verwoord.

Kerkregeerders behoort in ag te neem dat vervulling met die Heilige Gees, heilsordelike werkinge van die Heilige Gees, gewone soteriologiese bedes, bedes om heiligmaking, op verwagting op verhoring en bedes aangaande eskatologiese vervulling 'n motiverende rol speel ten opsigte van bedes vir die opbou van die kerk.

Verder behoort daar in ag geneem te word dat gebede tot opbou van die kerk 'n doksologiese gevolg het en behoort te hê.

2.16 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE EENHEID VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

2.16.1 Vanuit die kernbelydenis aangaande die eenheid van die kerk behoort kerkregeergebede ook gerig te wees op die sigbare realisering van die eenheid.

Daar behoort eksplisiete verwoording in verskillende gebedselemente te wees wat op die eenheid van die kerk betrek word. Die Suid-Afrikaanse kerkesituasie tussen die verskillende bevolkingsgroepe (waaronder dié van die GKSA) en tussen kerkverbande, leen hom daartoe om vanuit die belydenis en ekumeniese roeping, veel meer van die eenheid van die kerk in die gebede te maak.

Kerkregeerders behoort in hul gebede te fokus op die sigbare realisering van kerklike eenheid binne alle gebedselemente waar moontlik, soos bv. in lof, dank, petisie, sondebelydenis. Daar mag nie net met vae sydelingse verwysings volstaan word nie, veral nie net om eng meningsverskille binne die eie kerkverband nie.

Kerkregeerders moet probeer om vanuit die pneumatologie, christologie en ekklesiologie hul bedes om eenheid te verwoord en motiveer.

Verder behoort daar vanweë sonde, gebrokenheid en swakheid gepoog te word om die saak van eenheid ook op apologetiese wyse en deur skuldbelydenis waar van toepassing ten opsigte van sonde hieroor waar die kerk wêreldwyd versnipper is, gebid te word.

Kerkregeerders sou vanuit die agendas en gepaardgaande toepassings vanuit die Kerkorde 'n hele reeks organiese geleenthede kon benut waar daar om die sigbare realisering van die kerk in plaaslike sin, ten opsigte van die eie kerkverband en universeel ten opsigte van ekumeniese betrekkinge gebid kon word.

2.17 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

2.17.1 Kerkregeerders behoort te bid dat die kerk haar heiligeheid as indikatiewe status sowel as in haar etiese gedrag sal bewaar.

Die totale afwesigheid in die ondersoekte gebede van hierdie wesenskenmerk van die kerk, bring die belang om die noodsaak van bedes in die verband skerp op die voorgrond. Kerkregeerders behoort te bid om beide die koesterung van haar status as vir haar etiese gedrag.

Hierdie bede verwys na die korporatiewe etiek van die kerk wat weliswaar nie los staan van individuele lidmate nie, maar wat in haar besluite en optrede aan hierdie belydenis as norm behoort te beantwoord.

Kerkregeerders kan maklik en organies die bede om die heiligeheid van die kerk koppel aan gehoorsaamheid in verskillende situasies en aan talle sake wat op agendas aan die orde kom. Dit behoort in alle moontlike gebedselemente ontgin te word.

In die betekenis van afsondering van verbode dinge, het kerkregeerders uit hul lewensmilieu sowel as uit theologiese diskourse genoeg gebedstof wat hulle op hul roeping tot kerkregering behoort te verwoord.

Kerkregeerders behoort in hul gebede die etiese konsekvensies van hul handelinge te verreken.

In die lig daarvan dat heiligeheid 'n wesenskenmerk van die kerk is en as sodanig deel is van die belydenis van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika, behoort kerkregeerders, soos reeds in talle vorige punte uitgewys, daarop te let om nie al te vaag en onbevredigend hieroor te bid nie, maar om hul gebede baie spesifiek te verwoord dat dit sigbaar realiseer in die kerk.

Kerkregeerders sou genoeg spontane bedes kon verwoord indien die gebedsformuleringe op die agenda afgestem sou wees ten opsigte van bv. appelle en beswaarskrifte, vertalings van formuliere en in tugsake. Indien kerkregeerbidders sou let op die talle artikels van die KO wat by die heiligeheid van die kerk se status en etiek betrek kan word, sou hulle baie organies daarby kon aansluit om hierdie wesenskenmerk van die kerk in haar regeerhandelinge biddend te kon aanspreek.

2.18 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE KATOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING

2.18.1 kerkregeerders behoort op eksplisiële en implisiële wyse te bid om die sigbare realisering van die katolisiteit van die kerk.

In hierdie verband behoort bidders versigtig te wees om nie hul eie kerk te verabsouteer ten koste van die sigbare realisering van die kerk se katolisiteit nie.

Kerkregeerders behoort die belydenis dat Christus as Hoof van die kerk slegs één universele liggaam het wat wêreldwyd versprei is, in ag te neem deur bedes in die verband te verwoord. Sodoende behoort daar iets van 'n universele wêreldevise in die gebede deur te skemer wat verskeie gebedselemente daarby betrek soos bv. lofprysing, danksegging, sondebelydenis, voorbidding, met die oog op meer konkrete en sigbare realisering van die katolisiteit van die kerk.

Hierby behoort gebid te word vir ekumeniese betrekkings wat die sosiologiese, relasionele en diverse uiteenlopendheid binne die katolisiteit verreken.

Gebede met 'n katolieke strekking behoort nie iets van 'n stokperdjie vir evangeliserend gesindtes te wees nie, maar 'n roeping van alle kerkregeerders. In hierdie verband is voorbidding van kerke vir mekaar van uiterste belang selfs oor die grense van leerverskille en ander beperkinge soos geografie, taal en afstand heen.

2.19 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE GERIG OP DIE VERWYSING NA DIE SIGBARE REALISERING VAN DIE APOSTOLISITEIT VAN DIE KERK IN DIE GEBEDE IN DIE KERKREGERING.

2.19 Synde deel van die belydenis, maar terselfdertyd as gesagvolle begronding van kerkregeerhandelinge, is gebed vir die sigbare realisering van die kerk se apostolisiteit onontbeerlik.

Gedagtig aan die ou spreekwoord: "*Elke ketter het sy letter*", met verdraaiings, eensydighede, dwalings, is gebed om die sigbare realisering van die kerk se apostolisiteit van uiterste belang om die primaat van die Woord te handhaaf.

Kerkregeerders behoort elke toepassingsgeleentheid wat die agenda ontsluit in gebed in alle ter sake gebedselemente voor die aangesig van God te bring. Hierby ingesluit is uiteraard ook die apologetiese roeping van die kerkregeerders

verbind tot sigbare en praktiese handhawing van die belydenis.

Aangesien kerkregering vir die gereformeerdes bediening (*ministerium*) van die Woord is, behoort die agenda die kerkregeerbidders in baie spesifieke bedes in te lei met die oog daarop dat elke kerkregeerhandeling skriftuurlik sal wees.

In hierdie verband dra die kerkregeerbiddler 'n groot verantwoordelikheid hoe hy sy bedes verwoord veral ten opsigte van sake waar menings van mekaar verskil sodat die eie interpretasie en standpunt nie seëvierend bo die ander aangeprys word nie.

Versigtige gebed is verder nodig waar die Skrif nie op plekke en oor sake glashelder is nie.

Omdat die gesag van besluite op die apostolisiteit berus, behoort kerkregeerbidders hul daaraan toe te wy deur gespesifiseerde bedes in die verband te bid.

Juis ten opsigte van appèlle en beswaarskrifte, in die toepassing van die sleutelmag in die tug, maar uiteindelik effektief in alle handelinge, bly alles toetsbaar aan die eksegeties kontroleerbare inhoud van die Bybel.

3. FINALE SAMEVATTENDE PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PLEK VAN DIE GEBED IN DIE GEREFORMEERDE KERKREGERING AFGESTEM OP DIE IUS CONSTITUTUM.

Die praktyk van die toepassing van KO art. 32 in die GKSA behoort gereformeer te word deurdat kerkregeerders opgelei en voorgelig behoort te word ten opsigte van die basiese struktuur, betekenis, elemente en inhoud van 'n tipiese kerkregeergebed soos enkele van hierdie elemente onder andere in hierdie studie aan die orde gekom het.

Kerkregeerbidders behoort genoeg tyd vir voorbereiding te kry om bemiddelend te kan bid dat hoorderbidders op 'n verstaansvlak deelnemend daarop "Amen" sal kan sê en daar nie op die improvisasie van die oomblik staat gemaak word nie. Die agenda vir die dag behoort betyds aan die voorbidder beskikbaar gestel te word om hom kousaal tot die agenda voor te berei.

Kerkregeerders behoort aldus hul bedes so te spesifiseer dat naas die belydenis en lewensmilieu die agenda voor hande in 'n kousale verband in verskeie ter sake gebedselemente verreken sal word.

By nabaat kom die Sinode Dordrecht 1578 se formulering in artikel 21 ofte 6 in hierdie verband na vore: “*In den Kerkenraad zullen ... de handelingen met aanroeping des naams des Heeren aanvangen, ende met een Gebed ende Dankzegginge, bequaam tot de zaken, besluiten.*” (Hooijer, 1809:148).

VELDE VIR VERDERE ONDERSOEK.

1. 'n Vergelykende studie tussen kerkregeergebede en erediens- en persoonlike gebede.
2. 'n Vergelykende studie ten opsigte van die stand van sake in ander kerkverbande van gereformeerde en ander tradisies.
3. 'n Vergelykende studie tussen die gebede van die Sinode van Dordrecht 1618/19 met dié van die 21ste eeu.
4. 'n Dogmatiese studie ten opsigte van die Trinitariese karakter van die gebed met die fokus op die Godsbegrip veral ten opsigte van die aanroeping met implikasies vir die kerkregering.
5. Gebedsverwoording en besluitneming deur middel van stemming met toespitsing op geslaagde appèlle en beswaarskrifte.

SINODE 2003

1. Ds. Fanie Coetzee –opening van sinode (Acta, 2003:13 art. 1.1).
 - a. daar is dinge wat nou vir ons onoorkommentlik lyk, daar's dinge wat ons
 - b. moedeloos maak, wat ons hande slap maak, knieë lam, want ons
 - c. onderskat U, ons dink so klein van U ... Ons bid vir hierdie vergadering,
 - d. Here, elke dag. Ons sal elke keer weer na U toe terugkom. Ons bid vir
 - e. elke afgevaardigde, elkeen se nood, persoonlike dinge. Ons dink
 - f. vanoggend in besonder aan broeder Hannes Vorster en sy familie wat
 - g. hartseer is, wat deur 'n moeilike tyd was, siekte, lyde, dankie dat die lyde
 - h. van hierdie lewe nie opweeg teen die heerlikheid in Jesus Christus nie.
 - i. Troos hulle, almal wat hartseer is. Ons vra dat U ons sal lei, dat ons in die
 - j. regte perspektief sal vergadering hou. Gee ons moed en
 - k. verdraagsaamheid, helderheid van verstand. Laat hierdie vergadering
 - l. getuie in eerlikheid en opregtheid wees van u almag. Waar ons nou leiers
 - m. moet kies, Here, wil ons U vra dat U ons deur u Heilige Gees sal lei dat
 - n. ons die regte leiers sal kies, manne vol van die Heilige Gees, wat leiding
 - o. kan neem in hierdie vergadering. Ons buig ons nederig voor U en u
 - p. heerskappy.
 - q. Amen.

2. Ds. Fanie Coetzee bid na verkiesing van moderamen (Acta, 2003:16 art. 1.4).
 - a. Ons het u Naam aangeroep, ons het gevra, Here, om ons leiding te gee.
 - b. Nou wil ons in die besonder hierdie mense aan U opdra wat voor 'n groot
 - c. taak staan, waarvoor hulle nie noodwendig hulle voorberei het nie, maar
 - d. waarvoor ons glo hulle bekwaam is en dat U die Een is wat deur u Gees
 - e. en Woord regeer. Daarom vra ons kalmte, wysheid en ons vra U dat U in
 - f. hierdie week wat kom sal gesondheid gee en liggaamskrag, geestelik sal
 - g. versterk en sal dra om hierdie sinode te kan lei in sake u Naam. Ons bid
 - h. dit omdat ons erken dat Jesus Christus Koning van ons kerk is.
 - i. Amen.

3. Prof. Ami van Wyk.
 - a. U is ons lig en ons heil vir tyd en ewigheid ... afspraak in die lig van u
 - b. evangelie, die boodskap van u genade, die boodskap van u oneindige
 - c. genade ... sinode ... ons bid vir ... u Heilige Gees tot saligheid van elkeen
 - d. wat glo ... kerk ... ons weet nog van baie wat in die donker is, misdaad,
 - e. armoede, ..., oorlog, geweld, bloedvergieting en hartseer; oor so 'n
 - f. donker wêreld skyn die lig van u genade, die lig van die evangelie van
 - g. Jesus Christus wat vry maak, wat versoening bring, wat genesing bring,

- h. wat mense oorbring uit die donker nag van die sonde na die ligkring van u
- i. koninkryk. Ons bid, Here, dat hierdie sinode in wording, haar ... in hierdie
- j. ligkring sal beweeg, in die lig van u Woord sal debatteer en besluit onder
- k. leiding van u Gees en dat hierdie besluite deur U geseën mag word,
- l. gebruik mag word in die koms van u koninkryk aan die suidpunt van
- m. Afrika. Seën elke sinodeganger, seën die moderamen, seën die kerk,
- n. seën ons land, seën Afrika, seën die hele wêreld. Laat u koninkryk kom,
- o. laat u Naam verheerlik word. Om Jesus wil.
- p. Amen.

4. Oudl. Theo Buys.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, ons aanbid U as troue Verbondsgod. U
- b. trou wat nie wankel of beswyk nie. Ons dank U dat ons ook vandag weer
- c. in hierdie vergadering u verbondstrou kon ervaar, ja, hoedat U ons geroep
- d. het uit die duisternis tot u wonderbare lig. Ons dank U dat ons kon besig
- e. wees met u Woord en met sake wat belangrik is vir u kerk op aarde. Ons
- f. dank U dat U ons geroep het om daarmee besig te wees. Ons bely voor
- g. U dat ons ok gesondig het vandag en ons bid dat U ons sal vergewe. Wil
- h. ons vervul met u Gees en wil U ons lei sodat ons ook, as ons môre weer
- i. byeen is, volgens u Woord sal wandel. Ons bid dat U ons vannag sal
- j. versterk deur die rus van die slaap sodat ons kragte weer kan versamel
- k. om môre voort te gaan. En ons bid dat U u genade nie aan ons sal
- l. onttrek nie. Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus ons Verlosser.
- m. Amen.

5. Dr. Klasie Heystek.

- a. Dankie dat ons kan stil word voor U ... geroep om te praat ... laat ons
- b. woorde ... deursuur ... laat u koninkryk kom ... Seën die kos ... Ons
- c. hemelse Vader, ons dank U vir u goedheid en genade wat sover hierdie
- d. dag ... Seën ons liggame en versterk ook ons krag. Seën die vergadering
- e. ... ons bede gaan ... uit na so baie van ons landsgenote wat ... daagliks
- f. brood ... alle behoeftes sal voorsien en dat u Naam daardeur verheerlik
- g. sal word. Vergewe ons tekortkominge. Ons bid dit in die Naam van die
- h. Konings van die konings.
- i. Amen.

6. Oudl I.J. Lessing.

- a. Wat 'n liefde en volheidslewe , o Vader, het ons vandag as u kinders hier
- b. ervaar. Dankie, hemelse Vader, dat U ons as u diensknegte geroep het
- c. om ook vandag te kan besin oor die werking van u kerk op aarde, ook die
- d. kerk waaraan ons behoort. Dankie dat U ons deur u Gees geleei het in ons

- e. besprekings en handelinge. Ons vra, o Vader, sondige mense in 'n
- f. gebroke en ontredderde wêreld, worstel om koers te vind in die
- g. geheimenis van u Skrif te ontsluit en om antwoorde te kan vind en kan
- h. hoor: so sê die Here Here. Dankie dat ons weet dat ons worstelinge om
- i. oplossings te vind loutering in die geloof is. Ons dank U vir die
- j. genadegawes wat hulle toebedeel het wat hierdie vergadering lei, hulle
- k. wat die lig van u Woord uitdra, ons dra hulle aan u genadetroon op vir
- l. krag en leiding. Suiwer ons handelinge van sondige begeertes en
- m. bevestig dit wat u koninkryk sal uitbou. Gee tog dat ons soos ons 'n
- n. gesindheid in ons stryd in die sonde sal voortduur in die wete dat ons lewe
- o. uit God gebore is, is tot heilig wees verkore. Seën ook die werk wat
- p. vandag ... Rus ons toe met 'n soete nagrus sodat ons weer ons dagtaak
- q. môre kan verrig. Ons dra dan ook hulle, hulle vir wie ons lief en dierbaar
- r. is, wat vanaand nie saam met ons is nie. Bewaar hulle van rampe en
- s. gevare as dit so in u raad kan bestaan. Wees ook met hulle wat
- t. vanaand moet reis en bewaar hulle op die pad. O Here, ons vra dit nie
- u. omdat ons dit verdien nie, ons vra dit enkel en alleen uit die genade van u
- v. Seun Jesus Christus.
- w. Amen.

7. Dr. P.W. Bingle

- a. Nog net een tree, lei U my, Here, lei U my in u teenwoordigheid as ek by
- b. die kruispaaie van my lewe vra watter pad is die beste pad? In u
- c. teenwoordigheid wil ons as sinode ook vra watter pad is die beste pad? en
- d. dit wil ons loop in navolging van ons Here Jesus Christus, Hy wat by die
- e. kruispad van Golgota die kruis gekies en gehoorsaam het as die beste
- f. pad tot redding van die mensdom.
- g. Amen.

8. Oudl. (?)

- a. Ons almagtige God en Vader in die hemel, ... oor die voorreg wat ons het
- b. na 'n intringende gesprek vanoggend kan verdaag om onsself weer te
- c. kan voed om daardeur die nodige krag te kan kry om ook weer staande te
- d. kan hou vir dit wat voor ons staan. Gee dat dit ons met insig, helderheid
- e. van denke en die nodige toewyding sal doen wat ons moet doen. Dit alles
- f. u Naam te ere met die vergiffenis van al ons sonde.
- g. Amen.

9. (?)

- a. Ons hemelse Vader, in ons lofpsalm het ons aan U dank gebring vir
- b. soveel onverdiende seëninge in die natuur daar buite. Waar ons netnou

-
- c. sal aansit vir die aandete wil ons U dank vir die voedsel wat ons gaan
 - d. geniet en vra dat U ons sal seën by die gebruik daarvan vir die ... en krag
 - e. wat ons daaruit sal put steeds sal aanwend tot die eer en verheerliking
 - f. van u grote Naam. Ons vra dit om Christus ontwil.
 - g. Amen.

10. Oudl. Dolf van Wyk.

- a. Ons almagtige God en hemelse Vader, dankie, Here, vir die wete dat ons
- b. 'n wonderlike God aanbid. Dankie, Here, vir daardie wete dat U elkeen
- c. van ons ken, dat U die diepste van ons hart ken, dat ons niks vir U kan
- d. wegsteek nie. Dankie, Here, dat U ook weet dat daar mense miskien
- e. hulle oë op mense geplaas het, dat U ook daar mag wees, o Here.
- f. Dankie dat ons vanaand kan weet dat U 'n liefdevolle God en genadige
- g. God is en ons reeds daarvoor vergewe het. Maar, Here, nou bid ons dat
- h. ons ook deur die liefde onder mekaar mag bevind, Here, dat ons mekaar
- i. ook vergewe, dat ons nie haatdraend word nie en ... maar dat ons mekaar
- j. ondersteun. Here, ons weet dat deur u genade en deur u liefde U ons
- k. nooit sal verlaat nie.
- l. Amen.

11. Kommissiegebed

- a. Ons Vader wat in die hemel is, ons dank U dat U wat ons die geleentheid
- b. gee, die kragte gee om in u diens te werk. En ons erken dat ons van u
- c. krag afhanklik is, dat as U ons nie help nie, as U ons ook nie in die sake
- d. wat voor ons lê wysheid gee en die gawe van onderskeiding nie, dan sal
- e. ons dit nooit reg en tot eer van u Naam kan doen nie. Seën ons vandag
- f. hier waar ons as kommissie vergader en ook lateranneer ons ook saam
- g. met die ander lede weer as sinode vergader. Ons dank U vir die heerlike
- h. reën, vir al u seëninge op al die vlakke van ons lewe. Ons gee aan U die
- i. eer in alles wat goed is en ons bely voor U dat alles wat verkeerd is, ons
- j. skuld en ons sonde is. Vergewe ons dit. Ons vra dit deur Jesus ons Here
- k. en ons Verlosser.
- l. Amen.

12. Ds. Johannes Bingle.

- a. Here ons Here, ons dank U dat ons U dan so kan loof en prys ... aanbid
- b. wat U geopenbaar het, u liefde wat grensloos is, u liefde wat ons ook vry
- c. maak. Ons dank U, Here, vir hierdie ... moeite ... en ons wil bid ook vir
- d. ons vergadering vir hierdie dae, in besonder dan ook vandag weer dat ons
- e. diep onder die indruk sal wees van u liefde, getroue liefde, en u genade.

- f. Seën ons in belangrike sake wat bespreek word, waar daar besluite
- g. geneem moet word, lei ons deur u Woord en u Gees. Dankie dat ons ook
- h. weet U ... verlossing van u volk. Laat ons dan ... Help ons dan. Tot u lof
- i. ons lied.
- j. Amen.

13. Ds. Dirk Pansegrouw.

- a. Here, ons vra nou, as ons netnou gaan aansit, dat ons uit u hand voedsel
- b. ontvang, dan sit ons aan en ons eet met vreugde ... 'n gees van
- c. dankbaarheid dat U ons so ryklik versorg. Dan is ons bede, Here, dat U
- d. deur die voedsel ons sal seën sodat ons die krag daarvan kan ervaar dat
- e. ons met blydschap ons werk kan voortsit, dat ons U in alles kan loof en
- f. dank. Ons sluit af in Naam van ons Here Jesus Christus.
- g. Amen.

14. Oudl. Rob van der Kooij.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word ook en veral
- b. hier op hierdie sinode. Laat u koningskap kom. Laat u wil geskied in die
- c. hemel asook hier op aarde en ook in ons harte. Gee ons vanaand ook
- d. ons daagliks brood en vergewe ons skulde, ook die vele sondes op
- e. hierdie vergadering, net soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Lei ons
- f. nie in versoek om ons eiewillige godsdiens te bedrywe nie, maar
- g. verlos ons van die bose, die wêrelmse magte in ons lewe wat ons ook hier
- h. bedreig in alles wat ons bespreek en oordink. Want aan U behoort die
- i. koningskap, die krag en die heerlikheid tot in die eeu van die eue.
- j. Amen.

15. Oudl. Frikkie van Schalkwyk.

- a. Here, ons God, ons hemelse Vader, hoe heerlik om vanaand as
- b. sinodeganger die beskermende hand van God oor sy kinders kan
- c. beluister toe die sewe skale van die grimmigheid van God op die aarde
- d. uitgegiet word, word die gelowiges die ramp gespaar; die wete dat daar
- e. regverdige vergelding is vir hulle wat die bloed van die heiliges en die
- f. profete vergiet het. Gee vir ons onwankelbare geloofskrag deur God die
- g. Heilige Gees. Ons ervaar reeds die eenheidsdrywing van al die nasies
- h. om God na die kroon te steek hier in Suid Afrika en oral in die wêrelد, ja,
- i. die sesde skaal word uitgegiet, die grense tussen volke word vernietig en
- j. ons moet dit bely: die eenheid van verskillende gelowe word gesmee om
- k. met valsheid en verleiding en duiwelse lis en bedrog terwyl die bose

- I. ideologieë met orkaan sterkte aan die kerkmure ruk van ons kerk. Wil dan
 m. gee, o Here, dat ons elke dag leef in die volheid van U genade. Ons dank
 n. U ook, Here, dat u Woord vanaand aan ons openbaar die geeste van
 o. duiwels versamel in Armageddon met die goddelike betekenis: die totale
 p. vernietiging van God se vyande, die totale oorwinning vir God se volk. En
 q. daarom roep ons as gelowiges vanaand uit: Loof die Here o my siel en
 r. alles wat binne my is sy heilige Naam. En dit is eersdaags verby: Die
 s. hoog geroemde kultuur van die goddelose mense want dit is vreeslik om
 t. te val in die hand van 'n lewende God. En dis ook vanaand ons
 u. gebed, o Here, dat U die afgevaardigdes van verskillende lande ook hier
 v. saam met ons kon wees in eenheid met God, ja die uitroep vanaf die
 w. troon van God saam met die magtige eggo van die oorwinnings geroep van
 x. die Lam op Golgota toe Hy uitgeroep het: dit is volbring! Dat ons, die
 y. duurgekopte kerk, mag ontvang die kleed van geregtigheid wat verwerf is
 z. deur Christus ons Saligmaker. Laat u Gees ons nou lei om vas te staan in
 aa. die geloof, dat die goddelike geïnspireerde besluite van hierdie sinode
 bb. geopenbaar gemaak sal word, die ganse Christendom van Suid Afrika kan
 cc. weet om die oë gerig te hou op Jesus Christus, voleinder van die geloof,
 dd. ja, die blink morester van die wederkomstdag, die gloriedag van God wat
 ee. kom waarna elke gelowige verlang. Hoor en verhoor ons. Ons bid dit in
 ff. die Naam van ons Borg en Middelaar Jesus Christus alleen.
 gg. Amen.

16. Ds. Sarel Cilliers

- a. Onse Vader wat in die hemele is, wat 'n heerlike en wonderlike voorreg om
 b. ook op hierdie oggenduur u groot en heilige Naam te mag aanroep. Wat
 c. 'n wonderlike voorreg dat ons as nietige sondaar mense u Naam mag ken.
 d. Maar ons staan so klein, so afhanklik, dat ons by U pleit: help ons dat ons
 e. u Naam steeds beter mag ken, steeds beter mag heilig en eer ook in ons
 f. gesprekke met mekaar, in ons besluitneming en beredenering. Wil gee
 g. dat ons ook in hierdie vergadering U eerste stel deur ons eie wil te
 h. versaak en U as Koning te ag, U wat Koning is oor u kerk en tog nietige
 i. diensknegte roep en ook bekwaam en lei deur u Gees om u koninkryk te
 j. dien in hierdie wêreld. Maar in hierdie diens staan ons ook volkome
 k. afhanklik, pleit ons by U: gee ons ons daagliks brood, gee vir ons ook
 l. die krag, gee vir ons alles wat ons nodig het om hierdie dienswerk te
 m. verrig. Wil U ons ons sondes nie toereken nie. Wil U ons dit vergewe.
 n. Wil U ons lei, steeds elke dag op die weg van heiligmaking. Ons dra aan
 o. U ook al die werk wat gedoen word in kommissies, die werk wat gedoen
 p. word ook deur hulle wat ons moet voorgaan. Wees so besonderlik ook
 q. met ons voorsitter. Ons dank u, Here, vir die vreugde van hierdie
 r. saamwees ook met hulle wat van ver af kom, ook van ander lande. Gaan
 s. met ons geliefdes tuis. Wil gee dat ons in afhanklikheid sal werk dat ons

- t. uitroep en bely: aan U behoort die koninkryk en die krag en die
- u. heerlikheid tot in alle ewigheid.
- v. Amen.

17. Ds. Tommie van Vuuren

- a. Ons Vader wat in die hemel is, baie dankie dat ons as sinodegangers ook
- b. kan getuig van u troue liefde en van u versorging dat ons dit ook elke dag
- c. in ons lewe kan sien hoedat U vir ons goed is en hoedat U vir ons sorg.
- d. Ons gaan ook nou daarvan bewus wees as ons gaan aansit by die tafel.
- e. In daardie eenvoudige voedsel wat U vir ons gee, sien ons ook U sorg en
- f. U liefde. Maak ons oproeg dankbaar daarvoor en gee dat ons, opnuut
- g. versterk, tot eer van U Naam sal lewe. Baie dankie, Vader, dat U altyd so
- h. vir ons sorg. Ons bid dit alles van U in die Naam van ons Here Jesus
- i. Christus.
- j. Amen.

18. Oudl. Hattingh

- a. Here ons God, almagtige Vader, ons dank U dat ons U mag ken as die
- b. Skepper van hemel en aarde, dat ons U ook mag ken as die God wat vir
- c. ons sorg en u skepping in stand hou, dat U ook vir ons in die ryk van die
- d. natuur opnuut laat beleef het dat u sorg, dat dit U is wat vir ons die
- e. nodige reën skenk dat U vir ons die nodige groeikrag bied... tot wasdom
- f. gebring kan word sodat daar ook vir ons die nodige voedsel voortgebring
- g. kan word vir ons as mens en dier. Deur U groot genade gee ook vir ons
- h. die geleentheid om te gaan aansit aan 'n tafel waar U vir ons die voedsel
- i. toeberei het. Gee, Vader, dat ons altyd mag ervaar dat dit U is wat dit vir
- j. ons skenk en ons ook genadiglik ons kragte daardeur kan vernuut sodat
- k. ons weer kan kom dat ons taak verder kan voortsit met ons oë op U
- l. gevestig in die besef en die wete dat ons alleen maar by U ook die
- m. geestelike krag sal put en dat U ons ook daarin versorg sodat ons ook in u
- n. lig hierdie taak kan verrig. Ons bid U: wees ons naby. Om Christus
- o. ontwil.
- p. Amen.

19. Oudl. A.D. Goede

- a. Ons almagtige God en Vader, ons dank U in die aand van hierdie dag dat
- b. U met ons was en dat ons boodskappe kon ontvang deur medegelowiges
- c. van dwarsoor die wêreld, dat ons weet dat hulle saam met ons bid en
- d. worstel met die probleme en onduidelikhede wat ons kwel. Gee aan ons
- e. insig en wysheid dat ons slegs volgens U Woord beredeneringe sal voer,

- f. voorstelle sal daarstel en besluite sal neem wat slegs tot U eer sal strek.
- g. Gee ons ook die nagrus wat ons nodig het om mōre weer met nuwe
- h. kragte aan ons dagtaak te kan werk. Ons vra dit in nederigheid saam met
- i. die vergiffenis van sondes om Christus ontwil alleen.
- j. Amen.

20. Dr. Dick Steyn

- a. Ons kom in hierdie mōre in U aangesig met eerbied en ontsag. Ons staan
- b. voor U, Heilige God van hemel en aarde en ons loof en ons prys U omdat
- c. U God is, U alleen! Ons kom ook voor U as Koning van u kerk en dan bid
- d. ons, Here, op hierdie dag wat ons uit u vaderhand ontvang het om besig
- e. te wees met sake rakende U kerk, hierdie kerk van U. Dat U as Koning
- f. deur U Woord en Heilige Gees ons sal lei, so sal lei dat ons sal soek na U
- g. eer, die voordeel van ons kerk, ons lidmate, maar ook die uitbouing van u
- h. koninkryk. Lei ons dan in al ons bespreking o Here, ook ons moderamen
- i. wat moet voorgaan in hierdie vergadering. Gee dat hulle in die holte van U
- j. hand gedra word en omvou hulle met U liefde. En as ons ook hierdie dag
- k. , soos wat broeders vertrek om verskillende redes, op die pad gaan, bid
- l. ons om u bewarende hand. Here onse God, ons dank U vir al U liefde wat
- m. ons so ryklik uit U vaderhand ontvang ook vir hierdie dag , hierdie sinode
- n. bo alles. Ons dank U vir U genade in Jesus Christus terwyl ons ook ons
- o. sondes bely, ons weet dat ons sondaars is, ons weet dat ons ook in
- p. hierdie vergadering teen U gesondig het, kan ons tog jubelend dankbaar
- q. voor U aangesig verskyn want ons is ook verseker ons sondes is vergewe
- r. om Jesus Christus ontwil.
- s. Amen.

21. Oudl. Bert Bakker.

- a. God, our heavenly Father, at the end of such a wonderful week, we come
- b. to You and we thank You in the knowledge that You are the only present
- c. God Who created heaven and the earth, all things living there-on and
- d. there-in. And we thank You, o Lord, for being present at this synod in
- e. such a way that Your presence could be felt. But we also confess, o God,
- f. that there are still so many dark patches, so many uncertainties, so many
- g. things on which we must say: We just don't know. Maar dan komen wij,
- h. Here, en wij ... uit na boven de heldere straal van Uw licht. En wij dank
- i. Uw dat die gifts dat daar ook helder noch schijnt ook op deze sinode ook
- j. in onze levens, en wij vragen van Uw, Here, om ook Uw licht verder te
- k. laten helder schijnen op ons levenspad, over onze kerken, maar ook over
- l. deze sinode wanneer die weer in sitting gaan. Dan kom ons, Here, en
- m. ons besef dat ons tog so ver tekort skiet, dat ons uiteindelik in
- n. magteloosheid al weer op ons knieë kom en U mag smeek: Skenk, Here, u

- o. lig en u waarheid, dat die ons lei, dat die ons bring na u heilige woning, na
- p. u heilige berg in die wete dat ons hulp is in die Naam van die Here wat
- q. hemel en aarde gemaak het. Waar ons uiteindelik mag kom, Here, by u
- r. seëninge, by die wete: U genade is vir ons genoeg! Nou vra ons, Vader,
- s. wil U u seëninge gee waar ons op ons onderskeie paaie uitmekaar gaan.
- t. Wil U u seëninge gee daar waar broeders swoeg om môre u Woord te
- u. verkondig, dat dit mag geskied onder leiding van u Gees in waarheid tot
- v. die eer en verheerliking van u drie maal heilige Naam. En waar ons nou
- w. gaan aansit om te eet, wil ook genadig die voedsel aan ons liggeme seën,
- x. voedsel wat ons met dankbaarheid uit u vaderhand ontvang. We pray all
- y. this in the Name of our Lord and Saviour Jesus Christ.
- z. Amen.

22. Ds. Malan van Rhyn

- a. Ons Vader in die hemel, aan die begin van hierdie dag, aan die begin van
- b. hierdie week, besef ons dat daar 'n groot taak voor ons lê. Ons dank U dat
- c. ons hierdie taak kan aanpak met die geloof dat U 'n groot God is, almagtig,
- d. hoog verhewe, dat niks vir U onmoontlik is nie en dat U Self u kerk regeer.
- e. Ons bid dan dat U vir ons elkeen ook die gesindheid gee wat daar by u
- f. dienskneg Paulus was dat ons oor die gemeentes sal waak met 'n ywer
- g. wat van U af kom, dat hierdie ywer gevoed sal word deur ons liefde vir U.
- h. Ons bid vir wysheid en ons bid vir insig en boweal bid ons vir getrouheid
- i. aan u Woord. Ons dra ons broeders in onderhandelinge aan U op dat U
- j. ook in die geweldige taak wat voor hulle lê, dat U hulle daarmee sal
- k. onderneem en sal onderskraag. Ons dank U dat ons kerkverband ook die
- l. afgelope naweek met groot vreugde twee nuwe teologiese professore kon
- m. ontvang. Ons bid in besonder vir hulle dat U ook hulle dienswerk sal
- n. seën, dat U groot vrugbaarheid sal gee. Ons bid vir almal wat swaar kry,
- o. ja in besonder gaan ons harte uit na broeders wat weens siekte ge-
- p. emeriteer het en wat op verskillende maniere swaar kry. Here, wil dat U in
- q. u groot genade ook daar uitkoms sal gee. Ons dank U dat ons al hierdie
- r. dinge met vertroue van U kan vra omdat ons weet Jesus Christus is die
- s. groot Koning. Hy is die Bruidegom van die kerk, Hy sal weer kom om
- t. hierdie huwelik te voleindig en te bevestig. Ja, ons dank U dat ons weer
- u. kan hoor dat ons 'n ewige toekoms het, dat U van ons vra om maar net
- v. getrou te bly tot die einde toe. Verhoor genadiglik ons gebed. Ons vra dit
- w. om Jesus Christus ontwil.
- x. Amen.

23. Ds. Coen Vrey.

- a. Ons troue God en Vader, ons dank U vir die versorging wat U vir ons gee
- b. ondanks ons sonde en ongeregtigheid. Ook die kos wat U aan ons voorsit
- c. is uit u hand en ons bid U, o Here, dat U deur u Gees so sal lei en leer dat
- d. ons uit die krag wat ons uit die kos mag kry, sal gebruik tot eer van u
- e. heilige Naam. Ons dra ook hulle wat nie so bevoorreg is as ons nie aan u
- f. sorg op. Lei ons ook so deur u Gees dat ons ons oë sal oopmaak en ook
- g. ons hande sodat ons hulle kan versorg want so versorg U mense. Ons
- h. bid dat in die Naam van Jesus Christus ons Here en ons Verlosser.
- i. Amen.

24. Oudl. Theo Buys.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, Here, ons dank U dat ons U so mag
- b. aanroep omdat ons U so ken. Ons dank U, Here, dat ons die
- c. vrymoedigheid het deur die verdienste van ons Here Jesus Christus, u
- d. Seun. Dankie, Here, dat U 'n genadige God is, ook in hierdie dag het U
- e. ons weer gedra asof in die holte van u hand. U het ons veilig hier
- f. aangebring toe ons weer vanoggend hier kon begin met die
- g. samesprekings en besluite aangaande u kerk. Ons dank U, Here, dat U
- h. by ons was. Ons bid, Here, dat U deur die nag 'n rustige nagrus sal gee
- i. en ons môre met dankbare harte laat ontwaak om hierdie kosbare werk
- j. voort te sit. Here, gee dat ons elkeen onsself altyd ons binneste sal
- k. ondersoek sodat dit wat ons sê, dit wat ons besluit, alleen mag strek tot
- l. die eer en verheerliking van u nooit volprese Naam. Ons bid hierdie dinge
- m. van U, Here, in die Naam van ons Here Jesus Christus.
- n. Amen.

25. Ds. Nico Botha.

- a. Ons kom aan die begin van hierdie dag, Here onse God tot U met
- b. danksegging en aanbidding in ons hart, buig ons voor U neer en eer ons
- c. U, die Koning van al die konings, as die Here oor alle dinge. Ons dank U
- d. vir die heerlike voorreg dat ons U nog ken en weet dat ons aan U behoort.
- e. Ons dank U dat U ons ook hier wil gebruik in u diens. Ons dank U, Here,
- f. vir gawes wat u Gees van hart en verstand, gesondheid en krag wat U
- g. skenk, vir die geleentheid om hierdie werk te kan afhandel. Dis 'n voorreg
- h. wat U aan ons gee en ons wil ook op hierdie dag hierdie voorreg reg
- i. gebruik sodat U al die eer kan kry. Ons bid dat U met ons sal wees, Here,
- j. dat U deur u Heilige Gees in elkeen van ons sal werk, dat U dit vir ons
- k. moontlik sal maak om in die gesindheid van Jesus Christus ook hier te
- l. doen wat U van ons verwag. Wees in besonder met ons voorsitter en

- m. almal wat hom as moderamen bystaan. Wees met elke kommissie wat
- n. ook besig is met die voltooiing van hulle rapporte. Wees met hulle wat dit
- o. hier moet kom stel, Here, gee dat ons dit helder en duidelik sal hoor. Gee
- p. dat ons in ons besluitneming ons sal hou aan u Woord en dat ons net
- q. maar ons deur U sal laat lei in die volle waarheid. Ons dank U dat ons
- r. deel mag wees van 'n kerkverband wat vashou aan u Woord. Ons bid,
- s. Here, vir al die kerke, U weet dat daar geworstel en gestry word, soms ook
- t. met klein getalle en min middele, dikwels met 'n groot taak wat ver bo 'n
- u. mens se vermoë uitgaan. Gee aan ons u Heilige Gees sodat ons met
- v. oorgawe en toewyding oral en op elke plek u Woord sal verkondig en u
- w. Naam sal verhoog. Ons bid vir hierdie land waarin U ons geplaas het.
- x. Ons dank U, Here, vir ons ryke erfenis wat niemand ooit van ons kan
- y. wegneem nie. Ons bely voor U die skuld ook van jare, ons dwalinge, ons
- z. selfsug. Ons bid, Here, gee dat ons nou in hierdie omstandighede aan U
- aa. getrou sal bly, dat ons werklik getuies van U sal wees dat almal van ons af
- bb. sal hoor dat Jesus Christus die Here is. Gee dan aan hulle wat regeer u
- cc. leiding, u lig, al vra hulle nie daarna dikwels nie. Gee, Here, dat hulle sal
- dd. sien dat U die Koning is, ook van hierdie land. Ons vra al hierdie dinge in
- ee. die Naam van Christus Jesus ons Here.
- ff. Amen.

26. Ds. Ronald Bain.

- a. Here, U ken ons, U ken die diepste in ons harte, niks is verberg vir u
- b. aangesig nie. U ken ons swakhede. U ken ons sondes. U ken ons
- c. gebreke. Ons bid dat U ons tog daarvoor sal vergewe, maar U ken ook in
- d. ons die hunger en dors na die geregtigheid, die hunger en dors na u
- e. Woord, die hunger en dors na die lewende gemeenskap met U. Ons bede
- f. is dat U ons tog al hoe langer en al hoe meer deur u Woord en deur u
- g. Gees tog daartoe sal lei dat U ons sal lei daarin om vanuit u Woord te kan
- h. lewe, om in die lewende gemeenskap voor u aangesig te kan bestaan,
- i. ook met hierdie sinode. Vergewe ons tog waar ons op 'n skadelike weg
- j. gewandel het, waar ons u Gees bedroef het, lei ons tog op die ewige weg.
- k. Ons dank U ook, o Here, dat U ons liggaamlike behoeftes ken en dat U vir
- l. ons sorg en wil U dan nou ook die voedsel wat vir ons voorgesit gaan
- m. word, wil U ons tog seën by die gebruik daarvan en wil U ons ook
- n. saambind met daardie bande van geloof en liefde wat ons het. Verhoor
- o. tog ons gebed. Ons pleit dit alleen in die Naam van onse Here Jesus
- p. Christus.
- q. Amen.

27. Oudl. Johan Howell.

- a. Ons God en hemelse Vader, ons dank U vir die voorreg wat ons het om in
- b. hierdie aand u Naam ook aan te roep. Ons dank U dat ons u kennelike
- c. teenwoordigheid ook ervaar ... die liefde en eensgesindheid by hierdie
- d. sinodesitting. Wil U ons verrigtinge dan nou verder seën. Seën ook die
- e. voedsel wat ons sal eet aan ons liggeme. Ons vra dit in die Naam van ons
- f. Here Jesus Christus uit genade.
- g. Amen.

28. Oudl. Josef Kotze.

- a. Ons dank U dat dit U behaag om hierdie vergadering te laat plaasvind en
- b. dat U daardeur ons as diensknegte gebruik in u diens. Dankie dat U met u
- c. Gees in hierdie vergadering is om ons beraadslaginge en besluite te
- d. bestuur volgens u wil. Ons bede is: wil U die besluite wat hier geneem
- e. word genadiglik seën om sodoende vir U 'n ware kerk te versamel.
- f. Bewaar u kerk dat dit by die suiwere leer, die suiwere en regte gebruik
- g. van die heilige sakramente en die getroue uitoefening van u tug sal bly.
- h. Ons bede is: help U ons dat ons harte in onderlinge vrede en eendrag
- i. verbind sal wees. Ons dra ons broeders in die besondere ampte van
- j. professore en predikante aan U op dat hulle getrou en standvastig u
- k. heilige Woord ongehinderd en suiwer verkondig en dat hulle deur die
- l. getroue bediening van hul ampte u kerk tot groot seën sal wees. Skenk
- m. aan ons as ouderlinge die gawe van onderskeiding dat ons as wagters op
- n. Sionsmure u wil kan verkondig. Wil U alle bose en listige planne wat teen
- o. u Woord en kerk bedink word tot niet maak. Onse Vader, gee dat ons in
- p. hierdie nag in vrede mag rus sodat ons môreoggend met hernude kragte
- q. die dag in u Naam sal begin. Ons bid tot U want aan U behoort die
- r. koninkryk en krag en heerlikheid tot in alle ewigheid.
- s. Amen.

29. Ds. Theuns Potgieter.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, ons het U lief. Ons Here Jesus Christus,
- b. ons het U lief. Drie-enige God, ons aanbid U omdat U ons eerste
- c. liefgehad het en daar buiten U niemand is met wie ons ons liefde kan deel
- d. nie. Vader, ons dank U dat ons so bevorreg is dat ons U en u Seun
- e. Jesus Christus as ons Verlosser en Saligmaker ken. Ons dank U vir die
- f. leiding ook op hierdie sinode deur u Heilige Gees. Ons dank U vir u
- g. Woord en Gees en vir die gawe van die geloof. Ons bely, Vader, dat ons
- h. dikwels nie iets vertoon van hierdie liefde en verhouding met U nie.

- i. Vergewe ons daarvoor. Seën ons vandag weer in ons besprekings en
- j. besluite. Laat ons niks vandag besluit buiten ons lewende band met U en
- k. die leiding van u Gees en u Woord nie. Ons bid vir elke sinodeganger,
- l. geliefdes by die huis. In besonder bid ons op hierdie dag vir ons
- m. onderwysers, skole en kinders wat vandag weer begin het in talle
- n. provinsies. Here, wil U gee dat daardie lewende verhouding met U en ons
- o. kinders nie sal doodgaan nie. Ons bid vir die owerheid, gee dat ons ook
- p. sal erken dat U ons ook deur hulle regeer. Laat ons ons gewillig aan hulle
- q. onderwerp. Gee vir ons ook 'n rustigheid en 'n kalmte in hierdie land
- r. sodat ons U in hierdie lewende, ware verhouding kan aanbid. Verbreek U
- s. ook die werk van die duiwel en laat ons as ligdramaers in hierdie dag ook iets
- t. weerkaats van daardie liefde vir U en ook as ons hiervan af weggaan. In
- u. die Naam van ons Here Jesus Christus, vir Wie ons liefhet.
- v. Amen.

30. Ds. Henk Stavast.

- a. Ons almagtige God en hemelse Vader, Vader, ons dank U dat ons ook in
- b. hierdie middaguur kan bely dat U ons lei, dat U ons versorg en ons wil U
- c. dan ook vra om hierdie voedsel wat ons dat ook vanmiddag gaan nuttig,
- d. dat U ons daarmee sal versterk, dat ons waarlik sal glo en sal weet dat dit
- e. van U af kom en dat ons waarlik opreg dankbaar sal wees daarvoor dat
- f. ons ook dit wat ons van U ontvang ook in ons besluite hier na vore sal
- g. bring dat dit tot u eer en u verheerliking sal wees. Ons dink aan hulle, o
- h. Vader, waar ons ook nou in bespreking was van diakonale sake, aan hulle
- i. wat nie so bevoorreg is nie, wat vandag in nood verkeer, wat vandag
- j. bekommert is oor voedsel op die tafel, oor 'n dak oor hul hoofde. Here,
- k. ons pleit by U, U wat regeer oor alle dinge, dat U ook daar sal uitkoms
- l. gee. Ons vra dit in die Naam van ons Koning, Jesus Christus.
- m. Amen.

31. Oudl. Wouter Grové.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, ons wil aan die einde van hierdie dag, U
- b. loof en prys. Ons wil u Naam groot maak en U eer as u kinders wat onder
- c. leiding van u Gees vergader is, wil ons U dank: deur hierdie krag het U
- d. ons gelei, U het ons wysheid gegee om besluite te neem. Ja, o Here, dat
- e. dit wat ons besluit het welbehaagliksal wees voor u troon. Ons bely, o
- f. Vader, dat ons so dikwels eiewillig en in eie krag wil voortploeter.
- g. Vergewe ons ons sondes. Wees met ons in hierdie nag. Skenk ons 'n
- h. soete nagrus sodat ons met hernude krag more koninkrykswerk kan doen.
- i. Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus ons Verlosser.
- j. Amen.

32. Dr. A.H. Grové.

- a. Onse Vader wat in die hemele is, klein voor U, want ons is almal saam
- b. minder as die nietigheid self, ons is minder as 'n stoffie op 'n weegskaal,
- c. tog weet ons dat U met ons 'n ewige verbond opgerig het. U het ons
- d. aangeneem as u kinders. U het u Seun Jesus Christus gestuur en Hy't in
- e. ons plekke aan die kruis op Golgota vir ons gesterf. Vergewe ons tog ons
- f. baie sondes, Here. Gee vir ons wysheid, u wysheid, die wysheid wat van
- g. bo kom. Bewaar ons tog van die Satan. Seën die voorsitter en
- h. moderamen sodat hulle ons ook vandag met wysheid sal lei sodat ons ook
- i. verder besluite sal neem waarvoor gesê kan word: dit is met wysheid
- j. gedoen. Bewaar ons tog teen die aanslae van Satan en vergewe ons ons
- k. sondes. Om Christus ontwil.
- l. Amen.

33. Ds. Hannes Noëth.

- a. Die oë van almal wag op U. U gee hulle spys op die regte tyd. U maak u
- b. hand oop en versadig alles wat lewe met u welbehae. Here, ons
- c. almagtige God, U wat alles geskape het en deur u goddelike mag elke
- d. dag nog alles onderhou, u volk in die woestyn gespysig het, strek u seën
- e. uit oor ons, u arme dienaars, en heilig vir ons hierdie dag en die gawes
- f. wat ons uit u milde hand ontvang sodat ons matig en heilig tot u goeie wil
- g. mag gebruik en dat ons U daardeur mag erken as die Vader en die
- h. oorsprong van alle dinge. Gee dat ons altyd en voor alles soek na die
- i. geestelike brood van u Woord waarmee ons siele gespysig word tot die
- j. ewige lewe wat U vir ons berei het deur die heilige bloed van u liefde
- k. Seun, ons Here Jesus Christus.
- l. Amen.

34. Prof. Cassie Venter.

- a. Ons dank U, troue God, dat U U ontferm het, dat U U oor ons wat
- b. weggekruip het in die skaduwees van skande, ontferm het en ons
- c. opgetel het en so sal ons hierdie sinode onthou. Ons kon getuies wees
- d. van u ontferming. En nou bring en lei u Gees ons daartoe, Here, om
- e. struikelmense soos ons is, ons tog toe te wy aan U. Ons dank U dat ons
- f. ontferming kon sien vir ons broers en susters. Ons dank U vir innige
- g. oomblikke in hierdie sinode. Ons dank U dat ons mag bely: dis U wat die
- h. koers ook van die sinode bepaal en stuur en daarom wil ons gelowig
- i. aanvaar wat U ook hier gedoen het. Here, U kon alles en U kan alles sonder
- j. ons doen. U verkies om dit deur ons te doen. Dankie dat ons ook
- k. ontferming kan sien in die leiding van die voorsitter en die res van die

- I. moderamen. Dankie, Here, dat ons ontferming kon sien in mekaar se oë.
- m. Wanneer ons sinode dink aan ons ontferming na buite, na ons
- n. medegelowiges, na alle mense ... Hierdie sinode wil (ons) bid vir
- o. sterwende vigslyers en vir mense in plakkerskampe, vir straatkinders en
- p. bedelaars, vir almal wat dalk gebroke op U wag. Ons bid vir elke
- q. predikant, ouderling, elke broeder en suster. Ons bid vir die
- r. Gereformeerde Kerke en ander kerke wie se hande ons vat. Ons bid vir
- s. die pad vorentoe, ook vir die kerke. Ons vra U vir 'n goeie tyd, Here,
- t. waarin ons mag lewe, want dis u tyd en ons u diensknegte. Ons bid vir
- u. onsself. Ons bid vir ons, vir hulle wat dalk voor die volgende sinode sal
- v. vertrek om vir altyd by U te wees. Skenk 'n veilige tuiskoms. So staan
- w. ons voor U, nederig, ook na hierdie sinode. U het alles gegee, U sal ook
- x. alles gee; u ontferming, u Gees. En ons dank U dat ons deur die oë van
- y. die evangelie in u Vaderhart kon kyk.
- z. Amen.

Sinode 2006

1. Fanie Coetzee:

- a. God, onse God in Jesus Christus, ons is hier omdat u ons geseen het en
- b. steeds seën. Ons is hier omdat U genadig is, omdat U teenwoordig is,
- c. omdat U ons in die eerste plek soek in hierdie vergadering, u
- d. teenwoordigheid. Om soos 'n klein kindjie by U te wees om raad te kry, 'n
- e. klein kindjie by sy moeder om daar te wees, geborge, veilig te wees.
- f. Maar voor ons begin, u teenwoordigheid, seënende teenwoordigheid in
- g. hierdie vergadering te vra. Ons dank U vir die seëninge na 'n lang tydperk
- h. die afgelope jaar. Dankie vir ons bestaan, dat ons lewe, dankie vir
- i. finansiële gawes. Dankie vir U versorging. Dankie bo alles vir u geestelike
- j. seëninge, al die seëninge wat daar in Jesus Christus is. As ons dan bid
- k. vir hierdie vergadering, bid ons om genade en seën. Laat u Naam
- l. geheilig word en laat u wil geskied en u koninkryk kom en mag ons ook
- m. ons roeping besef, Here. Mag ons ook deur hierdie vergadering 'n bydrae
- n. maak in die wêreld waarin ons lewe om u Naam verder en verder te
- o. verheerlik. Ons bely ons sondes voor u. Ons bely dat ons elkeen ons eie
- p. menings het en nie altyd bereid is om dit te toets nie. Here, gee vir ons ...
- q. nederigheid, ore om te luister... Hoor ons, Vader en lei ons om saam met
- r. alle volke, nasies en tale ... U sal vrees en U sal dien.
- s. Amen.

2. Dr S.F. Kruger.

- a. Ons Vader, ons gaan nou saam eet en hierdie kos ontvang ons met
- b. dankbaarheid uit u hand. Ons erken U as die God wat ons versorg. U dra
- c. ons en u ondersteun ons. U het ons tot hertoe gedra. Seën ons nou
- d. waar ons saam eet en maak ons dankbaar. Ons vra dit alles in Jesus se
- e. Naam.
- f. Amen.

3. Oudl. Giel Erasmus

- a. Onse Vader in die hemel, ons dank U dat ons ook nou U weer kan
- b. aanroep, dat ons getuies daarvan is dat U met ons is, dat U ons lei. En as
- c. ons ook nou weer gaan eet, gee ook, o Here, dat ons ook daarin u hand
- d. sal sien en dat ons versterk ook sal kan voortgaan en U sal loof. Om
- e. Christus ontwil.
- f. Amen.

4. Dr. Flip Buys (1)

- a. Here, almagtige God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag
- b. te ontvang, want U alleen het alles geskep. Ons kom voor U, Heilige God,
- c. in diep ootmoed en ontsag en met berou oor ons sondes en alles wat
- d. verkeerd is in ons lewens. Maar ons kom tog na U met vrymoedigheid,
- e. want U maak Uself bekend as 'n God wat met 'n stukkende sondaarmense
- f. bemoeienis maak, wat 'n sondaar mens se harte wil kom nuut maak tot u
- g. eer. Ons kom om by U heiligung en rus en skuiling en die leiding van u
- h. Gees en Woord te ontvang. En waar ons nou saam is rondom u Woord, dit
- i. is ons gebed, Here, stuur u lig en waarheid dat dié ons lei in die rykdomme
- j. van u Woord en dat ons opnuut iets van u majesteit mag sien en ervaar en
- k. die grootsheid van ons roeping in die land en kontinent en in die wêreld
- l. waarin U ons geplaas het. Maak ons oë oop vir u reddende genade, leer
- m. ons om U reg kinderlik te vrees, te eer en te dien. Ons bid dit alles van U
- n. omdat U as ons Koning mag het oor alles, omdat U Uself bekend gemaak
- o. het dat U as Koning mag het en alle goeie dinge aan ons wil gee sodat
- p. daardeur nie ons nie, maar u ewige Naam geprys sal word.
- q. Amen.

5. Dr. Flip Buys (2)

- a. Here, hoe ontsagwekkend is u werk? U alleen is die God van alle volke,

- b. nasies en tale. Die hele aarde juig tot eer van u Naam. Alle mense moet
- c. voor U buig, hulle moet sing tot eer van u Naam, elke knie moet voor U
- d. buig en elke tong moet bely dat Jesus die Here is en dat daar by U
- e. vergiffenis is en redding en heililing en reiniging vir sondaarmense. Ons wil
- f. U prys vandag as ons Heer. Ons wil U lof verkondig en u Naam loof. U
- g. grootheid is ondeurgrondelik. Ons erken en bely dat daar so baie sonde
- h. aan ons kleef, dat ons so dikwels nog verkeerde prioriteite het, menslike
- i. prioriteite, dinge in die sentrum plaas wat nie in die sentrum behoort te wees
- j. nie. Ons bely hoe diep verdorwe ons is. Ons is geneig om mekaar en ons
- k. naaste te haat. O Here, as U ons nie vashou nie en reinig nie en heilig nie
- l. dan is elkeen van ons 'n vleesgeworde duivel. Neem ons sonde weg dat
- m. ons rein kan wees, dat ons kan leef vanuit die vreugde van u vergiffenis,
- n. dat ons die redding deur die bloed van u Seun Jesus Christus kan belewe.
- o. Ons pleit om u genade in die lewens van elkeen van u kinders, in besonder
- p. ook in hierdie sinode. Ons dra ook die moderamen aan U op dat hulle die
- q. vergadering met groot wysheid mag lei, met kalmte van gees. Ons bid vir al
- r. die besprekinge en besluitneming. Skenk wysheid, vrymoedigheid,
- s. ootmoed. Vervul ons deur u Gees om bo alles werklik u eer te soek in elke
- t. woord wat gesê word, elke bespreking, elke besluit wat geneem word. Ons
- u. bid vir hierdie land en al sy mense op hierdie kontinent waar U ons geroep
- v. en geplaas het. Ons bid, Here, vir ware vernuwing en reformasie in die
- w. kerk. Ons smeek dat daar ware versoening, vrede en geregtigheid in
- x. hierdie land met ander volkere op hierdie kontinent mag kom. Ons dank U,
- y. Here, dat daar 'n groeiende getal gereformeerde kerke is wat hulself gee
- z. om u Woord met krag ver en naby uit te dra. Ons bid vir die Teologiese
- aa. Skool en die professore en werk wat daar gedoen word en dat daardeur ook
- bb. die lig van u evangelie ver en wyd uitgedra mag word. Ons bid vir al die
- cc. indiensopleidingsentra waar ook voorgangers opgelei word op 'n
- dd. verskeidenheid van vlakke. Here, U het ons in u Woord geleer dat die wil
- ee. van konings onder u gesag staan en dat U dit soos 'n stroom water lei soos
- ff. wat U dit verkieks en daarom bid ons vir owerhede en dat hierdie land so
- gg. geregeer mag word dat daar 'n einde sal kom aan geweld en kriminaliteit
- hh. en korruksie en roof en moord en diefstal. Ons aanbid U omdat die nasies
- ii. van die wêrld voor U soos 'n druppel is aan 'n emmer, soos 'n stoffie aan
- jj. 'n weegskaal. Ons pleit om u ontferming en u genade in ons land en
- kk. kontinent, vir mense wat verskriklik ly onder ontsettende armoede,
- ll. weeskinders, weduwees, terminale pasiënte, ontsettende lyding as gevolg
- mm. van vigs. Ons smeek om u ontferming en dat ons ons ook soos u beveel,
- nn. sal beklee met ontferming. Here, U bewys so dikwels dat U mag het om te
- oo. doen ver bo wat ons bid of dink, aan U wat ewig Koning is, die
- pp. onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en heerlikheid tot in
- qq. alle ewigheid.
- rr. Amen.

6. Oudl. Theo Buys.

- a. Ons almagtige God en hemelse Vader, dis met dankbaarheid , Here, dat
- b. ons U loof en dank dat ons kan getuig dat U ook gedurende hierdie eerste
- c. dag van hierdie sinode, hierdie belangrike vergadering van u kerk, vir ons
- d. sorg. Dankie, Here, dat ons kon aanvoel, dat ons weet, dat ons verseker
- e. was dat U met en by ons is. En, Here, ook in die verkiesing van die
- f. moderamen. Ons dank U, Here, vir die bydrae wat sover gelewer is. Ons
- g. dank U, Here, vir die gees waarmee dit gedoen is en ons bede is, Here, dat
- h. U sal gee dat ons sal bou dit wat ons hier waarneem en dit wat ons gaan
- i. doen en sê en oor besluit, dat dit sal dien tot uitbouing en opbouing van u
- j. koninkryk. Gebruik ons, Here, as instrument in u hand. Maak U ons
- k. bekwaam. Wees met ons hierdie nag, Here. Skenk ons 'n soete nigrus en
- l. wek ons môre vroeg met dankbare harte en hernude krag om wat vir ons
- m. môre wag te kan aanpak en uitvoer en volvoer in u Naam. Ons bid dit van
- n. U in die Naam van die Here Jesus Christus.
- o. Amen.

7. Dr. Kobus van der Walt.

- a. Laat ons offers, Here onse God, vandag met ons hele hart wees, met al ons
- b. kragte, met ons hele verstand, met ons hele wese. Omring ons met waarlik
- c. liefhê, Here, want U het ons volmaak lief. U gee volmaak, U het hierdie
- d. hele skepping, u skepping, gevul met al die mooie, met soveel orde. U het
- e. gister ook vir ons heerlike reën gegee. Vader, dankie ook vir die
- f. herskepping, ons nuwe lewe in Jesus Christus. Gee dat dit ons almal sal
- g. oproep en sal inspireer om vandag maar net in die voetspore van Jesus
- h. Christus te loop, die weg, die waarheid en die lewe. Ons bid vir ons
- i. moderamen. Seën vir dr. Douw, seën vir ds. Pieter, Neels en vir Leo, gee
- j. aan hulle besondere kalmte, wysheid, skerpheid van verstand. Gee aan
- k. ons almal ook as vergadering, elke kommissie, ook daardie gesindheid,
- l. Vader, om alleen maar net u eer te soek, die uitbou van u koninkryk, die
- m. opbou van u kerk. Ons bely ons absolute afhanklikheid teenoor U. Gee,
- n. Here, alles wat ons nodig het ... Ons buig diep neer met sondebeseft.
- o. Vader vergewe ons sover soos die Ooste weg is van die Weste, neem weg
- p. ons sondeskuld. Alleen maar net in die Naam van Jesus Christus, op grond
- q. van sy soendood.
- r. Amen.

8. Ds. Alwyn Tredoux

- a. Vader, ons dank U dat ons kan weet dat U by ons is in hierdie ooggend.
- b. Waar ons nou ook u nabyheid kon beleef dat U vir ons sorg met kos, wil ons
- c. vra, Vader, dat ons die krag daaruit sal kry om te kan voortgaan om u Naam
- d. te kan loof en prys in ons lewe. Gee dat ons U altyd sal erken en sal onthou
- e. as die Gewer van alles wat goed is en ons bid ook die seën af op wat verder
- f. gebeur vandag en die res van hierdie sinode. Ons bid dit om Christus wil.
- g. Amen.

9. Ouderling Hendrik van der Wateren

- a. Vader in die Hemel, aan U kom toe die eer en heerlikheid en majesteit. U
- b. wat magtig is om ons van struikeling te bewaar. Ons bid U: bou ons deur u
- c. Gees op in ons allerheiligste geloof. En ons dank U, Here, dat U ons in u
- d. liefde bewaar. Bewaar ons dan ook nou deur die nag. Verkwik ons deur
- e. die slaap. Gee ons nuwe krag en moed sodat ons u eer kan soek in alles
- f. waartoe U ons roep. Bewaar ons dierbares. Bewaar u kerk. Ons dank U
- g. dat ons in u Woord mag weet dat ons in alles by U veilig is. En vergeef ons
- h. ons skulde en verlos ons van die bose. Om Christus Jesus ontwil.
- i. Amen.

10 Dr. Gert Breed (Kommissie)

- a. Ons pleit weer, Here, om die leiding van u Gees en daarom wil ons... in
- b. wysheid en liefde en vrede en insig sal wees en dat ons ook hierdie broeders
- c. kan antwoord en dat daar ook werklik vrede mag kom. Ons vra dit in Jesus
- d. se Naam.
- e. Amen.

11. Ds. Piet Lourens (Kommissie)

- a. Here onse God, aan die einde van die dag met soveel vrae in ons gemoed
- b. is daar een ding duidelik seker: dat ons aan U behoort en dat U Self u kerk
- c. lei en regeer soos U ons geroep en geplant het en ons nog nooit deur u
- d. Gees verlaat het nie.
- e. En as ons dan saam soek na wat U aan ons openbaar het wat u wil vir ons
- f. lewe en ons kerk is, dan erken ons steeds, Here, dat ons afhanklik is van U
- g. en u Gees en die verligting van ons verstand. Dankie vir gemeenskap met
- h. medegelowiges, dat ons saam hierdie dinge met mekaar kan uitpraat en
- i. ook op so 'n manier dat u Naam geëer word en die eenheid van u kerk
- j. gedien word. En daarom pleit ons by U, wil U die volheid van u Gees
- k. aan ons skenk, helderheid en kalmte en 'n manier, 'n gesindheid, wat eerlik

- I. is. Here, stroop ons van onsself en ons vooroordele teenoor die saak en
- m. teenoor persone en laat u wil geskied. Lei ons in die nag as ons moet
- n. voorberei en lei ons, nie net ons nie, maar u kerk en ons mense en ons
- o. lidmate by die huis. Hoor ons gebede, almal se gebede, ons bid dit in
- p. Jesus se Naam.
- q. Amen.

12. Ds. Kobie van der Walt.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, ons aanbid U as die ewige almagtige God,
- b. ons Skepper. Ons dank U dat U ons geroep het om in diens van ons Here
- c. Jesus te staan, dat U ons ook daarvoor toegerus het, dat U baie gegee het
- d. om met hierdie diens besig te wees omdat U ook eerstes onder die gelykes
- e. gee om leiding te gee. En omdat ons in diens van ons Here staan, bid ons
- f. dat U ons die genade sal gee om dit wat ons hier doen, te doen vir die Here
- g. en nie vir mense nie. Ons dank U vir u Woord. Ons bid dat U die deur van
- h. u Woord ook vir ons in hierdie vergadering en in die kommissies sal
- i. oopmaak sodat die lig van u Woord sal skyn op die sake waarmee ons
- j. besig is en dat ons in daardie lig besluite sal neem. Ons bid dat U die deur
- k. vir u Woord sal oopmaak in ons bediening, in die gemeentes waar U ons
- l. geroep het om te werk sodat u Woord ook deure sal vind in die harte van
- m. mense en kan ingaan en kan lig gee in elke lewe en in elke huis dat U ook
- n. 'n deur vir u Woord sal oopmaak in hierdie kontinent waarin ons lewe. En
- o. ons dank U dat U dit reeds gedoen het soos blyk uit besondere werk wat in
- p. ander lande gedoen mag word en wat deur U geseen word. Daarin sien
- q. ons dat U die deure van u Woord vir die wêreld oopmaak. Vader, seën ons
- r. dat U die deure van die Woord vir die wêreld oopmaak dat U vir elke
- s. broeder wat vandag hier is. Ons bid dat U elkeen sal seën met insig,
- t. wysheid en bespreking, wanneer ons praat oor sake, wanneer ons daaroor
- u. redeneer, maak ons oop vir oortuiging. En ons wil bid vir elke broeder wat
- v. hier is se huis, vir hulle vrouens, kinders en almal wat aan hulle verbind is
- w. en in die besonder wat hulle in hierdie tyd ontbeer. Hou u hand van
- x. bewaring oor elkeen van daardie huise en elke gemeente en bring elkeen
- y. van ons broeders weer veilig huis by hul dierbares en in die arbeidsveld.
- z. Wanneer ons al hierdie dinge van U bid, Here, dan doen ons dit ook met die
- aa. besef van ons diepe afhanklikheid van U en ook ons baie sonde, ook ons
- bb. worsteling om werklik gehoorsaam te wees aan U. Vergewe ons wat
- cc. verkeerd is en help ons met dit wat goed en reg en tot u eer is. Ons dank U
- dd. dat ons al hierdie dinge mag bid in die Naam van ons Here Jesus Christus
- ee. en op grond van die soenverdienste aan die kruis op Golgota.
- ff. Amen.

13 Neels Smit

- a. We thank You, o Lord, for the sign of uniting between the two church
- b. communities, not on the grounds of our own findings but on the solid mutual
- c. belief in your Word, the revelation of your eternal grace and your
- d. soeverinity, your love and your right. O Lord, be merciful and guide these
- e. two church communities in unity, respect and love towards each other for
- f. the one only reason: the glorifying of your Name. We pray this in the Name
- g. of our Lord. Jesus Christ.
- h. Amen.

14. Oudl. Paul Snyman.

- a. Hemelse Vader, dankie vir hierdie dag, dankie vir hierdie voorreg dat ons tot
- b. U kan bid. Dankie vir al die seëninge en genade wat ons onverdiend uit u
- c. hand ontvang. Ons bid vir wysheid en insig vir elke sinodeganger. Laat ons
- d. die tyd benut. Here, leer ons dit dat ons 'n hart wat wys is, mag besit.
- e. Seën, Here, hierdie sinode dat dit wat ons hier doen tot u eer en tot
- f. verheerliking van u koninkryk kan wees. Dink aan u kinders wêreldwyd ook
- g. daar waar hulle vervolg word, dit wat hulle nodig het, voorsien, bewaar
- h. hulle, versterk hulle elke dag met krag uit die hoogte. Ons dink ook aan ons
- i. dierbares, bewaar hulle in die holte van u hand. Hemelse Vader, dan bid
- j. ons ook om vergifnis van ons baie sondes en ons vra, Here, dat U ons sal
- k. seën as ons nou ook gaan aansit om kos te eet dat ons daardeur versterk
- l. sal word. Dink ook aan hulle wat minder bevorreg as ons en seën ook die
- m. hande wat hierdie voedsel voorberei het. Ons bid hierdie dinge, Here, as
- n. dit u wil is om Christus wil alles.
- o. Amen.

15. Oudl. Pieter Lighthelm

- a. Ons Vader wat in die hemel is, ons dank U dat ons hier bymekaar kan wees
- b. en as kommissie die werk in u koninkryk mag doen. Gee dat ons U altyd
- c. voor oë mag hou en nie die werk volgens eie insigte mag doen nie.
- d. Vernietig ook die werkinge van die duiwel. Vergewe ook ons sonde, om
- e. Christus ontwil.
- f. Amen.

16. Ds. Hennie de Villiers

- a. Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk
- b. kom, laat u wil geskied. Laat ons ons eie wil versaak, ons buig voor u
- c. heilige Woord wat in alles die rigsnoer in ons lewens bly. So ook wil waar
- d. ons as kerke op aarde saamkom om volgens u Woord besluite te neem tot
- e. welsyn van u kerk op aarde. Ons bely ons totale nietigheid voor U, ons
- f. absolute afhanklikheid van die leiding van u Gees. Bewaar ons in hierdie
- g. vergadering teenoor mensehoogmoed. Laat ons waak teen eie belang.

- h. Gee ons opregte droefheid oor die gebrokenheid wat deur die sonde in die
- i. wêrelд gekom het. Maak ons steeds medewerkers in u koninkryk. Gee ons
- j. ywer in ons werk in die wingerd. Ons dank U vir u genade reeds ook
- k. betoon in hierdie vergadering soos ons dit ook weerspieël sien in die
- l. sendingvelde wat U ook heropen in hierdie Afrika waarin U ons gestel het.
- m. Ons dank U vir deure wat oopgaan vir die verkondiging van u Woord, selfs
- n. in die Ooste. Ons dank U vir u liefde wat ook deur ons as kerkverband
- o. getoon word vir hulle wat saam met ons hierdie pragtige kontinent bewoon.
- p. Se n ook vandag se werk en wat nog volgende week kom. Maak in hierdie
- q. naweek almal se ver paaie weer veilig. Se n die verkondiging van u Woord
- r. m re. Ons bid dit in die Naam van ons Here Jesus Christus wat ons die
- s. versekerig gegee het dat alles wat ons van U bid in sy Naam U veel eerder
- t. gee as wat aardse ouers hul kinders onts .
- u. Amen.

17. Neels Smit (Spesiale gebed met verwelkoming van die Gereformeerde Kerk Nederland vrygemaak)

- a. Almagtige God, Heerster oor die dood, Gewer van die lewe. U hou u kerk in
- b. stand. U voeg ons by die getal van u kinders. Ons staan stil voor U, want
- c. heerlik is u Naam, o God, op die ganse aarde, heerlik is u Naam in die kerk.
- d. Laat dit opklink van noord na suid en van oos na wes dat U u kerk bou en
- e. dat U kom om die steierwerk van die w relд af te breek, dat U kom om die
- f. wolkekrabbers eenkant weg te werp sodat dit sigbaar kan word wanneer U
- g. kom, dat dit alles steierwerke was, die prestasies van die w relд. En as U
- h. dit alles afgebreek het en eenkant gewerp het, dat elke oog sal sien die
- i. prappaleis wat U gebou het in die geskiedenis in u kerk oor die ganse
- j. aarde. Ons dra ons broeders op wat verteenwoordigers is van die kerk met
- k. wie ons een geword het, met wie ons een is, op tot die troon van u genade.
- l. Ons bid vir die Gereformeerde Kerk in Nederland Vrygemaak. Ons bid,
- m. Here, vir u liefde, vir wysheid, vir u bewarende hand oor hulle en se n ons in
- n. hierdie eenheid dat dit mag groei, dat dit mag groei tot eer van u heilige
- o. Naam. Here, want U loof ons, U dank ons, U prys ons tot in alle ewigheid.
- p. Hoe heerlik is u Naam, Here onse Here, op die ganse aarde!
- q. Amen.

18. Ouderling van Tonder (Afsluiting Saterdag)

- a. Here onse God en Vader wat in die hemel is, ons dank U dat U ons hier
- b. bymekaar gebring het in hierdie sinodevergadering en ons bid vir die
- c. leiding van u Heilige Gees, o God, dat ons ons ontsag vir U sal toon dat
- d. die w relд dit sal sien dat ons nie vreemde vure voor u heilige aangesig sal
- e. bring nie, maar dat ons ons sal rig volgens u heilige Woord soos wat dit

- f. daar vir ons geskrywe staan en dat ons U sal dien soos wat U dit van ons
- g. verwag. Here, ons bid ook dat U ons genadig sal wees, oor dié wat op reis
- h. gaan dat U hulle sal bewaar dat hulle veilig sal terugkeer en dat hulle weer
- i. hier by ons kom aansluit. Vader, ons dank U vir soveel voorregte wat ons
- j. onverdiend uit u hand ontvang. Ons bid dat U genadig ons sondes sal
- k. vergewe nie omdat ons enige iets verdien nie, maar ter wille van Jesus
- l. Christus onse Here.
- m. Amen.

18. Dr Gert Breed (Maandagmôre)

- a. Ons Vader, ons dank U dat U vir ons die geleenthede gee. Dankie vir
- b. hierdie week wat voorlê, dat ons weet dat dit nog genadetyd is, dat die
- c. Gereformeerde Kerke, dat U ook gereed staan om ook in ons lewe in te
- d. kom, om in ons lewe rigting te gee deur u Gees, om ook die Gereformeerde
- e. Kerke in hierdie sinode wat as leiers van u kerk optree, die dinge oop te
- f. maak wat nodig is vir die vrede van die kerke, vir die vrede waar u koninkryk
- g. kom, waar U as Koning kan heers. Here, wil U ook, as dit nodig is, in ons
- h. lewe inkom en ook telkens omkeer, skoonmaak, waar ons dinge doen wat
- i. nie tot u eer, u verheerliking, is nie. Help ons dat ons lewe, ons besluite,
- j. ons gedagtes ook 'n loflied sal wees om U te verheerlik as Koning, U groot
- k. te maak! Hoor ons gebed in die Naam van Jesus Christus.
- l. Amen.

19. Oudl. Martiens du Plessis

- a. U goedheid, Heer, is hemelhoog, u waarheid tot die wolkeboog, u reg sal
- b. nooit begeef nie, maar staan soos berge vas van voet. Here onse God, ons
- c. dank U dat ons kan weet dat U wat ons geskape het, ons nog ... nooit, maar
- d. nooit ... eer van u Naam, uitbreiding van u koninkryk.
- e. Heer, laat u koninkryk kom ...
- f. Amen.

20 Kommissiegebed Gert Breed

- a. Ons Vader, ons dank U dat U ons geseën het, dat U genade sonder
- b. vergoeding uitdeel ... daarom pleit ons ... u wil en u weg ... dat ons by u wil
- c. sal inval, ons by U ... want aan U kom toe die lof, eer en heerlikheid van u
- d. kerk tot in alle ewigheid.
- e. Amen.

21 ????

- a. Dankie, Vader vir hierdie vars oggend. Wil U gee dat wat ons vandag sal
- b. doen, dit sal doen tot die eer van u Naam, tot die eenheidsvorming, vreugde

- c. en geluk vir ons toekoms saam. Seën ons met helder denke en gee dat die
- d. vingerafdrukke van u meestersplan na u genadeverbond sigbaar sal word in
- e. elke aanbeveling. En as ons saam, mekaar in die oë gaan kyk as die
- f. kommissieraporte terugkom, laat daar iets sigbaar word van Jesus se
- g. liefde. Laat verdraagsaamheid ons dwing tot kalmte en laat die wysheid
- h. van u Gees ons deel wees. So bid ons saam in Jesus Christus se Naam.
- i. Amen.

22. Oudl Lighthelm (etegebed onhoorbaar)

23. Oudl Willie Cilliers.

- a. Onse Vader wat in die hemel is, ons dank U dat U onse Vader is deur Jesus
- b. Christus onse Here en dat ons so kinders van U geword het, kinders wat
- c. alles van U mag vra dat U ons geroep het om diensbaar te wees in u
- d. koninkryk nieteenstaande ons swakheid en ons onvermoë. Ons dank U dat
- e. ons in U sterk is. Ons versoek alle van U mag ontvang en alles van U
- f. mag afbid. Wil ons dan ook alles in u Naam afweer wat teen u wil is. Seën
- g. die werk wat deur die sinode gedoen word. Gee ons insig en verstand om u
- h. Woord te verstaan en in ons besluite dit ook in ag te neem. Stuur u lig en u
- i. waarheid dat die ons lei. Ons bid vir 'n goeie nagrus en bring ons weer
- j. môre op die bestemde tyd weer hier byeen om ons arbeid in die Here weer
- k. hier voort te sit. Ons bid alles met die vergewing van ons baie sondes en
- l. oortredinge om Jesus Christus onse Here ontwil.
- m. Amen.

24. Dr. Sarel van der Merwe

- a. Ons almagtige hemelse God en Vader, ons dank U vir die heerlike
- b. genadevoorreg om kinders van U te mag wees, om te weet dat U ons uit
- c. genade lief het ten spyte van ons sondes, as u kinders aangeneem het ter
- d. wille van die werk van Jesus Christus. Ons bely ons sonde en ons skuld
- e. voor U. Ons bely ons hardvogtigheid, ons liefdeloosheid, ons
- f. eiegeregtigheid. Vergewe dit en lei ons deur u Woord en deur u Gees sodat
- g. u liefde ook vandag in ons elkeen se lewe gestalte mag kry.
- h. Ons bid vir u kerk op die aarde, laat u kerk leef om u Naam te verheerlik en
- i. gebruik ons elkeen in diens van u kerk en u koninkryk. Help elkeen van ons
- j. vandag. Ons bid besonderlik: wees met die moderamen, skenk hulle u
- k. wysheid, u krag en dat ons kan sê dat U vandag hier teenwoordig is. Laat
- l. alles wees tot lof en eer van u Naam. Ons bid ook vir 'n wêreld in nood, vir
- m. die wat U nie ken nie, laat ons ook met ywer en toewyding u liefde, u
- n. genadige verlossing, ook aan hulle verkondig. Daarom vra ons ook dat U
- o. orals waar u Woord uitgedra word deur u Gees kragtig moet werk sodat
- p. almal saam met ons u lof kan besing. Vergewe ons sondes om Jesus

- q. Christus Naams ontwil alleen.
- r. Amen.

29. Ds. J.J.J. Erasmus.

- a. Ons dank U, Here, vir u genade en u liefde en dat ons ook op hierdie wyse
- b. hier bymekaar is en dat ons ook besef, Here, U is in beheer. U bestuur
- c. alles volgens u raad en u wil. En waar ons nou ook gaan eet, Here, alle
- d. goeie gawes daal van U af neer, U is die Vader van die ligte. Wil U dit
- e. seën, Here, dit wat ons gaan eet. Ons vra dit in u Naam alleen. Amen.

30. Oudl. Wouter Grové.

- a. Ons hemelse Vader, in diepe dankbaarheid wil ons die knie vanaand voor U
- b. buig. Ons bely dat U Skepper en Onderhouer is van alles. Soos U die
- c. aarde en alles daarop geskape het en U ook die Gereformeerde Kerke hier
- d. gevestig het en soos die aarde en alles, alle skepsele van U afhanklik is,
- e. smag ons daarna dat U ons sal onderhou. Ja, elke lidmaat sal laat groei tot
- f. volle wasdom in die geloof. Waar ons dan nou ook gaan aansit om gevoed
- g. te word, seën ons by die gebruik van die gawes wat ons so mildelik uit u
- h. Vaderhand ontvang. Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus, ons
- i. Verlosser.
- j. Amen.

31. Ds. Pieter vd Walt (na aanleiding van die kommissie wat oor die vrou in die kerk moet praat)

- a. ... en ons bid om u lig en u leiding op hierdie vergadering. Ons bid in
- b. besonder vir die kommissies wat tans besig is met onderhandelinge,
- c. formuleringe, voorleggings vir hierdie sinode. Ons bid dat U vir hulle lig en
- d. wysheid en insig sal gee sodat U vir hierdie vergadering die koers kan
- e. aandui waarop ons moet gaan. Ons besef opnuut ons diepste afhanklikheid
- f. van U en ons besef ook dat U ons hier roep om met u kerk se sake besig te
- g. wees. Mag bo alles dit wat in belang van u kerk is, voorop staan en mag
- h. ons ons eie belang vergeet. Ons bid vir die kommissie, Here, dat U vir hulle
- i. sal lei in hierdie vergadering van hulle wat nou al so lank duur. Ons kyk op
- j. na U waar al ons hulp vandaan kom, want sonder U kan ons niks doen nie.
- k. Ons bid dit, Here, om Christus ontwil.
- l. Amen.

32. Oudl. Isak Lessing.

- a. Drie-enige God, ons loof U dat U hierdie manne broeders as u diensknegte
- b. geroep het om te besin aangaande u kerk. Dankie vir die gawes waarmee
- c. U hulle bedeel het. Dankie vir die moderamen en die gees en gesindheid
- d. van Christelike broederliefde wat hier ervaar word. Dankie vir u Woord
- e. waaruit ons gelees het en waaruit ons leer dat U absolute mag en
- f. heerskappy het oor ons, dat ons, Here, van U afhanklik is en op U moet
- g. vertrou, dat ons U moet dien en na u wil moet vra., dat ons moet leef in die
- h. troosvolle wete dat Christus op sy kerk ag gee en sy kerk bewaar, dat deur
- i. sy kennis en wysheid nik s kerk kan benadeel nie of tot niet laat gaan nie.
- j. O, Here, waar U ons vandag beproef het, waar daar 'n krisis op ons pad
- k. geplaas is, dank ons U, Here, dat ons u Naam kon aanroep en dat ons kon
- l. bid om u leiding. Lei ons deur hierdie nag waar ons moet voorberei op
- m. besluite en maak ons daarvoor reg om dit môreoggend te doen. Maar
- n. Here, ons weet dat U ons waarsku om nie ons eerste liefde te verlaat nie,
- o. waar Efesiërs nie die kwaad en dwalings verdra het nie en dit met
- p. onvermoeide volharding enduit beveg het, word hulle tog vermaan dat hulle
- q. die waarheid en liefde van mekaar geskei het en nie by die liefde en
- r. waarheid gebly het nie en so in alle opsigte na Christus toe gegroei het nie.
- s. Bewaar ons tydens hierdie besprekings om nie die onderlinge liefde te laat
- t. verdwyn nie, maar om dan nou ons kerk ook 'n skynende lig te wees waar
- u. die Here Hom aan so 'n kerk onttrek. Here, dankie dat U ons nou met vrede
- v. en vreugde in ons harte die nuwe lewe, om kinders van God te wees, kan
- w. belewe. Ons bede is dat ons die kerk van God op so 'n wyse dien dat die
- x. God van die kerk steeds in liefde gedien word en ook in ons besprekings
- y. môre. Ons dra ons geliefdes wat nie saam met ons is nie aan u troue
- z. Vadernsorg op, koester hulle, o Vader, en bring ons weer op u tyd bymekaar.
- aa. Bewaar ons deur hierdie nag en verkwik en versterk ons met 'n soete
- bb. nagrus om ons roeping more met nuwe krag aan te pak. Ons bid al
- cc.hierdie dinge in die soenverdienste van u Seun, Jesus Christus.
- dd. Amen.

33. Ds. Eddie Tiemensma.

- a. Getroue God en hemelse Vader, wanneer ons dan open en in hierdie
- b. oomblik tot U nader, dan roep ons dit ook uit soos die Psalmdigter dit ook
- c. uitgeroep het: ons kyk op na die berge, waar sal ons hulp vandaan kom?
- d. Wanneer ons hierdie vrae vra dan word die antwoord in u Woord ook helder
- e. aan ons gegee: Ons hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het.
- f. Tot U hef ons hart en hande in aanbidding, in aanbidding van U as die Here
- g. God, die Almagtige, maar ook in die pleitstem en pleitroep: Sien ons in
- h. genade aan. Ons verdien nik s van U nie, maar ons weet deur u Woord en
- i. die versekering van u Gees dat U nooit die werke van u hande sal laat vaar

- j. nie. Vir hierdie dag bid ons om u genade, genade vir skuldvergiffenis waar
- k. niemand van ons self rein en vlekkeloos voor U staan nie. U ken en deurgrond
- l. elkeen van ons, die gedagtes wat in ons leef ook in hierdie dag, hierdie dag
- m. wat voor ons lê. Here, wil U dit gee dat ons kinderlik diensbaar aan U in die
- n. wêreld sal wees. Ons dra aan u genadetroon op die moderamen wat ook
- o. leiding moet gee en kalmte van gees, vir elke afgevaardigde en almal soos
- p. ons hier saam is, wysheid en onderskeidingsvermoë. Ons dink ook aan ons
- q. geliefdes tuis. Ons bid, hemelse Vader, dat U koms hierdie bruid sal dra
- r. deur u liefde en deur u genade. Ons bid dit van U, ons pleit dat u wil sal
- s. geskied deur Jesus Christus ons Here.
- t. Amen.

34. Ds. Reynder Kingma.

- a. Onse hemelse Vader, biddend het ons vanoggend ons hande na U
- b. opgesteek vir hulp en leiding. Ons dank U dat U ons in u groot genade
- c. werklik vasgegryp het, so het ons dit beleef vanoggend. Uit die diepte van
- d. ons hart dank ons U daarvoor en ons gebed is dat U ons elkeen steeds
- e. klein voor U sal maak. Open ons oë, verlig ons verstand. Gee ons u lig en
- f. u leiding. Dankie vir die heerlike voedsel wat ons kan geniet dwarsdeur
- g. hierdie sinode. Seën ons vanmiddag daarby en verlig U tog ook die nood
- h. van so baie rondom ons wat elke dag honger is. Ons bid dit van U om
- i. Christus ontwil.
- j. Amen.

35. Dr Neels Smit (nadat KO art. 46 besluit geneem is oor saak van vrou in die kerk)

- a. Here, Here onse God, ons dank U dat U ons in alle dinge lei, ons in alles na
- b. U te mag kom, vir ons toevlug by U, dat ons nooit hoef te ontvlug nie omdat
- c. ons na U toe kan bid, omdat ons weet dat ons by U meer het as 'n skuilplek,
- d. dat ons by U 'n veilige tuiste het. Ons dank U, Here, dat U ons gebede
- e. verhoor het en dat U ons op u wyse geleei het. Ons dank U, Vader, dat dit
- f. deur die proses van die vergadering en bespreking en verskilpunt te wees,
- g. maar ons dank U bo alles dat ons deur dit ook nader na mekaar sal beweeg
- h. uit respek daarvoor dat ons elkeen sal vra hoe U dit wil in die diepste van
- i. die saak. Vader, U verhoor u kinders altyd. U het ons die genade geskenk
- j. om die pad vir ons te wys. U het die voorsitter geleei om die vergadering te
- k. kon lei. U het ons harte op U gerig. Ons bely: as U werk, o God, kan
- l. niemand keer nie, maar as U keer, sal niemand kan werk nie. Vir die leiding
- m. wat ons gekry het, vir die besluit, dank ons U, Vader, en ons prys u Naam
- n. tot in alle ewigheid want ons behoort aan U deur ons Here Jesus Christus,
- o. ons Koning, ons Verlosser, ons Here altyd en altyd.
- p. Amen.

36. Oudl. Jan du Preez.

- a. Ons almagtige en barmhartige Vader wat in die hemel is. Ons dank U vir
- b. alles wat ons elke dag ontvang. Ons dank U ook dat ons vandag weer
- c. geleentheid kon gehad het vanmiddag om sake te bespreek. Ons bid U ook
- d. om u seën op die besluite wat ons neem. Ons vra ook as ons nou gaan eet
- e. dat U die voedsel aan ons liggeme sal seën en om ons oreg dankbaar sal
- f. maak vir soveel wat ons elke dag ontvang. Ons vra U ook: voed ons met
- g. die ware brood van die ewige lewe, om met ons te wees wanneer ons weer
- h. later vergader. Lei ons deur u Gees en gee aan ons u groot genade. Ons
- i. vra dit alles in die Naam van Jesus Christus, ons Middelaar en Verlosser.
- j. Amen.

37. Oudl. Ettienne van Loggerenberg.

- a. Here, onse Vader in die hemel, ons kom na U toe omdat ons u kinders is. U
- b. is onse Vader en ons kom na U toe omdat U ons ken van binne en van
- c. buite. Daarom, omdat U ons ken, aanvaar ons dat U ons sal voorsien in al
- d. ons behoeftes. U gee al wat ons nodig het, maar ons aanbid U ook as die
- e. almagtige God. U wat alles gemaak het en alles onderhou en vir Wie alles
- f. moontlik is. En nou, Here, kom staan ons voor U met al ons gebrokenheid;
- g. deur die besef dat ons gebroke is, nader ons tot U. Ons kom na U in ootmoed
- h. en nederigheid, maar Here, met volle vrymoedigheid. U het ons geroep om in
- i. u diens te staan, U het ons na hierdie sinode toe geroep. Daarom het ons
- j. die vrymoedigheid om U te vra om die werk wat hier gedoen word te seën
- k. en ons het ook u seëninge ryklik ervaar op hierdie dag word U ook op 'n
- l. besondere wyse met hierdie vergadering, met hierdie sinode gepraat het.
- m. En, Here, ons bid dat U ook nou verder die beraadslaginge en besluite en
- n. veral die werk wat hoe hieruit voorgeneem word, dat U dit sal seën. Ons
- o. bid, Here, dat U ons sal verbind soos wat ons dit pas ervaar het in
- p. onderlinge eenheid en vrede in Christus en dat die werk wat gedoen sal
- q. word, u stempel sal dra. Here, hier is ook soveel gemeentes hier
- r. verteenwoordig, U wat deur mense vir U 'n kerk vergader. Ons sien hulle
- s. almal hier, ons dra hulle almal aan U op en bid dat U u hand van bewaring
- t. oor almal sal hou, dat ons almal daarna sal strewe hoe om U te dien, om
- u. altyd met 'n oog van geloof ons pad in u lig te sal loop. Gee dan dat ons
- v. ons sal laat lei deur u Gees. Vervul ons dan met u Gees sodat ons nie ons
- w. eie wil sal volg nie, maar altyd sal vra na u wil. Here, ons maak ons nie op
- x. ons eie kragte staat nie, maar vertrou op die rykdom van u genade. Ons bid
- y. al hierdie dinge in die Naam van onse Here Jesus Christus.
- z. Amen.

38. Ds. Roelf du Plessis.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk
- b. kom, laat u wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons
- c. vandag ons daaglikse brood en vergewe ons al ons skulde soos ons ook
- d. ons skuldenaars vergewe en laat ons nie in die versoeking kom nie, maar
- e. verlos ons van die bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en
- f. die heerlikheid tot in ewigheid.
- g. Amen.

39. Ds. Charl van Rooy.

- a. Wat 'n liefde- en volheidslewe, Here onse God, dat U ons u kinders noem
- b. en dat U ons nie net so noem nie, maar ook inderdaad so betoon as ons
- c. Vader wat in liefde en oorvloed sorg. Besonderlik as ons gaan eet, bid ons
- d. dat U hierdie gawes aan ons liggeme sal seën, dat U ons daardeur sal
- e. opbou om inderdaad met 'n vol lewe in u diens te leef. Ons bid ook vir hulle
- f. wat minder het as ons en ons bid dat U in u groot Vaderlike sorg sal sorg en
- g. sal uitkoms gee. Ons bid dit om Jesus ontwil.
- h. Amen.

40. Oudl Ranft.

- a. Ons hemelse God en Vader, Here ons dank U dat ons weer in hierdie aand
- b. hier voor u aangesig ons hoofde kan buig oor die manier waarop U ons
- c. gedurende hierdie dag geleï het, die manier waarop U met u Heilige Gees in
- d. elkeen van ons gewerk het, dat U ons leiding gegee het. Ons bid ook dat U
- e. nou daar waar ons gaan aansit by die tafel om te eet ook die voedsel in ons
- f. liggeme sal seën en dat ons dit tot eer van u Naam gebruik. Ons bid dit met
- g. die vergiffenis van al ons sondes.
- h. Amen.

41. Dr Gert Breed (einde van sinode).

- a. Ons Vader, ons dank U dat U u Seun gestuur het om ons te kom red en dat
- b. daar 'n oes kan wees. En dankie dat ons U op hierdie sinode gesien het dat
- c. U al 'n groot deel van die oes ook onder ons ingesamel het. Ons hoor,
- d. Here, dat U ons stuur. Ons hoor dat dit U oes is. Ons bied U hart en hande
- e. in gewillige offerande, alles wat ons is en het. Gebruik ons, Here om u
- f. Naam te verheerlik, om u oes in te bring. Ons dank U vir u Gees, wat ons
- g. wysheid en insig gegee het, wat ons geleï het. Ons dank U dat U ons ook
- h. getug het in hierdie sinode toe U ons voor ons eie magteloosheid gebring
- i. het dat ons moes rondkyk en vra: Wat nou?! Dat ons op ons knieë moes

- j. gaan en van U smeek: Here, wys ons die pad. Ons dank U, Here dat U ons
- k. geantwoord het, dat U uself aan ons geopenbaar het as die God van
- l. genade, dat ons ook kon opkyk en die jammerte in u oë kon sien. As U na
- m. ons kyk toe ons soos skape was wat rondgedwaal het sonder rigting en dat
- n. U u Gees vir rigting gegee het. Ons dra nou elke broeder aan U op wat nou
- o. huis toe ry op hierdie môre. Wil U u bewarende hand oor ons hou en ons
- p. veilig by ons geliefdes bring. Wil U elke huisgesin wat hier verteenwoordig
- q. is, seën, en wil U elke gemeente seën, Here. Bring U u oes in, o God!.
- r. Gee aan ons die arbeiders. Maak hierdie arbeiders wat U hier bymekaar
- s. laat kom het getrou in die uitvoering van hulle roeping. Ons vra dit in Jesus
- t. se Naam.
- u. Amen.

SINODE 2009

1. Ds. Fanie Coetzee – Sinode 2009 (Opening)

- a.elke dag, geniet nog elkeen van ons in ons eie lewe, geniet nog die
- b. kerk hier op aarde. Laat ons bid vir u leiding , ons bid vir die vrug van die
- c. Heilige Gees in ons harte, vul ons met u Gees. Ons bid vir wysheid. Verhoor
- d. almal met vreugde, want u is ons God.
- e. Amen.

2. J.W. du Plessis (Ouderling)

- a. Ons dank U, ons Hemelse Vader, vir u goedheid en genade om hier saam
- b. te kan wees en dat U ons weë voorspoedig gemaak het en dat U
- c. Here, U is genadig besig... altyd kan luister na u Woord, kan luister na die
- d. werking van die Heilige Gees ...

3. M.J.J. van Rensburg (Ouderling)

- a. Die oë van almal wag op U, o Here, u skenk ons spyse op u regte tyd, u
- b. maak hande versadig met al wat lewe met u welbehae.
- c. Amen

3. Prof. Dries du Plooy ("amptelike opening")

- a. Here onse God, ons kom smekend, neerknielend voor u heilige aangesig tot
- b. U hierdie aandure. Ons dank U vir die besondere geleentheid dat ons kerke
- c. bymekaar kan wees in sinode, dat ons U kan aanroep in hierdie besondere
- d. geleentheid omdat ons u Naam wil heilig, verheerlik omdat U groot is,
- e. oneindig groot is, hoog verhewe en tog het U neergedalaal in Jesus Christus, u
- f. Seun, na ons mense en ook in ons kom woning maak deur u Heilige Gees.

- g. Dus, deur die krag van die Heilige Gees wat met die Woord die kerk
 h. vergader, beskerm en onderhou. ... aan die gees waarin ons vandag en
 i. volgende dae saam vergader. Ons dank U dat ons in 'n innige verbond met
 j. U mag lewe en ook met mekaar as verbondskinders deur dade van geloof,
 k. hoop en liefde, een van sin en een van hart met dieselfde belydenis dat
 l. Jesus die Christus is, Koning van die konings. Dat sy koninkryk wat gekom
 m. het, besig is om te kom in sy volle heerlikheid die laaste dag weer sal kom.
 n. Ons dank u dat u ons saamvoeg aan die een liggaam van Christus waarvan
 o. ons lede mag wees, elke eie bydrae, elke eie gawes, vermoëns, talente, tog
 p. deel van een liggaam waar dit ook al plaaslik tot openbaring mag kom, dat
 q. ons almal die gemeenskap van die heiliges genoem mag word, afhanklikheid
 r. dra van mekaar, almal saam van U afhanklik, U die Rots op Wie ons gebou
 s. is met die belofte dat die poorte van die hel dit nie sal oorweldig nie. Ons wil
 t. voorbidding doen, o Here, vir ons kerke wat ons hier verteenwoordig onder
 u. die verskillende volkere, tale in ons vaderland. Ons dank U dat U ons met
 v. die besondere geleentheid die eerste keer so besonderlik saam bring, nie net
 w. om ons eenheid te beleef nie, maar ook te toon en ook ons afhanklikheid van
 x. mekaar bely. Ons bid dus vir elke plaaslike gemeente wat u ken, u self
 y. beweeg en lewe en hoor deur die Gees in die harte van u kinders waarvan
 z. ons op ander plekke, U ken die omstandighede, lewe. U gee vir ons
 aa. geleenthede, U gee steeds mense wat u roep in die ampte om te lei, om te
 bb. dien, om voor te gaan, om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig.
 cc. Ons dink aan ons land, in baie opsigte 'n land wat in 'n gevaaarlike omgewing
 dd. verander het waarin baie mense moedeloos is, baie bekommerd omdat daar
 ee. soveel gevaaar, fisies van aard, dreig, baie onsekerhede bestaan. As ons
 ff. maar net lees en luister en hoor, dan weet ons, o Here, dat dit in baie opsigte
 gg. die tekens van die naderende einde is wat vooraf gegaan word deur
 hh. ontreddering in die volkerewêreld, in die fisiese wêreld waar daar
 ii. aardbewings is en oorloë en haat en opstand sal wees. Geensins
 jj. gemaksugtigheid nie en nie net veiligheid nie, maar dat daar tasbare beloftes
 kk. is dat U met ons is, wetende dat as ons deur vuur moet heengaan, hulle ons
 ll. nie sal verskroei nie, deur water, dat dit ons nie sal oorstroom nie, want U is
 mm. met ons. Ons bid vir die regering van ons land in van die verskillende
 nn. streke dat hulle ons die ordelike lewe sinvol mag lei. Gee dat hulle opreg en
 oo. met geregtigheid sal regeer. Ons weet dat hulle 'n instrument is in u hand
 pp. daarom bid ons dat hulle deur u reg gebruik sal word, geleei sal word sodat
 qq. daar deur ons 'n godvrugtige lewe gevoer mag word. Ons bid vir ons om-
 rr. gewing, buurlande, en die ontstuimighede wat daar gesien word, die lyding,
 ss. die vervolging, die verwaeling van mense, die siekte, ellende oraloor. O
 tt. Here, maak ons ook sover moontlik diensbaar vir ons samelewing om daar
 uu. vrugte te bring. Skenk u Gees aan almal wat hulp wil gee sodat mense se
 vv. lyding versag kan word. O Here, so bid ons vir mekaar dat ons vir die kerk en
 ww. die hele wêreld tot ... van die Heilige Gees. Gee dat ons u Woord sal
 xx. open. Gee dat ons sal streef na die lewe van die Gees en dat dit tot opbou

yy. van ons geloof mag wees. Troos die wat hartseer is, die wat nie hier kan
 zz. wees wat hier wou wees en nie kon wees nie. Dink aan almal in nood en
 aaa. ellende. Ons bid dit in die belydenis van al ons baie sondes. Om Christus
 bbb. ontwil.
 ccc. Amen

4. Prof. Dries du Plooy (slotgebed by “amptelike” opening)

- a. Ons getroue God en Vader, ons dank u dat u tot ons spreek in u Woord
- b. deur u Gees. Dat dit duidelik tot ons kom dat ons maar slegs instrumente is
- c. en dienaars in u hand. U het ons nie wees agtergelaat, U het ons nie
- d. ontsteld oorgelaat nie, U het u getuienis van die apostels wat terugwaarts tel.
- e. U het ons ryp gemaak met ‘n belydenis wat oor eeuve reeds strek waarop ons
- f. kan terugkyk. Ons bid vir u seën. Maak ons sterk vir die dae wat voorlê. Dit
- g. vra ons uit liefde en genade. Om Christus ontwil.
- h. Amen

5. Oudl. Bert Bakker

- a. Dit is met harte wat vervul is van dankbaarheid, Here, dat ons in hierdie
- b. aanduur voor U nader om u te dank, te dank dat U ons hier saam bring
- c. het, maar ook te dank dat ons nog belewe die ryke seën wat U ook vandag
- d. oor ons uitgestort het. Maar dit is ook met harte wat vervul is met ootmoed,
- e. met nederigheid dat ons u seën vra op die verdere verloop van hierdie
- f. sinode. U seën vra op hierdie moderamen, u seën vra op elke broeder en
- g. suster wat hier sit. Skenk aan ons nou ‘n rustige nagslaap. Skenk u
- h. seëninge aan almal wat vir ons lief en dierbaar is, maar ook vir U lief en
- i. dierbaar is, en reinig ons van al ons ongeregtighede. Deur Jesus Christus, en
- j. beginadig ons met die kragtige leiding van u Heilige Gees.
- k. Amen.

6. Dr. Neels Smit - Dinsdagmôre

- a. Here, onse God, U wat in u aandag, die sterre van die heelal op die punte
- b. van u vingers dra, U wat die pikdonker inskoue van onmeetlike ruimtes
- c. tussen die eeuve vergader het, geskape het as die voetbank vir u voete. U, o
- d. God, wat diep neergekom het en agter ons gevallen sondaar mense kom
- e. aanloop het op ons dwaalpaaie, agter ons aan in Jesus Christus, u Seun, om
- f. ons terug te bring na u huis. Here, ons dank U dat ons hier bymekaar mag
- g. kom in hierdie sinode, vir die nuwe dag wat U aan ons gegee het. Ons dank
- h. U, Vader, dat ons hier in Betel mag weet dat dit eintlik gaan om U, El Shaddai
- i. (?), die God van die hoogste van God. Maak ons klein dat ons U in al ons
- j. beraadslaging, in al ons verkeer, van harte sal dien alleen tot verheerliking
- k. van u heilige Naam. Want U, o God, is van ewigheid ons God in die Naam

I. van Jesus Christus.

m. Amen

7. Oudl. Gawie Kotzè.

- a. Hemelse Vader, ons dank U, Here, vir hierdie geleentheid waar ons as
- b. gewone afgevaardigdes bymekaar mag kom en te besluit oor sake
- c. aangaande U en u kerk. En Here, waar ons nou ook deur u hand die voedsel
- d. ontvang vir ons liggame, dank ons u daarvoor. En maak ons opreg
- e. dankbaar daarvoor, o Here. Ons vra ook, ons kan dit van U vra, wil U dan
- f. ook ons voed met die Woord en dat ons ook deur u Woord hierdie lewe kan
- g. kry dit wat U aan ons wil bied. Ons vra dit om Christus ontwil.
- h. Amen.

8. Oudl. Johan Howell.

- a. Ons troue Verbondsgod en Vader wat in die hemel is, hoe dankbaar is ons
- b. dat U ons genadig is, u Seun gestuur het en u Heilige Gees om ons troos,
- c. dat ons die voorreg het om te mag werk in u koninkryk, dat U ons as swakte
- d. mense gebruik vir u saak. Gee dat ons vreugdevol sal leef in hierdie
- e. koninkryk van U hier op aarde en dat ons die geleenthede sal aangryp om u
- f. Woord uit te dra. Gee, Here, dat ons dit met insig en wysheid sal doen om u
- g. liefde raak te sien met alles waarmee ons besig is. Gee dat ons dit ook sal
- h. uitdra aan ander en dat ons nooit sal vergeet wat ons werklike taak hier op
- i. aarde is nie en dat ons altyd met reikhalsende verlange sal uitsien na u
- j. wederkoms. Seën dan ook die werk wat hier gedoen word, seën, sodat ons u
- k. Woord sal verstaan deur u Gees wat deur ons werk. Dat ons buiksprekers
- l. van u sal wees. O Vader, ons dank u vir al u liefde. En bewaar ons dan nou
- m. in hierdie nag. Ons bid dit alles om Christus Jesus' wil alleen.
- n. Amen.

9. Ds. Jan Carel Erasmus.

- a. Almagtige, ewige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Aan U ons dank, lof,
- b. eer en aanbidding opnuut en mag dit nog altyd verdiep en inniger, heiliger
- c. word soos ons ook opgeroep word in u Woord. Ons dank u vir die nag en die
- d. rus daarvan. Ons dank u vir die nuwe dag wat U ons laat inleef. Ons bid om
- e. krag, genade, die leiding van u Heilige Gees en Woord. Staan in die
- f. besonder ons voorsteller by en die wat hier as moderamen dien saam met
- g. hom die belangrike take uitvoer maar ook al die andere wat ook tot
- h. besondere funksie geroep is tydens ons vergadering hier en uiteindelik ons
- i. elkeen. Mag ons met die insette en selfs as dit ook is dat dit om te luister en
- j. met oorleg en biddende hart besluite sal neem dat dit alles in afhanklikheid
- k. van U gedoen word, klein voor God! By al die ander behoeftes en node wat U

- I. weet, ons en ons geliefdes en die heiliges oor die aarde nodig en waar ons
- m. vra dat U na u kennis 'n God van naby wil wees wil ons ook pleit, o Here, vir
- n. reën oor ons landstreke. Dit is baie nodig hier in die middeltyd (van die?)
- o. somer. Ja, vir baie dele is dit 'n ander tyd van somerdroogte. Mag daar die
- p. uitkoms weer kom. Ons bely voor U ons skuld en ongeregtighede. En dank
- q. U, Here, dat ons daaroor nie verleë, hulpeloos, radeloos, hoef te wees nie.
- r. Daar is die genadige uitkoms, vergewing, versoening in die bloed van ons
- s. Here Jesus Christus. Daarom pleit ons by U en bid dat U, soos u kneg Dawid
- t. gedoen het, die goeie Gees nie van my sal wegneem nie, so, ons elkeen.
- u. Om u Naam ontwil.
- v. Amen.

10. Oudl. Paul Snyman.

- a. Onse Vader wat in die hemel is, ons dank u vir al die genade wat u in hierdie
- b. dag weer aan ons gee. Dankie dat ons as ons rondom ons kyk, u grootheid
- c. en u heerlikheid kan aanskou en dat ons met vreugde kan lewe dat U vir
- d. ons sorg. Dankie vir alles wat u aan ons gee, waar U ons ook nou na die
- e. liggaam gaan voed, seën dit aan ons liggeme en dat ons dit altyd sal gebruik
- f. met die wete dat u die Gever is van alles wat goed is. Ons vra dit om Jesus
- g. Christus ontwil.
- h. Amen

11. Oudl. Isak Lessing.

- a. Drie-enige God, dis enkel genade dat u ons as u diensknegte een in geloof
- b. een in kerkverbondenheid as liggaam van Christus hier so by mekaar kan
- c. verkeer. Elke dag soos vanoggend word u seën en die leiding van die Heilige
- d. Gees biddend op ons vergadering afgesmeek. Ons het kennelik ervaar hoe
- e. U ons met liefde bewaar. Hoe 'n gees van onderlinge begrip in ons
- f. saamwees heers. Dankie dat ons in liefde met mekaar kan verskil. Maar lei
- g. ons só dat ons mekaar weer kan vind op grond van die waarheid van u
- h. Woord. Seën ons besluite wat geneem moet word wat u Naam sal verheerlik
- i. en u koninkryk sal uitbrei. Besluite van ons ons gebrokenheid as sondaars.
- j. Dankie, o Here, vir al die werk wat gedoen is, vir al die kragte, al die energie
- k. wat in die werk ingaan. Laat u seën ook daarop rus. Lei ook hulle wat ook
- l. voorgaan op hierdie vergadering. Seën hulle met die gawe van
- m. onderskeiding, met wysheid en insig om maar alleen aan u gehoorsaam te
- n. wees. Wees met ons geliefdes wat vanaand nie by en met ons is nie. Hou
- o. u hand van beskerming oor hulle en bring ons weer op u tyd bymekaar.
- p. Verkwik ons deur 'n soete rus dat ons kan werk met 'n nuwe lus. Laat ons
- q. luisterende oor, die nag se wysheid hoor. O Vader, laat u liefde ons blyk, O
- r. Seun, maak ons u beeld gelyk, O Gees, send u vertroosting neer. Drie-enige
- s. God, u sy al die eer.

t. Amen.

12. Ds. Sarel Cilliers (Waterberg. Dolerend).

- a. Onse Vader, wat in die hemele is, hoe wonderlik is dit dat ons as nietige
- b. sondaar mensekinders in ons eie sondige doodsheid en kleinheid voor u kan
- c. verskyn. Dat U aan ons iets openbaar van u wonderlike heerlikheid, van u
- d. grote glans en majesteit. Ja, dat ons dit alles mag leer ken deur die exodus
- e. van ons Here Jesus Christus. Here, wil U ons ook in u hand neem sodat ons
- f. ook elke dag en ook vandag besonderlik in hierdie heerlikheid kan leef, dat
- g. ons daaruit kan leef. Wil U ook so ons voorsitter en moderamen ook
- h. besonderlik in u hand vashou en hulle ook lei met wysheid en insig om ook
- i. hierdie vergadering reg te lei. Here, seën die werk van elke kommissie.
- j. Seën elke afgevaardigde. Here, seën die kerke in ons kerkverband. Wees U
- k. die Herder, die Opperherder wat sy skape lei langs groen weivelde na waters
- l. waar rus is. Wil U ons daarheen lei. Ons dank U Here, vir u vaste belofte in
- m. onse Here Jesus Christus dat die poorte van die doderyk die kerk nooit sal
- n. oorweldig nie, ja, aan U kom toe al die lof, die eer en die aanbidding in Jesus
- o. ons Verlosser. Hy wat met sy bloed ons sondes weggewas het. Ja, U kom
- p. toe die eer en aanbidding tot in alle ewigheid.
- q. Amen.

13. Oudl. Theo Buys.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, ons het weer die heerlike geleentheid om U te
- b. dank aan die einde van nog 'n dag uit u hand tot seëninge dat ons in hierdie
- c. dag kon arbei. Dankie, Here, vir krag en gesondheid, ook insig wat U aan
- d. ons geskenk het. Here, gee dat ons altyd ons insig by U sal soek, dat ons by
- e. die waarheid sal bly. Ons bid ook, Here, vir eenheid, een in gees, dat ons as
- f. broeders en susters van u kerk op aarde altyd een sal wees. Eensgesind sal
- g. wees met die Woord en ons diens aan U. Ons bely, Here, ons kan dit nie
- h. doen nie, ons smeek dat u Gees ons altyd sal lei. Ook nog in die res van
- i. die sinode wat voorlê waar so baie werk wat nog gedoen moet word, dat U
- j. ons die wysheid en die insig sal gee, die krag, gesondheid om dit te doen tot
- k. u eer en tot uitbreiding van u koninkryk en tot welwese van u kerk op aarde.
- l. Ons bid, Here, dat U ook in die besonder met die moderamen sal wees wat 'n
- m. besondere taak het, U het hulle aangestel. Wees U met en by hulle. Wil U,
- n. Here, hulle seën. Wees met ons in die nag Here as ons gaan slaap. Hou u
- o. hand van beskerming oor ons. Seën ons met 'n soete nagrus. Wek ons môre
- p. vroeg met dankbare harte om weer ons dagtaak in u Naam te kan voortsit.
- q. Ons bid dit al's van U in die Naam van die Here Jesus Christus.
- r. Amen.

14. Ds. Modise (My eie vertaling uit Sotho)

- a. God Almagtig, ons kom na U toe vanoggend. Ons dank U. U hou ons in u hand van vanoggend af. Gee ons die wysheid wat U aan Salomo gegee het sodat ons dit ook kan gebruik. Gee ons die Heilige Gees en bewaar ons vandag. Ek bid vir die gemeenskap van gelowiges (congregation). Laat God vir ons wysheid gee en aan almal wat hier teenwoordig is sodat ons kan erken dat die Heilige Gees in ons almal woon in die Naam van Jesus Christus, ook waar dit onbekend is (waar ek nie gehoor kan word nie). Laat ons voortgaan as kerkeenhed in eensgesindheid en ons moet weet dat alles wat ons doen nie in ons beheer is nie, maar in God se beheer. In die Naam van ons lewende God.
- b. Amen.

15. Oudl. Giel Erasmus.

- a. Onse God en Vader in die hemel, ons kom ook nou om U te loof en te eer.
- b. Ons dank U, o Here, vir hierdie dag dat u vir ons ook gelei het, dat daar ook bespreking kon wees, vordering kon wees, maar ons bely ook, o Here, dat ons swak en nietig is. En daarom pleit ons ook waar ons in hierdie dag gesondig het dat U dit genadiglik sal vergewe. Maar so bid ons ook dat waar daar nou ook nog voortgegaan word met werk dat U u seën ook daar sal gebied. En wil U ons ook verkwik met rus in die nag sodat ons môre ook met nuwe krag ook ons taak kan voortsit. Ons vra dit alles van u o Here, met die vergewing van ons baie sondes. Om Jesus Christus wil.
- c. Amen.

16. Ds. Roelie Aucamp.

- a. Ons Vader wat in die Hemel is, ons dank U dat ons met U elke dag kan ingaan. Ons dank U dat U ons die krag verleen om as u kinders ook 'n verskil in hierdie wêreld te maak. Ons bely dat ons sonder U nikks kan doen nie en daarom wil ons altyd by U bly. Wil U ons vandag gebruik om ook in die kerk wat ons liefhet te kan werk tot u eer en verheerliking sodat hierdie kerk gebou kan word as 'n sieraad in u oë. Wil U ons voorstitter, ondervoorsitter, die skribae, almal, begenadig en hulle vashou in die holte van u hand. Lei ons elkeen en dra ons in u genade. Want, goedertieren Vader, hou ons vas in u hand, want sonder U is ons so swak. Om Christus j. ontwil.
- b. Amen.

17. Oudl. Bingle Kruger.

- a. Ons getroue Verbondsgod, Vader, Seun en Heilige Gees, uit Wie en deur
- b. Wie en tot Wie alle dinge is! Die ganse heelal loof en prys U, want U het dit
- c. gemaak en U hou dit in stand. Ons buig voor U in diepe aanbidding om U te
- d. dank vir u genade in Jesus Christus deur Wie U ons kinders van u verbond
- e. met Abraham gemaak het om U te dank dat U ons hier as sinode hier byeen
- f. gebring het om u kerk te dien. Ons buig voor U om ons diepe afhanklikheid
- g. te bely van die leiding van die Heilige Gees in die uitvoering van alles
- h. waartoe u ons roep in hierdie sinode. Daarom bid ons om u seën op die werk
- i. en besluite van die afgelope week en ook vir die week wat kom, om u
- j. beskermende hand oor ons op ons reispad as ons nou vir die naweek hier
- k. uitmekaar gaan, om die leiding van u Gees waar die Woord môre verkondig
- l. gaan word oor die ganse wêreld. Ons dra nou aan U op Johan van Heynigen
- m. in sy besondere omstandighede en bid dat U hom spoedig sal laat aansterk
- n. en sal gee dat hy weer met sy besondere werk as dienaar in u kerk en
- o. koninkryk sal mag voortgaan. Gee dat ons almal in die komende week weer
- p. hier in vreugde mag saamkom deur u Gees vervuld met wysheid,
- q. eensgesindheid, harmonie en krag om met volharding die wedloop te
- r. hardloop met die oog gevestig op Jesus Christus die Hoof van die kerk
- s. wêreldwyd. Ons bid dat van ons mag uitgaan 'n kragtige getuienis in diens
- t. van u kerk en u koninkryk op 'n vasteland waar daar miljoene mense is in
- u. diepe nood. Ons bely dat U kragtiger in ons kan werk as wat ons kan bid of
- v. dink. Daarom bid ons, o Vader, laat oor ons aanlig al u lieflikhede. Bevestig
- w. tog by die onguns van die tyd, bevestig tog ons werk in ewigheid. Ons bid dit
- x. alles in diepe afhanklikheid en in verbondenheid in die Naam van ons Jesus
- y. Christus ons Verlosser en ons Koning.
- z. Amen.

18. Ds. Eddie Tiemensma - Maandagmôre.

- a. Almagtige God en ewige Vader, ons buig voor U in gebed waar ons ons harte
- b. deur Jesus Christus ophef tot U as ons hemelse Vader. Ons bely in kleinheid
- c. ons afhanklikheid van U. Ons prys en dank U vir die genadige en
- d. barmhartige bemoeienis met ons. Waar U ons roep tot u diens, bid ons dat U
- e. deur u Gees die krag sal gee om innerlik sterk te wees en gewortel in die
- f. liefde om ons roeping te vervul. Ons bid om die lig en die leiding vir die
- g. werksaamhede van vandag. Wil U die moderamen in die lei van die
- h. vergadering insig en wysheid gee. Maar daar is ook voorbereidingswerk wat
- i. in kommissies gedoen word, en daarvoor bid ons dat U wat meer kan doen
- j. en gee as wat ons kan bid of dink, dat U die kommissies ook in hulle
- k. werksaamhede sal lei. Vandag kom die kuratorium van die theologiese skool
- l. byeen om te konstitueer. Wil U ook ryklik u seën op die werksaamhede by
- m. ons theologiese skool laat rus. Biddend dra ons dan ook ons professore en

- n. ons studente aan U op. Vir die oes wat wag om ingesamel te word, bid ons
- o. dat U ook die arbeiders sal stuur as medebouers in u koninkryk. Ons kerke
- p. gaan ook in hierdie jaar feesvier, maar ons prys en dank en loof U ook vir
- q. honderd en veertig jaar waarin U die theologiese skool tot hiertoe gebring het
- r. en hulle werksaamhede geseen en gedra het. Ons dank en loof U vir alles
- s. wat ons onverdiend uit u vaderhand ontvang, ook hierdie dag om in u
- t. koninkryk werksaam te mag wees. Wil U dit ook gee deur u Gees dat ons dit
- u. ook wil doen met lus en met liefde. Ons verenig ons hart en stem saam met
- v. die lof en die eer wat U deur ons verbondenheid met Christus tot in alle
- w. ewigheid toekom.
- x. Amen.

19. Oudl. J.J. van Niekerk.

- a. Ons dierbare Vader wat in die hemel is, Here, ons is dankbaar dat ons hier
- b. kan besluite neem en ons vra ook, Here, dat U ons lei en bewaar en dat U
- c. ons elke dag klein sal maak. Here, ons vra tog waar ons nou gaan aansit
- d. aan die tafel dat hulle wat die kos voorberei het, geseen word. Gee ook so
- e. dat ons nou gevoed sal word, maar ons vra ook so: voed ons ook so met die
- f. ewige lewe. Alles tot uitbreiding van u Koninkryk tot verheerliking van u
- g. Naam. Vergeef so ons sonde. Ons vra dit alles alleen in die Naam van die
- h. Here Jesus Christus.
- i. Amen.

20. Oudl. J.A. Coetzee.

- a. Die oë van almal wag op U en U gee ons spys op die regte tyd. Maak u hand
- b. oop en versadig alles wat lewe met u welbehae. En dan, o Here, as U ons
- c. versadig het, loof ons U, want u goedertierenheid is tot in ewigheid.
- d. Amen.

21. Oudl. Dewald de Beer.

- a. Dierbare Hemelse Vader, Here, U is die drie-enige heilige God. U wat hoog
- b. woon in die hemel en wat die aarde gebruik as u voetbank. Ons kom in
- c. hierdie aand om voor U te buig en vir U dankie te sê vir die lewenskrag wat U
- d. aan ons toegegee het, die voorreg om hier in u akker te arbei. Ons dank U
- e. ook dat U vandag hier by ons teenwoordig was by hierdie sinode. Here, dra
- f. ons verder deur hierdie nag. Gee dat die van ons wat hiervandaan moet
- g. gaan en werk het om te doen dat ons dit sal doen na die beste van ons
- h. vermoë. Skenk ons 'n soete nagrus. Here, wek ons op die dag van mûre
- i. met nuwe krag en verstand. Vader, wil U ook voorsien aan die wat in nood
- j. is. Wil U ons gee alles wat ons nodig het na liggaam en gees. Vader, waar
- k. ons dwaal, vergewe ons sondes en oortredinge in die Naam van u Seun. Om

I. Christus ontwil.

m. Amen.

22. Dr. Kobus van der Walt

- a. U is die Here, U kan die dag in die nag verander. Vader, dankie dat ons altyd
- b. na u mag roep. Ons loof, ons dank U dat U die troue Verbondsgod is,
- c. onbreekbare band van liefde en trou dat deur die bloed van Jesus aan die
- d. kruis vir ons vervul is die genadeverbond. Here God, ons staan voor U, ons
- e. voel onseker ook oor hierdie dag, ons wonder of ons gaan klaarkry, ons weet
- f. U sal ook hierdie vergadering seën. Ons roep na U, Here, wees ons naby.
- g. Hou U ons vas, ook ons dierbares by die huis, die kerk oor die wêreld, dat
- h. ons kan besef ook in tye van hartseer en onsekerheid, moedeloosheid,
- i. Vader, en werk deur u Gees in ons harte dat ons sal lewe ook vandag onder
- j. die heerskappy en leiding van u Gees. En, Here, lei ons in die waarheid.
- k. Ons bid vir dr. Neels en die moderamen: gee wysheid, heldere insig, kalmte.
- l. Laat ons as vergadering ook sien, Here, hoe U ons lei. Ons dra die kerk van
- m. Jesus Christus ook aan U op, ook ons gemeentes in die Gereformeerde
- n. Kerkverband. Vader in die hemel, gebruik u kerk, laat ons getuig van die
- o. heerlike evangelie in Jesus Christus, maak ons 'n lig bo-op 'n berg. Maak
- p. ons sout wat waarlik sout is. Ons bid so, Here, al die dinge van U. Ons kyk
- q. na U vanwaar ons hulp van kom. Uit U, deur U en tot U is alle dinge.
- r. Amen

23. Oudl. Apie du Plooy.

- a. Onse Vader wat in die hemel is, ons dank U vir u liefde en u genade. Ons
- b. dank U vir alles wat ons so onverdiend uit u vaderhand ontvang. Ons gebed
- c. is dat U ons sal seën in die gebruik van die voedsel. Wees ook hierdie
- d. middag met ons in dit wat ons nog moet afhandel. Vergewe ons sondes en
- e. lei ons nie in die versoeking nie. Ons bid dit in die Naam van ons Here Jesus
- f. Christus.
- g. Amen.

24. Oudl. Petri Jooste.

- a. Ons almagtige God, hemelse Vader, U Naam is groot op die aarde. Ons kan
- b. al u werke sien. Ons kan nie eers al die verste sterre sien nie. Ons weet dat
- c. U hulle by die naam ken, ja, dat U hulle daar gestel het. Dit is te groot vir
- d. ons begrip. Gee dat U elkeen van ons wat U in u moederskoot aanmekaar
- e. geweef het, weereens te groot vir ons begrip. Daarom buig ons voor U, Here
- f. en ons is dankbaar dat U na ons gekom het, ons wat uit onsself niks weet
- g. nie. Ons is dankbaar vir soveel gawes wat u gee en sien uit na die ete wat
- h. ons nou gaan eet. Ons vra, Here, dat U ook nou dit aan ons liggeme sal

- i. seën. En, Here, ons vra dat U ook dit wat rondom die ete gebeur in
- j. gesprekke en ons eie denke oor hierdie sake waaroor ons tans moet besluite
- k. neem, dat U ook daar vir ons sal seën. U seën deur die Heilige Gees. Here,
- l. ons weet hoedat U nie wil hê ons moet met twisvrae wat skeuring ...
- m. Ons weet, Here, dat u Gees die bewerker van eenheid is en werk en wanneer
- n. daar verskil van mening is, byvoorbeeld waardeur Jesus Self met twisvrae
- o. gekonfronteer is, Hy telkens die vrae omgekeer het en die vraagsteller gewys
- p. het op sy eie verhouding met die Vader. Here, u Woord en u Gees is die
- q. leiding wat ons het en ons vra dat U dit kragtig in ons sal laat werk in al die
- r. besluitneming ook wat vir ons voorlê in die res van die sinode. Hierdie gebed
- s. kan ons alleen bid, Vader, omdat ons tot U kom in die Naam van Jesus
- t. Christus.
- u. Amen.

25. Oudl. Paul du Plessis.

- a. Onse Here, ons bid weer: leer ons u regte weë, wys die regte pad vir ons
- b. aan. Here, as ons dan hier tot besluite gekom het, gee dat ons van harte
- c. daarop sal wandel en ons U van harte sal dien en dat ons met oorgawe in
- d. ons taak wat U ons opgelê het ons daaraan sal toewy. Ons dank U, Here, vir
- e. die dagtaak wat vandag gedoen kon word in ons swakheid. En dan bid ons
- f. dat U ook vannag aan ons 'n goeie nagrus sal gee, dat ons goed sal uitrus en
- g. met nuwe krag die taak van die dag sal aanpak. Ons bid ook, Here, dat U
- h. met ons dierbares sal wees, baie van ons is ver van ons huise af. Wil U ons
- i. dierbares ook vannag versorg en beskerm. En dan bid ons, Here, vir die
- j. mense in ons midde wat diep bekommernis het oor dierbares, ook hulle wat
- k. hoor dat 'n dierbare na 'n vliegtuigongeluk nie opgespoor, tot dusver, is nie.
- l. Here, laat u genade ook oor hulle aanlig. En bring ons, Here, dat U ons môre
- m. opwek vir werk, dat ons in alles sal vra na u eers en u wil. Ons het geen
- n. verdienste nie, Here, maar ons beroep ons op die verdienste van ons Koning
- o. en Verlosser, ons Here Jesus Christus.
- p. Amen.

26. Ds. Danie Snyman.

- a. Onse Vader wat in die hemel is, ons bely ons totale afhanklikheid van U vir
- b. ons hele lewe, vir alles wat ons doen, vir ons voortbestaan, vir ons volharding
- c. in die geloof ook vir ons afhandeling van die agenda wat voor ons lê. Ons
- d. erken dat ons kennis min is, dat ons baie kere wysheid kortkom, maar ons
- e. kom vra dit by U wat hulp belowe het, wat wysheid belowe het, wat, so weet
- f. ons, deur u Heilige Gees ook by ons is. Help ons vandag, gee aan ons almal
- g. dit wat ons nodig het om hierdie funksie wat ons by hierdie vergadering het
- h. reg en goed te kan doen. Ons bid in die besonder ook vir ons voorsitter, dr

- i. Neels, dat hy die wysheid ook van U sal kry, die sin vir regverdigheid, die
- j. mooi woorde, om by hierdie vergadering goeie leiding te gee. Dink ook aan
- k. elkeen wat geroep word om 'n besondere taak te vervul. Ons bid ook vir al
- l. ons medegelowiges in ons kerke, maar ook wyer in die land en selfs in suider
- m. Afrika en in Afrika en in die hele wêreld. Laat u werk vandag voortgaan in en
- n. deur u kinders en laat die evangelie ook so versprei word dat al hoe meer
- o. mense uit die duisternis tot die wonderlike lig geroep word. Vergewe ons ons
- p. sondes, vergewe gedagtes in ons hart wat nie reg is nie, gesindhede wat nie
- q. pas nie, motiewe wat verkeerd is, elke onversigtige woord, elke dwase daad.
- r. Vergewe ons dit alles. Ons vra hierdie dinge deur Jesus met 'n beroep op sy
- s. soenverdienste en ons bid dat dit alles sal meewerk dat U bo alles en almal
- t. groot is en verheerlik word.
- u. Amen.

27. Oudl. Frikkie Slabbert.

- a. Ons almagtige God en hemelse Vader, ons sê vir U baie dankie vir u liefde
- b. en u genade en vir al die seëninge. Wil U ons ook lei, o Vader, in die res van
- c. hierdie dag in ook dit wat ons doen, dat ons dit sal doen tot eer en
- d. verheerliking van u Naam. En waar ons ook nou gevoed sal word, o Vader,
- e. wil U ons ook seën by die gebruik daarvan en maak ons almal opreg
- f. dankbaar daarvoor. Ons bid dit uit genade alleen om Christus wil.
- g. Amen.

28. Ds. Leo van Schaik.

- a. Ons dank U, onse God en hemelse Vader, vir die vreugde en die blydschap
- b. van hierdie dag. Ons dank U dat ons as sinodegangers en al ons gaste hier
- c. naby in ons eie land en ver oor die wêreld heen, vandag voor u aangesig kan
- d. bymekaar kom: klein voor U, om dit wat U vir ons gegee het uit loutere
- e. genade, dit wat U ons gebied het, versorg het, ons gedra het, ons behoed
- f. het, ons bewaar het vir 150 jaar. En dat ons dit kan deel met al ons
- g. geloofsgenote, met al die ander kerke wat vandag hier is. Daarvoor dank ons
- h. U vanwaar ons ook klein wees voor U, U is die ewige, grote, almagtige God,
- i. drie-enig in u heerlikheid en deur Jesus Christus ons Vader na Wie ons kan
- j. kom met blydschap, dankbaarheid en ootmoed. Seën ons op hierdie middag
- k. en hierdie aand. En mag alles wat hier geskied u eer wegdra en mag ons in
- l. ons sinode, ons feesvieringe wat vandag begin aan U alleen die eer gee in
- m. alles. Hoor ons gebed. In the Name of Jesus our Lord, we pray this.
- n. Amen.

29. Ds. Neville Boy.

- a. We just thank You, heavenly Father, for all the grace and the love that we
- b. have experienced in our lives as your children and as your children for all
- c. these years. And we thank You that we can enjoy these moment together
- d. and we praise You for the way that You have carried our church and other
- e. churches especially in these past 150 years and also in the years that other
- f. churches have existed. We pray that You will bless us in this night that lays
- g. ahead that we may rest and in the word that remains ahead that You will do it
- h. to the glory of your wonderful Name. We pray that You guide us, each and
- i. every one of us, and give us wisdom and insight so that we can understand
- j. exactly what we need to decide and that the decisions may be effective to the
- k. glory of your Name. We pray that You will forgive us the wrongs that we do
- l. and that You will bless us in every decision made. We pray these things in
- m. Jesus Name.
- n. Amen.

30. Dr. Kobus van Tonder.

- a. Vader, in klein menswees is ons stil voor U, ootmoedig voor U, die Almagtige!
- b. Ons dank U dat u genade vir ons genoeg is elke dag. Ons bid soos soveel
- c. ander kere dat u Gees ons moet lei in al ons praat en in al ons besluit. Lei
- d. ons dan versigtig hier ook vandag sodat U verheerlik sal word deur ons en
- e. dat ons u heilige teenwoordigheid ervaar. Nederig bid ons dit: hou u hand
- f. oor ons. Om Christus ontwil.
- g. Amen.

31. Oudl. Frikkie Muller.

- a. U, ons Vader, ons bely dat U die almagtige God is. U het u volk Israel in die
- b. woestyn gevoed en daarom wil ons ook bid vir die voedsel wat ons ook nou
- c. nuttig, dat U dit sal heilig en dat U sal gee dat ons dit sal gebruik volgens u
- d. wil. Here, ons erken ook dat U Vader van die ligte is, die Gewer van alle
- e. goeie gawes, maar, Here, ons wil ook vir U vra dat U ons sal vergewe wat
- f. ons teen u Woord, wat die geestelike brood is, voor alles soek. Dit is die
- g. brood wat ons siele voed tot die ewige lewe deur u Seun Jesus Christus wat
- h. vir ons gesterf het aan die kruis. Dit bid ons in sy heilige Naam, met dank.
- i. Amen.

32. Ds. Modise. (meesal onhoorbaar)

- a. Our Father which art in heaven, we thank You for this opportunity to ... we
- b. ask: bless ... we ask this in Christ Jesus' Name.
- c. Amen.

33. Oudl. J.J. van Niekerk.

- a. Onse Vader wat in die hemel is, Here, ons wil U loof en prys. En ons wil vir U
- b. dankie sê dat ons so ver gekom het in hierdie sinode. Here, ons wil vra dat U
- c. met die verdere besluite wat daar nog geneem sal word, dat U met ons sal
- d. wees, dat U ons sal lei, dat U vir ons rigting sal gee, dat U vir ons 'n lig op
- e. ons pad sal wees. Here ons God, ons wil dankie sê dat hier so 'n rustigheid
- f. is in hierdie sinode. Ons wil vra, Here, alles wat ons doen dat dit net sal
- g. wees tot uitbreiding van u koninkryk. Net ook so, Here, wil ek vra, elkeen wat
- h. hier is se familie by ons huise, Here, wees met hulle, dra hulle op u hande,
- i. sien hulle aan. En wanneer ons môre sal teruggaan weer, wees met ons op
- j. die pad, hou ons hand vas. Ons vra dit alles van U net om Christus ontwil.
- k. Amen.

34.. Ds. Ligege

- a. (... Tswana ...)
- b. We are praying that You guide us, You protect us, because You ... who
- c. participated in this historical synod, people from abroad, Canada, Australia,
- d. New Zealand, Africa, all parts of the world. That when they are going back,
- e. be with them
- f. (... Tswana)
- g. Amen.

35. Oudl. Frik ??

- a. Vader, wanneer ons klein word voor U, dank ons U vir die skeppingswerk, U't
- b. die aarde geskape, U het dit benat met milde reën, uit hierdie aarde het daar
- c. voedsel voorgekom. U gaan ons liggome daarmee voed nou. Wil U ons ook
- d. seën by die gebruik daarvan en maak ons almal opreg dankbaar daarvoor.
- e. Om U Naam's ontwil.
- f. Amen.

36. Dr. Neels Smit (met heropening van sinode na reses).

- a. U wat heers oor alle dinge, U wat alles in u hand hou, U wat u ganse
- b. skepping veilig lei op die bane wat U daarvoor gelê het, alles na die een groot
- c. einddoel waarin onteenseglik U in u grootheid aanbid en verheerlik sal word,
- d. tot U kom ons, in kleinheid, Here, in ootmoed van hart en ons bid dat U tog
- e. gee dat ons in hierdie sinode voor U sal staan met al ons beraadslaginge as
- f. u kinders, verantwoordelik vir mekaar terwyl ons ons hart en ons gemoed, dat
- g. die een die ander in ag sal neem en dat ons aanvaar dat U ons wil gebruik
- h. om uiteindelik die uitkoms te bring. En laat ons elkeen ons buig voor die
- i. uitkoms, dit aanvaar uit u Vaderhand. Skenk ons u seën, Here, in alles wat

- j. ons deur hierdie sinode moet doen, dat ons sal terugkyk en sê: die Heilige
- k. Gees en ons het besluit, en temper, o God, die ywer van ons hart vir u huis,
- l. temper dit met wysheid dat ons in alles, die dele in verhouding met die geheel
- m. sal sien, om in alles uiteindelik boontoe te kyk, U te dank en U te loof en te
- n. glo, te dien dat U ons gelei het, dat U die uitkoms gegee het. Seën ons
- o. daartoe, Vader. En in ons samesyn met mekaar, laat alles wees tot
- p. verheerliking van u heilige Naam. Ons bid dit in Jesus Christus, ons Koning
- q. en ons Verlosser, tot in alle ewigheid ons Here.
- r. Amen.

37. Oudl. Hoogenboezem

- a. Onse hemelse Vader, ons dank en loof U vir u liefde wat U aan ons bewys
- b. elke oomblik van ons lewens. Ons dank U ook dat U ons nou gaan voed met
- c. die gawes wat nodig is. Wil U ons daarmee seën en ons liggeme daarmee
- d. versterk ... Naam groot maak ...
- e. Amen.

38 Oudl. D.E. Niemand.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, Here, ons het ook soos die Psalmdigter rede
- b. om U te loof en te dank vir al die goeie gawes wat U ons elke dag so ryklik
- c. aan ons lewens toevoeg. Ons dank U, Here, dat U ons behoed en bewaar
- d. het op die pad en ons veilig hier aangebring het sodat ons ook hierdie
- e. belangrike voortsetting van hierdie sinode van 2009 kan afhandel. Ons bid,
- f. Here, dat U ons verstand wil verlig deur u Heilige Gees en dat ons ook kennis
- g. neem wat U ook vir ons sê in Kol 3 dat ons onsself moet beklee met
- h. sagmoedigheid, met innerlike ontferming, met lankmoedigheid, met
- i. vriendelikheid en nederigheid, maar dat ons boweal die liefde moet najaag
- j. wat die band van die volmaaktheid is want dan alleen kan ons mekaar verdra,
- k. kan daar vrede heers in ons harte, die vrede wat alle verstand te bowe gaan.
- l. Ons bid U, Here, wil U ons so onderskraag deur die kragtige werking van die
- m. Heilige Gees. Wees ook so met ons families wat by die huis is. Skenk vir
- n. ons in hierdie nag 'n soete en aangename nagrus, Here, en laat ons ook
- o. slaap tot eer en verheerliking van u Naam. Vergewe uit genade ook ons
- p. sonde en al ons ongeregtigheid. Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus
- q. ons Koning en ons Here.
- r. Amen.

39. Ds. Leo van Schaik.

- a. Onse Vader wat in die hemel is, U is die almagtige, ewige God, Vader, Seun
- b. en Heilige Gees. U, Skepper van hemel en aarde, maar deur Jesus Christus
- c. ons liefdevolle Vader na Wie ons toe kan kom elke dag in diepe

- d. afhanglikheid. Biddend, om van U af te smeek dit wat ons nodig het. Bid
- e. ons, o Vader, lei ons in hierdie vergadering vandag. Gee ons helderheid van
- f. verstand, rus U ons toe deur die kragtige werking van die Heilige Gees en dat
- g. ons alleen maar u wil sal soek, u wil soos dit vir ons opgeteken staan, en dat
- h. ons kan sê: ons bied ons hart en hande in 'wil'ge offerande, al wat ons is en
- i. het, daar draag ons u heilige wet. Ons bid vir ons voorsitter en moderamen.
- j. Lei U hulle ook op hierdie dag en dat hulle ook 'n vergadering kan lei alleen
- k. tot u eer, tot verheerliking van u Naam, en dat daardeur ook die wese van
- l. ons kerke gedien sal word, u koninkryk sal uitbrei en dat ons met lof en
- m. aanbidding u Naam kan verkondig, tydig en ontydig. Ons bid, o Vader, vir
- n. ons administratiewe Buro, vir die personeel wat hier werk en dat hulle ook in
- o. u diens kan staan. Ons bid vir ons Teologiese Skool, professore, die
- p. personeel en elke student wat u roep om toegerus te word om in die diens as
- q. diensknegte te kan staan. So ook vir ons kerk en al die kerke wat hier
- r. verteenwoordig is. Dank ons U vir hierdie nuwe dag dat U ons 'n soete
- s. nagrus gegee het en dat U ons die liggaams gesondheid en die verstand gee
- t. om weer met ywer te kan werk. Dink in u liefde aan ons dierbares by die
- u. huis, hou u hand van bewaring ook oor hulle. Ons dank U ook vir hulle
- v. gebede vir ons ook in hierdie sinode. Maak dit nou stil in ons, klein voor God,
- w. ... tot U, ons, u diensknegte, stel ons onself in die hand van die Heilige Gees
- x. dat die ons lei, en waar ons, o Vader, te driftig raak en waar ons ook in ons
- y. beraadslagings in ons hart 'n wrewel toon, vergewe ons ons swakheid, ons
- z. menswees en laat ons maar klein word voor U, diensknegte van u
- aa. diensmaagd tot hoër diens verkore. Ons bid dit deur Jesus Christus ons
- bb. Here.
- cc. Amen.

40. Oudl. J.J. Pretorius.

- a. Onse almagtige God en hemelse Vader, ons dank U dat ons hier as sinode
- b. bymekaar kan wees. Waar ons nou 'n ete gaan nuttig, wil U ons daarin seën.
- c. Ons vra dat U met ons almal sal wees en die hande sal seën ...
- d. Amen.

41. Oudl. Van der Meer.

- a. Onse Vader wat in die hemel is, ons stel ons voor u aangesig waar ons as
- b. sinode U bely as die hoogste Here, maar ons bely U ook as God van
- c. geregtigheid ... waar ons ook hierdie werk wat ons doen nou aan u voete
- d. voorlê ... maar wil U wat ons doen met u seën agtervolg volgens u Woord.
- e. Laat dit volgens u wil wees, tot u diens ... maar wil U ons genadig wees. Ons
- f. dank U dat ons nou kan gaan aansit vir spys en drank. Ons vra: wil U dit
- g. seën ... versterk mag word ... ons vra dit alles in die Naam van u Seun, ons
- h. Here Jesus Christus.

i. Amen.

42. Dr. Neels Smit voor stemming oor vrou in die kerk:

(Toespraak as inleiding tot stilgebed en gebed daarna: Ons vra die Here om ons te help, om ons leiding te gee en hoe ons, as ons moet stem, daarvoor stem. Dan dink ek dat elkeen dit moet doen in die geloof dat God jou stem ook gebruik hoe dit ook gaan, hoe jou stem loop, om uiteindelik 'n uitkoms te bring wat ons almal as 'n uitkoms uit sy hand aanvaar. Kom ons sing Psalm 33:11 ...)

- a. Here, U weet hoe ons geworstel het tot hier toe, dat ons almal U wil dien, dat
- b. dit ons begeerte is om, gehoorsaam as kerk, voor u aangesig te mag leef. U
- c. het ons tot hiertoe geleei, Vader, gee ons nou helderheid, gee dat elke een na
- d. sy oortuiging mag deelneem aan die besluit wat geneem moet word. En gee,
- e. Vader, dat ons daarin u uitkoms uit u hand mag aanvaar, of dit is teen my
- f. hartwens en of dit is in ooreenstemming daarmee, maar dat dit so vir ons
- g. elkeen van U 'n uitkoms sal wees. Here, lei ons en gee dat ons hierin u
- h. Naam sal verheerlik en u kerk sal bou in die Naam van Jesus Christus ons
- i. Koning en ons Verlosser, ons Here tot in ewigheid.
- j. Amen.

43. Oudl. Nick van Rensburg.

- a. Onse Vader wat in die hemel is, Here, U is groot en goed en genadig. U sien
- b. om na ons wat klein en nietige mense is. U dra ons in u hand en U sorg vir
- c. ons. So het U gesorg vir die vergadering. U het ons gedagtes geleei en gerig.
- d. Ons dank U, o Here, vir u liefde, dankie dat ons weet dat U daar is, dat U elke
- e. dag met ons gaan, dat U ons elke dag wil inlei in u woning. Gaan met ons in
- f. hierdie nag. Gaan met ons geliefdes waar hulle is. Wil U ons seën en lei,
- g. Here, en dat ons môre, wat ons weer besluit, dit sal doen soos wat U dit wil
- h. hê. Ons bid dat U dit sal wegvat wat skeiding maak tussen U en ons. ... U
- i. skenk die lewe, ook die ewige lewe. Ons bid dit om Christus ontwil.
- j. Amen.

44. Ds. Cassie Aucamp.

- a. Vader in die hemel, drie-enige God, ons buig voor U biddend en ootmoedig
- b. neer. En dit is ons gebed dat U deur u Gees in ons sal werk, ons uit u ryke
- c. heerlikheid sal bekragtig sodat Christus in ons mag woon, deur u Gees mag
- d. werk. Vader, U gebruik ons in u diens, U het ons hier bymekaar gebring. Wil
- e. U ons lei, gee dat elkeen voor U alleen sal buig in belangrike besluite wat ons
- f. ook moet neem. Wil U kragtig in ons werk en ons lei en ons gee, o Here, ook
- g. in dit wat ons vandag in u Naam moet besluit. Maar, Here, vanuit ons
- h. menslike gebrokenheid verstaan ons nie altyd u Woord reg nie, is daar ook

- i. verskille onder ons. Vader, gee dat elkeen so in oregtheid voor U sal staan
- j. dat selfs al sou ons verskil, ons ook in ootmoed en eerbied elkeen sal kan sê:
- k. die Heilige Gees en ons het besluit. Gebruik ons so in u diens, Here. Lei die
- l. moderamen, in die besonder die voorsitter, Here, in die taak waartoe U hom
- m. geroep het en bekwaam het. Wees met ons dierbares by die huis. Bring ons
- n. veilig by hulle terug. Wees met al ons kerke, Here, die werk wat daar gedoen
- o. word. Laat so u koninkryk kom. Skenk ons u genade en maak van elkeen
- p. van ons instrument in u hand, ook hier waar ons saam is in vergadering.
- q. Vergewe wat verkeerd is, Here, waar ons tekort skiet. Rus ons toe deur die
- r. krag van u Gees, ook op hierdie dag. Dit bid ons deur Hom en deur Wie ons
- s. lewe, Jesus Christus ons Koning en Here.
- t. Amen.

45. Oudl. Niessen.

- a. Onse hemelse Vader, Here ons dank U

46. Oudl. Giel Erasmus.

- a. Ons Vader wat in die hemel is, ons dank U dat U ons in u liefde koester en
- b. dra en dat U ook vir ons sorg. Waar ons nou kan gaan eet, seën ook die kos
- c. in ons liggeme. Gee ons krag, o Here, dat ons kan terugkom en kan
- d. voortgaan om so te handel dat dit sal wees tot u eer, om Christus wil.
- e. Amen.

BIBLIOGRAFIE.

- ABBOTT-SMITH, G. 1936. A Manual Greek lexicon of the New Testament. Third Edition. Edinburgh: T. & T. Clark.
- ANDERSON, J.L. 1992. An Exegetical Summary of 1,2, &3 John. Dallas : Summer Institute of Linguistics, Inc.
- BAARLINK, H. 1999. Matteüs II. Een praktische bijbelverklaring. Tekst en Toelichting. Kampen : J.H. Kok.
- BALENTINE, S.E. 1993. Prayer in the Hebrew Bible. The drama of Divine-Human Dialogue. Overtures to Biblical Theology. Fortress: Press Minneapolis.
- BARNARD, A.C. 1981. Die Erediens. N.G. Kerkboekhandel: Pretoria.
- BARRET, C.K. 1991. The Epistle to the Romans. Second Edition. Black's New Testament Commentary. London : A&C Black.
- BARNARD, A.C. 1987. Die lewende gebed in die erediens. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 3:57-73.
- BARTH, K. 1954. Wezen und Aufgabe kirchlicher Ordnung. In: *Theologische Studien Evangelischer Verlag*. A.G. Zollikon-Zürich.
- BAVINK, H. 1930. Gereformeerde dogmatiek. Vierde deel. Kampen: J.H. Kok.
- BAVINK, H. 1931. Magnalia Dei. Onderwijzing in de Christelijke religie naar gereformeerde belijdenis. Kampen: J.H. Kok.
- BERKHOF, H. 1962. De katholiciteit der kerk. Nijkerk : G.F. Callenbach N.V.
- BERKHOF, H. 1973. Christelijk geloof. Een inleiding tot de geloofsleer. Nijkerk : Uitgeverij G.F. Callenbach B.V..
- BERKELBACH VAN DER SPRENGEL, S.F.H.J. 1964. Het evangelie van Lucas. s'Gravenhage: Boekencentrum.
- BIESTERVELD, P en KUYPER, H.H. 1905. Kerkelijk Handboekje. Kampen: Kok.
- BOUMA, H. 1948. Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Enschede: J. Boersma.

- BOUWMAN, H. 1928. Gereformeerd Kerkrecht. Eerste deel. Kampen: J.H. Kok.
- BOUWMAN, H. 1934. Gereformeerd Kerkrecht. Tweede deel. Kampen: J.H. Kok.
- BREYTENBACH, C. 1986. Eenheid en konflik: eerste beslissinge in die geskiedenis van die Christendom. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- BRONKHORST, A.J. 1947. Schrift en Kerkorde. Een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelijkheid van een “*Schriftuurlijke Kerkorde*”. Den Haag: N.V. Zuid-Holl. Boek- en Handelsdrukkerij.
- BRONKHORST, A.J. 1959. Oecumene, oecumenisch. Christelijke Encyclopedie 5:243. Kampen: J.H. Kok.
- BURGER, C.W. 1995. Gemeentes in transito: vernuwingseleenthede in ‘n oorgangstyd. Kaapstad: Lux Verbi.
- BYBEL. 1953. Die Bybel: 1953 vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- BYBEL. 1983. Die Bybel: 1983 vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- CALVIN, J. 1979. Commentary on the epistles of Paul the apostle to the Corinthians. Vol 1. Michigan. Grand Rapids: Baker Bookhouse.
- CALVYN, J. 1988. Institusie van die Christelike godsdiens. Boek 3. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : CJBF.
- CALVYN, J. 1988. Institusie van die Christelike godsdiens. Boek 4. Vertaal deur Simpson, H.W. Potchefstroom : CJBF.
- COERTZEN, P. 1981. Die regering en opbou van die kerk. Stellenbosse Teologiese Studies nr. 7. Kaapstad: N.G. Kerkuitgewers.
- COERTZEN, P. 1991. Gepas en ordelik. RGN-studies in metodologie. Pretoria : RGN.
- COETZEE, P.J. Ongedateerd. Dogmatiek. Klasdiktaat PU vir CHO.
- COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Th.D. Proefskrif PU vir CHO. RGN nr 18. Potchefstroom: Pro Rege-Pers Beperk.

- COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (In Floor, L. & Coetzee, J.C. *Die Skrif en die wetenskap*. Potchefstroom: PU vir CHO:15-30.
- COETZEE, J.C., DE KLERK, B.J., FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig* 14(54) 1980:12-26.
- COETZEE, C.F..C. 2008. Gnosticism, church unity and the Nicene Creed. *In die Skriflig* 42(2) 2008:207-223.
- COMBRINK, V. 1987. Die gemeenskap van die heiliges. Instituut vir reformatoriese studies. Reeks F1 nr. 230. Potchefstroom: PU vir CHO.
- CRANFIELD, C.E.B. 1975. A critical and exegetical commentary on the epistle to the Romans, vol. 1. Edinburgh : T&T Clark.
- CULLMANN, O. 1995. Prayer in the New Testament. London : SCM Press.
- DE JONGE, M. 1968. De brieven van Johannes. Nijkerk : Uitgeverij G.F. Callenbach.
- DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees en die verhouding skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th. D. Proefskrif).
- DE KLERK, B.J. 2009. Die Heilige Gees en gebed in die erediens. *In die Skriflig* 43(3) 2009:629-648.
- DE KLERK, B. J. en VAN RENSBURG, F. J. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.
- DE WET, F.W. 1988. Die gebed in die pastorale gesprek. Ongepubliseerde werkstuk. Potchefstroom: PU vir CHO.
- DE WET, F.W. & KRUGER, F.P. 2010. 'n Prakties-teologiese perspektief op die handeling van kerklike besluitneming – verkenning en normatiewe gesigspunte. *In die Skriflig* 44(1) 2010:1-26.
- DU PLESSIS, JB. 2004. Die gereformeerde kerkreg: 'n Kosbare kleinood. In: *Die Kerkblad* 2004:32-33.

- DU PLOOY, A le R. 1979. Ekklesia en Meerdere Vergaderinge. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.Th. verhandeling).
- DU PLOOY, A. le R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D. proefskerif).
- DU PLOOY, A le R. 1984. Respons. *Studia historiae ecclesiasticae X:28-31. Kerkhistoriese werkgemeenskap van Suid Afrika 1984.*
- DU PLOOY, A le R. 1987. Die verband tussen die Skrif, konfessie en kerkorde volgens die gereformeerde kerkreg. Intreerede. Potchefstroom: Departement sentrale publikasies PU vir CHO.
- DU PLOOY, A. Le R. 1988. Kerkeenheid. 'n Perspektief op die verhoudings in die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika. *In die Skriflig 22(2) 1988:16-32.*
- DU PLOOY, A le R. 1995. Die grondslag en relevansie van die gereformeerde kerkreg as teologiese wetenskap. *In die Skriflig 29(1&2) 1995:135-160.*
- DU PLOOY, A le R. 1998. The keys of the kingdom as paradigm for building up the church in reformed church government. *In die Skriflig 32(1) 1998:53-68.*
- DU PLOOY, A le R. 2003. Die vak Kerkreg – verband tussen leer en kerkregering. *Die Kerkblad, November 2003:12-13.*
- DU PREEZ, J. 1997. Die wierook van ons gebede. Oor die wonder en krag van gebed. Kaapstad : Lux Verbi.
- DU RAND, J.A. 1983. Beleef julle sekerheid. 'n Verkenning van die brieue van Johannes. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- DU RAND, J. 1986. Jesus se gebed om eenheid en solidariteit te midde van krisis en konflik. In: Breytenbach, C (red) 1987. *Eenheid en konflik.* p. 105 – 133. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- DU RAND, J.A. 1990. Enkele kernmomente oor gebed in die Nuwe Testament. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif (31) 1990:35-46.*
- DUVENAGE, B. 1975. Inleiding tot die calvinistiese werklikheidsleer. Interfakultêre wysbegeerte II. Potchefstroom: PU vir CHO.
- FEENSTRA, Y. 1959. Katoliciteit der kerk. Christelijke Encyclopedie 4:177.

- Kampen: J.H. Kok.
- FITZMYER, J.A. 1993. Romans. A new translation with introduction and commentary. The Anchor Bible. New York: Doubleday.
- FLOOR, L. 1974. Die koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy. RGN Publikasiereeks nr. 50. Potchefstroom: Pro Rege Pers.
- FLOOR, L. 1979. Hy wat met die Heilige Gees doop. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- FLOOR, L. 1995. Efesiërs. Eén in Christus. Commentaar op het Nieuwe Testament. Derde Serie. Kampen: J.H. Kok.
- GOETZMANN, J. 1976. House, build, manage, steward. Dictionary of New Testament Theology Vol. 2:251-253. Exeter : The Paternoster Press.
- GROENEWALD, E.P. 1967. Die Eerste brief aan die Korinthisiërs. Kaapstad : NG Kerkuitgewers.
- GROSHEIDE, F.W. 1953. A commentary on the First Epistle to the Corinthians. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.
- GROSHEIDE, F.W. 1976. Commentary on the First Epistle to the Corinthians. Grand Rapids: WM.B. Eerdmans Publishing Company.
- GRUNDMAN, W. 1999. Der Brief des Judas und der zweite Brief des Petrus. Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament. 15. Berlin : Evangelische Verlagsanstalt.
- HANDELINGE van die nege en dertigste nasionale sinode van die GKSA 1976.
- HANDELINGE van die twee en veertigste nasionale sinode van die GKSA 1985.
- HANDELINGE van die vyf en veertigste nasionale sinode van die GKSA 1994.
- HANDELINGE van die sewe en veertigste nasionale sinode van die GKSA 2000.
- HANDELINGE van die agt en veertigste nasionale sinode van die GKSA 2003.
- HANDELINGE van die nege en veertigste nasionale sinode van die GKSA 2006.
- HANDELINGE van die vyftigste nasionale sinode en Tiende Sinode Middellande in die Eerste Algemene Sinode van die GKSA 2009.

- HEYNS, J.A. 1977. Die Kerk. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- HIEBERT, D.E. 1990. An exposition of John 5:13-21. *Bibliotheca Sacra July-September 1990.*
- HODGE, C. 1878. Discussions on Church Polity. New York: Charles Schribners Sons.
- HOOIJER, C. 1809. Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten. 1563 – 1638. Zalt-Bommel: Noman en Zoon.
- HOOIJER, C. 1865. Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten. Zalt-Bommel: Noman en Zoon.
- HOOKER, R. 1975. Of the Laws of Ecclesiastical Polity. London: Sidgewick & Jackson.
- JANSEN, J. 1947. Handleiding Gereformeerd Kerkrecht. Kampen: J.H. Kok.
- JONKER, W.D. 1965. Om die Regering van Christus in sy Kerk. Pretoria: A. 39 Unisa.
- JOOSTE, J.P. 1955. Diktaat Gereformeerde Kerkreg (en diktaat kerklike administrasie en organisasie). Potchefstroom: Pro Rege Pers beperk.
- JORDAAN, G.J.C. *Hoe lees 'n mens die Bybel?* Hermeneutiek in die gereformeerde krisis. *Woord & Daad nr 405, 2008:7-10.* Potchefstroom : Rebsa.
- KERKORDE VAN DIE GEREFORMEerde KERKE IN SUID AFRIKA. Potchefstroom: Promedia Publikasies.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1982. Gereformeerde kerkreg. Deel 1: Inleiding. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1984. Gereformeerde kerkreg. Deel 2: Kerk en Amp. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1985. Gereformeerde kerkreg. Deel 3: Kerkverband en Kerkvergaderinge. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1988. Gereformeerde kerkreg. Deel 4: Die arbeid en

- betrekkinge van die kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- KRAMER, F. 1905. Het gebed. Kampen: J.H. Kok.
- KRUGER, L.S. et al. 1966. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom: Pro Rege-pers.
- KUYPER, H.H. Ongedateerd. College Dictaten. Kerkrecht 1928-1935.
- KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der Heilige Godeleerdheid. Derde Deel. Bijzonder Deel. Tweede herziene druk. Kampen: J.H. Kok.
- KUYPER, H.H. 1929. College-dictaten: Gereformeerde Kerkrecht, 1928-1935.
- LABUSCAGNE, G.C.P. 1988. Die plek en betekenis van die prediking in die opbou van die gemeente. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th. D. Proefskrif).
- LABUSCHAGNE, F. J. & EKSTEEN, L.C. 1993. Verklarende frikaanse Woordeboek. Agtste hersiene en uitgebreide uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.
- LANDMAN, C. 1986. Kerklike eenheid en konflik in die tweede eeu na Christus. In: Breytenbach, C (red) 1987. *Eenheid en konflik*. P150 – 164. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- LOADER, W. 1992. The Johannine Epistles. Epworth Commentaries. Worcester: Billing & Sons Ltd.
- LE ROUX, J. 1991. Die betekenis van die verhouding in die Goddelike Drie-eenheid vir die prediking. 'n Homiletiese ondersoek vanuit Johannes 14-16. Potchefstroom: P.U. vir CHO. (Th. D. Proefskrif).
- LIDDEL AND SCOTT'S. 1964. An intermediate Greek-English Lexicon founded upon the seventh edition of Liddell and Scott's Greek-English Lexicon. Oxford: Caredon Press.
- LOURENS, P.K. 2000. Gebed as kommunikatiewe handeling in die erediens. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th. M. Verhandeling).
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol. 1&2. New York: United Bible Societies.
- LUCAS, D. & GREEN, C. 1995. The message of 2 Peter & Jude. The Bible

- speaks today. The New Testament Series. Leicester: Inter-Varsity Press.
- MARE, R. 1991. Skrif en tradisie in vier afrikaanse kerkordes. Enkele kerkregtelike aspekte. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (D. Th. Proefskrif).
- MACARTHUR, JF, 1991. Romans 1-8. The MacArthur New Testament Commentary. Chicago : Moody Press.
- MILLER, P.D. 1994. They cried to the Lord. The form and theology of Biblical prayer. Minneapolis : Fortress Press.
- NAUTA, D. 1971. Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen: JH Kok.
- NICOLL, W.R. 1979. The Expositors Greek Testament. Vol. 1,2,3. Grand Rapids: WM.B. Eerdmans Publishing Company.
- NIJKAMP, M. 1991. de kerk op orde. Congregationalisme. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.
- OBENG, E.A. 1986. The reconciliation of Rom. 8:26f. to New Testament writings and themes. *Scottish Journal of Theology*, 39:165-174.
- O'BRIEN, P. 1987. Romans 8:26,27. A revolutionary approach to prayer? *The Reformed Theological Review*, 46(3):65 - 73.
- O'CONNOR, M. 1979. I Corinthians. New Testament Message. A Biblical-Theological Commentary, vol 10. Wilmington: Michael Glazier, Inc.
- O'KENNEDY, JF. 2000. Gebed in Ou en Nuwe Testament: 'n vergelykende studie. *In die Skriflig*, 34(4):535-555.
- PELSTER, P.J. 1979. Die roeping tot sigbaarmaking van die katolisiteit van die kerk. Etenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks A: Geesteswetenskappe, nr 34. Potchefstroom: PU vir CHO.
- POP, F.J. 1978. De Eerste Brief van Paulus aan de Corinthiërs. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach.
- PSALMBOEK. 1976. Potchefstroom: N.G. Kerkuitgewers.
- RIDDERBOS, H. 1959. Aan de Romeinen. Kampen: Kok.

- RIDDERBOS, H. 1972. De komst van het Koninkrijk. Tweede uitgawe. Kampen: Kok.
- ROBERTS, J.H. 1963. Die opbou van die kerk volgens die Efesiërbrief. Groningen.
- RUNIA, K. 1970. Calvijns betekenis in onze tijd. Potchefstroom: Instituut vir bevordering van Calvinisme.
- RUDOLPH R, J.W. en F.F.C. FISCHER, 1902. Verhandeling over de Zichtbare en georganiseerde Kerk deur Gijsbertus Voetius. Uit het Latyn vertaald. Kampen: J.H. Kok.
- RUTGERS, F.L. 1894. Het Kerkrecht in zoover het de Kerk met het recht in verband brengt. Amsterdam: J.A. Wormser.
- RUTGERS, F.L. 1921. Kerklijke adviezen. Eerste deel. Kampen: J.H. Kok.
- RUTGERS, F.L. 1922. Kerklijke adviezen. Tweede deel. Kampen: J.H. Kok.
- SCHILLEBEECKX, E. 1980. Kerkelijk ambt. Bloemendaal: H. Nelissen.
- SCHMITHALS, W. 1988. Der Römerbrief. Ein Kommentar. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn.
- SCHULZE, L.F. 1978. Geloof deur die eeu. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- SCHULZE, L.F. 2001. Let your kingdom come. *In die Skriflig*, 35(2) 2001:161-171.
- SEEBASS, H. 1976. Holy, consecrate, sanctify, saints, devout. The New International Dictionary of New Testament Theology Vol. 2:223 – 238. Exeter: The Paternoster Press.
- SMAIL, T.A. 1980. The forgotten Father. In memoriam of D.G. McNair (1899-1979) who did not forget the Father. Suffolk: St. Edmundsbury Press.
- SMALL, J.A. 1992. Die rol van die gemeente in die gebed in die erediens. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (D. Div. Proefskrif).
- SNYMAN, W.J. 1977. Nuwe en ou dinge. RGN Publikasiereeks nr. 56. Potchefstroom: Pro Rege.
- SMIT, C.J. 1983. Wat is kerklike orde? 'n Gereformeerde-kerkregtelike studie.

- Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.M. verhandeling).
- SMIT, C. J. 1985. Kerkreg en Kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D. proefskrif).
- SMIT, C.J. 2006. Ekumenisiteit as 'n Skrifgefundeerde raamwerk vir kerklike eenheid – ook op die gebied van sendingwerk. *In die Skriflig*, 40(1) 2006:89 – 115.
- SPOELSTRA, B. 1984. Die invloed van Calvyn op die geldende Kerkordes in Suid-Afrika 1652-1983. *Studia historiae ecclesiasticae X*:50-75. *Kerkhistoriese werkgemeenskap van Suid Afrika* 1984.
- SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal: Die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- THERON, F. 1986. Epiloog. In: Breytenbach, C (red) 1987. *Eenheid en konflik*. p165 – 175. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- TREURNICHT, A.P. 1966. Wanneer jy bid. Kaapstad : N.G. Kerk Uitgewers.
- VAN GELDER, C. 2000. The Essence of the Church. A community created by the Spirit. Grand Rapids: Baker Books.
- VAN'T SPIJKER, W. 1972. Goddelijk recht en kerklijke orde bij Martin Bucer. Kampen: J.H. Kok.
- VAN ZYL, H.C. 2001. Drie probleemareas in gebed: 'n perspektief vanuit die Nuwe Testament, *Hervormde Teologiese Studies*, 57 (1&2):379-396.
- VAN DELLEN, I. & MONSMA, M. 1969. The revised church order Commentary, Grand Rapids: Zondervan.
- VAN DER LINDE, G. P. L. 1965. Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom: Pro Rege-pers Beperk.
- VAN DER LINDE, G.P.L. 1978. Die betekenis van die verhouding tussen die koninkryk van die hemele en die kerk vir die kerkreg. Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks H: Inougerele redes nr 45. Potchefstroom.
- VAN DER LINDE, G. P. L. 1983. Die Kerkorde. 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese

Publikasies.

- VAN DER LINDE, G.P.L. 1984. Calvyn en die Kerkreg belig vanuit die Christianae Religionis Institutio. *Studia historiae ecclesiasticae X:1-8. Kerkhistoriese werkgemeenskap van Suid Afrika 1984.*
- VAN DER MERWE, D.C.S. 1981. Gesamentlike aanbidding? Instituut vir reformatoriese studies. Reeks F1 nr 159. Potchefstroom: PU vir CHO.
- VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom: Pro Rege.
- VAN DER WALT, J.J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- VAN DER WALT, T. 1962. Die Koninkryk van God – naby! Kampen: Kok.
- VAN'T SPIJKER, W. 1974. Eenheid en verscheidenheid. Kampen: Kok.
- VAN WYK, J.H. 1988. Polarisasie en spanning, eenheid en samewerking tussen kerke in Suid Afrika. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies.
- VAN WYK, J.H. 2010. To cross ten seas: Calvin om the unity of the church – a contribution to a more responsible ecclesiology. *In die Skriflig, 44(2) 2010:301-316.*
- VELEMA, W.H. 1978. Gebeden in de Bijbel. Derde druk. Kampen : Kok.
- VERHOEF, P.A. 1973. Metodiek van die eksegese. Pretoria: N.G. Kerkuitgewers.
- VERSTEEG, J.P. 1973. De Heilige Geest en het gebed. Kampen : J.H. Kok.
- VERSTEEG, J.P. 1976. Het gebed volgens het Nieuwe Testament. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- VILJOEN, F.P. 2004. Gebed in die lewe van Jesus volgens die Lukas-evangelie. *In die Skriflig, 38(4) 2004:623-641.*
- VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is U woning. Studies in Praktiese Teologie. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria: RGN Uitgewery.

- WARREN, K.V. 1980. A historical and biblical/theological consideration of prayer as a means of grace. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskerif - Th.D).
- WESTCOTT, B.F. 1979. The Epistles of St. John. The Greek Text with notes and addenda. Grand Rapids: WM. B Eerdmans Publishing Company.
- WETHMAR, CJ. 1987. Die gebed: enkele gesigspunte in verband met die aard en die inhoud van die christelike gebed met besondere verwysing na die Heidelbergse Kategismus. *Skrif en kerk*, 8(1):97-112.
- WITHERINGTON, B. 1994. Conflict & Community in Corinth. A socio-rhetorical commentary on 1 and 2 Corinthians. Carlisle: The Paternoster Press.
- ZUIDEMA, S.U. 1951. Ons Gebed. Franeker: T. Wever.